

**“ ‘n Onderzoek na nie-patologiese ontoerekenings-
vatbaarheid en die regverdiging vir die voortbestaan
van gesonde outomatisme en aanverwante verwere in
die Suid-Afrikaanse strafreg.”**

deur

Hein Lambrechts

Proefskrif voorgelê ter vervulling van ‘n gedeelte van die vereistes vir die graad Doctor Legum in die Fakulteit Regsgeleerdheid, Departement Straf - en Geneeskundige Reg, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.



November 2005

Promotor: Prof. T Verschoor

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

INLEIDING

| | | |
|-----|-----------------------|----|
| 1.1 | Probleemstelling..... | 9 |
| 1.2 | Metodologie..... | 15 |

HOOFSTUK 2

TEORETIESE AGTERGROND

| | | |
|-----|--|----|
| 2.1 | Misdadselemente..... | 18 |
| 2.2 | Toerekeningsvatbaarheid as vereiste..... | 24 |
| 2.3 | Outomatisme as uitsluitingsgrond..... | 34 |
| 2.4 | Samevatting..... | 42 |

HOOFSTUK 3

ALGEMENE GESKIEDKUNDIGE AGTERGROND

| | | |
|-----|----------------------------------|----|
| 3.1 | Inleiding..... | 44 |
| 3.2 | Romeinse reg..... | 45 |
| 3.3 | Romeins-Hollandse reg..... | 50 |
| 3.4 | Engelse reg..... | 53 |
| 3.5 | Verenigde State van Amerika..... | 67 |
| 3.6 | Suid-Afrika..... | 75 |
| 3.7 | Samevatting..... | 84 |

HOOFSTUK 4

HISTORIESE AGTERGROND VAN DIE BEGRIP “GESONDE AUTOMATISME”

| | | |
|-----|------------------|-----|
| 4.1 | Inleiding..... | 88 |
| 4.2 | Regspraak..... | 89 |
| 4.3 | Samevatting..... | 106 |

HOOFSTUK 5

SUID-AFRIKA

| | | |
|-------|--------------------------------|-----|
| 5.1 | Inleiding..... | 110 |
| 5.2 | Geskiedkundige agtergrond..... | 112 |
| 5.3 | Outomatisme..... | 118 |
| 5.4 | Wetgewing..... | 121 |
| 5.5 | Regspraak | 138 |
| 5.5.1 | R v Victor - 1943..... | 138 |
| 5.5.2 | R v Schoonwinkel - 1953..... | 141 |
| 5.5.3 | R v Kumalo - 1956..... | 145 |
| 5.5.4 | R v Mokwanazi - 1959..... | 147 |
| 5.5.5 | R v Mkize - 1959..... | 149 |
| 5.5.6 | R v Mahlinza - 1967..... | 152 |
| 5.5.7 | R v Senekal - 1969..... | 155 |
| 5.5.8 | S v Stellmacher - 1983..... | 157 |
| 5.5.9 | S v Campher - 1987..... | 160 |

| | | | |
|--------|--------------------|-------------|-----|
| 5.5.10 | S v Laubscher | - 1988..... | 162 |
| 5.5.11 | S v Wiid | - 1990..... | 166 |
| 5.5.12 | S v Calitz | - 1991..... | 168 |
| 5.5.13 | S v Kalogoropoulos | - 1993..... | 171 |
| 5.5.14 | S v Mphela | - 1994..... | 176 |
| 5.5.15 | S v Di Blasi | - 1996..... | 179 |
| 5.5.16 | S v Moses | - 1996..... | 182 |
| 5.5.17 | S v Henry | - 1999..... | 185 |
| 5.5.18 | S v Kok | - 2001..... | 187 |
| 5.5.19 | S v Eadie | - 2002..... | 190 |
| 5.5.20 | S v Volkman | - 2004..... | 193 |
| 5.6 | Samevatting..... | | 195 |

HOOFSTUK 6

ENGELAND

| | | | |
|-------|-------------------|------------|-----|
| 6.1 | Inleiding..... | | 198 |
| 6.2 | Wetgewing..... | | 203 |
| 6.3 | Regspraak..... | | 207 |
| 6.3.1 | R v Harrison-Owen | -1951..... | 209 |
| 6.3.2 | R v Charlson | -1955..... | 210 |
| 6.3.3 | R v Kemp | -1957..... | 212 |
| 6.3.4 | Hill v Baxter | -1958..... | 215 |

| | | | |
|--------|--|------------|-----|
| 6.3.5 | Bratty v Attorney General for Northern Ireland | | |
| | | -1963..... | 219 |
| 6.3.6 | Watmore v Jenkins | -1962..... | 224 |
| 6.3.7 | R v Quick and Paddison | | |
| | | -1973..... | 225 |
| 6.3.8 | R v Sullivan | -1983..... | 228 |
| 6.3.9 | R v Hennessy | -1989..... | 232 |
| 6.3.10 | R v Burgess | -1991..... | 234 |
| 6.3.11 | Attorney General's Reference No.2 of 1992 | | |
| | | -1993..... | 236 |
| 6.4 | Samevatting..... | | 238 |

HOOFSTUK 7

KANADA

| | | | |
|-------|-----------------------------------|------------|-----|
| 7.1 | Inleiding..... | | 243 |
| 7.2 | Outomatisme..... | | 245 |
| 7.2.1 | Agtergrond | | 245 |
| 7.2.2 | Gesonde en siek outomatisme..... | | 250 |
| 7.3 | Wetgewing..... | | 253 |
| 7.3.1 | Artikel 16 van die Strafkode..... | | 253 |
| 7.4 | Regspraak..... | | 254 |
| 7.4.1 | R v Kasperek | -1951..... | 254 |
| 7.4.2 | R v Minor | -1955..... | 255 |

| | | | |
|-------|------------------|------------|-----|
| 7.4.3 | R v King | -1962..... | 256 |
| 7.4.4 | R v Rabey | -1977..... | 257 |
| 7.4.5 | R v Parks | -1992..... | 258 |
| 7.4.6 | R v Stone | -1999..... | 263 |
| 7.5 | Samevatting..... | | 268 |

HOOFSTUK 8

AUSTRALIë

| | | | |
|-------|---------------------|-------------|-----|
| 8.1 | Inleiding..... | | 272 |
| 8.2 | Outomatisme..... | | 274 |
| 8.3 | Wetgewing..... | | 281 |
| 8.4 | Regspraak..... | | 292 |
| 8.4.1 | R v Cottle (NS) | - 1958..... | 292 |
| 8.4.2 | R v Holmes | - 1960..... | 294 |
| 8.4.3 | Ryan v The Queen | - 1967..... | 295 |
| 8.4.4 | Kaporonowski v R | - 1973..... | 299 |
| 8.4.5 | R v Radford | - 1985..... | 302 |
| 8.4.6 | R v Falconer | - 1990..... | 305 |
| 8.4.7 | Hawkins v The Queen | - 1994..... | 309 |
| 8.5 | Samevatting..... | | 311 |

HOOFSTUK 9
SAMEVATTING

| | | |
|-------|--|------------|
| 9.1 | Inleidend..... | 312 |
| 9.2 | Wetgewing..... | 314 |
| 9.3 | Probleemstelling en hipotese..... | 318 |
| 9.4 | Regsvergelykend..... | 324 |
| 9.4.1 | Engeland..... | 324 |
| 9.4.2 | Kanada..... | 327 |
| 9.4.3 | Australië..... | 331 |
| 9.5 | Die kognitiewe en konatiewe geesteselemente..... | 336 |
| 9.6 | Slotsom en aanbevelings | 338 |
| | BIBLIOGRAFIE..... | 346 |

Actus non facit reum nisi mens sit rea

HOOFSTUK 1

INLEIDING

- 1.1 Probleemstelling
- 1.2 Metodologie

1.1 Probleemstelling

'n Normale en gesonde persoon verrig op 'n sekere dag harde fisiese arbeid, eet niks nie en gaan om sesuur in die namiddag na die plaaslike hotel om 'n drankie te drink. Terwyl die persoon besig is om te drink (hy het in daardie stadium ten minste 'n halwe bottel brandewyn opgedrink), val 'n sterk weerkaatsing van die ondergaande son deur 'n leë bottel in sy oë. Die volgende oggend word die persoon meegedeel dat hy 'n moord in die kroeg gepleeg het, maar hy kan niks van die vorige aand onthou nie.¹

Die oorsake van die toestand van amnesie en moontlike outomatisme waarin hy verkeer het, kan te wyte wees aan kortstondige hipoglukemie en/of epilepsie, asook die feit van drankiname in 'n vastende toestand.

¹ S v Stellmacher 1983 (2) SA 181 (SWA)

Die vraag wat ontstaan is of die persoon kragtens art 78 (6) van die Strafproseswet 51 van 1977, onskuldig bevind moet word op grond daarvan dat hy gedurende die betrokke handeling ontoerekeningsvatbaar was omdat hy aan 'n "geestesongesteldheid" gely het.

Hierbenewens is 'n willekeurige handeling 'n verdere vereiste vir strafregtelike aanspreeklikheid.² Die betrokke persoon kan homself dus verweer dat sy handeling die vorige aand onwillekeurig was en die verweer van outomatisme is dan ook tot sy beskikking. Outomatisme sluit die misdadaasvereiste van 'n willekeurige handeling uit, en 'n strafbare handeling ontbreek dus.³

Twee vorme van outomatisme word lank reeds in die Suid-Afrikaanse strafreg en ander gemeenregtelike lande se strafreg onderskei, nl. gesonde en siek outomatisme.⁴ Siek outomatisme behels dat die outomatisme, of onwillekeurige handeling, die resultaat was van 'n geestesongesteldheid, terwyl gesonde outomatisme die resultaat was van 'n ander rede as geestesongesteldheid.

² Snyman 1999:55.

³ Snyman 1999:56.

⁴ Snyman 1999:56.

'n Suksesvolle verweer van gesonde outomatisme sal lei tot vryspraak, terwyl 'n suksesvolle verweer van siek outomatisme sou lei tot aanhouding in 'n psigiatriese hospitaal.⁵ Dit is dus vanselfsprekend dat 'n verweer van gesonde outomatisme 'n baie gewilde verweer geword het. Die howe het hierdie verweer egter baie streng en met omsigtigheid benader en gevolglik is daar weinig gevalle waar die verweer van gesonde outomatisme suksesvol was.⁶

Die probleem wat in die Suid-Afrikaanse strafreg ontstaan het, is dat sou die persoon, hierbo genoem, onskuldig bevind word weens siek outomatisme, dan moes hy vir aanhouding in 'n psigiatriese hospitaal gestuur word omrede hy, selfs net tydelik, in 'n toestand van geestesongesteldheid was. Gestel dat die persoon aan epilepsie ly waarvan hy ten tye van die voorval nie bewus was nie, maar nou, tydens die verhoor daarvan bewus word en die nodige medikasie neem. Die persoon hou nie meer 'n gevaar vir die samelewing in nie en is ook nie meer in 'n toestand van geestesongesteldheid nie. Daar is dus geen doel vir aanhouding of observasie nie, maar die reg het dit tot baie onlangs absoluut vereis.⁷

⁵ Snyman 1999:56.

⁶ Sien die bespreking van die Suid-Afrikaanse hofsake later in die proefskrif.

⁷ Strafproseswet 51/1977 (soos gewysig deur Wet 68/1998): art.78(6).

Die persoon wat ten tye van die misdadpleging in 'n tydelike toestand van "geestesongesteldheid" verkeer het, is dus dieselfde behandel as 'n geestesongestelde persoon wat aan 'n langdurige geestesongesteldheid ly. Wat verder bygedra het tot die probleem is die feit dat sekere siektetoestande, soos epilepsie, oor dieselfde kam geskeer is as patologiese ontoerekeningsvatbaarheid, wat dus gelei het tot aanhouding in 'n inrigting van geestesongesteldes, terwyl die persoon eintlik geestelik normaal was.⁸

Die wetgewer het egter nou ingegryp en die howe 'n groter diskresie gegee om die korrekte uitspraak na gelang van elke saak te gee. Bogenoemde persoon hoef nou sedert die wetswysigings nie meer noodwendig vir aanhouding na 'n inrigting vir geestesongesteldes te gaan nie en kan byvoorbeeld voorwaardelik vrygelaat word.

Die vraag wat hieruit ontstaan is of dit dan nog werklik nodig is om 'n onderskeid te tref tussen gesonde en siek outomatisme. Die onbillike werking van die wet bestaan nie meer nie, maar die onderskeid tussen hierdie begrippe bestaan steeds. Die begrip "gesonde outomatisme" is onhoudbaar in die mediese wetenskap en is 'n regsbegrip wat geskep is om onbillikheid, soos in die voorbeeld hierbo, uit die weg te ruim. Die stelling word ondersteun deur Joubert:

⁸ Falk-Pederson 1997: 359.

" Parliament needs to reassess the legal issues governing automatism, and do away with the medically unfounded division of sane and insane automatisms."⁹

Die benaming "gesonde outomatisme" is dus 'n *contradictio in terminis* - as jy outomaties optree, is jy neurologies baie siek. Die probleem van die verskil in begripsaanwending deur die reg en die geneeskunde is oor die algemeen problematies en word deur Bal & Koenraad soos volg bevestig: " Almost no other feature of criminal law is more controversial than the defence of insanity. It reflects the complex and sometimes problematic relationship between psychiatry and the law. Because lawyers and mental health professionals speak different languages, a legal defence based on a medical conception is often difficult to administer."¹⁰

Die klassifisering van gesonde en siek outomatisme is ook onderhewig aan kritiek van verskeie skrywers. Falk-Pederson is byvoorbeeld van mening dat "The distinction made in the common law tradition between sane and insane automatisms, and in particular the labelling of epileptic automatisms as insane, are legal concepts which surprise and even astonish lawyers of other traditions..."¹¹

⁹ Joubert 1995: 46.

¹⁰ Bal en Koenraad 2001: 219.

¹¹ Falk-Pederson 1997: 359.

Vorster¹² spreek haarself uit dat "...[T]he present situation regarding automatism is unfair, idiosyncratic and unscientific ...the concept is applied inconsistently."

Ondanks hierdie kritiek, is daar tot op hede nog niks gedoen om hierdie onderskeid uit die weg te ruim nie. Vorster¹³ pleit egter dat alle vorme van outomatisme geklassifiseer moet word as patologiese outomatisme en dat dit dus moet val onder die aanwending van art.78 van die Strafproseswet 51/1977. Die praktiese haalbaarheid van hierdie argument sal in hierdie studie ondersoek word.

Daar kan geargumenteer word dat die wetgewing van die verskeie gemeenregtelike lande nie voorbeelde verskaf vir 'n wysiging op die gebied van outomatisme nie, maar in Suid-Afrika impliseer die nuutste wetswysigings¹⁴ dat so 'n wysiging wel moontlik is.

Die doelwit van hierdie studie is dus om die verweer van outomatisme regsvergelykend te ondersoek om vas te stel wat die oorsprong van die verweer is, waarom die onderskeid tussen siek en gesonde outomatisme gemaak is en of die onderskeid inderdaad nog nodig is.

¹² Vorster 2002:43.

¹³ Vorster 2002:172.

¹⁴ Strafproseswet 51/1977 (soos gewysig deur Wet 68/1998).

1.2) Metodologie

Die Suid-Afrikaanse Strafreë is nie ten volle gekodifiseer nie¹⁵ en daar sal in die studie dus op hofuitsprake gekonsentreer word. Waar relevante wetgewing wel bestaan, sal daarna verwys word.

Die metode van navorsing wat in die studie aangewend sal word, is om regsvergelikend te gaan kyk na ander lande se hantering van dieselfde probleem. Die regsfamilies wat bestudeer sal word is die Anglo-Amerikaanse regsfamilie wat Engeland en Kanada insluit.¹⁶ Daar sal ook na enkele toonaangewende sake in Australië gekyk word.

Kanada is, net soos Australië, 'n federale staat bestaande uit voorheen Britse kolonies. Gedurende die tydperk wat Engeland Kanada oorgeneem het, was Kanada grootliks bewoon deur Franse en vandag nog bestaan Kanada uit 'n Engelse en 'n Franse deel. Zweigert en Kotz deel Kanada egter onder die Anglo-Amerikaanse regsfamilie in.¹⁷

Die probleem wat in hierdie studie nagevors word, bestaan beslis ook in ander lande. Schopp verwys bv. na die posisie in Engeland, " ...the

¹⁵ Snyman 1995:2.

¹⁶ Zweigert en Kotz 1992: 286.

¹⁷ Zweigert en Kotz 1992: 231.

British courts have developed a relatively settled approach. Unfortunately, this approach involves an unsustainable distinction between sane and insane automatism. British and Canadian courts treat some cases as instances of sane automatism, whereas they address others under the rubric of insane automatism, despite the fact that the defendants apparently acted with similar functional impairment, and the courts have found no firm theoretical ground for this distinction."¹⁸

Die hantering van die probleem in ander lande kan dus ondersoek word, in 'n poging om tot 'n oplossing te kom vir die onsekerheid en onduidelikheid in die Suid-Afrikaanse reg.

In die hoofstukke wat volg sal daar 'n teoretiese agtergrond geskets word om aan te toon waar outomatisme by die Suid-Afrikaanse strafregstelsel inpas. Die betrokke misdadselemente wat deur outomatisme geraak word, sal noodwendig ook bespreek word. Aangesien outomatisme onder andere siek outomatisme onderskei, sal die studie ook op geestesongesteldheid konsentreer en dus op die toerekeningsvatbaarheidsvereiste. Gesonde outomatisme noodsaak weer dat ook die handelingsvereiste bespreek moet word.

¹⁸ Schopp 1991:133.

Die posisie rakende outomatisme in Suid-Afrika sal eerste bespreek word, waarna die posisie in verskeie gemeenregtelike lande in oënskou geneem sal word.

Die studie sluit af met 'n regsvergelykende en samevattende hoofstuk, met 'n antwoord op die hipotese dat die onderskeid wat in outomatisme getref word, nie meer nodig is nie, en afgeskaf kan word.

HOOFSTUK 2

AGTERGROND

2.1 Misdaadselemente

2.2 Toerekeningsvatbaarheid as vereiste

2.3 Outomatisme as uitsluitingsgrond

2.1 Misdaadselemente

Iemand pleeg 'n misdaad indien daar gedrag aan sy kant is wat ooreenstem met die elemente uiteengesit in die omskrywing van 'n misdaad, sodanige gedrag wederregtelik is en met skuld gepaardgaan.¹⁹

Een van die afdelings van die strafreg wat binne hierdie studie val, is toerekeningsvatbaarheid as vereiste vir strafregtelike aanspreeklikheid. Ten einde 'n beter begrip oor die plek van toerekeningsvatbaarheid in die Suid-Afrikaanse reg te verkry, word eerstens na die vereistes vir strafregtelike aanspreeklikheid gekyk.

¹⁹ Snyman 1999:34.

Ten einde strafregtelike aanspreeklikheid op te doen, moet daar aan sekere vereistes voldoen word. Snyman deel die vereistes in vier dele op, nl. 'n handeling, voldoening aan omskrywingselemente, wederregtelikheid en skuld.²⁰

In die Suid-Afrikaanse strafreg is daar twee teorieë oor die plek van toerekeningsvatbaarheid. Die eerste benadering, is die normatiewe skuldbegrip wat behels dat toerekeningsvatbaarheid 'n onderafdeling, en dus 'n bousteen, is van skuld. Die psigologiese skuldbegrip aan die ander kant skei toerekeningsvatbaarheid en skuld heeltemal, en tipeer eersgenoemde as slegs 'n voorvereiste vir laasgenoemde.²¹

Snyman verkies om toerekeningsvatbaarheid te beskou as deel van die skuldvereiste, omdat hy eerder die normatiewe karakter van die skuldbegrip aanhang as die psigologiese.²²

Die eerste vereiste vir strafregtelike aanspreeklikheid staan bekend as die legaliteitsvereiste. Die legaliteitsvereiste behels dat dit moet vasstaan dat die tipe gedrag wat X na bewering gepleeg het, volgens die geldende reg as 'n misdaad beskou word.²³ In wese is hierdie vereiste dus nie 'n subjektiewe misdaadselement nie, want 'n persoon

²⁰ Snyman 1999:34.

²¹ Snyman 1999:158.

²² Snyman 1999:34.

²³ Snyman 1999:28.

kan nie deur sy handeling en subjektiewe gesindheid daaraan voldoen nie.²⁴

Die tweede vereiste is dat daar 'n handeling moes wees, hetsy by wyse van 'n doen of 'n late. 'n Persoon kan wel strafregtelike aanspreeklikheid opdoen deur te versuim om te tree, mits daar dan 'n regsplig op die betrokke persoon gerus het om aktief op te tree.²⁵

Gedagtes en voornemens is nie strafbaar nie. Soos Brian dit stel “The thought of man is not triable, for the devil himself knoweth not the thought of man.”²⁶ Daar moet 'n willekeurige handeling wees. Willekeurigheid dui volgens Le Roux daarop dat die menslike spierbewegings deur die wil of intellek beheers word.²⁷ Hierdie omskrywing kan lei tot 'n verwarring tussen die handelingselement (wat suiwer oor wilsbeheer behoort te gaan) en opset (waar 'n bewuste keuse vir die verkeerde 'n vereiste is).

Burchell en Hunt²⁸ onderskei ook die geestelike en fisiese sy van die misdadvereistes met die stelling “...[E]very crime involves an unlawful physical condition (*actus reus*) and, apart from statutory exceptions, an unlawful mental condition (*mens rea*).”

²⁴ Snyman 1999:32.

²⁵ Snyman 1999:29.

²⁶ Burchell en Hunt 1970:98

²⁷ Le Roux 2002: 480.

²⁸ Burchell en Hunt 1970:97.

Daar moet derdens gelet word op die omskrywingselemente van die misdaad.²⁹ Hiermee word bedoel dat elke betrokke misdryf se eie en unieke, interne vereistes nagekom moet word. Strafbare manslag vereis byvoorbeeld nalatige optrede en nie opsetlike optrede soos by moord nie.

Die ander twee misdaadselemente is dan die sogenaamde "onsigbare of ongeskrewe" vereistes, te wete onregmatigheid en skuld.³⁰

Onregmatigheid, wederregtelikheid of ongeregverdigdheid is almal sinonieme met dieselfde betekenis, nl. die optrede moes teen die reg gewees het. In ander woorde gestel, daar moes nie regverdiging vir die optrede gewees het nie.³¹

Die laaste vereiste is meer subjektief as die ander objektiewe vereistes hierbo genoem, nl. of die dader verwyt kan word vir sy optrede. Die vereiste staan bekend as die skuld-vereiste. "Skuld" beteken 'n laakbare of afkeurenswaardige gesindheid waarmee die dader handel.³² In elke beskaafde regstelsel word die beginsel gevind dat daar is geen straf sonder skuld kan wees nie.³³

²⁹ Snyman 1999:29.

³⁰ Snyman C. R., *Strafreg*, Vierde uitgawe, Butterworths, Durban, 1999, p. 30

³¹ Snyman 1999:30.

³² Rumpff verslag 1967:6.

³³ *Nulle poene sine culpa*.

Snyman, wat die normatiewe skuldbegrip volg, wys daarop dat die ondersoek vir verwythbaarheid tweeledig is.³⁴ Eerstens moet daar bepaal word of die persoon toerekeningsvatbaar was en dan tweedens of die nodige opset of nalatigheid teenwoordig was.

Indien dit sou vasstaan dat X ontoerekeningsvatbaar was, is dit nie nodig om ondersoek in te stel na opset en nalatigheid nie, want die persoon kan nie strafregtelik aanspreeklik gehou word nie. Snyman skep dus twee onderafdelings vir skuld, te wete toerekeningsvatbaarheid en opset/nalatigheid.³⁵

'n Mens is toerekeningsvatbaar as hy oor sekere geestesvermoëns beskik.³⁶ Slegs mense wat oor hierdie geestesvermoëns beskik, kan met skuld optree en aanspreeklik wees vir die pleging van die misdaad. Die geestesvermoëns waarna verwys word, is die vermoë om tussen reg en verkeerd te kan onderskei en om hiervolgens te kan optree.³⁷

As die legaliteitsvereiste buite rekening gelaat word en toerekeningsvatbaarheid as deel van die skuldvereiste beskou word, is daar dus vier misdadselemente. Die vraag of

³⁴ Snyman 1999:31.

³⁵ Snyman 1999:32.

³⁶ Snyman 1999:31.

³⁷ Snyman 1999:31.

toerekeningsvatbaarheid deel van die skuldvereiste moet vorm, is debatteerbaar. Indien die begrip "verwytbaar" gebruik word vir skuld, is daar 'n noue verband met toerekeningsvatbaarheid en is so 'n indeling logies. As daar egter na die omvang van die vereistes van toerekeningsvatbaarheid en skuld gekyk word, is dit liefs beter om die vereistes apart te behandel.

In 1967 het Rumpff AR na toerekeningsvatbaarheid verwys as 'n algemene voorvereiste.³⁸ Akademië is dit ook eens dat toerekeningsvatbaarheid verwys na die dader se geestesvermoëns en nie na sy gesindheid nie.³⁹ In die lig hiervan lyk dit ook na 'n beter opsie om toerekeningsvatbaarheid as 'n aparte vereiste te behou.

In hierdie studie sal toerekeningsvatbaarheid as 'n aparte vereiste beskou word. In totaal word daar dus na vyf misdadselemente verwys, te wete 'n willekeurige handeling, wederregtelikheid, kousaliteit, toerekeningsvatbaarheid en skuld.⁴⁰ 'n Bespreking van toerekeningsvatbaarheid en willekeurige handeling is vir hierdie studie van belang.

³⁸ S v Mahlinza 1967 (1) SA 408 (A) op 414-415.

³⁹ Snyman 1989:2.

⁴⁰ Straf van Owerheidsweë kan nog 'n sesde een wees o.g.v. *nullum crimen sine poena legali*.

2.2 Toerekeningsvatbaarheid

Toerekeningsvatbaarheid behels dat 'n persoon oor die nodige geestesvermoëns beskik om tussen reg en verkeerd te onderskei, asook die vermoë om gedrag by hierdie onderskeidingsvermoë te kan aanpas. Indien 'n persoon ontoerekeningsvatbaar was ten tye van die pleeg van die misdryf, kan hy nie skuldig bevind word aan die beweerde misdryf nie.⁴¹ Toerekeningsvatbaarheid dui dus op 'n persoon se geestesvermoëns en nie op sy gesindheid nie.

Volgens 'n indeterministiese⁴² persoonlikheidsbeskouing het die persoonlikheid van 'n mens drie reekse geesteskomponente- of funksies, te wete, die kognitiewe (onderskeidingsvermoë, intellek), die konatiewe (wilsbeheer) en die affektiewe (emosie, gemoed).⁴³ Die affektiewe geestesfunksie word by die toets vir toerekeningsvatbaarheid egter selde genoem, terwyl die kognitiewe en konatiewe baie voorkom in die besprekings.⁴⁴

⁴¹ Strafproseswet 51 van 1977.

⁴² Die strafreg is tradisioneel gestel op 'n standpunt van indeterminisme of wilsvryheid. Dit behels dat die mens beheer kan uitoefen oor sy handeling. 'n Deterministiese benadering daarenteen, gaan van die veronderstelling uit dat die mens se optrede beïnvloed word deur faktore wat buite sy vrywillige beheer is. Die uiterste vorm van determinisme beteken dus dat 'n persoon geen verantwoordelikheid kan opdoen nie, wat sal beteken dat strafreg geen bestaansreg meer sal hê nie.

⁴³ Verschoor 1980:208.

⁴⁴ Verschoor 1980:214.

Ten einde die definiëring van toerekeningsvatbaarheid beter te verstaan, moet daar kortliks na die M'Naghten-reëls in die Engelse reg gekyk word. Die sogenaamde M'Naghten-reëls het in 1843 tot stand gekom en is van toepassing op die aangeleentheid van geestesongesteldheid en toerekeningsvatbaarheid. Die M'Naghten-reëls het tot stand gekom a.g.v. 'n moordsaak in die negentiende eeu.⁴⁵ Daniël M'Naghten het die privaatsekretaris van die Eerste Minister,⁴⁶ Edward Drummond, geskiet nadat hy gedink het dit was die Eerste Minister self.⁴⁷

M'Naghten het onskuldig gepleit weens geestesongesteldheid. Mediese getuienis het getoon dat hy geaffekteer is deur waandenkbeelde, en sodanig dat hy geen begrip van reg en verkeerd meer gehad het nie. Die moord was die spreekwoordelike klimaks of uitbarsting wat gevolg het op die geestestoestand.⁴⁸

M'Naghten is deur die jurie tereg onskuldig bevind op grond van ontoerekeningsvatbaarheid weens geestesongesteldheid. Die publiek was egter onsteld oor die bevinding en die saak het in beide die Huise van die Parlement gedraai. Die House of Lords het besluit dat al

⁴⁵ ER VIII 718 op 719

⁴⁶ Sir Robert Peel

⁴⁷ Verschoor 1980:61.

⁴⁸ Verschoor 1980:62.

vyftien regters bymekaar moes kom om duidelikheid te probeer bereik.⁴⁹

Die regters se antwoorde op kwellende vrae het geen direkte waarde as gesag gehad nie, maar dit is so herhaaldelik met goedkeuring in uitsprake aangehaal dat dit uiteindelik wel 'n invloed gehad het. Die antwoorde van die regters op die kwellende vrae oor geestesongesteldheid, het bekend gestaan as die M'Naghten reëls.⁵⁰

Verschoor⁵¹ vat die M'Naghten-reëls soos volg saam:

“ 'n Verweer van kranksinnigheid slaag, indien bewys word dat die beskuldigde ten tye van die pleging van die daad gebuk gegaan het aan so 'n gebrek van die rede, as gevolg van 'n geestessiekte, dat hy nie die aard en kwaliteit van sy daad besef het nie, of, indien hy dit besef het, dat hy nie geweet het dat daardie daad verkeerd was nie.”

Die betrokke persoon moes dus so geestesongesteld wees dat hy glad nie weet wat hy doen nie. Die ander been van die M'Naghten-reëls is ook kognitief en behels dat alhoewel die persoon geweet het

⁴⁹ Verschoor 1980:63.

⁵⁰ Die regters het nie bedoel dat die reëls die *locus classicus* vir geestesongesteldheid moes word nie, maar dit is inderwaarheid wat gebeur het.

⁵¹ Verschoor 1980:63.

wat hy doen, hy onder die indruk was dat dit wat hy doen, korrek is. So glo die persoon byvoorbeeld dat hy optree in opdrag van God.

Verschoor meen dat die toets volgens die M'Naghten-reëls 'n streng kognitiewe benadering het, deurdat dit slegs handel oor die vraag of die beskuldigde geweet het dat dit wat hy doen verkeerd is.⁵² Daar is geen vraag na die feit of die beskuldigde sy handeling kon beheer of nie. Die vraag kan ook gevra word, waarom M'Naghten vrygespreek is as daar na die M'Naghten-reëls en die toepassing daarvan gekyk word.

Die M'Naghten-reëls is in Suid-Afrika tot in die middel van die sewentigerjare nagevolg, maar voldoen egter nie meer aan die vereistes van die moderne samelewing nie. Reeds in 1927 het die hof die M'Naghten-reëls al as verouderd beskou.⁵³

Die Rumpff-kommissie⁵⁴ het in 1966 aanbeveel dat wetgewing sodanig verander word dat by die toets vir toerekeningsvatbaarheid, daar benewens die vermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei, ook voorsiening gemaak moet word vir die vermoë tot wilsbeheer. Die Strafproseswet 56/1955 is dan ook gewysig met die inwerkingtrede

⁵² Verschoor 1980:65.

⁵³ R v Westrich 1927 CPD 466.

⁵⁴ Verslag 69/1967.

van die Strafproseswet 51/1977 en Art.78(1) het 'n bykomende vereiste vir toerekeningsvatbaarheid daar gestel, nl. dat die beskuldigde in staat moet wees om "...ooreenkomstig 'n besef van die ongeoorlooftheid van sy handeling op te tree...."

Die M'Naghten-reëls het dus wel 'n groot invloed op die Suid-Afrikaanse strafreg gehad, maar die konatiewe geestes- of bewussynsfunksie is bygevoeg.

Met hierdie beredenering as agtergrond kan daar voortgegaan word met die bespreking van toerekeningsvatbaarheid. Snyman definieer toerekeningsvatbaarheid as volg "Iemand is toerekeningsvatbaar indien hy oor die nodige geestesvermoëns beskik wat van regsweë vereis word om aanspreeklik gehou te word vir sy wederrregtelike doen of late." ⁵⁵

Die verweer van ontoerekeningsvatbaarheid was oorspronklik net vir geestesongesteldheid en jeugdige leeftyd aangewend. Sedert die tagtigerjare van die twintigste eeu ⁵⁶ het die verweer egter uitgebrei na nie-biologiese faktore⁵⁷ en die huidige situasie is dus dat die verweer

⁵⁵ Snyman 1999:156.

⁵⁶ S v Chretien 1981(1)SA 109 (A).

⁵⁷ Faktore soos dronkenskap, provokasie, angs, spanning en emosionele skok.

geopper kan word, ongeag die oorsaak van die gemelde onvermoë.⁵⁸ Die verweere van geestesongesteldheid en outomatisme moet egter duidelik onderskei word. Die grondslag vir 'n verweer van outomatisme is 'n ontbrekende wilsbeheerde handeling. Die grondslag vir 'n verweer van geestesongesteldheid is ontbrekende toerekeningsvatbaarheid,⁵⁹ met 'n gevolglike gebrek aan 'n wilsgerigte handeling.

Volgens die algemene toerekeningsvatbaarheidsmaatstaf wat in die strafreg geld, val die klem tans nie meer soseer op die oorsaak van die ontoerekeningsvatbaarheid nie, maar op die ontoerekeningsvatbaarheid self.⁶⁰

Die vraag na toerekeningsvatbaarheid kom eers ter sprake as dit vasstaan dat 'n wederregtelike handeling verrig is.⁶¹ Indien die persoon egter ontoerekeningsvatbaar was, is verdere ondersoek onnodig.⁶²

Toerekeningsvatbaarheid behels eerstens dat X die aard van sy optrede moet kan besef, wat bekend is as die sogenaamde kognitiewe

⁵⁸ Snyman 1999:162.

⁵⁹ Van Rensburg 1987:370.

⁶⁰ Le Roux 2002: 480.

⁶¹ 'n Ontoerekeningsvatbare persoon kan wel 'n wederregtelike handeling verrig.

⁶² Le Roux 2002: 480.

geestes- of bewussynsfunksie ("onderskeidingsvermoë").⁶³ Tweedens moet X die vermoë hê om ooreenkomstig hierdie besef op te tree en die nodige keuse te maak. Laasgenoemde is ook bekend as die konatiewe geestes- of bewussynsfunksie ("weerstandskrag").⁶⁴

By die eersgenoemde gaan dit dus oor insig en begrip, terwyl dit by laasgenoemde daaroor gaan om jou gedrag te kan rig. Ten einde toerekeningsvatbaar te wees moet altwee gemelde psigologiese funksies of vermoëns by die betrokke persoon teenwoordig wees. Ontbreek enige een van die twee psigologiese kenmerke, is die dader ontoerekeningsvatbaar en kan hy nie strafregtelike aanspreeklikheid opdoen nie.

Artikel 78(1) van die Strafproseswet 51 van 1977 is geskep vir gevalle waar die dader ontoerekeningsvatbaar is weens 'n geestesongesteldheid ('n patologiese toestand). Sodanige verweer van ontoerekeningsvatbaarheid weens geestesongesteldheid, staan dan ook bekend as "patologiese ontoerekeningsvatbaarheid." Hierdie benaming is die eerste keer deur AR Joubert gebruik in die saak van S v Laubscher.⁶⁵

⁶³ Snyman 1999:160.

⁶⁴ Le Roux 2002: 480.

⁶⁵ S v Laubscher 1988(1) SA 163 (A) op 167.

Alle beroepe op ontoerekeningsvatbaarheid buiten geestesongesteldheid en jeugdige leeftyd, staan bekend as "nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid."⁶⁶ Die doelwit van AR Joubert was om 'n verweer buite art.78(1) van die Strafproseswet te skep, d.w.s 'n verweer buite geestesongesteldheid.

Snyman verkies die begrip "die algemene ontoerekeningsvatbaarheidsverweer," bo die begrip wat die howe gebruik, nl. "nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid."⁶⁷

Uit bogenoemde kan dus gesien word dat 'n beroep op ontoerekeningsvatbaarheid as verweer, op een van twee bene berus, te wete:

- (a) Ontoerekeningsvatbaarheid weens geestesongesteldheid
(patologiese ontoerekeningsvatbaarheid)
- (b) Ontoerekeningsvatbaarheid weens ander redes as
geestesongesteldheid
(nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid)

Die eerste been is 'n verweer wat daarop dui dat die persoon weens 'n biologiese rede, soos geestesongesteldheid nie aan die vereistes van

⁶⁶ S v Laubscher 1988(1) SA 163 (A) op 167D-I.

⁶⁷ Snyman 1999:161.

toerekeningsvatbaarheid kon voldoen nie. Die tweede been is 'n verweer wat daarop dui dat die betrokke persoon nie geestesongesteld is nie, maar dat hy tydelik, weens 'n ander rede as geestesongesteldheid, nie toerekeningsvatbaar kon wees vir sy handeling nie.

Tans in die Suid-Afrikaanse strafreg, word ontoerekeningsvatbaarheid weens jeugdige leeftyd geklassifiseer onder patologiese ontoerekeningsvatbaarheid. Hierdie verweer van ontoerekeningsvatbaarheid weens jeugdige leeftyd, hoort eintlik onder die tweede been hierbo genoem, nl. nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid. 'n Kind onder die ouderdom van sewe jaar word onweerlegbaar vermoed ontoerekeningsvatbaar te wees, terwyl 'n kind tussen die ouderdom van sewe en veertien jaar weerlegbaar vermoed word om ontoerekeningsvatbaar te wees.⁶⁸

Jeugdige leeftyd is baie duidelik nie 'n geestesgebrek nie, maar weens die kategorisering daarvan saam met geestesongesteldheid in die vorige eeu, het dit onder patologiese ontoerekeningsvatbaarheid gebly. Weens die maklike onderskeid tussen hierdie verweere, word voorgestel dat ontoerekeningsvatbaarheid weens jeugdige leeftyd, as

⁶⁸ Snyman 1999:174.

'n derde been van die verweer gebruik word. Dit is dus van teoretiese belang om die nodige onderskeid te maak.

Die drie verwerre van ontoerekeningsvatbaarheid behoort dus te wees:

- 1) Patologiese ontoerekeningsvatbaarheid
- 2) Nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid
- 3) Ontoerekeningsvatbaarheid weens jeugdige leeftyd

Die rede waarom jeugdige leeftyd nie by nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid ingepas word nie, is weens die unieke aard daarvan en die feit dat nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid heelwat oorsake kan bevat wat al reeds genoeg problematiek veroorsaak.

Snyman deel die verwerre van toerekeningsvatbaarheid op in jeugdige leeftyd, geestesongesteldheid en nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid.⁶⁹ Hy wys daarop dat grenssituasies tussen geestesafwykings van patologiese aard en geestesafwykings van tydelike aard moeilik bepaalbaar is. Ofskoon nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid slaan op 'n tydelike geestesafwyking, is 'n patologiese geestesongesteldheid ook nie noodwendig altyd van 'n

⁶⁹ Snyman 1989:11.

permanente aard nie.⁷⁰ Die hof sal met behulp van deskundige getuienis moet bepaal of die geestesafwyking patologies of nie-patologies van aard is.⁷¹

2.3 Automatisme

Die handeling vorm die basis of grondelement van die misdaadsbegrip, terwyl al die ander elemente, soos wederregtelikheid en skuld, die attribute of kwalifikasies van die handeling is.⁷² Die handeling, waarna ook verwys word as die *actus reus*, moes willekeurig geskied het.

Automatisme is die verweer dat die beskuldigde nie willekeurig gehandel het nie en dat die vereiste handeling en dus aanspreeklikheid, ontbreek. Automatisme sluit die volgende gevalle in: refleksbewegings, slaapwandeling, liggaamsbewegings tydens bewusteloosheid, nagmerries of epileptiese aanvalle en beswyming weens bv. bloedsuikertekort.⁷³ Die liggaamsbewegings is dus nie onderworpe aan die wilsbeheer van die persoon nie.

⁷⁰ Snyman 1989:15.

⁷¹ Snyman 1989:15.

⁷² Snyman 1999:52.

⁷³ Snyman 1999:56.

Scoble⁷⁴ definieer outomatisme as “an unconscious, involuntary action” of “action without knowledge” en hy gee die volgende voorbeelde van outomatisme: Epilepsie, “black-outs,” psigies-fisiese redes en emosionele onstabieleit. Snyman gee ook enkele voorbeelde: refleksbewegings (hartkloppings of 'n niesbui), slaapwandeling, liggaamsbewegings ('n arm wat swaai terwyl die persoon slaap of 'n nagmerrie het), 'n epileptiese aanval, beswyming ens.⁷⁵

Die volgende definisies vir outomatisme word ook aangetref:

“Unconscious involuntary conduct caused by some external factor.”⁷⁶

“Automatism is a defense against criminal liability for those defendants who perform illegal conduct in a state of unconsciousness or semi-consciousness.”⁷⁷

“...the performance of actions unconsciously or subconsciously ; 2. involuntary action ; 3. Unthinking routine...”⁷⁸

⁷⁴ Scoble 1963:341-344.

⁷⁵ Snyman 1999:56.

⁷⁶ A dictionary of law , Oxford University Press.

⁷⁷ Schopp 1991: 71.

⁷⁸ The Oxford English Reference Dictionary

"Automatism is a condition in which a person performs acts without conscious knowledge or later memory of what he or she is doing. Although the person appears to be functioning normally, he or she does not manifest personality, and behaviour may be abnormal. The condition commonly represents an hysterical trance. It may also follow some severe trauma or an attack of certain forms of epilepsy. Sleepwalking is one example of automatism."⁷⁹

Outomatisme word deur die English Law Web Site van Asif Tufal soos volg omskryf:

"Automatism applies to the situation where the defendant is not legally insane but because of some external factor he is unable to control what he is doing, or as Lord Denning stated in *Bratty v Attorney-General for N.Ireland* (1963) AC 386, where something was done by the defendant's muscles without the control of his mind, such as a spasm, a reflex action or a convulsion; or an act done by a person who is not conscious of what he is doing, such as an act done whilst suffering from concussion or whilst sleepwalking."⁸⁰

⁷⁹ World Book Medical Encyclopedia.

⁸⁰ <http://www.lawteacher.net/index.html>.

Ashworth verwys na outomatisme as : “ It [automatism] is more of a denial of authorship, a claim that the ordinary link between mind and behaviour was absent.”⁸¹

Regter Marais gee die volgende definisie " [A] disturbance of the consciousness as a result of a condition not voluntary induced, eg. concussion, inadvertent absorption of a sedative, a pathological failure of the nervous system or some other condition not equated to mental disease." ⁸²

Laurie haal die volgende definisie aan "any abnormal state of consciousness (whether confusion, delusion or dissociation) ...while not amounting to insanity."⁸³

Viljoen se verduideliking van outomatisme is as volg: "...waar die dader nie op bewuste gewaarwordinge handel nie, maar op prikkels van die onderbewussyn."⁸⁴

Fenwick se mediese omskrywing van outomatisme, is omvattend en stem baie ooreen met die regsdefinisie: “An automatism is an involuntary piece of behaviour over which an individual has no control.

⁸¹ Ashworth 1995: 96.

⁸² S v Trickett 1973 (3) SA 526 (T).

⁸³ Laurie 1995: 253.

⁸⁴ Viljoen 1983: 123.

The behaviour itself is usually inappropriate to the circumstances, and may be out of character for the individual. It can be complex, coordinated, and apparently purposeful and directed, though lacking in judgement. Afterwards, the individual may have no recollection, or only partial and confused memory, for his actions.”⁸⁵

Outomatisme is dus spierbewegings van meganiese aard wat nie onderworpe is aan 'n wilsbeheer nie en dit dui dus op 'n onwillekeurige handeling. Nogtans wys Le Roux op die feit dat onwillekeurigheid nie dieselfde is as 'n verlies aan wilsbeheervermoë of weerstandskrag nie. 'n Persoon wat tydelik nie-patologies ontoerekeningsvatbaar is, omdat hy tydelik sy weerstandskrag of wilsbeheervermoë kwyt is, tree volgens hom steeds willekeurig op en kan dus nie in 'n staat van outomatisme verkeer nie.⁸⁶ Hierdie stelling is 'n *contradictio in terminis*, want “willekeurigheid” beteken dat die persoon deur sy wil gekies het om die handeling te verrig, en bogenoemde stelling kan dus nie dui op iets anders as die afwesigheid van wilsbeheer nie.

Indien daar na die onwillekeurige gedeelte van die handeling gekyk word, word die volgende definisie aangetref : "Involuntary conduct - Conduct that cannot be controlled because one is suffering from a

⁸⁵ Fenwick in Beran 2003: 178.

⁸⁶ Le Roux 2002: 481.

physical or mental condition or is acting under duress. Involuntary conduct will often give rise to a defence of automatism." ⁸⁷

Le Roux is dit eens dat outomatisme 'n handelingsuitsluitingsgrond is, aangesien dit willekeurigheid uitsluit. ⁸⁸

Kruger ⁸⁹ verwys na outomatisme as die "fly in the ointment." Hy verduidelik dat om strafregtelike aanspreeklikheid vas te stel daar eers bepaal moet word of daar 'n *actus reus* was voordat daar bepaal kan word of die nodige *mens rea* betrokke is. ⁹⁰ Prakties is dit egter nie altyd moontlik om aanspreeklikheid so vas te stel nie en moet daar eerste na die *mens rea* gekyk word. ⁹¹

Soos reeds genoem is outomatisme tradisioneel onderverdeel in gesonde en siek outomatisme. Waar die outomatisme die resultaat was van geestesongesteldheid, was die outomatisme bekend as siek outomatisme. Indien die outomatisme die resultaat was van 'n ander rede as geestesongesteldheid, het die outomatisme bekend gestaan as gesonde outomatisme. Snyman se verduideliking van die begrip wys op 'n ander benadering, want hy definieer outomatisme as "...'n onwillekeurige gedrag wat nie 'n manifestasie van 'n sieklike

⁸⁷ A dictionary of law , Oxford University Press..

⁸⁸ Le Roux 2002: 480.

⁸⁹ Kruger 1980:171. vn. 119.

⁹⁰ Kruger 1980:170.

⁹¹ Dit wil voorkom asof hy outomatisme (siek outomatisme), hiervoor blameer.

geestesversteuring is nie." ⁹² By implikasie beskou Snyman dus slegs "gesonde outomatisme" as outomatisme. Snyman wys tereg daarop dat as willekeurige gedrag ontbreek, dan ontbreek 'n handeling.⁹³

Schopp⁹⁴ bevestig die indeling, " ...automatism falls within the scope of insanity if the defendant suffers from a disease of the mind but requires a separate defense if he does not." Schopp impliseer dus met sy stelling dat "siek outomatisme" hoort onder die verweer van geestesongesteldheid en dat die verweer van outomatisme benodig word vir gevalle van "gesonde outomatisme."

In hierdie studie gaan daar op die onderskeid tussen gesonde en sieklike outomatisme gekonsentreer word om te bepaal of sodanige onderskeid in Suid-Afrika werklik nog nodig is.

'n Finale punt van verwarring wat genoem kan word, is oor die verskil, indien enige, tussen die verweer van nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid en die verweer van nie-patologiese outomatisme.⁹⁵ Die vraag is dus waar outomatisme nou eintlik inskakel by ontoerekeningsvatbaarheid. In die lig van voorafgaande is dit duidelik dat outomatisme bloot een van die talle faktore is wat

⁹² Snyman 1999:169.

⁹³ Snyman 1999:55.

⁹⁴ Schopp 1991: 133.

⁹⁵ S v Wiid 1990 (1) SASV 561 (A) op 569D.

aanleiding kan gee tot 'n toestand van ontoerekeningsvatbaarheid. Toerekeningsvatbaarheid, soos reeds genoem, het twee bene, nl. wilsvermoë en onderskeidingsvermoë. Outomatisme skakel in ten aansien van die wilsvermoë, en nie ten aansien van die vermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei nie.

Le Roux verduidelik dat outomatisme 'n vrywillige/willekeurige handeling uitsluit, wat dus die misdadsvereiste, nl. 'n handeling, laat ontbreek. Toerekeningsvatbaarheid daarenteen is 'n afsonderlike vereiste vir strafregtelike aanspreeklikheid, wat nie aan die handelingsvereiste gekoppel is nie. Almal wat outomaties optree is dus in elk geval ontoerekeningsvatbaar ook, maar almal wat ontoerekeningsvatbaar is, tree nie noodwendig ook outomaties op nie.

Le Roux verduidelik verder dat : “Nie-patologiese outomatisme en nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid moet nie verwar word nie. Nie-patologiese outomatisme is 'n handelings-uitsluitingsgrond en die verweer behels dus dat een van die misdadselemente, nl. 'n handeling, ontbreek. Die verweer word dus gebaseer op die afwesigheid van 'n willekeurige handeling. Die bewyslas in sodanige verweer, rus op die Staat.”⁹⁶

⁹⁶ Le Roux 2000:192.

Nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid daarenteen is nie 'n handelings-uitsluitingsgrond nie. Die verweer word gebaseer op 'n geestesonvermoë om ten tye van die daad die ongeoorlooftheid van die optrede te besef of om diensooreenkomstig hierdie besef te kan optree. Die bewyslas rus op die staat tensy die ontoerekeningsvatbaarheid gewyt word aan geestesongesteldheid.

2.4 Samevatting

Die volgende voorbeeld van regter Gardiner kan gebruik word om hierdie hoofstuk mee af te sluit, want dit verduidelik die regsposisie m.b.t. toerekeningsvatbaarheid baie goed.

Regter Gardiner verduidelik die ontoerekeningsvatbaarheid weens geestesongesteldheid in sy uitspraak van R v Westrich,⁹⁷ as volg :

“ A ship is lying at anchor, but the tendency of wave and wind is to drive her ashore, but she is controlled by the cable and the anchor; she cannot go ashore. She is held fast but something has happened: constant friction, action of the waves, and the cable parts and she has no longer the controlling power to keep her in the place where she should be, and she goes ashore. It seems to me with the brain there is a controlling factor, but then goes the cable that holds the ship. The

⁹⁷ R v Westrich 1927 C.P.D. 466

mental disease comes and snaps that controlling cable, and the power of control is no longer there.

But there must be the mental disease which snaps that cable. The hauling up of that cable - wilfully depriving yourself of the power - would not be a mental disease. If the skipper of a ship chooses to haul up his cable and let his vessel drift, then he is responsible for the vessel going ashore, but if the action of the waves snaps that cable, he is not responsible...⁹⁸

Die persoon wat dus geen beheer oor sy optrede het nie, kan nie aanspreeklikheid opdoen nie. Indien die toestand van onwillekeurigheid egter ontstaan as gevolg van sy eie toedoen, sal hy wel aanspreeklik gehou word.⁹⁹

Hierdie studie konsentreer egter op ander faktore as geestesongesteldheid wat “die kabel kan laat breek.”

⁹⁸ Op bl.470.

⁹⁹ Antesedente aanspreeklikheid.

HOOFSTUK 3

ALGEMENE GESKIEDKUNDIGE AGTERGROND

- 3.1 Inleiding
- 3.2 Romeinse reg
- 3.3 Romeins-Hollandse reg
- 3.4 Engelse reg
- 3.5 Verenigde State van Amerika
- 3.6 Suid-Afrika
- 3.7 Samevatting

3.1 Inleiding

Die doelwit van hierdie hoofstuk is om te bepaal hoe die reg geestesongestelde beskuldigdes deur die eeue benader het, ten einde vas te stel wanneer en waarom geestesongesteldes vir aanhouding gestuur is. Die soektog in die geskiedenis is verder om te bepaal waar die begrippe “gesonde outomatisme” en “siek outomatisme” vandaan gekom het, en of daar ‘n verband is tussen die ontstaan van die begrip “gesonde outomatisme” en die verpligte aanhouding van geestesongesteldes.

Die geskiedenis toon 'n paar uitstaande gebeurtenisse in die ontwikkeling van die reg t.a.v. geestesongesteldheid:

- Romeinse tydperk – Twaalf tafels , 450 v.C.
- “Wild Beast test,” – 1724 tot 1800.
- M’Naghten-reëls – Engeland ,1843.
- Onweerstaanbare Drang-toets – VSA , 1887.
- Durham-reël – VSA , 1954.
- American Law Institute Rule – VSA, 1962 en 1984.

3.2 Romeinse reg

Indien daar in die Romeinse reg gesoek word na die strafregtelike verantwoordelikheid van die geestesongestelde en die moontlike aanhouding van sodanige oortreder, word gevind dat daar baie min daarvoor geskryf is.¹⁰⁰ Een van die hoofredes was dat die deliktereg die funksie van die strafreg verrig het.¹⁰¹

In die Romeinse tydperk is daar onderskei tussen dade met kwaadwilligheid en dade daarsonder. Dade met kwaadwilligheid

¹⁰⁰ Verschoor 1980:35.

¹⁰¹ Verschoor 1980:35. Verschoor noem ook die onderskeie redes hiervoor in sy werk.

verrig, het gelei tot 'n skuldigbevinding en gevolglik was die dader onskuldig bevind as hy nie met kwaadwilligheid opgetree het nie.¹⁰²

Dit is opmerklik dat daar geen sprake was van 'n middeweg of strafversagende omstandighede by strafoplegging nie. Die strawwe was oor die algemeen, noukeurig voorgeskryf, sodat daar geen keuses was t.o.v. strafoplegging nie.¹⁰³

Die daede is later verder onderverdeel in *ratio cinatio* en *impulsio*. Dit kan vertaal word na voorbedagte daede en impulsiewe daede. Die beginsel het gegeld dat daar 'n motief moet wees alvorens 'n persoon skuldig bevind kan word, en dat impulsiewe optredes sonder motief is en dus sal lei tot 'n bevinding van onskuldig.¹⁰⁴

Die feit dat latere skrywers na die *voluntas* van die dader kyk, is nie van Romeinse oorsprong nie, maar is oorgeneem uit die filosofie van Aristoteles.¹⁰⁵ Aristoteles het hom reeds in 500 v.C. uitgespreek oor die vrywillige aard van die handeling en die posisie van geestesongesteldes. 'n Onwillekeurige handeling is volgens Aristoteles 'n optrede wat onder dwang geskied of 'n optrede weens

¹⁰² Bergenthuin 1985:13.

¹⁰³ Bergenthuin 1985:13.

¹⁰⁴ Bergenthuin 1985:12.

¹⁰⁵ Verschoor 1980:35.

onkunde.¹⁰⁶ Aristoteles se siening kan in die volgende stelling saamgevat word: “A person is morally responsible if, with knowledge of the circumstances, and the absence of external compulsion, he deliberately chooses to commit a forbidden act.”¹⁰⁷ Hierdie stelling omvat die meeste elemente van die moderne strafreg van vandag, nl. dat geen eksterne faktore aanwesig is wat as verweer kan dien nie, die dader besef dat sy handeling verkeerd is en die dader is bewus van die omstandighede.

Die volgende uitstaande gebeurtenis m.b.t. geestesongesteldheid in die reg, is die opstel van die bepalings in die Romeine se Twaalf Tafels, 450 v.C. wat kinders en geestesongesteldes verskoon van enige aanspreeklikheid vir misdrywe gepleeg.¹⁰⁸ Die Staat was onbetrokke by die vervolging en individue kon self besluit wat die geskikste straf is. Voogdyskap van die geestesongestelde is toevertrou aan die geestesongestelde se familie. Reeds in 450 v.C. het die wette ook daarop gedui dat die verweer van geestesongesteldheid versigtig benader moet word, omdat die mense kan voorgee dat hulle geestesongesteld is, net om aanspreeklikheid te ontduik.¹⁰⁹

¹⁰⁶ <http://www.public.iastate.edu/~cfehr/201%20n%/20Freedom%202.doc>

¹⁰⁷ Hooper 2004:1. <http://ua1vm.ua.edu/~jhooper/insanity.html>

¹⁰⁸ Hooper 2004:1. <http://ua1vm.ua.edu/~jhooper/insanity.html>

¹⁰⁹ Psychiatry & The Law.

Van der Merwe maak die afleiding in sy proefskrif dat geestesongesteldes in die tydperk van die Romeinse reg ten volle aan die “bloedwraak” van die naasbestandes van sy slagoffer blootgestel was, indien hy sou moor.¹¹⁰ Indien die dader sonder opset optree, word ‘n “sondebok” of “Widder” deur die familieledede van die dader aan die wreker uitgelewer.¹¹¹ Hierdie bok is nie bedoel as skadevergoeding nie¹¹² en ook nie as offer nie,¹¹³ maar as ‘n voorwerp waarop die benadeelde sy woede kon uithaal in die plek van die skuldlose dader.

Die eerste spoor van skuld as ‘n voorvereiste vir straf, word egter lank voor die Twaalf Tafels aangetref, in een van die ou wette van die koning Numa Pompilius.¹¹⁴ Die *dolus*-begrip wat oorspronklik net uit die wils-element bestaan het, het eers in die tyd van Justinianus ontwikkel tot *culpa lata*.¹¹⁵ Daar is dus eers heelwat later in die Romeinse tydperk onderskei tussen opset, nalatigheid en toeval. Die stadige en gebrekkige ontwikkeling van die skuld-begrip was ook een van die redes waarom daar weinig sprake was van die toerekeningsvatbaarheid van geestesongesteldes.¹¹⁶

¹¹⁰ Van der Merwe 1980:7.

¹¹¹ Van der Merwe 1980:8.

¹¹² Die waarde daarvan was te gering.

¹¹³ Die dader moes self die offer aan die gode bring.

¹¹⁴ Raadpleeg Van der Merwe 1980:8. Die beginsel dat die skuldlose dader weerwraak kon ontsnap, was ook bekend in die tyd van die Twaalf Tafels.

¹¹⁵ Verschoor 1980:36.

¹¹⁶ Verschoor 1980:36.

Permanente geregshowe het ongeveer vanaf 200 v.C. ontwikkel, en het bekend gestaan as die *quaestiones perpetuae*.¹¹⁷ Die bekende *praetor* was die voorsittende beampte van hierdie howe. Die wet wat in 200 v.C. die straf vir moord vasgelê het, was die sogenaamde *Lex Cornelia de Sicariis et Veneficis* wat vernoem is na die diktator Cornelius Sulla.¹¹⁸

Die *Lex Cornelia* se voorskrifte vir die straf van moordenaars is baie duidelik, nl. dat mense van 'n lae stand (*humiliores*) vir die wilde diere gegooi word, terwyl mense van 'n beter stand (*altiores*) na 'n eiland verban word.¹¹⁹ Geestesongesteldes het nie binne die trefwydte van die wet geval nie en is spesiaal uitgesonder. Hulle is beskou as ongelukkiges in die noodlot (*fati infelicitas*)¹²⁰ en dat hulle nie self skuld het aan hulle toestand nie. Die geestesongestelde persoon is beskou as reeds voldoende gestraf deur sy eie toestand.¹²¹

In die *Corpus Iuris Civilis* van Justinianus¹²² word die geestesongestelde verskoon van strafregtelike aanspreeklikheid en

¹¹⁷ Kaser se *Romische Rechtsgeschiede* 1967: 125 soos aangehaal deur Van der Merwe 1980:9.

¹¹⁸ *Digesta* D 48.8. Van der Merwe 1980:10.

¹¹⁹ *Digesta* D 48.8.3.

¹²⁰ *Digesta* D 48.8.12.

¹²¹ Modestinus in *Digesta* D 48.9.9.

¹²² 528 n.C.

word sodanige persone gelyk gestel aan iemand wat aan die slaap of dood is.¹²³

Reeds voor Christus word geestesongesteldes dus nie aanspreeklik gehou vir strafdade nie. Ten opsigte van die wilsvermoë van 'n persoon kon geen bronne opgespoor word nie. Daar is ook van geen spesiale aanhouding sprake nie en daar kan afgelei word dat die familie van die geestesongestelde na hom moes omsien.

Die hantering van geestesongesteldheid in die Romeinse tydperk kan basies opgesom word as 'n benadering dat die geestesongestelde reeds genoeg gestraf is deur sy geestesongesteldheid en dus nie ook nog aanspreeklikheid vir enige wandade kon opdoen nie.¹²⁴

3.3 Romeins-Hollandse reg

Geen maatstaf het in die Romeinse of Romeins-Hollandse reg bestaan, om die toerekeningsvatbaarheid van 'n persoon vas te stel nie.¹²⁵

¹²³ Psychiatry & The Law.

¹²⁴ *Satis furore ipso punitur.*

¹²⁵ Strauss 1971:5.

Die bepaling van toerekeningsvatbaarheid was waarskynlik 'n aangeleentheid vir die regter om te beslis op 'n wyse wat hy goed geag het.

Die beginsel wat in die Romeinse reg aangetref word dat geestesongesteldes nie aanspreeklikheid kan opdoen nie, omdat hul geestesongesteldheid reeds voldoende straf is, word ook gevind by die Romeins-Hollandse skrywers.¹²⁶

Hugo de Groot, die vader van die natuurreg, het die wilsvryheid as 'n voorvereiste vir strafregtelike aanspreeklikheid gesien.¹²⁷ De Groot noem nie die aanspreeklikheid van geestesongesteldes uitdruklik nie, maar as sy teorie van wilsbeheer toegepas word, kan aanvaar word dat die geestesongestelde nie aanspreeklikheid kan opdoen nie, weens die gebrek aan rede.¹²⁸

Carpzovius,¹²⁹ wys daarop dat “een dolle door zyne dolheyd genoeg gestraft is,” maar dat dit net geld vir diegene wat permanent “dol” is. Misdadigers wat 'n misdaad pleeg in 'n helder oomblik, op die grens

¹²⁶ Skrywers soos Julius Clarus, Joost de Damhouder en Matthaëus Wesenbecius in die sewentiende eeu.

¹²⁷ Van der Merwe 1980:15.

¹²⁸ Johannes Voet gebruik ook die rede as deurslaggewende faktor.

¹²⁹ 'n Skrywer van die Duitse reg, maar wat gereeld deur Romeins-Hollandse skrywers aangehaal is en dus ook 'n invloed gehad het op die Romeins-Hollandse reg

van “dolheyd” en normale verstand, moet wel gestraf word.¹³⁰ Die beskuldigde word egter nie vrygelaat nie as hy die verweer van “dolheyd” suksesvol opper nie. – “en (des noods) in boeyen en banden moet gehouden en bewaard worden: juyst niet tot straffe der gepleegde misdaad, maar, opdat hy niet verderverlykers tegen zich zelve of tegen anderen onderneeme.”¹³¹

Carpzovius onderskei ook tussen “dolles” en “droefgeestiges.” “Dolles” omskryf hy as “van’t gemeen verstand en van zinnen beroofd zyn,” terwyl droefgeestiges omskryf word as “van eenen wanhoopenden en beroerden geest...” wat wel aanspreeklikheid kan opdoen.¹³²

Antonius Matthaeus¹³³ is ook ‘n sewentiende eeuse Romeins-Hollandse skrywer wat in sy werke na geestesongesteldheid verwys het. In sy *De Criminibus*,¹³⁴ hoofstuk 2 vra hy onder andere “*Quid de furiosis et mente captis judicandum ?*”¹³⁵ Matthaeus se mening is dat geestesongesteldes nie aanspreeklik gehou kan word vir hulle dade nie en glo dat hulle genoeg gestraf is deur die geestesongesteldheid self.¹³⁶

¹³⁰ Verschoor 1980:40. Carpzovius 1772:1480.

¹³¹ Carpzovius 1772:1482.

¹³² Carpzovius 1772:1484.

¹³³ Beter bekend as Matthaeus II

¹³⁴ Matthaeus, geredigeer deur Hewett en Stoop 1987:14.

¹³⁵ Wat moet besluit word oor geestesongestelde persone?

¹³⁶ Matthaeus 1679: 23.

Van der Linden wys daarop dat 'n sekere graad van swaarmoedigheid tot ontorekeningsvatbaarheid kan lei. Alhoewel hierdie swaarmoediges dan nie skuldig bevind word nie, word hulle “tot voorkoming van onheilen, tot eene gevangenis verwezen...”¹³⁷

Samevattend kan dus genoem word dat die Romeins-Hollandse skrywers dit eens was dat die vereistes vir toerekeningsvatbaarheid die volgende behels:

- a) Die dader moes geweet het dat dit wat hy doen verkeerd is.
- b) Die dader moes die daad gewil het.

Geestesongesteldes was ook nie op vrye voet gelaat nie, maar is opgeneem vir aanhouding om die publiek te beskerm.

3.4 Engelse reg

Die Donker Eeue was bekend vir die wreedheid in die behandeling van geestesongesteldes.¹³⁸ Die rede hiervoor was weens die onkunde wat geheers het oor geestesongesteldheid as siekte.

¹³⁷ Van der Linden 202.

¹³⁸ Searle 1961:108.

Die verweer van geestesongesteldheid is alreeds die laaste 700 jaar bekend aan die Engels howe.¹³⁹ Die eerste Engelse Middeleeuse skrywer oor die verantwoordelikheid van die geestesongestelde, was Henri de Bracton in 1250.¹⁴⁰ Sy standpunt was dat die wil en opset by 'n kranksinnige dader ontbreek, en daarom kan die geestesongestelde nie aanspreeklikheid opdoen nie. In 1256 skryf hy dat geestesongesteldes by die Koning kon aansoek doen vir kwytskelding.¹⁴¹

Dit is eers later, met die bydraes deur persone soos Benjamin Rush,¹⁴² dat die hantering van geestesongesteldes verander het.¹⁴³ In Engeland, teen 1300, onder die heerskappy van Koning Edward 1, is die aanspreeklikheid van kinders bepaal deur te kyk na hulle onderskeidingsvermoë.¹⁴⁴ Daar is ook onderskei tussen “natural fools” en persone wat “non compos mentis” is en daar is begin om gebruik te maak van “community judgement.”¹⁴⁵

¹³⁹ Levinson 2002:404.

¹⁴⁰ Verschoor 1980:52.

¹⁴¹ Hooper 2004:2. <http://ua1vm.ua.edu/~jhooper/insanity.html>

¹⁴² 1745-1813. Hy was veral bekend vir sy bydraes wat hy in Frankryk gelewer het.

¹⁴³ Dolan 1973:134.

¹⁴⁴ Hooper 2004:2. <http://ua1vm.ua.edu/~jhooper/insanity.html>

¹⁴⁵ Hiervolgens het die gemeenskap self besluit oor die lot van die persoon en nie die regslui nie.

Die eerste gerapporteerde hofspraak in Engeland waarin 'n kranksinnige onskuldig bevind is, was reeds in 1278.¹⁴⁶ Gedurende die heerskappy van Edward III in die tydperk 1326-1377, is geestesongesteldheid al beskou as 'n erkende verweer vir strafregtelike aanspreeklikheid. Sir Edward Coke¹⁴⁷ het in die 1603 saak van Beverley, geargumenteer dat 'n geestesongestelde nie weet wat hy doen nie en dat die nodige opset dus ontbreek.¹⁴⁸ Hierdie saak het die weg gebaan dat geestesongesteldheid beskou is as 'n wanfunksionering van die kognitiewe funksie.

Die "wild beast test" het in 1723 na vore gekom met die saak van Edward Arnold.¹⁴⁹ Hiervolgens moes 'n beskuldigde tydens die beweerde misdaad niks anders as 'n "wild beast" opgetree het nie, om onskuldig bevind te word.

Dit is ook die oudste verhoor bekend oor geestesongesteldheid waarvan die volledige manuskripte nog behoue gebly het. Die Engelse saak van Rex v Arnold¹⁵⁰ is in 1724 beslis, nadat Arnold vir ene Lord Onslow doodgeskiet het, omdat Arnold geglo het dat Lord Onslow duiwels en kabouters na hom stuur om hom lastig te val. Sy woorde

¹⁴⁶ Michael en Wechsler 1940:807.

¹⁴⁷ 1552-1634

¹⁴⁸ Forensic Psychiatry - [http://www.forensicmed.co.uk/forensic psychiatry.htm](http://www.forensicmed.co.uk/forensic_psychiatry.htm)

¹⁴⁹ Levinson 2002:404.

¹⁵⁰ 16 How.St.To. 695 (1724)

was dat Lord Onslow hom toor en duiwels stuur “ that invaded his bosom such that he could not sleep. ” Ondanks Arnold se waandenkbeelde is hy skuldig bevind, want hy het geweet wie hy is, wie Lord Onslow is en hy het ook geweet dat hy op ‘n mens skiet. Arnold is gehang, want hy het nie ‘n “total deprivation of reason” getoon nie.

In hierdie saak is verwys na ‘n geestesongestelde as ‘n “wild beast” wat nie tussen goed en sleg kan onderskei nie. Die saak is van belang, want die howe kon nou ‘n spesiale bevinding van onskuldig weens geestesongesteldheid maak op grond van die feit dat al weet hy wat hy doen, hy nie bewus daarvan is dat wat hy doen verkeerd is nie.¹⁵¹

Die volgende opspraakwekkende saak oor geestesongesteldheid was die saak van Hadfield.¹⁵² Rex v Hadfield¹⁵³ in 1800 het daartoe gelei dat die “wild beast-test” herroep is en vervang is met die siening dat geestesongesteldheid ‘n “product of delusion” is.¹⁵⁴ Hadfield het aan ‘n waandenkbeeld gely dat hy geroepe was om om sy lewe op te offer tot saligmaking van die wêreld.

¹⁵¹ [http://www.forensicmed.co.uk/forensic psychiatry.htm](http://www.forensicmed.co.uk/forensic_psychiatry.htm)

¹⁵² R v Hadfield 1800

¹⁵³ 27 How. St. Tr. 1282 (1800)

¹⁵⁴ Hooper 2004:3. <http://ua1vm.ua.edu/~jhooper/insanity.html>

Hy het besluit om op Koning George III te skiet en sodoende dus die doodstraf te kry en opgehang te word. In die tydperk voor 1800 was gedeeltelike of tydelike geestesongesteldheid geen verskoning nie.¹⁵⁵ Hadfield se regsverteenwoordiger het egter daarin geslaag om die tradisionele toets, dat daar 'n totale gebrek aan geheue en begrip moet wees, af te breek. Hadfield is vrygespreek weens die briljantheid van sy regsverteenwoordiger, Erskine, eerder as die korrekte toepassing van die reg in daardie dae. Die uitspraak van onskuldig weens geestesongesteldheid het daartoe gelei dat die beskuldigde, Hadfield, verwys is na Bedlam¹⁵⁶ vir aanhouding.

Hadfield se saak het wel bygedra tot die bepalings van die Criminal Lunatics Act van 1800. Die beskuldigde wat 'n suksesvolle verweer van geestesongesteldheid handhaaf, is nou nie summier vrygespreek nie, maar is nou aangehou "until His Majesty's pleasure be known." Alhoewel die persoon as onskuldig bevind is, is besef dat dit te gevaarlik is om die persoon as 'n onskuldige te behandel.

Die "irresistible impulse" toets, was die eerste keer geopper deur die beskuldigde in die verhoor van Rex v Earl Ferrers.¹⁵⁷ Die beskuldigde het homself verdedig in die saak en hy het hom so goed van sy taak

¹⁵⁵ Verschoor 1980: 58.

¹⁵⁶ Die bekende hospitaal vir geestesongesteldes

¹⁵⁷ 19 How.St.Tr. 886 (1760)

gekwyf, dat hy skuldig bevind is omdat die regters geglo het dat hy niks makeer nie. Die “irresistible impulse” toets behels dat die beskuldigde nie aanspreeklik gehou kan word nie, indien die handeling nie verhoed kon gewees het a.g.v. ‘n onweerstaanbare drang nie. Die toets is moeilik om in die praktyk te gebruik, want daar moet onderskei word tussen ‘n impuls of drang wat regtig onweerstaanbaar is, teenoor ‘n impuls of drang wat wel weerstaan kon word, maar nie weerstaan is nie.¹⁵⁸

In R v Bellingham¹⁵⁹ het die onus op die beskuldigde gerus om bo redelike twyfel te bewys dat hy nie kon onderskei tussen reg en verkeerd nie. Die Hadfield-saak was glad nie nagevolg nie en die beskuldigde is gehang.

Alhoewel die verweer van “irresistible impulse” reeds in 1760 geopper is, is Regina v Oxford¹⁶⁰ die eerste Engelse saak waarin van hierdie verweer gebruik gemaak is.

Die beskuldigde het gepoog om Koningin Victoria te vermoor en dit was die eerste poging van ‘n totaal van sewe aanslae op haar lewe.

¹⁵⁸ Kruger 1980:174.

¹⁵⁹ Treatise on the Law re: Lunatics bl.636, England 1812.

¹⁶⁰ In 1840 - English Reports V173.bl.941 (1928).

Baron Bromwell was van mening dat die “irresistible impulse” toets net nog ‘n beter rede was om die beskuldigde te straf vir sy optrede.

In 1856 ontwikkel Bromwell die “Policeman at the elbow-test.”¹⁶¹ Die toets behels dat geen regdenkende persoon ‘n misdryf sal pleeg as ‘n man van die gereg langs hom sal staan nie. Indien so ‘n persoon homself kan weerhou van ‘n misdryf indien daar ‘n polisieman langs hom sou staan, kan hy onderskei tussen reg en verkeerd en kan hy dus nie geestesongesteld wees nie.

Die volgende belangrike ontwikkeling was die bekende saak van M’Naghten van 1843. Die sogenaamde M’Naghten-reëls het in 1843 tot stand gekom a.g.v. ‘n moordsaak in die negentiende eeu.¹⁶² Daniël M’Naghten het die privaatsekretaris van die Eerste Minister,¹⁶³ Edward Drummond, geskiet nadat hy gedink het dit was die Eerste Minister self.¹⁶⁴ M’Naghten se fout oor die identiteit van die eerste minister was vanweë die feit dat hy Drummond gereeld die eerste minister se kantore sien in en uitgaan het.

Op 20 Januarie het hy Drummond gevolg na die bank en toe Drummond terugkeer van die bank af, het hy Drummond in die rug

¹⁶¹ Hooper 2004:3. <http://ua1vm.ua.edu/~jhooper/insanity.html>

¹⁶² ER VIII 718(1843) op 719.

¹⁶³ Sir Robert Peel

¹⁶⁴ Verschoor 1980:61.

geskiet. Drummond was steeds in staat om terug te loop na die bank toe, waar 'n dokter ontbied is, maar hy het vyf dae later in pyn gesterf. Die beweringe is dat Drummond weens mediese nalatigheid gesterf het, maar M'Naghten is steeds vir moord verhoor a.g.v. die sg. "doctrine of transferred malice."

M'Naghten het onskuldig gepleit weens geestesongesteldheid. Mediese getuienis het getoon dat hy geaffekteer is deur waandenkbeelde, en sodanig dat hy geen begrip van reg en verkeerd meer gehad het nie. Die moord was die spreekwoordelike klimaks of uitbarsting wat gevolg het op die geestestoestand.¹⁶⁵

M'Naghten is deur die jurie onskuldig bevind op grond van ontoerekeningsvatbaarheid weens geestesongesteldheid. Die publiek was onsteld oor die bevinding en die saak het in beide die Huise van die Parlement gedraai. Die House of Lords het besluit dat al vyftien regters bymekaar moes kom om vir eens en vir altyd aan te dui wanneer geestesongesteldheid tot vrypraak moet lei en wanneer nie.¹⁶⁶

Hierdie hofszaak was daardeur bestem om 'n groot invloed te hê op die toekomstige sake oor toerekeningsvatbaarheid. Die rede hiervoor is

¹⁶⁵ Verschoor 1980:62.

¹⁶⁶ Verschoor 1980:63.

dat die antwoorde van die regters op die vrae van die Hoërhuis, 'n substantiewe toets vir geestesongesteldheid sou uitspel.¹⁶⁷

Die regters se antwoorde op die kwellende vrae van die House of Lords het wel geen direkte waarde as gesag gehad nie, maar dit is so herhaaldelik met goedkeuring in uitsprake aangehaal, dat dit uiteindelik wel 'n invloed gehad het. Die antwoorde van die regters op die vrae oor geestesongesteldheid, het bekend gestaan as die M'Naghten reëls.¹⁶⁸

Hier volg die mees relevante reëls, soos opgelê deur die regters:

¹⁶⁷ Dit kan net terloops genoem word dat daar verskeie spellings is vir M'Naghten se van. Dit sluit onder andere in "M'Naughten," (Kenny, *Select Cases on Criminal Law*, Cambridge, 1919, p 43) "Macnaughton," (*Archbold's Criminal Pleading Evidence and Practice*, 23rd edn, p 25) "M'Naghten, 'Macnaughten en Macnaghten" (Diamond, 1964, *25 Ohio State LJ*, 1).

Regter Frankfurter het beswaar gemaak teen die gebruik van die "M'Naghten"- Spelling deur die redakteur van die *The Times* in London (Wat vandag gebruik word as die standaard spelling). Die redakteur het egter verwys na 'n brief van die verweerder, waarop die verweerder se handtekening voorgekom het. Regter Frankfurter het egter steeds gewonder "To what extent is a lunatic's spelling, even of his own name, to be deemed an authority." *US v Freeman* [1966] 357 F (2d) 606 (USCA), per Kaufman J)

Ongeag die verwarring oor die korrekte spelling van M'Naghten se van, word die spelling "M'Naghten" vandag algemeen gebruik en beskou as die regte spelling.

¹⁶⁸ Die regters het nie bedoel dat die reëls die *locus classicus* vir geestesongesteldheid moes word nie, maar dit is inderwaarheid wat gebeur het.

“Rule 1- Persons who labour under partial delusions only, and are not in other respects insane, and who act under the influence of an insane delusion, of redressing or revenging some supposed grievance or injury, or producing some public benefit are nevertheless punishable if they knew at the time of committing the crime that they were acting contrary to the law of the land.

Rule 2 - Every man is presumed to be sane and to possess a sufficient degree of reason to be responsible for his crimes until the contrary be proved.

Rule 3 - To establish a defence on the ground of insanity, it must be clearly proved that, at the time of the committing of the act, the party accused was labouring under such a defect of reason, from disease of the mind, as not to know the nature and quality of the act he was doing, or, if he did know it, that he did not know he was doing what was wrong. [With respect to the latter part of this rule], if the accused was conscious that the act was one that he ought not to do, and if that act was at the same time contrary to the law of the land, he is punishable.

Rule 4 - A person labouring under a partial delusion only and not in other respects insane must be considered in the same situation as to

responsibility as if the facts with respect to which the delusion exists were real. For example, if under the influence of his delusion he supposes another man to be in the act of attempting to take away his life and he kills that man as he supposes in self-defence, he would be exempt from punishment. If his delusion was that the deceased had inflicted a serious injury to his character and fortune and he killed him in revenge for such supposed injury, he would be liable for punishment.”

Verschoor¹⁶⁹ vat die M’Naghten-reëls soos volg saam:

“ ‘n Verweer van kranksinnigheid slaag, indien bewys word dat die beskuldigde ten tye van die pleging van die daad gebuk gegaan het aan so ‘n gebrek van die rede, as gevolg van ‘n geestessiekte, dat hy nie die aard en kwaliteit van sy daad beseft het nie, of, indien hy dit beseft het, dat hy nie geweet het dat daardie daad verkeerd was nie.”

Verschoor meen dat die toets volgens die M’Naghten-reëls ‘n streng kognitiewe benadering het, deurdat dit slegs handel oor die vraag of die beskuldigde geweet het dat dit wat hy doen verkeerd is.¹⁷⁰ Daar is geen vraag na die feit of die beskuldigde sy handeling kon beheer of nie. Die vraag kan ook gevra word, waarom M’Naghten vrygespreek is

¹⁶⁹ Verschoor 1980:63.

¹⁷⁰ Verschoor 1980:65.

as daar na die M'Naghten-reëls en die toepassing daarvan gekyk word.

'n Verdere punt wat vir hierdie studie van belang is, is die feit dat geen melding gemaak word van tydelike geestesongesteldheid nie.

Die swakpunt van die M'Naghten-reëls is dus dat die omskrywing van die verweer van geestesongesteldheid baie eng is. Daniel M'Naghten is vrygelaat omrede die jurie bevind het dat hy te geestesongesteld is om die morele implikasies van wat hy gedoen het, te verstaan. As daar egter na die M'Naghten-reëls gekyk word, moes hy skuldig bevind gewees het. Hy het geweet dat hy besig was om 'n mens om politieke redes dood te maak.¹⁷¹

Samevattend kan dus gesê word dat die M'Naghten-reëls drie essensiële kenmerke omvat:¹⁷²

- a. Die persoon wat die verweer wil opper moet aan 'n geestesongesteldheid ly,
- b. Die persoon moet nie weet wat hy doen nie, en
- c. Die persoon kan nie tussen reg en verkeerd onderskei nie.

¹⁷¹ Reël 3

¹⁷² Brody en Engelhardt 1980:29.

Die grootste kritiek teen die M’Naghten-reëls was dat dit nie voorsiening gemaak het vir gevalle waar die dader bewus was van wat hy gedoen het, geweet het dit is verkeerd, maar dat hy homself weens die geestesongesteldheid nie kon beheer nie.¹⁷³

Die laaste moordaanslag op Koningin Victoria was deur ‘n ene MacLean. Koningin Victoria het dan ook by die House of Lords daarop aangedring dat die uitsprake by verhore van geestesongestelde oortreders verander word vanaf “onskuldig weens geestesongesteldheid,” na “skuldig, maar geestesongesteld.” Sy skryf onder andere as volg aan Sir Robert Peel: “We have seen the trials of Oxford and MacNaughton conducted by the ablest lawyers of the day – and they allow and advise the Jury to pronounce the verdict of Not Guilty on account of Insanity, when everybody is morally convinced that both malefactors were perfectly conscious and aware of what they did....could not the legislation lay down the rule which....Chief Justice Mansfield did in the case of Bellingham; and why could not the Judges be bound to interpret the law in this and no other sense in their charges to the Juries?”¹⁷⁴

¹⁷³ Brody en Engelhardt 1980:29.

¹⁷⁴ Benson 1907:581.

Haar aandrang het gelei tot die aanvaarding van die Trial of Lunatics Act waarin die sogenaamde “special verdict” geskep is van “skuldig, maar kranksinnig.”

Hierdie verandering in 1883 met die saak R v MacLean, was bloot in vorm, want die geestesongesteldes is steeds vir aanhouding in ‘n hospitaal vir sielsiekes gestuur. Koningin Victoria het egter gehoop dat die verandering ‘n einde sou bring aan die pogings tot moord-aanvalle op haar. Na hierdie verandering was daar inderdaad geen verdere moordaanslae op haar lewe nie. Die veroordeling van die beskuldigde is dus verander na: “Guilty of the act charged against him, but insane at the time when he did the act.”

Sedertdien is verskeie liggame in die lewe geroep om toerekeningsvatbaarheid vir misdaad by geestesongesteldes te ondersoek. Die Atkin Committee on Insanity and Crime (1923), die Select Committee on Capital Punishment (1930) en die Royal Commission on Capital Punishment (1953). Laasgenoemde kommissie het ook bekend gestaan as die Gower Commission. Al die aanbevelings van hierdie liggame oor die wysiging van die M’Naghten-reëls is egter afgewys.¹⁷⁵ Die howe was baie skepties oor tydelike geestesongesteldheid en die “irresistible impulse test.”

¹⁷⁵ [http://www.forensicmed.co.uk/forensic psychiatry.htm](http://www.forensicmed.co.uk/forensic_psychiatry.htm)

Die reg in Engeland het voortgegaan met 'n "special verdict" van "skuldig, maar geestesongesteld." Die Criminal Procedure (Insanity) Act van 1964 het die gemeenregtelike posisie herbevestig.

In Skotland word die begrip "tydelike geestesongesteldheid" wel gevind. Hier word dit reeds sedert die sewentiende eeu erken. Daar moet egter daarop gelet word dat tydelike geestesongesteldheid nie as volwaardige verweer gesien is nie, maar slegs as strafversagende omstandigheid.¹⁷⁶

Artikel 2(1) van die Homicide Act van 1957 bepaal ook dat tydelike geestesongesteldheid tot verminderde skuld kan lei en dat dit 'n aanklag van moord kan omskep in 'n aanklag van strafbare manslag.

3.4 Verenigde State van Amerika

Volgens Greenlees het die Amerikaners van die begin af 'n voorsprong bo die Engelse gehad, wat die aanspreeklikheid van geestesongesteldes aanbetref.¹⁷⁷ "When we consider the American laws having reference to this subject, we find that the Americans, not having a disgraceful history to look back upon, began well, and were ahead of the English from the beginning, in the broad and liberal view

¹⁷⁶ [http://www.forensicmed.co.uk/forensic psychiatry.htm](http://www.forensicmed.co.uk/forensic_psychiatry.htm)

¹⁷⁷ Greenlees 1892:5.

they took on the subject of responsibility in its relationship to insanity.”¹⁷⁸

Ondanks hierdie voorsprong waarna Greenlees verwys, het die M’Naghten-reëls van die Engelse reg, ‘n groot invloed op die Amerikaanse reg gehad, omdat daar geen ander duidelike riglyne in daardie stadium was nie.¹⁷⁹

In minder as tien jaar na die M’Naghten-saak is die reëls deur die federale, en meeste van die staatshowe in die Verenigde State aanvaar.¹⁸⁰ In baie state is M’Naghten-reëls streng toegepas en is geen uitsonderings daarop toegelaat nie. Een so ‘n voorbeeld was *United States v Guitea*.¹⁸¹

In *US v Davis*¹⁸² is die Engelsregtelike M’Naghten-reëls bespreek, maar is daar daarvan afgewyk. Daar word bevind dat “Adequate mental capacity is an implied element of *mens rea* required to constitute the act of murder” en “His will...the governing power of his mind, has been...so destroyed that his actions are....beyond his control.” Verskeie sake in die Verenigde State van Amerika het die

¹⁷⁸ Greenlees 1892:5.

¹⁷⁹ Weinreb 1969:305.

¹⁸⁰ Verschoor 1980:172.

¹⁸¹ *US v Guitea* (1882) 10 Federal Reports 161.

¹⁸² 160 US 469 (1895)

M’Naghten-reëls gekritiseer, omdat dit nie voorsiening gemaak het vir gebrekkige wilsbeheer nie.¹⁸³

Dit was weens die kritiek teen die M’Naghten-reëls dat die “irresistible impulse test” tot stand gekom het as derde been by die huidige toets. Die “irresistible impulse test” is reeds in 1844 in Amerika toegepas in die saak van Commonwealth v Rogers.¹⁸⁴

Shaw CJ het in hierdie saak beslis : “If then it is proved....that the mind of the accused was in a diseased and unsound state, the question will be whether the disease existed to so high a degree, that for the time being it overwhelmed the reason, conscience and judgment, and whether the prisoner, in committing the homicide, acted from an irresistible and uncontrollable impulse: if so, then the act was not the act of a voluntary agent but the involuntary act of the body, without the concurrence of a mind directing it.”¹⁸⁵ ‘n Mens sou hierdie ook as ‘n moderne omskrywing van outomatisme kan beskou.

¹⁸³ Vir kritiek sien o.a. US v Currens (CA3 Pa)290 F2d 751, US v Freeman (CA2 NY)357 F2d 606 en State v White 93 Idaho 153,456 P2d 797.

¹⁸⁴ Verschoor 1980:173.

¹⁸⁵ Inbau 1973:695.

Een van die mees toonaangewende beslissings egter op hierdie gebied van die “irresistible impulse test,” is die saak van Parsons v State en die toets word as volg aangehaal:¹⁸⁶

“...he may nevertheless not be legally responsible, if the two following conditions concur: (1) if, by reason of the duress or such mental disease, he had so far lost the power to choose between right and wrong, and to avoid doing the act in question, as that his free agency was at the time destroyed; (2) and if, at the same time, the alleged crime was so connected with such mental disease, in the relation of cause and effect, as to have been the product of it solely.”

Die “irresistible impulse test” behels dus dat die persoon homself nie kan weerhou om die onreematige daad te pleeg nie. In Smith v United States¹⁸⁷ word die toets as volg uiteengesit: “This impulse must be such as to override the reason and judgement and obliterate the sense of right and wrong to the extent that the accused is deprived of the power to choose between right and wrong.”

Die toets se naam, nl. die “irresistible impulse test”¹⁸⁸ is eintlik verwarrend en Michael S. Moore¹⁸⁹ is van mening dat “loss of control-

¹⁸⁶ Parsons v State 81 Ala.577, 597, 2 So 854, 866-867 (1887).

¹⁸⁷ 59 App DC 144, 36 F2d 548, 70 ALR 654.

¹⁸⁸ In afrikaans sal na die toets verwys word as die “onweerstaanbare drang”-toets.

test” ‘n beter benaming sou gewees het. Die toets behels in der waarheid tog dat die persoon weens sy geestesongesteldheid nie sy handeling kon beheer nie. Goldstein wys ook daarop dat die benaming verwarrend kan wees.¹⁹⁰

Die kritiek teen die “irresistible impulse test” is dat dit te eng is.¹⁹¹ In die saak *United States v Freeman*¹⁹² is die kritiek dat “...[T]he term ‘irresistible impulse’ ...is too narrow and carries the misleading implication that a crime impulsively committed must have been perpetrated in a sudden and explosive fit. Thus, the ‘irresistible impulse’ test is unduly restrictive....”

‘n Verdere swakpunt van die toets is dat dit moeilik is om te onderskei tussen die handeling wat weerhou kon gewees het, maar nie was nie en die handeling wat nie weerhou kon word nie.¹⁹³

In 1954 ontstaan die sogenaamde Durham-toets in die Verenigde State van Amerika, met die saak van *Monte Durham v US*.¹⁹⁴ Die beskuldigde was gearresteer vir inbraak en het ‘n lang geskiedenis van ernstige geestesongesteldheid gehad. Op appél is bevind dat

¹⁸⁹ Moore in Brody en Engelhardt 1980:29.

¹⁹⁰ Goldstein 1967:67-79.

¹⁹¹ Torcia 1990:14.

¹⁹² CA2 NY 357 F2d 606.

¹⁹³ Torcia 1990:15.

¹⁹⁴ 214 Federal Reports 2d 862 (1954) DC.

daar 'n weerlegbare vermoede is dat elke persoon normaal is. Die “aanname” het tot gevolg dat daar prima facie getuienis is van “normaliteit,” wat deur die beskuldigde weerlê moet word indien hy sy verweer op geestesongesteldheid wil baseer. Durham is skuldig bevind.

Die regter in die Durham-saak bespreek die M’Naghten-reëls en die onweerstaanbare drang-toets. Beide word verwerp, want die M’Naghten-reëls is net gebaseer op die kognitiewe funksie, terwyl die onweerstaanbare impuls-toets nie voorsiening maak vir die geestesongesteldheid wat gekenmerk word deur ‘n lang depressiewe gepeins en beplanning van makabere dade nie. Die toets wat geskep word is “...simply that an accused is not criminally responsible if his unlawful act was the product of mental disease or mental defect.”¹⁹⁵ As gevolg van hierdie uitspraak is daar dan ook na die Durham-toets as die “product”- toets verwys.

Die begrip “disease” word verduidelik as ‘n toestand wat kan verbeter of versleg. Die begrip “defect” word verduidelik as ‘n toestand wat nie kan verander nie en is gebaseer op besering, oorerflikheid of oorblywende gevolg van ‘n siekte. Daar was egter steeds ‘n behoefte om hierdie begrippe verder te omskryf, soos aangedui word in die

¹⁹⁵ Monte W. Durham v United States of America op 1445.

saak van *McDonald v United States*¹⁹⁶ van 1962. Daar is bevind dat howe nie gebonde moet wees aan wat deskundiges definieer as “disease” of “defect” nie. Die juries moet voorgelig word dat met “disease” en “defect” enige abnormale toestand van die gees bedoel word, wat die geestes- of emosionele prosesse wesenlik affekteer en wat die gedragsbeheer wesenlik verswak.¹⁹⁷ Hiermee was die Durham-toets aansienlik beperk.

Die kritiek teen die Durham-toets was dat dit te wyd was en dat die howe die psigiatriese getuienis geensins in twyfel getrek het nie. Die vraag oor die aanspreeklikheid van die beskuldigde is dus ook bloot net oorgelaat aan die mening van die psigiaters. Die Durham-toets toon verder geen regstandaard vir strafregtelike aanspreeklikheid nie.¹⁹⁸ Torcia sê dat “...there is no legal yardstick to determine whether such mental disease or defect amounts to legal insanity.”¹⁹⁹ Die toets is dan ook verwerp deur verskeie hofsake, soos *Anderson v United States*,²⁰⁰ *Frigillana v United States*²⁰¹ en *United States v Freeman*.²⁰²

¹⁹⁶ *McDonald v United States* 312 F. 2d 847 (1962).

¹⁹⁷ *McDonald v United States* 312 F. 2d 847 (1962) op 851.

¹⁹⁸ Torcia 1990:19.

¹⁹⁹ Torcia 1990:19.

²⁰⁰ CA9 Nev 237 F2d 118.

²⁰¹ 113 App DC 328, 307 F2d 665.

²⁰² CA2 NY 357 F2d 606.

In 1972 het die hof in *United States v Brawner*²⁰³ die Durham-toets finaal die nekslag toegedien en die Model Penal Code-toets²⁰⁴ aangeneem. Hierdie toets bepaal:

“(1) A person is not responsible for criminal conduct if at the time of such conduct as a result of mental disease or defect he lacks substantial capacity either to appreciate the criminality of his conduct or to conform his conduct to the requirements of the law.”

“(2) The terms ‘mental disease or defect’ do not include an abnormality manifested only by repeated criminal or otherwise anti-social conduct.”

Die eerste deel van die toets is dus maar net ‘n opsomming van die M’Naghten-reëls met ‘n byvoeging van die wilsbeheervermoë. Die Strafkode is egter wyer as die M’Naghten-reëls in die sin dat die M’Naghten-reëls ‘n totale onbevoegdheid vereis, terwyl die toets verwys na “lack of substantive capacity.”

Die Model Penal Code – toets verskil van die Durham-reël in die sin dat daar nou onderskei word tussen oortreders wat in staat is om hulle optrede te kan beheer en die oortreders wat nie daartoe in staat is nie.

²⁰³ 153 App DC 1, 471 F2d 969.

²⁰⁴ American Law Institute’s Model Penal Code

Die huidige stand van sake is dat verskillende state in die VSA verskillende toetse gebruik. Sekere state hou steeds by die M'Naghten-reëls aangevul deur die onweerstaanbare drangtoets, terwyl ander die Model Penal Code navolg.

3.5 Suid-Afrika

In Suid-Afrika is die geestesongesteldes ten tye van die Hollands-Oos-Indiese Kompanjie in die geheel goed behandel en nie opsetlik mishandel nie.²⁰⁵

Geestesongestelde koloniste is deur hulle familie versorg en 'n buitekamer is gewoonlik opgerig as huisvesting vir sodanige persone.²⁰⁶ Slegs by gewelddadige gevalle van geestesongesteldheid is opsluiting oorweeg, andersins het die persone vry rondbeweeg.

Die beginsel van die Romeinse-Hollandse reg dat familiebetrekkinge verantwoordelik was vir hulle geestesongesteldes (*necessarii*), en dat die geestesongesteldes wat gewelddadig optree, opgesluit moes word (*incarceri*), is dus deurgevoer ook in die sewentiende eeu in die Kaap.²⁰⁷

²⁰⁵ Searle 1961:108.

²⁰⁶ Searle 1961:108.

²⁰⁷ Searle 1961:108.

Vroeë wetgewing²⁰⁸ in Suid-Afrika het grootliks gekonsentreer op die geneigdheid van 'n persoon om 'n misdryf te pleeg. Aanhouding is wel aanbeveel indien dit bevind is dat die persoon "...under circumstances denoting derangement of mind," selfmoord wil pleeg of 'n ander vervolgbare misdryf.

In 1891 het wetgewing bepaal dat 'n strafbare optrede nie meer 'n voorvereiste was vir aanhouding in 'n inrigting nie.²⁰⁹ Indien 'n geestesongestelde egter wel 'n misdryf begaan, was die spesiale uitspraak "skuldig, maar geestesongesteld."²¹⁰ Die uiteinde was dat die persoon dan vir aanhouding gestuur is "...as a criminal lunatic in such place and in such manner as the court shall direct till the Governer's pleasure shall be known."²¹¹

Indien na hierdie wetgewing gekyk word, is dit duidelik dat in Suid-Afrika, die regters hulle na die Engelse reg gewend het, in plaas daarvan om op die suiwer Romeins-Hollandse reg voort te bou. Suid-Afrika was dus dan ook, soos die Verenigde State van Amerika, opgesaal met die M'Naghtenreëls.²¹²

²⁰⁸ Art. 1 van die Kaapse Wet 20 van 1879, Art. 1 van die Natalse Wet 1868 en art. 6 van Hoofstuk 94 (OVS).

²⁰⁹ Art. 27-33 van die Kaapse Wet 35 van 1891.

²¹⁰ Art. 12 van die Kaapse Wet 35 van 1891.

²¹¹ Art. 13 van die Kaapse Wet 35 van 1891.

²¹² Rumpff verslag 1967:10.

Die vroegste relevante saak in Suid-Afrika is die saak van *The Queen v Booth* in 1878. Hier het die hof die Engelse reg nagevolg en bepaal dat die “irresistible impulse” nie deel vorm van die Suid-Afrikaanse verweer van geestesongesteldheid nie.²¹³ In 1899 is die “irresistible impulse” wel weer deels aanvaar gekombineerd met die reg-en-verkeerd toets in die saak van *The Queen v Hay*. In 1916 is die “irresistible impulse” volwaardig erken as verweer.²¹⁴ Dit is egter van belang om eers na geestesongesteldheid oor die algemeen te kyk, voordat daar verder na die “irresistible impulse” gekyk kan word.

Sampson verwys in 1889 na die standpunt van die hof dat elke mens beskou word as normaal en dat die bewyslas op die beskuldigde rus om homself as geestesongesteld te bewys.²¹⁵ Hy wys verder op die moeilikheidsgraad om geestesongesteldheid te bewys en verwys na die grys area tussen normaal en geestesongesteldheid. “As well might one say where day passes into night, or at what point deep water becomes shallow, as for physician or jury to determine with precision where sanity ends and insanity begins.”²¹⁶

Sampson bespreek die moontlikheid dat ‘n persoon skielik ‘n tydelike geestesongesteldheid opdoen en dan na die moord weer normaal is.

²¹³ Kotze’s Transvaal Reports. 22 Julie 1878 op bl.50.

²¹⁴ R v Ivory 1916 WLD 17.

²¹⁵ Sampson 1889:115.

²¹⁶ Sampson 1889:115.

Die stand in Suid-Afrika in daardie stadium blyk te wees dat sodanige persoon dit moet kan bewys of skuldigbevinding en die doodstraf sou volg.²¹⁷ Die howe was dus baie streng en vrypraak het uiters selde voorgekom en slegs in gevalle waar 'n groot mate van twyfel geskep is oor die persoon se geestelike vermoëns. Die bewys van 'n toestand van tydelike geestesongesteldheid is ook bykans onmoontlik volgens Sampson.²¹⁸

Die Wet op Geestesgebreken 38 van 1916 het aangedui dat in gevalle waar 'n persoon geestesongesteld was ten tye van die handeling, 'n spesiale uitspraak moet volg en dat die persoon vir aanhouding moet gaan in 'n spesiale inrigting. Dit was dus 'n direkte navolging van die "special verdict" in Engeland. Hierdie was die eerste wetlike bepaling in Suid-Afrika dat daar 'n verpligte aanhouding gelas moes word, van die geestesongestelde oortreder.

Artikel 29 van die Wet op Geestesgebreken 38 van 1916 lees as volg:²¹⁹

"Procedure wanneer beschuldigde ten tijde van het begaan van de daad of nalating **geestelik gekrenkt** was. - (1) Wanneer in een akte van beschuldiging, dagvaarding of andere kriminele klachte een daad

²¹⁷ Sampson 1889:116.

²¹⁸ Sampson 1889:118.

²¹⁹ Skrywer se beklemtoning.

of nalating aan iemand als een misdaad ten laste gelegd wordt en uit de getuigenis (daaronder begrepen geneeskundige getuigenis) gedurende de berechting van de betrokke persoon wegens die misdaad afgelegd, blijkt dat hij ten tijde van het begaan van de daad of nalating **geestelik gekrenkt of gebrekkig was zodat hij rechtens ontoerekenbaar was**, dan moet de jury, of in het geval van een berechting voor een hof zonder een jury, dat hof, of de magistraat of andere rechterlike ambtenaar, naar het geval mocht zijn, voor wie de betrokkene terechtstaat, indien aan hem blijkt **dat hij geestelik gekrenkt of gebrekkig was toen hij de daad of nalating beging, een speciale uitspraak geven** ten effekte dat beschuldigde de daad of nalating hem ten gelaste gelegd, begaan heeft, maar dat hij ten tijde van het begaan daarvan, geestelik gekrenkt of gebrekkig was als voorzegd.

(2) De voorzittende rechter, magistraat of andere rechterlike ambtenaar onderscheidenlik verleent daarop een order tot **plaatsing van de beschuldigde in een gevangenis** of tronk **hangende de beschikking van de Gouverneur-generaal."**

Die Engelse teks oor die spesiale uitspraak lui soos volg: "...[A] special verdict of finding to the effect that the accused was guilty of the act or omission charged against him, but was mentally disordered or defective as aforesaid at the time when he did the act or omission."

Die Wet toon dus dat 'n uitspraak van “skuldig, maar kranksinnig” moontlik is ingevolge artikel 29. Artikel 29 is van toepassing selfs al was die geestesongesteldheid net tydelik van aard.²²⁰ Artikel twee van die genoemde Wet definieer “geestelik gekrenkte of gebrekkige persone” en artikel 3 verdeel hierdie tipe persone in sewe onderafdelings, waaronder persone met epileptiese aanvalle ook ingesluit word. Dit is opvallend dat die Wet geen aanduiding bevat van wie toerekeningsvatbaar is of nie.²²¹

Die regsposisie betreffende toerekeningsvatbaarheid was vroeër gemeenregtelik gereël en het bepaal dat iemand ontoerekeningsvatbaar is indien hy deur 'n geestesgebrek verhinder is om te weet wat die aard van sy gedrag was of dat hy gebuk gegaan het onder 'n onweerstaanbare drang of impuls wat hom verhinder het om sy gedraging te beheer.²²²

Soos vroeër aangetoon het die “onweerstaanbare drang”- toets sy oorsprong uit die Amerikaanse reg²²³ gehad. Lord de Villiers het dit in die Suid-Afrikaanse reg ingevoer in 1899 met die saak van Queen v Hay.²²⁴ Hy verwys na die M'Naghten²²⁵ saak se toets vir

²²⁰ Dugard 1967:133.

²²¹ Art.29(1).

²²² Hiemstra 1981:178.

²²³ En ook die Duitse reg

²²⁴ R v Hay 1899(16) SC 290 op 298.

geestesongesteldheid : “...[T]he party accused was labouring under such a defect of reason, from disease of the mind, as not to know the nature and quality of the act he was doing, or as not to know that what he was doing was wrong.”²²⁶

Hy verwys verder na die gevalle waar die beskuldigde wel geweet het dat sy handeling verkeerd is, maar dat dit verrig is weens ‘n onweerstaanbare drang.²²⁷ Die enkele toets wat in die M’Naghten saak gebruik is, is dus nie voldoende nie. Die hof se kritiek word duidelik uitgewys met die volgende stelling: “ Where the defence of insanity is interposed in a criminal trial, the capacity to distinguish between right and wrong is not the sole test of responsibility in all cases.”²²⁸

In die betrokke saak van Queen v Hay²²⁹ het die beskuldigde sy moeder vermoor en homself verweer op grond van geestesongesteldheid. Hy is skuldig bevind aan moord en ter dood veroordeel, omdat sy visioene slegs ontstaan het as hy drank gebruik het. Sy appèl het ook misluk en sy doodsvonnis is volvoer.

²²⁵ Die bekende M’Naghten –reëls se spelling van die M’Naghten naam verskil van bron tot bron, maar daar word gehou by die mees algemene spelling.

²²⁶ R v Hay 1899(16) SC 298.

²²⁷ “An irresistible impulse”

²²⁸ R v Hay 1899(16) SC301

²²⁹ 1899(16) SC 298.

Suid-Afrika het tot en met die middel van die sewentigerjare die M’Naghten reëls tesame met die onweerstaanbare drang toets toegepas, en baie min verdere aandag was gegee aan die wilsbeheer oor die gewraakte handeling.²³⁰ Daar was tog ‘n paar sake²³¹ wat wel verwys het na die kontrole of beheer van die handeling, maar dit is nooit as grondslag vir onskuldigbevinding gebruik nie.

AR Jacobs het in *S v Campher*²³² die onweerstaanbare drang-maatstaf finaal die nekslag toegedien en genoem dat hierdie maatstaf in ons reg tot voor 1977 toegepas is, maar dat dit heeltemal deur art. 78(1)(b) van die Strafproseswet 51/1977 vervang is.

Die “Kommissie van Ondersoek na die Toerekeningsvatbaarheid van Geestelik Versteurde Persone en Aanverwante Aangeleenthede” (Rumpff-kommissie) is in 1966 in die lewe geroep om verslag²³³ te doen oor die verweer van geestesongesteldheid. In 1970 is ook die “Kommissie van ondersoek na die ‘Wet op Geestesgebreke’” in die lewe geroep.

Die Rumpff kommissie het dan ook die voorstel gemaak dat daar ‘n tweede been bygevoeg word tot die bestaande toets vir

²³⁰ Vorster 2002:07.

²³¹ *R v Hay* 1899(16) SC290 en *R v Smit* 1906 TS 783.

²³² *Campher* 1987 (1)SA 940 op 960 E.

²³³ RP 69/1967. Hierdie kommissie is aangestel na die moord op dr. Verwoerd.

ontorekeningsvatbaarheid. Die feit dat die verweerder nie die ongeoorlooftheid van sy handeling besef het nie en dus ontorekeningsvatbaar beskou kan word, is die eerste been van die toets wat onveranderd gelaat is.

Die tweede moontlikheid wat die kommissie bygevoeg het, is dat die verweerder nie in staat was om ooreenkomstig hierdie besef van ongeoorlooftheid van die handeling, op te tree nie. In so 'n geval sal die verweerder ook ontorekeningsvatbaar beskou word.²³⁴ Die konatiewe geestes- of bewussynsfunksie van beheer of kontrole van die handeling is dus ingebring as toets vir toerekeningsvatbaarheid. Indien enige van bogenoemde twee gevalle aanwesig is, is die beskuldigde ontorekeningsvatbaar en kan hy nie aanspreeklikheid opdoen nie. Hierdie byvoeging vervang die "irresistible impulse" toets en verbreed die faktor ook na gevalle van afwesigheid van die wilsvermoë anders as 'n onweerstaanbare drang. Daar is nie spesifiek genoem hoe hierdie toets verskil van die een van outomatisme by afwesigheid van die handelingselement nie.

²³⁴ Strafproseswet 51/1977:art.78(1).

Die Viljoen Kommissie²³⁵ is in 1976 in die lewe geroep om te kyk na die nodige wetswysigings en die kommissie het saamgestem met die bevindinge van die Rumpff kommissie.

Die Strafproseswet 56 van 1955 is dus later vervang met die Strafproseswet 51 van 1977. Art. 78 van die Strafproseswet 51 van 1977 omvat dan ook die kriteria soos wat die Rumpff kommissie uiteengesit het.

Die Strafproseswet 51 van 1977 geld steeds vandag, maar is wel telkemale gewysig. Hoofstuk 13, wat handel oor die verweer van onverhoorbaarheid en ontoerekeningsvatbaarheid, is gewysig deur Wet 68 van 1998,²³⁶ wat later volledig bespreek sal word.

3.7 Samevatting

Indien daar na die geskiedenis gekyk word, kan die volgende ontwikkelinge deur die jare gesien word. Geestesongesteldheid is in die vroegste tye glad nie in berekening gebring by strafregtelike of siviele aanspreeklikheid nie.²³⁷

²³⁵ The commission of enquiry into the penal system of the Republic of South Africa. RP 78/1976.

²³⁶ Hieronder bespreek.

²³⁷ Kode van Hammurabi (2084-2081 v.C.) Daar was die geloof in die *lex talionis* wat behels het dat by strafoplegging die bepalende faktor “‘n oog vir ‘n oog”

Die Romeinse reg het geestesongesteldheid wel erken, maar die algemene gevoel was dat die geestesongestelde reeds genoegsaam gestraf is deur sy ongesteldheid.

In die Romeins-Hollandse reg is ook gevind dat die geestesongestelde nie aanspreeklikheid kan opdoen nie. Carpzovius²³⁸ se redes hiervoor was bv. dat geestesongesteldes geen wil het nie, hulle vir alle doeleindes as dood beskou moet word, hulle vergelyk moet word met 'n kind as hulle 'n misdryf pleeg en dat geestesongesteldheid reeds 'n straf is.²³⁹ Van Leeuwen²⁴⁰ het ook reeds al verwys na 'n geestesongestelde as iemand wat onwillekeurig handel.

In die Engelse reg het die eerste toetse in 1500 behels dat die persoon sy ouderdom moes weet, tot 21 moes kon tel, asook kon noem wie sy vader en moeder was.²⁴¹ In 1724 was daar die bekende "Wild beast test" wat behels het dat die geestesongestelde persoon op die vlak van 'n kind, wreedaard of dier moet wees.

was. Indien jy die gewraakte handeling gepleeg het, is jy gestraf ongeag jou geestestoestand.

²³⁸ 'n Duitse juris wat gelewe het 1595-1666, en wat baie aangehaal is in Nederlandse bronne.

²³⁹ *Practicae Novae Imperialis Saxonica rerum Criminalium* (1635) Quest 145 n 15-18.

²⁴⁰ 1626-1682.

²⁴¹ Walker 1968:36.

In 1800 is Hadfield vrygespreek van hoogverraad nadat hy op die Koning geskiet het. Hierdie saak in die geskiedenislyn is van belang, want Hadfield het geweet wat hy doen is verkeerd. Sy optrede was met die oogmerk om die doodstraf te kry. Indien die M’Naghten reëls in daardie tyd sou bestaan het, sou hy dus nie vrygespreek gewees het nie.

Die reg-verkeerd toets wat hier ontstaan het met Hadfield se saak, het dan ook neerslag gevind in die M’Naghten reëls in 1843.²⁴²

Die M’Naghten reëls het gekonsentreer op die kognitiewe geesteselement dat die persoon nie moes geweet het dat sy optrede verkeerd is nie. Die konatiewe element wat oor die beheer van die optrede gaan, het geen rol gespeel nie. Dit het aanleiding gegee tot heelwat kritiek teen die M’Naghten reëls, maar dit is steeds beskou as die reg rakende geestesongesteldheid in Engeland.

Suid-Afrika het ook die Engelse reg, en dus die M’Naghten reëls, nagevolg. Die “irresistible impulse”-toets wat oorspronklik afgeskiet is in 1878,²⁴³ is later in 1899 in Suid-Afrika erken in Queen v Hay. Die “irresistible impulse”-toets is van belang, want dit bring ‘n tweede toets

²⁴² Slobogin 2003:3.

²⁴³ Queen v Booth.

by wat die gebrek aan beheer van die optrede, oftewel die konatiewe element wat afwesig is by die M'Naghten reels, ook vereis.

Die "irresistible impulse"-toets het inderdaad sy doel gedien en is later in Suid-Afrika deur art. 78 van die Strafproseswet 51 van 1977 verbreed.

Indien daar gesoek word na die oorsprong van outomatisme sal dit later aangetoon word dat die benaming eers sedert die 1950's gebruik is vir die onwillekeurige handeling. Voor die 1950's is die begrip gemanifesteer in die "irresistible impulse"-toets, nl. dat die persoon geen beheer oor sy handeling gehad het nie. Outomatisme het dus in die geskiedenis al sy kop uitgesteek, maar is nooit geïdentifiseer as 'n verweer opsig self nie, maar as deel van die verweer van geestesongesteldheid.

HOOFSTUK 4

HISTORIESE AGTERGROND VAN DIE BEGRIP

“ GESONDE OUTOMATISME ”

- 4.1 Inleiding
 - 4.2 Regspraak
 - 4.3 Samevatting
-

4.1 Inleiding

“ Ek het mans gesien wat kranksinnig en waansinnig geword het sonder enige duidelike rede, en wat dan baie ongewone dinge gedoen het. Ek weet ook van baie mense wat in hul slaap kreun of skree: sommige voel asof hulle versmoor, ander spring weer op en vlug na buite. Hierdie mense blyk van hulle verstand ontnem te wees totdat hulle wakker word en weer gesond en rasioneel is, alhoewel bleek en swak.”²⁴⁴ Hippocrates het met hierdie woorde ongeveer 400 v.C. reeds al gevalle van outomatisme beskryf.

²⁴⁴ Fenton 1972:57-64.

Die eerste en primêre element van die misdaadsomskrywing volgens die moderne regs wetenskap, is dat die beskuldigde 'n waarneembare en willekeurige handeling moes gepleeg het.²⁴⁵ Dit is ook die element wat vir hierdie studie van belang is, en daarom word 'n afsonderlike hoofstuk gewy aan die geskiedenis van die misdaadselement: willekeurige handeling en die verweere gebaseer op die afwesigheid daarvan, as verweer in die vorm van outomatisme.

Ten einde die oorsprong van outomatisme, en spesifiek gesonde outomatisme te bepaal, word na die mees relevante hofsake in Suid-Afrika en internasionaal gekyk

4.2 Regspraak

In *HM Advocate v Ritchie*²⁴⁶ is daar reeds in 1926 verwys na 'n "abnormal state of mind falling short of insanity." Lord Murray verwys ook na hierdie toestand as "temporary mental dissociation."

In die Ritchie-saak het die beskuldigde 'n voetganger doodgery. Die verweer was : " ...[N]ot guilty in respect that by the incidence of temporary mental dissociation due to toxic exhaustive factors he was unaware of the presence of the deceased on the highway and of his

²⁴⁵ Van Tonder 1959:132.

²⁴⁶ 1926 J.C. 45. [Court of Justiciary]

injuries and death, and he was incapable of appreciating his immediately previous and subsequent actions.”²⁴⁷

Lord Murray het die jurie opdrag gegee om te kyk of die beskuldigde in ‘n toestand was om die motor te kan bestuur : “...if, through no fault of his own and for some cause without his control and which he was not bound to foresee, he became either gradually or suddenly not master of his actions through some mental defect, and was in that state at the time of the accident, they were entitled to return a verdict of not guilty.” Die jurie het hom onskuldig bevind.

Card²⁴⁸ beweer dat daar in die Ritchie-saak reeds na “outomatisme” verwys is. Volgens Card se aanhaling uit die saak, gebruik Lord Murray die term “automatism.” Dit is egter ‘n foutiewe aanhaling. Lord Murray maak wel melding van ‘n spesiale verweer wat hier ter sprake is, “..the special defence, which is a somewhat novel one, based upon the alleged abnormal and irresponsible condition of the accused....Such irresponsibility may create criminal immunity and form the ground of a good defence.”²⁴⁹

²⁴⁷ 1926 J.C. 45. op 46.

²⁴⁸ Card 1977:98.

²⁴⁹ 1926 J.C. 45. op 48.

Lord Murray verwys na die verweer as 'n "defence of irresponsibility."
Die grondslag van hierdie is dat die verstand van die persoon so aangetas word, dat die persoon nie weet wat hy doen nie, of as hy weet wat hy doen, dat hy nie beseft dat die handeling verkeerd is nie.²⁵⁰

Die oorsake waarna hy verwys, wat kan aanleiding gee tot hierdie toestand, is egter van meer belang : " It may be congenital; it may be induced by illness, fever, palsy, accident, injury or shock."²⁵¹

Oorsake wat hy noem, soos skok of die plaasvind van een of ander ongeluk, dui op gevalle wat later ook as basis vir 'n verweer van gesonde outomatisme aanvaar is. Lord Murray verwys egter daarna as 'n "defence of irresponsibility."²⁵²

Die verweer is dus dat die persoon ten tye van die pleeg van die misdryf onwillekeurig opgetree het en meestal niks kan onthou van die gewraakte handeling nie. Daar is verkeerdelik begin om dit as 'n verweer van amnesie te opper, want die verweer van gesonde outomatisme was nog nie bekend nie.

²⁵⁰ Hierdie stelling van Lord Murray verwys na die M'Naghten-reëls en is niks nuut nie.

²⁵¹ 1926 J.C. 45. op 49.

²⁵² 1926 J.C. 45. op 48.

Die saak *Hamilton v MacKinnon*²⁵³ is een van die vroegste sake waarin aanspreeklikheid ontken is, op grond van amnesie. Whitlock wys tereg daarop dat amnesie vir 'n handeling nie gelykgestel moet word aan outomatisme nie. Die verweer dat die beskuldigde 'n "blackout" ervaar het vir sy kriminele handeling is van nul en geen waarde, tensy dit deur voldoende getuienis ondersteun kan word.²⁵⁴ Die blote onvermoë om te onthou wat gebeur het, is dus nie.

In die saak *R v Du Plessis*²⁵⁵ het regter De Beer ook die verweer van amnesie gekoppel aan 'n "mental blackout." In die betrokke saak is die beskuldigde aangekla van nalatige bestuur, nadat hy 'n vrou beseer het. Hy het nie die voertuig tot stilstand gebring om die beseerde te help nie en het ook nie die ongeluk aangemeld nie. Sy verweer was dat hy 'n "mental blackout" ervaar het en niks van die voorval kan onthou nie. Hierdie "mental blackout" was a.g.v. lae bloeddruk. Die hof *a quo* bevind hom skuldig, maar op appél het die Vrystaatse Provinsiale Afdeling die hof *a quo* se beslissing ter syde gestel.

In die woorde van regter De Beer: "Maar nieteenstaande die onrusbarend toeneming van die neuromodes amnesia verweer het ons hier te doen met 'n bekende verskynsel : dit gebeur tog soms op die

²⁵³ 1935 A.D. 114.

²⁵⁴ Whitlock 1963:

²⁵⁵ 1950(1) SA 297 (O.P.D.).

rugbyveld, in die bokskryt of selfs in 'n motorkar...En waar ek van mening met die verhoorhof verskil is slegs in die maatstaf wat op die bewys toegepas moet word: die vasstelling deur die verhoorhof van die vereistes wat nagekom moes word het te swaar 'n bewyslas op beskuldigde gewerp en na my mening slaag die appél.”²⁵⁶

Hier sou dus 'n tipiese geval van gesonde outomatisme kon gewees het, want die beskuldigde het nie aan 'n geestesongesteldheid gely nie. Die verweer is egter oor die boeg van amnesia gegooi.

Yeo verwys ook na amnesie in sy bespreking van outomatisme: “The fact that amnesia is often associated with automatism has no direct relevance, for amnesia *per se* is not a defence to crime, nor even a basis for contesting fitness to plead.”²⁵⁷

Blackwell toon steeds in 1962 'n mate van verwarring tussen amnesie en outomatisme. Sy verwys foutiewelik na amnesie as 'n toestand van onbewustheid, nl. “...he pleaded amnesia; in other words, that he was *totally unconscious* of what he was doing when the stabbing took place.”²⁵⁸ Hierdie stelling verwys eerder na outomatisme en nie na

²⁵⁶ R v Du Plessis 1950(1) SA 297(O.P.D) op 306

²⁵⁷ O'Connor en Fairall 2004: par.14.8

²⁵⁸ Blackwell 1962:18.

amnesie nie. Blackwell stel die begrippe ook as sinonieme voor, wat foutief is.²⁵⁹

Nie al hierdie soort sake was egter op geheueverlies gebaseer nie en beskuldigdes is vrygespreek op grond daarvan dat hulle nie die nodige opset gehad het nie.

Geen benaming is egter gekoppel aan die verweer nie, maar dit is bloot net genoem dat daar nie sprake is van geestesongesteldheid nie.

Een so 'n saak was R v Nhete.²⁶⁰ Die beskuldigde het saam met die oorledene om 'n kampvuur geslaap en die oorledene het, terwyl hy half deur die slaap was, die oorledene met 'n byl doodgeslaan. Die beskuldigde het 'n nagmerrie gehad dat die vuur hom verswelg. Daar was geen motief vir sy optrede nie en die hof het hom vrygespreek.

Dit was duidelik dat art. 29 van die Wet op Geestesgebreken 38/1916 nie toepassing kon vind nie, want die beskuldigde was nie geestesongesteld nie. Lansdown²⁶¹ verwys daarna as 'n "defence of automatic action" wat deur die regstelsel van Suid-Afrika erken word.

²⁵⁹ Blackwell 1962:16.

²⁶⁰ 1940 S.R. 1

²⁶¹ Lansdown 1956:92.

Hy verduidelik as volg: “An accused person is free from blame where he has acted in circumstances in which the mind, though not insane or, as in voluntary intoxication, culpably infirm, ceased to control the motions of the body.”²⁶² Dit is ‘n suiwer beskrywing en behoort tans nog steeds so beskryf te word.

Daar is ook die sogenaamde “Tokolosie”-sake, soos Blackwell daarna verwys.²⁶³ In hierdie sake het die beskuldigdes van “tokolosies” gedroom, wakker geskrik en iemand vermoor, terwyl onder die indruk dat die oorledene ‘n “tokolosie” is.²⁶⁴ Nie een van die beskuldigdes was geestesongesteld nie, en het bloot outomaties opgetree.

In R v Schoonwinkel²⁶⁵ is die beskuldigde aangekla van strafbare manslag. Hy het aan die verkeerde kant van die pad gery en ‘n kop-aan-kop botsing veroorsaak wat gelei het tot die dood van twee persone.

Sy verweer was amnesie en getuienis het aangetoon dat hy moontlik ‘n epileptiese aanval kon gehad het. Die regspraak wat hier na vore gekom het, was of artikel 29 van die Wet op Geestesgebreken 38 van

²⁶² Lansdown 1956:92.

²⁶³ Blackwell 1962:18. Die sake waarna verwys word is oa :
R v Dhlamini 1955(1) SA 120(T) en R v Ngang 1960(3) SA 363 (TPD).

²⁶⁴ Die “tokolosie” is’n gees of demoon waaraan die tradisionele volke in Afrika glo.

²⁶⁵ 1953(3) SA 136 (C.P.D.).

1916 van toepassing was of nie.²⁶⁶ Die hof bevind dat alhoewel die beskuldigde 'n epileptiese aanval gehad het, ten tye van die pleeg van die gewraakte handeling, hy nie as 'n geestesongestelde beskou kan word nie.²⁶⁷ Regter Steyn se woorde: “But not all epileptics are mentally disordered; it is only a person suffering from epilepsy who is a danger to himself or others or who is incapable of managing his own affairs.”²⁶⁸ Hierdie stelling van regter Steyn word ondersteun deur art. 3 van die Wet op Geestesgebreken 38 van 1916 : “Class VII – An epileptic, that is to say, a person suffering from epilepsy who is a danger to himself or others or is incapable of managing himself or his affairs.”²⁶⁹

Art. 29 word dus nie toegepas nie en die enigste uitspraak wat gegee kan word, is een van vryspraak op grond van die gemenerereg dat 'n persoon nie aanspreeklik gehou kan word vir 'n onwillekeurige handeling nie. Alhoewel die Schoonwinkel-saak gekritiseer is deur latere uitsprake, soos in R v Kumalo,²⁷⁰ is hierdie saak ook 'n voorbeeld van waar aanspreeklikheid vrygespring is weens “gesonde” outomatisme. Die kritiek teen die Schoonwinkel-saak was dat

²⁶⁶ Op 138E.

²⁶⁷ Op 138F.

²⁶⁸ Op 138G.

²⁶⁹ Hierdie artikel deel geestesongesteldheid in verskeie kategorieë op.

²⁷⁰ 1956(3) SA 238(N) op 243H-244A.

epilepsie gesien moet word as 'n geestesongesteldheid en dat art. 29 van die Wet op Geestesgebreken 38/1916 toepassing moes vind.²⁷¹

De Wet en Swanepoel²⁷² is van mening dat die benadering in die Schoonwinkel-geval beter is as dié in die Victor-saak, en dat hoewel daar nie uitdruklik verklaar is dat die "afwesigheid van 'n handeling" die grondslag vir die onskuldigbevinding was nie, blyk dit tog uit die beslissing in die geheel dat dit die oorweging was.²⁷³

R v Dhlamini²⁷⁴ is nog 'n beslissing in 1955 waarin bevind is dat art. 29 van die Wet op Geestesgebreken 38/1916 nie toepassing kan vind nie, omrede die beskuldigde nie geestesongesteld was nie. Die oorledene het in 'n hut waar die beskuldigde gelê en slaap het, gebuk om 'n matjie op te tel. Die beskuldigde het wakker geword van 'n nagmerrie en die oorledene drie keer met 'n mes gesteek. Hy het gedroom hy word aangerand en het geen motief gehad vir die moord nie.

Regter Price verwys na die verweer²⁷⁵ as volg: " This kind of defence is not unknown."²⁷⁶ Die hof beslis dat die beskuldigde bloot meganies

²⁷¹ 1956(3) SA 238(N) op 243H-244A.

²⁷² De Wet en Swanepoel 1985: 51.

²⁷³ 1953(3) SA 136 K op I37G.

²⁷⁴ 1955(1) SA 120 (T).

²⁷⁵ "Gesonde outomatisme," maar wat in 1955 nog nie hierdie benaming gehad

opgetree het en nie geweet het wat hy doen nie. Die beskuldigde word onskuldig bevind aan moord. Daar is ook bevind dat geen nalatigheid bewys kon word nie en dat hy dus ook nie skuldig is aan strafbare manslag nie. Hy is vrygespreek.

In R v Kumalo,²⁷⁷ wat later meer volledig bespreek word, het die beskuldigde die vrou saam met wie hy gewoon het, met 'n assegaai vermoor. Die beskuldigde se getuienis toon dat alles swart voor hom geword het. Die mediese getuienis het daarop gedui dat hy *petit mal* epileptiese aanvalle kry.

Die vraag het dus ontstaan of die beskuldigde geweet het wat hy doen. Die verdediging opper die verweer van outomatisme en meld dat die beskuldigde nie geestesongesteld was nie. Die begrip “outomatisme” word nie gebruik nie, maar wel die woorde, “defence of automatic action.”²⁷⁸

het nie.
²⁷⁶ 1955(1) SA 120 (T) op 121E.
²⁷⁷ 1956(3)SA 238 (N.P.D.)
²⁷⁸ 1956 (3) SA 242G.

Die hof beslis dat die beskuldigde 'n epileptiese lyer is wat 'n gevaar vir homself en vir ander inhou.²⁷⁹ Art. 29 was dus van toepassing en die beskuldigde word “skuldig, maar kranksinnig” bevind.

R v Mokwanazi²⁸⁰ is die vroegste Suid-Afrikaanse hofsaak wat opgespoor kon word, waar die hof 'n onderskeid maak tussen siek en gesonde outomatisme, hoewel ook nie in spesifieke terme nie.²⁸¹ Die beskuldigde het sy vrou met 'n byl aangeval en doodgeslaan. Al wat die beskuldigde kan onthou is die byl en die feit dat hy haar daarmee geslaan het.²⁸² Die hof het aanvaar dat hy sy vrou vermoor het tydens 'n *petit mal* epileptiese aanval. Regter Hill kan aangehaal word op 186C : “ Where, therefore, a sane person commits an act while in a state of automatism he will have the complete defence that he is not responsible for his act and he will be entitled to an acquittal.”²⁸³

Epileptiese outomatisme word in hierdie saak beskou as 'n geestesongesteldheid. Regter Hill verwys egter na R v Schoonwinkel²⁸⁴ en noem dat nie alle mense wat epileptiese aanvalle

²⁷⁹ 1956 (3) SA 244A. “...[A]t the time he fatally stabbed his wife he was suffering from epilepsy and was a danger to himself and others.”

²⁸⁰ 1959(3) SA 782 (W).

²⁸¹ Van Rensburg 1987:369.

²⁸² Die saak word later in meer besonderhede bespreek.

²⁸³ 1959(3) SA 782 (W) op 786C.

²⁸⁴ 1953(3) SA 136 (C).

kry, geestesongesteld is nie.²⁸⁵ Die hof volg die Kumalo-saak en die uitspraak is een van skuldig maar geestesongesteld.

Die Mokwanazi-saak en die Kumalo-saak se uitsprake is teenstrydig met die Schoonwinkel-uitspraak. In beide die Mokwanazi- en Kumalo-sake het die hof beslis dat die beskuldigde 'n gevaar inhou vir homself en ander en is die beskuldigde vir verpligte aanhouding by 'n inrigting gestuur.

In die Schoonwinkel-saak het die hof bevind dat die beskuldigde nie 'n gevaar vir homself of vir ander inhou nie. Die beskuldigde is vrygespreek, omrede hy nie val onder die definisie van 'n geestesongestelde nie.

Die gevaar wat die beskuldigde vir homself of vir ander mag inhou speel 'n belangrike rol by die bepaling van verpligte aanhouding by 'n inrigting.

Die definisie van 'n geestesongestelde persoon ingevolge art. 2 van die Wet op Geestesgebreken 38 van 1916, dui op die volgende kenmerke:

²⁸⁵ 1959(3) SA 782 (W) op 185C.

- i) “...incapable of managing himself or his affairs...”
- ii) “...a danger to himself or others...”
- iii) “...requires supervision, treatment and control...”

Art. 29 van die Wet op Geestesgebrekken 38 van 1916 bepaal dat ‘n geestesongestelde persoon²⁸⁶ ‘n spesiale bevinding van “skuldig, maar geestesongesteld” moet kry. Subartikel 2 het die verpligte bepaling dat die beskuldigde dan vir aanhouding by ‘n inrigting of tronk móét gaan.

‘n Persoon met die kenmerke, soos hierbo genoem in art. 2, moet dus vir aanhouding by ‘n inrigting gestuur word, omdat hy ‘n gevaar vir die samelewing inhou.

Die vroegste moontlike onderskeid tussen “siek en gesonde” outomatisme wat internasionaal opgespoor kon word, is die Engelsregtelike saak van Hill v Baxter in 1958.²⁸⁷ Regter Devlin kan as volg aangehaal word: “ For the purposes of the criminal law there are two categories of mental irresponsibility, one where the disorder is due to disease and the other where it is not.”²⁸⁸ Hy gaan verder en noem dat algehele vryspraak volg indien die beskuldigde nie

²⁸⁶ Verwysend na die art.2-definisie van geestesongesteldheid.

²⁸⁷ 1958 All E.R. 193.

²⁸⁸ 1958 All E.R. 193 op 197D.

geestesongesteld was nie, en dat indien wel, verpligte aanhouding sal volg. Die begrippe “sane automatism” en “insane automatism” is egter nie gebruik nie. Hierdie begrippe is die eerste keer gebruik in 1961 met die saak van Bratty v Attorney-general for Northern Ireland.²⁸⁹

Die beskuldigde, George Bratty, het 'n 18-jarige vriendin met sy motor na Hillsborough geneem waar sy 'n boodskap aan iemand moes gee en lekkergoed sou koop. Sy is in Hillsborough gesien, maar het nooit by die huis opgedaag nie. Haar lyk is later die aand langs die pad gevind, net links van haar woning. Die nadoodse ondersoek het getoon dat sy verwurg is met een van haar eie sykouse. Bratty is later dieselfde aand in hegtenis geneem. Bratty se weergawe van die voorval was dat 'n snaakse gevoel oor hom gekom het, en dat alles swart geword het. Hy kan die meeste van die gebeure nie onthou nie. Sy verweer was dat hy onskuldig is, want hy “...was not master of the situation but that he was in a state of automatism.”²⁹⁰ Geestesongesteldheid is as alternatief gemeld as verweer, sou die verweer van outomatisme onsuksesvol wees.

Outomatisme word deur die hof gedefinieer as wanneer: “...a person who, though capable of action,...is not conscious of what he is doing

²⁸⁹ 1961(3)All E.R. 523.

²⁹⁰ 1961(3)All. E.R. 526I.

... It means unconscious involuntary action, and it is a defence because the mind does not go with what is being done.”²⁹¹

Die regspraak voor die jurie was of die gewraakte handeling willekeurig was of nie.²⁹² Indien die jurie sou bevind dat die handeling onwillekeurig was, moes hulle een stap verder gaan en bepaal of die onwillekeurige handeling die oorsaak was van ‘n geestesongesteldheid of nie. Geestesongesteldheid sou dan lei tot ‘n uitspraak van skuldig, maar geestesongesteld. Indien hulle egter nie seker was of geestesongesteldheid ‘n faktor is nie, moes vrypraak volg.

Viscount Kilmuir is van mening dat daar eers ‘n grondslag d.m.v. getuienis gelê moet word, alvorens gesteun kan word op ‘n verweer van outomatisme. Indien ‘n verweer van geestesongesteldheid onsuksesvol is, kan ‘n alternatiewe verweer van outomatisme nie outomaties volg nie.²⁹³

Die onsekerheid oor die kwessie van die bewyslas en die toepaslike uitspraak wat daarop moet volg, word duidelik in die uitspraak gevind.

²⁹¹ 1961(3)All. E.R. 527F.

²⁹² Die bewyslas rus op die aanklaer (the Crown) om te bewys dat die handeling ‘n willekeurige handeling was.

²⁹³ 1961(3)All. E.R. 530A.

Die grondslag wat deur getuienis gelê moet word, word na verwys as die “initial hurdle.”²⁹⁴ Indien die beskuldigde hierdie grondslag d.m.v. getuienis gelê het, en dus die “initial hurdle” oorkom het, is die vraag oor wat die korrekte uitspraak dan sal wees. Moet vrypraak volg indien die jurie tevrede is, op ‘n oorwig van waarskynlikheid, dat die beskuldigde opgetree het in ‘n toestand van outomatisme? Wat as daar steeds redelike twyfel is oor die toestand van outomatisme?²⁹⁵

Bratty is skuldig bevind aan moord en die doodstraf is opgelê, wat later verminder is na lewenslange gevangenisstraf. Die saak het egter gaan draai by die House of Lords.

Lord Denning is van mening dat ‘n handeling nie noodwendig onwillekeurig is as die dader dit bloot nie kan onthou nie of as hy nie sy impulse kon kontroleer nie. Die feit dat ‘n handeling onopsetlik was of die gevolge nie voorsien is nie, maak die handeling ook nie ‘n onwillekeurige een nie.

Vir die eerste keer word die benaming “non-insane automatism” gebruik. Regter Kilmuir beslis: “ It is necessary that a proper foundation be laid before a judge can leave ‘automatism’ to the jury. That foundation, in my view, is not forthcoming merely from

²⁹⁴ Op 531B

²⁹⁵ 1961(3)All. E.R. 531B.

unaccepted evidence of a defect of reason from disease of mind. There would need to be other evidence on which a jury could find non-insane automatism.²⁹⁶

Lord Denning wys daarop dat daar nie baie verwysings na die begrip outomatisme in die Engelse reg is nie.²⁹⁷ Slegs enkele gevalle, soos dié in die beslissings van R v Harrison-Owen²⁹⁸ en R v Charlson,²⁹⁹ het voorgekom. Lansdown het ook al in 1956 genoem dat die populariteit van outomatisme begin toeneem.³⁰⁰

Dit was dus eers in die House of Lords dat die onderskeid tussen siek en gesonde outomatisme in Bratty v Attorney-general for Northern Ireland³⁰¹ duidelik gemaak is. In die opsomming van die saak op 386 word die volgende belangrike paragraaf gevind: “ *Held*, (1) that there were in law two types of automatism, namely, insane and non-insane automatism. That a judge was only under a duty to leave the issue of automatism of either type to the jury where the defence had laid a proper foundation for so doing by adducing positive evidence in respect of it...”³⁰²

²⁹⁶ Skrywer se beklemtoning. 1961(3)All. E.R. 523 op 530A.

²⁹⁷ 1961(3)All. E.R. 533E.

²⁹⁸ 1951 (2) All E.R. 726.

²⁹⁹ 1955(1) All E.R. 859.

³⁰⁰ Lansdown 1956:90.

³⁰¹ 1963 A.C. 386.

³⁰² 1963 A.C. 386 en op 402-406, 413, 416.

Die saak van Bratty kan dus beskou word as die hoeksteen wat gelê is vir die onderskeid tussen siek en gesonde outomatisme.

Volgens Van Rensburg³⁰³ is die kategorie van onwillekeurige handeling baie beperk en so beperk dat die eerste Engelse verwysing na outomatisme eers in 1955 gevind kan word in die saak R v Charlson.³⁰⁴ Die Charlson-saak sal later volledig bespreek word. 'n Vroeër saak wat egter opgespoor kon word wat na outomatisme verwys, is die saak van R v Harrison-Owen³⁰⁵ in 1951, soos reeds bespreek, waar 'n inbreker homself verweer het met outomatisme.

4.3 Samevatting

Die begrip "outomatisme" is vir die eerste keer in 1951 gebruik in die Engelsregtelike saak van R v Harrison-Owen.³⁰⁶ Die beginsel dat 'n persoon wat nie geestesongesteld is nie, tydelik outomatisties kan optree, was reeds voor dit al bekend, maar daar is nooit 'n spesifieke term daarvoor gegee wat algemeen aanvaarbaar was nie. Sommige sake, soos R v Du Plessis,³⁰⁷ het daarna verwys as 'n verweer van

³⁰³ Van Rensburg 1987:377.

³⁰⁴ 1955(1) All E.R. 859.

³⁰⁵ R v Harrison-Owen (1951) AC 726.

³⁰⁶ 1951 (2) All E.R. 726.

³⁰⁷ 1949 SA 297 (O.P.D.).

amnesie, ander sake, soos *HM Advocate v Ritchie*³⁰⁸ gebruik weer die term “defence of irresponsibility.”

Sedert die gebruik van die begrip outomatisme in die saak *R v Harrison-Owen*,³⁰⁹ het die benaming begin posvat en stelselmatig al hoe meer verskyn. Die onderskeid tussen die twee begrippe, gesonde en siek outomatisme, is reeds in 1958 gemaak deur regter Devlin in *Hill v Baxter*.³¹⁰ Die beginsel is verduidelik, maar die terme as sodanig is nie gebruik nie. Die eerste gebruik van die spesifieke terme in die tweeledige onderskeid, was in die saak van *Bratty v Attorney-general for Northern Ireland*³¹¹

Die rede waarom die onderskeid gemaak is, word nie duidelik uiteengesit nie. Dit kan aanvaar word dat die onderskeid bloot gemaak is om aan te dui dat ‘n persoon wat nie geestesongesteld is nie en in ‘n toestand van outomatisme optree, geregtig is op vrypraak.

Die volgende stelling, in ‘n latere saak, toon egter ‘n ander rede vir die onderskeid aan. In *S v Trickett*³¹² maak adv. Galgut, wat vir die appellant opgetree het, die volgende stelling: “ An exception to the

³⁰⁸ 1926 J.C. 45. [Court of Justiciary]

³⁰⁹ 1951 (2) All E.R. 726.

³¹⁰ 1958 All E.R. 193.

³¹¹ 1963 A.C. 386.

³¹² 1973 (3) SA 526 (T.P.D).

general rule that the onus is on the State to prove that the accused knew what he was doing and was responsible for his acts, is where the defence is one of insanity when the onus of proving is on the accused, R v Ndhlovu, 1945 A.D. 386. Because of this the Courts have drawn a distinction between black-outs (automatism) caused by insanity and so-called sane automatism."³¹³

³¹³ Skrywer se beklemtoning. 1973 (3) SA 526 (T.P.D) op 526H.

HOOFSTUK 5

SUID-AFRIKA

- 5.1 Inleiding
- 5.2 Geskiedkundige agtergrond
- 5.3 Outomatisme
- 5.4 Wetgewing
- 5.5 Regspraak
 - 5.5.1 R v Victor – 1943
 - 5.5.2 R v Schoonwinkel – 1953
 - 5.5.3 R v Kumalo – 1956
 - 5.5.4 R v Mokwanazi – 1959
 - 5.5.5 R v Mkize – 1959
 - 5.5.6 R v Mahlinza – 1967
 - 5.5.7 R v Senekal – 1969
 - 5.5.8 S v Stellmacher – 1983
 - 5.5.9 S v Campher – 1987
 - 5.5.10 S v Laubscher – 1988
 - 5.5.11 S v Wiid – 1990
 - 5.5.12 S v Calitz – 1991
 - 5.5.13 S v Kalogoropoulos – 1993
 - 5.5.14 S v Mphela – 1994
 - 5.5.15 S v Di Blasi – 1996

- 5.5.16 S v Moses – 1996
- 5.5.17 S v Henry – 1999
- 5.5.18 S v Kok – 2001
- 5.5.19 S v Eadie – 2002
- 5.5.20 S v Volkman – 2004

5.6 Samevatting

5.1 Inleiding

Die begrip outomatisme word ook, soos by al die gemeenregtelike lande, in die Suid-Afrikaanse strafreg erken. Die verweer van geestesongesteldheid moet nie verwar word met die verweer van outomatisme nie.³¹⁴ Soos reeds vermeld in hoofstuk twee hierbo, behels outomatisme dat die beskuldigde nie willekeurig opgetree het nie, en dat die bewyslas op die staat rus om 'n willekeurige handeling te bewys. 'n Verweer van geestesongesteldheid behels egter dat die beskuldigde nie toerekeningsvatbaar was nie. Daar bestaan 'n weerlegbare vermoede dat alle persone normaal is.

³¹⁴ Snyman 1999:169.

Een van die oorsake van outomatisme kan egter geestesongesteldheid wees, waar die begrip “siek outomatisme” gebruik word. Indien die outomatisme die oorsaak was van ‘n ander oorsaak as geestesongesteldheid, word die begrip “gesonde outomatisme” gebruik.³¹⁵

Siek outomatisme kan dus oorvleuel met ‘n verweer van geestesongesteldheid. Eersgenoemde dui slegs aan dat ‘n willekeurige handeling ontbreek, terwyl laasgenoemde daarop dui dat die persoon ontoerekeningsvatbaar was en dus nie in staat was tot wilsgerigte gedrag nie. Die eindresultaat van ‘n suksesvolle verweer in beide gevalle, was egter tot onlangs toe, dieselfde. By ‘n suksesvolle verweer van geestesongesteldheid is die persoon onskuldig bevind en verwys na ‘n hospitaal vir geestesongesteldes. By ‘n suksesvolle verweer van “siek outomatisme” is die persoon ook onskuldig bevind, en verwys na ‘n hospitaal vir geestesongesteldes. Gevalle van “gesonde outomatisme” het egter verskil en gelei tot ‘n onskuldigbevinding, sonder enige aanhouding in ‘n inrigting.

In Suid-Afrika is die begrip “gesonde outomatisme” dus bekend, maar dit het slegs in enkele gevalle, sukses gehad in die howe.³¹⁶ Die howe benader hierdie verweer baie versigtig, want dit kan maklik gebeur dat

³¹⁵ Snyman 1999:56.

³¹⁶ Sien die uitsprake hierna.

'n beskuldigde wat geen ander verweer het nie, homself op outomatisme beroep as laaste poging om die gevolge van sy wandaad te probeer vryspring.³¹⁷

5.2 Geskiedkundige agtergrond

Snyman beskryf Suid-Afrika se strafregstelsel as 'n ongekodifiseerde een.³¹⁸ Die bronne wat bestudeer moet word, sluit dus in die gemenerereg (hoofsaaklik Romeins-Hollandse reg), hedendaagse skrywers, regspraak en wetgewing. Danksy die presedentestelsel is die Suid-Afrikaanse strafreg se grootste bron geleë in die regspraak van die howe. Die verwysing van Snyman na 'n ongekodifiseerde strafregstelsel in Suid-Afrika, sal dus eerder vervang kan word met 'n verwysing na die Suid-Afrikaanse strafregstel as 'n gedeeltelik gekodifiseerde strafregstelsel.

De Wet en Swanepoel³¹⁹ verwys na die Suid-Afrikaanse strafreg as oorgelewerde gewoontereg, aangevul deur wetgewing en aangepas en vervorm deur die regspraak. Die oorgelewerde gewoontereg is, volgens die skrywers, die Hollandse reg uit die tydperk van die

³¹⁷ Snyman 1999:57.

³¹⁸ Snyman 1995:2. Snyman 1999:7.

³¹⁹ De Wet en Swanepoel 1960:20.

Republiek van die Verenigde Nederlande, wat in Suid-Afrika beter bekend staan as die Romeins-Hollandse reg of die gemenereg.

Die eerste algemeen geldende wetgewing in Suid-Afrika oor geestesongesteldheid was die Wet op Geestesgebreken 38 van 1916. Dit het voorsiening gemaak vir die spesiale uitspraak van “skuldig, maar kranksinnig.”

Art. 29 van die Wet op Geestesgebreken 38 van 1916 het as volg bepaal : "...[A] special verdict of finding to the effect that the accused was guilty of the act or omission charged against him, but was mentally disordered or defective as aforesaid at the time when he did the act or omission." ³²⁰

Die feit dat ‘n beskuldigde net tydelik geestesongesteld is, het geen invloed op art. 29 gehad nie en die beskuldigde sou steeds vir verpligte aanhouding in ‘n inrigting vir geestesongesteldes gaan. Art. 29 het dus vir alle gevalle van geestesongesteldheid gegeld, hetsy van permanente of tydelike aard.

Een sprekende voorbeeld van tydelike geestesongesteldheid, word gevind in die saak van R v Holliday.³²¹ Die beskuldigde se

³²⁰ Die Engelse vertaling van die wet.

³²¹ 1924 SA 250 AA

dronkenskap het sy geestesongesteldheid na vore laat kom en hy het verskeie skote op 'n huis geskiet, waar sy vrou en kind voorheen vir 'n geruime tyd woonagtig was. Hulle het hom reeds verlaat oor sy rekord van geestesongesteldheid wat na vore gekom het, elke keer wat hy drank gebruik het. Die beskuldigde het die mense probeer skrikmaak met sy skietery op die huis, waar hy gedink het hulle woonagtig was. Hy is aangekla van poging tot moord.

Die verhoorhof bevind hom skuldig aan gewone aanranding, maar tydelik geestesongesteld en hy word vir aanhouding verwys in 'n hospitaal vir geestesongesteldes. Die appèlregter beslis dat die oorsaak van die geestesongesteldheid (in hierdie geval die dronkenskap) irrelevant is.³²² Die beskuldigde se appèl misluk en hy word steeds vir aanhouding ingevolge art. 29 van Wet 38/1916 verwys.

Die “onweerstaanbare drang”- toets wat reeds in 1899 al in Suid-Afrika genoem is in die saak van Queen v Hay, is lank nagevolg.³²³

Suid-Afrika het tot 1977 die bekende M’Naghten reëls toegepas, en baie min aandag was gegee aan die wilsbeheer oor die gewraakte

³²² Op 257.

³²³ R v Hay 1899(16) SC 290 op 298.

handeling.³²⁴ Daar was wel 'n paar sake³²⁵ wat verwys het na die kontrole of beheer van die handeling, maar dit is nie verder gevoer nie.

Die Rumpff-kommissie is in 1966 in die lewe geroep om verslag³²⁶ te doen oor die verweer van geestesongesteldheid. Een van die probleme wat geïdentifiseer is, en wat ook dui op die ondoeltreffendheid van die M'Naghten reëls, is die sogenaamde “onweerstaanbare drang”-toets.³²⁷

Die Rumpff-kommissie het dan ook voorgestel dat daar 'n tweede been bygevoeg word tot die toets vir ontoerekeningsvatbaarheid. Die feit dat die beskuldigde nie die ongeoorlooftheid van sy handeling besef het nie en dus as ontoerekeningsvatbaar beskou kan word, is die eerste been van die toets wat onveranderd gelaat is.

Die tweede been wat die kommissie bygevoeg het, is waar die beskuldigde nie in staat was om ooreenkomstig hierdie besef van ongeoorlooftheid van die handeling, op te tree nie. In so 'n geval sou die beskuldigde ook as ontoerekeningsvatbaar beskou word.³²⁸ Die

³²⁴ Vorster 2002:07.

³²⁵ R v Hay 1899(16) SC290 en R v Smit 1906 TS 783.

³²⁶ RP 69/1967.

³²⁷ Vorster 2002:14.

³²⁸ Strafproseswet 51/1977:art.78(1).

konatiewe geestes- of bewussynsfunksie van beheer of kontrole van die handeling is dus ingebring as deel van die toets vir ontoerekeningsvatbaarheid. Indien enige van bogenoemde twee gevalle aanwesig is, is die beskuldigde ontoerekeningsvatbaar en kan hy nie aanspreeklikheid opdoen nie. Hierdie byvoeging vervang die “irresistible impulse” toets en verbreed die toets ook na ander gevalle van afwesigheid van die wilsvermoë anders as ‘n onweerstaanbare drang.

Die gewysigde toets vir toerekeningsvatbaarheid is opgeneem in die Strafproseswet 51 van 1977 wat die vorige Strafproseswet 56 van 1955 vervang het. Dit is egter eers 10 jaar later dat AR Jacobs in *S v Campher*³²⁹ die onweerstaanbare drang-maatstaf finaal die nekslag toegedien het en genoem het dat hierdie maatstaf in ons reg tot voor 1977 toegepas is, maar dat dit heeltemal deur art. 78(1)(b) van die Strafproseswet 51/1977 vervang is.³³⁰

Die begrip “ontoerekeningsvatbaarheid” is later verder ontwikkel deur die onderskeid wat gemaak is tussen patologiese en nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid. AR Joubert het in *S v Laubscher*³³¹ die

³²⁹ *Campher* 1987 (1)SA 940 op 960 E.

³³⁰ Hoofstuk 13, wat met die verweer van onverhoorbaarheid en ontoerekeningsvatbaarheid handel, is gewysig deur Wet 68 van 1998.

³³¹ *S v Laubscher* 1988(1)SA 163(A) op 167EF.

onderskeid begin maak tussen nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid en statutêre ontoerekeningsvatbaarheid.

Ontoerekeningsvatbaarheid weens 'n geestesongesteldheid word geklassifiseer as patologiese ontoerekeningsvatbaarheid of dan statutêre ontoerekeningsvatbaarheid soos AR Joubert daarna verwys.³³² Die rede waarom hy daarna verwys as statutêre ontoerekeningsvatbaarheid, is omdat art. 78(1)(a) en (b) van die Strafproseswet 51/1977 dit omskryf. Gevalle van nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid word egter nie omvat in hierdie artikel nie.

Die terminologie is egter nie sonder kritiek nie en Snyman³³³ is van mening dat “die algemene ontoerekeningsvatbaarheidsverweer” ‘n beter benaming sou gewees het. Hy verduidelik nie die rede vir sy standpunt nie, maar noem dat hy die benaming nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid gebruik, omdat die howe dit so gebruik.

Vorster³³⁴ skryf dat “...[T]he concept of non-pathological criminal incapacity is used excessively, and without a sound medical basis, by South African courts.”

³³² S v Laubscher 1988(1)SA 163(A) op 167E.

³³³ Snyman 1999: 161.

³³⁴ Vorster 2002:02.

Ongeag die kritiek, is nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid die algemene begrip wat die Suid-Afrikaanse howe gebruik en kan die begrip gedefinieer word as : “[A]lle beroepe op ontoerekeningsvatbaarheid buiten geestesongesteldheid en jeugdige leeftyd.”³³⁵ Die vroeëre kritiek geopper teen die invoeging van jeugdigheid onder “patologiese” ontoerekeningsvatbaarheid, staan steeds en illustreer die onhoudbaarheid van die kategorisering.

5.3 Outomatisme

Die verweer van outomatisme is glad nie onbekend in die Suid-Afrikaanse strafreg nie, maar dit is eers gedurende die laaste paar dekades wat dit meer as ooit na vore gekom het.

Megarry³³⁶ het reeds in 1962 daarop gewys dat die gevaar bestaan dat “[A]utomatism might progress from being a catch phrase to becoming a popular defence.”

Vorster meen dat die 1984 Arnold-saak³³⁷ die begin was van die populariteit van die outomatisme-verweer, soos voorspel is deur

³³⁵ Snyman 1999: 161.

³³⁶ Megarry 1962:477.

³³⁷ S v Arnold 1985(3)SA 256 (C).

Megarry.³³⁸ In *S v Arnold* was die beskuldigde aangekla van moord op sy vrou. Hy het sy vrou in die sitkamer doodgeskiet, maar het homself daarop verweer dat hy aan hewige emosionele spanning ly en nie geweet het wat hy doen nie. Die beskuldigde is vrygespreek, want die Staat kon nie bo redelike twyfel bewys dat hy bewustelik opgetree het nie.³³⁹

Die vraag wat ontstaan, is wat die oorsprong is van die begrippe “siek en gesonde outomatisme.” Een mening³⁴⁰ is dat die onderskeid terugdateer na die Wet op Geestesongesteldheid 38 van 1916, toe epilepsie geklassifiseer is as ‘n geestesongesteldheid.³⁴¹

In die praktyk het dit die effek gehad dat sou ‘n persoon ‘n misdryf pleeg in ‘n toestand van epilepsie,³⁴² hy onskuldig bevind sou word weens geestesongesteldheid. Die bevinding was tegnies korrek, want die beskuldigde was nie toerekeningsvatbaar ten tyde van die misdaad nie. Die slegte nadraai was egter dat die hof verplig was om die beskuldigde vir aanhouding te stuur na ‘n inrigting vir

³³⁸ Vorster 2002:19.

³³⁹ Regter Burger op 263G “...the Court cannot find beyond a reasonable doubt that when the accused killed the diseased he was acting consciously and not subconsciously.”

³⁴⁰ Vorster 2002:13.

³⁴¹ Wet op Geestesgebreken 38/1916: art.3.

³⁴² Hoewel dit baie selde voorkom, gebeur dit soms wel en moet die regvoorsiening daarvoor maak.

geestesongesteldes, al het die beskuldigde se epilepsie intussen d.m.v. medikasie onder beheer gekom.

Verschoor verwys tereg na die onbillikheid hiervan en die leemte in die wetgewing.³⁴³ 'n Persoon wat op medikasie is en dus sy epilepsie onder beheer het, funksioneer normaal en is nie 'n bedreiging vir die gemeenskap nie, maar moet steeds aangehou word by 'n inrigting vir geestesongesteldes. Verschoor bewoord dit as volg: “ Vir 'n epileptikus wat aan sy toestand tydens die beweerde misdaad geen skuld gehad het nie en weens medikasie ook nie meer 'n gevaar vir homself of ander inhou ten tyde van die verhoor nie, is hierdie verpligte afsondering van die gemeenskap onsinnig en hoogs onbillik.”³⁴⁴

Die oorsprong van die onderskeid tussen gesonde en siek outomatisme kan egter nie duidelik uitgewys word nie. Die begrip “outomatisme” is al in 1943 gebruik in die saak van **R v Victor**.³⁴⁵ Dit wil egter voorkom of die Engelse uitspraak van *Bratty v Attorney General for Northern Ireland*³⁴⁶ die eerste saak was wat die onderskeid gemaak het. “[T]hat there were in law two types of

³⁴³ Verschoor 1983:21-25.

³⁴⁴ Verschoor 1983:25.

³⁴⁵ 1943 TPD 77.

³⁴⁶ *Bratty v Attorney General for Northern Ireland* 1961(3) All E.R. 523 - Appél : 1963 A.C. op 386.

automatism, namely, insane and non-insane automatism. That a judge was only under a duty to leave the issue of automatism of either type to the jury where the defence had laid a proper foundation for so doing by adducing positive evidence in respect of it, which was a question of law for the judge to decide.”³⁴⁷

5.4 Wetgewing

5.4.1 Wet op Geestesgebreken 38 van 1916

Hierdie wet het op 1 November 1916 in werking getree en is later vervang deur die Wet op Geestesongesteldheid 18 van 1973.

Art. 29 het soos volg gelui:

“29. Procedure when Persons Charged Found to be Mentally Disordered or Defective at Time of Committing a Criminal Act or Omission.

(1) When in any indictment, summons or other criminal charge any act or omission is alleged against any person as an offence, and evidence has been given on the trial of such person for that offence that he was mentally disordered or defective so as not to be responsible according to law for the act or omission charged, at the time when the act was done or the omission occurred, then, if it

³⁴⁷ Bratty v Attorney General for Northern Ireland 1963 A.C. op 386.

*appears to the jury, or in the case of a trial before a court without a jury, to the court or to the magistrate or other judicial officer before whom such person is tried, that he did the act or made the omission charged but was mentally disordered or defective as aforesaid at the time when he did or made the same, the jury, court, magistrate, or other judicial officer, shall return a special verdict or finding to the effect that the accused was guilty of the act or omission charged against him, but was mentally disordered or defective as aforesaid at the time when he did the act or made the omission.*³⁴⁸

(2) The presiding judge, magistrate, or other judicial officer shall thereupon order the accused to be kept in custody in some prison or gaol pending the signification of the Governor-General's decision."

Die artikel is baie lank en lomp, maar aan die einde van die artikel word die belangrike deel tog aangedui, nl. dat 'n uitspraak van "skuldig, maar kranksinnig" sal volg indien die verweer suksesvol is. Artikel 29(2) verplig die hof egter om sodanige persoon vir aanhouding te stuur. Verder is daar geen verwysing na moontlike gevalle van gesonde outomatisme nie.

³⁴⁸ Die Engelse vertaling van die wet met skrywer se beklemtoning.

5.4.2 Strafproseswet 56 van 1955

Hierdie wet het op 1 Julie 1955 in werking getree en is op 22 Julie 1977 vervang deur die Strafproseswet 51 van 1977.

Art. 182 het soos volg gelees:

“182. Verhoor van kranksinnige persone.

Indien dit ter enige tyd na die aanvang van 'n verhoor beweer word of blyk dat die beskuldigde nie by sy volle verstand is nie, of indien daar by so 'n verhoor ter verdediging aangevoer word dat die beskuldigde vanweë kranksinnigheid nie strafregtelik aanspreeklik was vir die doen of late wat na bewering die misdryf waarvan hy aangekla word, uitmaak nie, moet met hom gehandel word op die wyse voorgeskryf deur die wetsbepalings met betrekking tot geestesgebreke.”

Hierdie artikel het dus net gegeld vir gevalle waar die beskuldigde geestesongesteld was.³⁴⁹ Moontlike gevalle van gesonde outomatisme word dus uitgesluit van artikel 182 en daar is ook geen verwysing daarna in die Wet self nie. Die aard van die beskuldigde se geestesafwyking was van geval tot geval ook debatteerbaar en die bepalende faktor of die artikel van toepassing is. In *R v Kumalo*³⁵⁰ en

³⁴⁹ Art. 3 van die Wet op Geestesgebreken van 38/1916 is hier die bepalende faktor van wat die geestesongesteldheid moet behels.

³⁵⁰ 1956(3) SA 238(N).

R v Schoonwinkel,³⁵¹ sake oor epilepsie, is daar byvoorbeeld beslis dat die artikel wel van toepassing is.

Een daadwerklike verskil in die wetgewing is bv. dat by die Wet op Geestesgebreken 38/1916 die pleit een is van “skuldig, maar kranksinnig.” Die Strafproseswet 56/1955 wat hierdie pleit na ‘n pleit van “onskuldig weens kranksinnigheid” gewysig het, het dus weggedoen met die sogenaamde “special verdict.”

5.4.3 Strafproseswet 51 van 1977

Art. 78 van die Strafproseswet 51/1977 het aanvanklik soos volg gelui:

78. Geestesongesteldheid of geestesgebrek en strafregtelike toerekenbaarheid.

(1) Iemand wat 'n handeling verrig of versuim om te verrig wat 'n misdryf uitmaak en wat ten tyde van so 'n verrigting aan 'n geestesongesteldheid of geestesgebrek ly wat tot gevolg het dat hy nie oor die vermoë beskik-

(a) om die ongeoorloofdheid van sy handeling te besef nie; of

(b) om ooreenkomstig 'n besef van die ongeoorloofdheid van sy handeling op te tree nie, is nie vir so 'n handeling strafregtelik toerekenbaar nie.

³⁵¹ 1953(3)SA 136 (K).

Dit is noodsaaklik vir die studie se doeleindes dat subartikel (6) ook gemeld word:

(6) Indien die hof bevind dat die beskuldigde die betrokke handeling verrig het en dat hy ten tyde van so 'n verrigting vanweë geestesongesteldheid of geestesgebrek nie vir daardie handeling strafregtelik toerekenbaar was nie –

(a) vind die hof die beskuldigde onskuldig; of

(b) indien die hof aldus bevind nadat die beskuldigde aan die ten laste gelegde misdryf skuldig bevind is maar voordat vonnis opgelê word, stel die hof die skuldigbevinding tersyde en vind hy die beskuldigde onskuldig, vanweë geestesongesteldheid of geestesgebrek, na gelang van die geval, en gelas hy dat die beskuldigde in 'n psigiatriese hospitaal of 'n gevangenis aangehou word hangende die beskikking van 'n regter in kamers.

Die hof se uitspraak by 'n suksesvolle verweer van geestesongesteldheid, was dus een van “onskuldig weens geestesongesteldheid.” Ingevolge subartikel (6) was die hof steeds verplig om die betrokke persoon vir aanhouding te stuur.

Milton het die volgende besware teen hierdie bewoording van art.

78 van die Strafproseswet 51 van 1977 geopper:³⁵²

- 1) Persone wat onskuldig bevind word weens geestesongesteldheid, word aangehou by 'n inrigting vir 'n onbepaalde tydperk.
- 2) 'n Persoon wat ten tye van die verhoor nie meer geestesongesteld is nie, word steeds gestuur vir 'n onbepaalde tydperk van aanhouding as hy onskuldig bevind word weens geestesongesteldheid.
- 3) Geestesongestelde persone, wat verdink word van 'n sekere misdryf, en wat nie verhoorbaar is nie, word gestuur vir 'n onbepaalde tydperk van aanhouding, alhoewel daar nog geen getuienis gelewer is nie. Die betrokke persoon word dalk aangehou terwyl hy onskuldig is.
- 4) Die reg het 'n vermoede dat elke persoon normaal en geestesgesteld is, tensy die beskuldigde anders kan bewys.

Die Strafproseswysigingswet 68 van 1998 het egter ingegryp om die onbillikhede hierbo genoem, uit te skakel.

³⁵² Milton 1999: 41.

5.4.4 Strafproseswet 51 van 1977 (soos gewysig deur die Wysigingswet op Strafregtelike Aangeleenthede 68 van 1998)

Art. 78 van die Strafproseswet 51/1977, soos gewysig deur Wet 68/1998, lees nou soos volg:

78. Geestesongesteldheid of geestesgebrek en strafregtelike toerekenbaarheid.

(1) Iemand wat 'n handeling verrig of versuim om te verrig wat 'n misdryf uitmaak en wat ten tyde van so 'n verrigting of versuim aan 'n geestesongesteldheid of geestesgebrek ly wat tot gevolg het dat hy of sy nie oor die vermoë beskik-

(c) om die ongeoorlooftheid van sy of haar handeling of versuim te besef nie; of

(d) om ooreenkomstig 'n besef van die ongeoorlooftheid van sy of haar handeling of versuim op te tree nie, is nie vir so 'n handeling of versuim strafregtelik toerekenbaar nie.

Die nuwe art.78(2) laat die wenkbroue egter lig, synde dit die deur oop laat vir nie-patologiese gevalle:

“78(2) If it is alleged at criminal proceedings that the accused is by reason of mental illness or mental defect or for any other reason not criminally responsible for the offence charged, or if it appears to the

court at criminal proceedings that the accused might for such a reason not be so responsible, the court shall in the case of an allegation or appearance of mental illness or mental defect, and may, in any other case, direct that the matter be enquired into and be reported on in accordance with the provisions of section 79.”³⁵³

Subartikel (1A) en (1B), wat die bewyslas verduidelik, is ook bygevoeg.

Art. 78 (1A) lees as volg:

'n Persoon word vermoed nie geestesongesteld of geestesgebrekig te wees nie ten einde nie strafregtelik toerekenbaar te wees ingevolge art.78(1) nie, totdat die teendeel op 'n oorwig van waarskynlikheid bewys word.

Art. 78 (1B):

Wanneer die strafregtelike toerekenbaarheid van 'n beskuldigde met betrekking tot die verrigting van 'n handeling of versuim wat 'n misdryf uitmaak in geskil is, rus die bewyslas m.b.t. die beskuldigde se

³⁵³ Skrywer se beklemtoning. Die Wysigingswet op Strafregtelike Aangeleenthede 68 van 1998 het in werking getree op 28 Februarie 2002 sonder die voorbehoud van enige artikels. (Kennisgewing no. 15:2002. Staatskoerant no. 23149).

Die wetsbepaling met die bygevoegde bewoording is dus in werking.

strafregtelike toerekenbaarheid, op die party wat die saak geopper het.

Indien 'n persoon se verweer van patologiese ontoerekeningsvatbaarheid, ingevolge art.77-79 van die Strafproseswet, suksesvol is, word die persoon gewoonlik gestuur vir aanhouding en observasie by 'n inrigting.

Die Regskommissie³⁵⁴ het egter 'n aanbeveling gemaak dat hierdie subartikels hersien moet word weens die moontlike ongrondwetlikheid daarvan.

Milton³⁵⁵ verduidelik die posisie as volg: "The position in South African law is now as follows: the presumption of sanity is codified in s 78(1A) of the Criminal Procedure Act 1977; the burden of proving insanity rests on the party raising the issue; the burden may be discharged on the balance of probabilities. ... [T]he accused who raises the defence of insanity is now in more or less the same position as before the passing of the Criminal Matters Amendment Act 1998: he or she must adduce evidence that establishes, on the balance of probabilities, a state of insanity at the time of the offence.

³⁵⁴ Discussion Paper 90, Project 101, March 2000

³⁵⁵ "Law reform: The Criminal Matters Amendment Act 1998" 1999 (12) SACJ 41 at 47- 81.

What is puzzling about all this is why Parliament declined the constitutionally correct opportunity to assert the presumption of innocence and prefer the more dubious option of perpetuating the anomalous reverse onus arising from the presumption of sanity.

It might be that Parliament (in the form of the Portfolio Committee) was persuaded by the reasoning of the Canadian Supreme Court in *R v Chaulk* (supra)³⁵⁶ which found that ‘the nearly impossible task of disproving insanity’ placed an insupportable burden of proof on the prosecution.³⁵⁷ The Court thus found the reverse onus justifiable.

If this was indeed the motivation of the Portfolio Committee it is, with respect, neither persuasive nor principled.

³⁵⁶ [1990] 3 S.C.R. 1303

³⁵⁷ Per Dickson C.J. and Lamer C.J. and La Forest, Sopinka and Cory JJ.:

“Section 16(4) of the Code constitutes a reasonable limit on the presumption of innocence. The objective of s. 16(4), which is a purely evidentiary section, is to avoid placing on the Crown the impossibly onerous burden of disproving insanity and to thereby secure the conviction of the guilty. To reduce the burden on the accused to a mere evidentiary burden would not achieve the objective as effectively. While s. 16 is seldom raised, given the substantial constraint on liberty which follows a successful insanity plea, if insanity were easier for an accused to establish, the defence would be successfully invoked more often. ...The burden on the accused is not the full criminal burden; rather, the accused is required to prove his insanity on a balance of probabilities. Section 16(4) represents a compromise of three important societal interests: avoiding a virtually impossible burden on the Crown; convicting the guilty; and acquitting those who truly lack the capacity for criminal intent. The alternatives to this compromise raise their own Charter problems and give no guarantee as to whether they will achieve the objective.”

Whatever may be the position in Canada, the task of disproving insanity in South African law is not so arduous as may appear. Section 79 of the Criminal Procedure Act 1977 requires that an accused person thought to be mentally ill must be referred to a psychiatric institution for examination by a panel of psychiatric practitioners. The panel is required to prepare a report which must, among other things, include a finding as to whether, at the relevant time, the accused's capacity to distinguish right from wrong was affected by mental illness. Should the panel report that the accused was not insane at the time, it is surely disingenuous to suggest that it is 'virtually impossible' for the state, in these circumstances, to disprove sanity?"

Die Regskommissie³⁵⁸ dui aan dat "...once section 78(1B) comes into force all defences pertaining to criminal responsibility would have to be proved by the accused on a balance of probabilities. (For example, the defence of non-pathological incapacity). In order to justify this infringement of the presumption of innocence the state would have to establish that convictions could not be obtained using ordinary police and prosecutorial tactics.

Presumably this would be very difficult to establish as the prosecution has managed without this presumption in the past. It is also likely that

³⁵⁸ Discussion Paper 90, Project 101, March 2000:16.

s. 78(1B) will be found to be unconstitutional.”

Burchell³⁵⁹ verwys na subartikel (1B) as volg: “If taken out of context, this loosely-worded section could be invoked to argue that the Legislature has, in fact, shifted the onus of proving lack of criminal responsibility (ie incapacity) onto the accused, not only in cases where insanity is raised by the accused as a defence but also in cases where non-pathological incapacity is raised as a defence. This conclusion, it is submitted, is not justified.”

Artikel 78 is tog inderdaad geskryf met die oog op ontoerekeningsvatbaarheid weens geestesongesteldheid en die nie-patologiese redes hoort dus nie by artikel 78 nie.

Artikel 78(6)³⁶⁰ is vir hierdie studie egter van kardinale belang en is aansienlik deur die Wysigingswet op Strafregtelike Aangeleenthede 68/1998 gewysig.

³⁵⁹ Burchell 2005:390.

³⁶⁰ Art. 5 van die Strafproseswysigingswet 68 van 1998 wysig art. 78(6) van die Strafproseswet van 1977.

Art. 78(6):

(6) Indien die hof bevind dat die beskuldigde die betrokke handeling verrig het en dat hy ten tyde van so 'n verrigting vanweë geestesongesteldheid of geestesgebrek nie vir daardie handeling strafregtelik toerekenbaar was nie –

(c) vind die hof die beskuldigde onskuldig; of

(d) indien die hof aldus bevind nadat die beskuldigde aan die ten laste gelegde misdryf skuldig bevind is maar voordat vonnis opgelê word, stel die hof die skuldigbevinding tersyde en vind hy die beskuldigde onskuldig,

vanweë geestesongesteldheid of geestesgebrek, na gelang van die geval, en gelas hy

(i) in die geval waar die beskuldigde aangekla word van moord of strafbare manslag of verkragting of 'n ander aanklag waarby ernstige geweld betrokke is, of indien dit na die hof se oordeel in die openbare belang nodig is dat die beskuldigde –

(aa) in 'n psigiatriese hospitaal of 'n gevangenis aangehou word hangende die beslissing van 'n regter in kamers ingevolge artikel 29(1)(a) van die Wet op Geestesgesondheid, 1973.

(bb) opgeneem, aangehou en behandel word by 'n in

die bevel vermelde inrigting ingevolge Hoofstuk 3 van die Wet op Geestesgesondheid,³⁶¹ hangende ontslag deur 'n hospitaalraad ingevolge artikel 29(4A)(a) van daardie Wet;

(cc) as 'n buitepatiënt ingevolge artikel 7 van daardie Wet behandel word hangende die sertifisering deur die superintendent van daardie inrigting waarin vermeld word dat hy of sy nie langer as sulks behandel hoef te word nie;

(dd) ontslaan word onderworpe aan sulke voorwaardes as wat die hof nodig ag; of

(ee) onvoorwaardelik ontslaan word;

(ii) in enige ander geval as 'n geval beoog in subparagraaf (i), dat die beskuldigde-

(aa) opgeneem, aangehou en behandel word by 'n in die bevel vermelde inrigting ingevolge Hoofstuk 3 van die Wet op Geestesgesondheid,³⁶² hangende ontslag deur 'n hospitaalraad ingevolge artikel 29(4A)(a) van daardie Wet;

(bb) behandel word as 'n buitepatiënt ingevolge artikel 7 van daardie Wet hangende die sertifisering deur die superintendent van daardie inrigting waarin

³⁶¹ Wet 18/1973.

³⁶² Wet 18/1973.

vermeld word dat hy of sy nie langer as sulks

behandel hoef te word nie;

(cc) ontslaan word onderworpe aan sulke

voorwaardes as wat die hof nodig ag; of

(dd) onvoorwaardelik ontslaan word.

Die hof is dus nie meer verplig om die betrokke persoon vir aanhouding te stuur nie en die wetswysiging gee aan die hof nou 'n diskresie om te bepaal wat die korrekte optrede en remedie is in elke geval.

Die nuwe gewysigde artikel bepaal dat in gevalle van ernstige geweldsmisdrywe (soos moord, strafbare manslag, verkragting), die hof gemagtig is om die beskuldigde vir aanhouding te stuur na 'n psigiatiese hospitaal, of die beskuldigde as buitepasiënt toe te laat tot 'n psigiatiese hospitaal, of die beskuldigde vry te laat op voorwaardes wat die hof as geskik ag, of selfs om die beskuldigde onvoorwaardelik vry te laat.

Die hof het ook die bevoegdheid tot bogenoemde keuses, as die hof sou voel dat dit in openbare belang is. Die beskuldigde behoort dus ge-evalueer te word aan die einde van die verhoor, om te bepaal of

hy/sy nog geestesongesteld is en nog 'n gevaar inhou vir die samelewing.³⁶³

Die hof word dus ingevolge die nuwe wysigings die bevoegdheid gegun om na gelang van elke geval die gepaste besluit te neem.³⁶⁴ So kan 'n persoon, in die geval van 'n minder ernstige misdryf, byvoorbeeld behandel word as 'n buite-pasiënt in plaas van aanhouding by 'n inrigting.

Art. 77(6)(a) van die Strafproseswet van 1977 is ook gewysig en maak nou voorsiening daarvoor dat getuienis aangehoor word voordat enige aanhouding beveel word, in gevalle waar die beskuldigde onbevoeg is om verhoor te word. Dit skakel die gevaar uit dat 'n aanname sommer oor 'n persoon se geestestoestand gemaak word, en 'n persoon sommer net opgesluit word om die samelewing teen hom te beskerm. Indien die hof bevind,³⁶⁵ dat die beskuldigde wel moontlik die gewraakte handeling verrig het, moet die hof beveel dat die beskuldigde aangehou word. Indien die hof bevind dat die beskuldigde nie die gewraakte handeling verrig het nie, moet die hof beveel dat die beskuldigde siviël na 'n inrigting verwys word.³⁶⁶

³⁶³ Milton 1999: 43.

³⁶⁴ Strafproseswysigingswet 68/1998.

³⁶⁵ Na aanhoor van die getuienis

³⁶⁶ Civil commitment

In die geval van ander misdrywe as bogenoemdes, moet die hof beveel dat die beskuldigde siviël opgeneem word by 'n inrigting of behandel word as buite-pasiënt.

Die hof het dus die bevoegdheid, as dit op 'n oorwig van waarskynlikheid vasstaan dat die beskuldigde wel die handeling verrig het en nadat die aard van die onbevoegdheid in ag geneem is, om aanhouding te beveel of dat die beskuldigde as buite-pasiënt behandel word. In die geval van ernstige misdrywe sal die beskuldigde slegs vir aanhouding gestuur word as dit op 'n oorwig van waarskynlikheid vasstaan dat die beskuldigde wel die handeling verrig het.

Daar sal nou na die persoon se geestesgesteldheid gekyk word na die afloop van die verhoor, ten einde te bepaal of hy/sy 'n gevaar inhou vir die samelewing. Daar word vereis dat getuïenis aangehoor word voordat enige besluite oor aanhouding geneem word. Die betrokke persoon sal dus nie aangehou word, terwyl hy onskuldig is nie.

Art. 78(1A) bepaal dat die bewyslas nou rus op die party wat die geestesongesteldheid beweer, en die bewyslas een is van 'n oorwig van waarskynlikheid. Die beskuldigde wat geestesongesteldheid opper as 'n verweer is dus in dieselfde posisie as voor die

wetswysigings. Die beskuldigde moet steeds op 'n oorwig van waarskynlikheid bewys dat hy geestesongesteld was ten tye van die pleeg van die misdryf. In gevalle waar die staat egter die geestesongesteldheid beweer, rus die genoemde bewyslas op die staat.

In gevalle waar 'n persoon homself verweer met nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid,³⁶⁷ is die bewyslas egter op die staat.

5.5 Regspraak

Daar sal vervolgens na regspraak in Suid-Afrika gekyk word, ten einde die interpretasie van die howe rakende nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid en gesonde outomatisme, te bepaal. Die ouer sake word eerste behandel. Die *locus classicus* tans op die gebied van outomatisme is die saak van S v Eadie en hierdie saak sal heel laaste behandel word.

5.5.1 **R v Victor - 1943**³⁶⁸

Die beskuldigde, 'n 28 jaar oue man, se motor het op 6 Desember 1941 met 'n hoë spoed in Springs gery, verskeie stoptekens

³⁶⁷ 'n Oorsaak anders as geestesongesteldheid

³⁶⁸ 1943 TPD 77

verontagsaam en teen 'n stasiewa by 'n vulstasie gebots. Groot skade is aangerig ten opsigte van die stasiewa en sommige petrolpompe. 'n Man wat by sy motor gestaan het, is ernstig beseer en sy een been moes geamputeer word. Die beskuldigde is in 'n bewustelose toestand in sy motor gevind, dog met beide hande steeds op die stuurwiel terwyl sy regtervoet die petrolpedaal ingetrap het. Hy het ook hoofbeserings as gevolg van die botsing gehad.

Die beskuldigde se verweer op 'n aanklag van nalatige bestuur, was dat hy nie aanspreeklik vir sy gedrag was nie, aangesien hy 'n epileptiese aanval gehad het. Hy was, benewens epileptiese aanvalle so af en toe, heeltemal gesond. Die aanvalle het begin op die ouderdom van 14 of 15 en hy het gewoonlik 'n waarskuwingsgevoel gekry vyf of tien minute voor 'n aanval.

Hy het bewys gelewer dat hy deur 'n ongelisensieerde praktisyn behandel is op 31 Oktober 1941, asook dat hy vier weke behandeling van die persoon ontvang het, wat hom meegedeel het dat hy nou genees was. Die dag wat die ongeluk plaasgevind het, het hy egter om 09h00 'n aanval gehad wat voorafgegaan is deur die gewone "waarskuwing." Hy het beweer dat hy geregverdig was om sy motor die betrokke dag te bestuur, aangesien hy nog nooit tevore twee aanvalle op dieselfde dag gekry het nie.

Die betrokke dag was hy onderweg om sy motor met brandstof te vul, maar het geen waarskuwing gekry van 'n aanval nie. Hy het omtrent 20 myl per uur in Eerstestraat gery en by 'n stopstraat stilgehou. Verder kan hy niks onthou nie, ook nie van enige ongeluk nie. 'n Neuroloog het getuig dat die beskuldigde twee tipes epileptiese aanvalle kry, nl, *grand mal* en *petit mal* en was van mening dat beskuldigde 'n aanval gehad het net voor die ongeluk. Regter Millin het bevind dat die beskuldigde wel nalatig was omdat hy geweet het dat hy aan epilepsie ly, en moes voorsien het dat hy 'n aanval kan kry terwyl hy bestuur en sodoende onbevoeg is om die motor onder behoorlike kontrole te hou. Die appèl is van die hand gewys.

De Wet en Swanepoel³⁶⁹ kritiseer die beslissing: "Dit wil voorkom of die Hof die manewales wat die voertuig uitgevoer het nadat die bestuurder sy aanval gekry het eintlik as die 'handeling' wil beskou waarvoor die beskuldigde bestraf word, want die hof beslis: "...[H]e must be criminally responsible for the failure to keep it under proper control."³⁷⁰

Tog ontstaan die vraag of dit billike kommentaar is. Dit wil eerder voorkom asof die hof antesedente aanspreeklikheid bevind, nl. die feit dat die beskuldigde die epilepsie kon voorsien het en die nodige

³⁶⁹ De Wet en Swanepoel 1985: 50.

³⁷⁰ 1943 TPD 77 op 83.

stappe moes geneem het om 'n ongeluk te voorkom, deur nie te bestuur nie.³⁷¹

5.5.2 R v Schoonwinkel - 1953³⁷²

Die beskuldigde is aangekla van strafbare manslag voortspruitend uit 'n kop-aan-kop botsing op die Bredasdorp-Swellendampad. Die getuienis was dat die beskuldigde se motor reeds 30 treë voor die punt van botsing aan die verkeerde kant van die pad was. As gevolg van die botsing is die bestuurder van die ander motor en sy vrou oorlede. Daar is bevind dat die beskuldigde net voor die botsing 'n psigomotoriese epileptiese aanval gekry het en dus nie strafregtelik aanspreeklik was vir die botsing nie.

Die hof beslis : "...[W]e are satisfied that at the time when the collision occurred the accused was suffering from an epileptic fit, that his mind was then a blank, and that therefore he is exonerated from

³⁷¹ Regter Steyn op 137H in die Schoonwinkel-saak verwys na R v Victor "...the Court on appeal sustained the conviction by a magistrate on the ground that the negligence which the accused there committed was not so much in the driving of the vehicle, but in his driving at all, knowing of his physical disability."

³⁷² 1953(3) SA 136 K.

criminal responsibility for his negligent driving as such at the time of the collision." ³⁷³

Regter Steyn onderskei hierdie geval van R v. Victor³⁷⁴ daarin dat hierdie beskuldigde slegs twee klein aanvalle in die verlede gehad het, beide terwyl hy in die bed was, en dat hy nie redelik kon of moes voorsien het dat dit gevaarlik is om op 'n openbare pad te bestuur nie, selfs al het hy geweet dat hy aanvalle kry en een in die toekoms kan kry. Hy is derhalwe onskuldig bevind.

Die hof het verder die vraag ondersoek of 'n spesiale bevinding kragtens Artikel 29(1) van die Wet op Geestesgebreken 38 van 1916 gemaak moes word. " But not all epileptics are mentally disordered; it is only a person suffering from epilepsy who is a danger to himself or others or who is incapable of managing his own affairs."³⁷⁵

Die hof bevind dat beskuldigde nie so 'n persoon is nie, en daarom is geen spesiale bevinding ingevolge Artikel 29(1) uitgebring nie. In regter Steyn se woorde: " ...it does not seem to me that this is a case where the defence endeavoured to set up a defence of

³⁷³ 1953(3) SA 136 K op 137G.

³⁷⁴ 1943 TPD 77.

³⁷⁵ 1953(3)SA 136 (K) op 138G.

insanity....within the ambit of that definition the accused does not fall.”

376

De Wet en Swanepoel³⁷⁷ is van mening dat die benadering in die Schoonwinkel-geval beter is as die van dié Victor-saak, en dat hoewel daar nie uitdruklik verklaar is dat die "afwesigheid van 'n handeling" die grondslag vir die onskuldigbevinding is nie, blyk dit tog uit die beslissing in die geheel dat dit die oorweging was.³⁷⁸

Die benadering van die hof was dat Schoonwinkel nie nalatig was nie, aangesien hy nie epileptiese aanvalle redelikerwys moes voorsien het, soos wat dit die geval met die Victor-saak was nie.

As die rede vir die onskuldigbevinding ontoerekeningsvatbaarheid weens geesteskrankheid was, sou die hof die beskuldigde ooreenkomstig Artikel 29 van die Wet op Geestesgebreken 38 van 1916, "skuldig maar kranksinnig" moes verklaar. Volgens Van Rensburg het die hof het dit doelbewus nie gedoen nie, en die redes deur die hof aangevoer, is volgens hom nie juis insiggewend nie.³⁷⁹

³⁷⁶ 1953(3)SA 136 (K) op 138E en G.

³⁷⁷ De Wet en Swanepoel 1985: 51.

³⁷⁸ 1953(3) SA 136 K op 137G.

³⁷⁹ Van Rensburg 1987:357.

Die Schoonwinkel-saak het beslis te doen gehad met 'n geval waar dit nie die gewensde uitwerking sou gehad het om die “geestesongestelde” persoon vir aanhouding te stuur nie. Die hof het bevind dat die beskuldigde nie geestesongesteld is nie en dat art. 29 van die Wet op Geestesgebreken dus nie toepassing vind nie. Die hof brei inderdaad nie uit oor die gevolge van art. 29 en die aspek van verpligte aanhouding nie.

A.R. Rumpff kritiseer ook hierdie beslissing in die saak van S v Mahlinza³⁸⁰ en is van mening dat artikel 3 van die Wet op Geestesgebreken 38 van 1916 'n medies-wetenskaplike klassifikasie bevat van geestelik gekrenkte of gebrekkige persone. Die Artikel bedoel nie om 'n omskrywing te gee van die begrip “geesteskrankheid” of duursame geestesgebrek nie, soos verkeerdelik aanvaar is in R v. Schoonwinkel nie: “ Terselfdertyd is dit duidelik uit die bepalings van die Wet dat, hoewel enersyds van 'n ‘duursame geestesgebrek’ gepraat word (soos bv. aangebore swaksinnigheid), geesteskrankheid andersyds nie van 'n permanente aard hoef te wees om ontoerekeningsvatbaarheid te veroorsaak nie en dat art. 29 tydelike geesteskrankheid nie uitsluit nie.”³⁸¹

³⁸⁰ 1967(1) S.A.408 (A) op 417C.

³⁸¹ 1967(1) S.A.408 (A) op 417D.

5.5.3 R v Kumalo - 1956³⁸²

Die beskuldigde het op 19 Julie 1955 die vrou saam met wie hy gewoon het, vermoor. Hoewel hy nog nie sy lobola ten volle betaal het nie, het hulle reeds vir sewe jaar bymekaar gewoon en is sy volgens Zulu-tradisie as sy vrou beskou. Op die betrokke dag het hy na ene Dhlamini se kraal gegaan waar hy bier gedrink het. Volgens getuienis is hy nie deur die bier aangetas nie. Daardie aand het sy buurvrou, Eileen, wat omtrent 50 tree van hom af woon, gehoor dat die beskuldigde hard roep. Nadere ondersoek het getoon dat die beskuldigde sy vrou met 'n assegaai gesteek het. Sy het op die grond gelê en die beskuldigde, wat erken het dat hy haar gesteek het, het vrylik gepraat en normaal vertoon.

Daar was verbande om die beskuldigde se vrou se maag gedraai en sy het nog gelewe. Sy het aan Eileen meegedeel dat daar geen struweling was nie en dat hy haar sommer net gesteek het. Die beskuldigde het self ook nie geweet wat gebeur het nie. Dit het net swart voor hom geword en hy weet nie hoe hy die assegaai in die hande gekry het nie. Die getuienis toon verder ook dat die twee 'n gelukkige huwelik gehad het. Die beskuldigde het tydens observasie beweer dat hy een keer elke week of twee 'n aanval van duiseligheid

³⁸² 1956(3) S.A.238 N.

kry en dat hy dan moet gaan sit totdat die aanval oor is. Alles het daarop gedui dat dit *sg. petit mal* epileptiese aanvalle is.

Die insident toe hy sy vrou met die assegaai gesteek het, stem ooreen met 'n kort periode waar hy outomaties en onbewus gehandel het. Die staat het aangevoer dat indien die hof bevind dat die beskuldigde nie geweet het wat hy doen nie, daar gehandel moet word ingevolge Arikel 29 van die Wet op Geestesgebreken. Die verdediging, daarenteen, het beweer dat die verweer die van 'n gesonde outomatisme is. Die hof is van mening dat die beskuldigde 'n epileptiese lyer is wat 'n gevaar vir homself en vir ander inhou.³⁸³ Art. 29 was dus van toepassing en die beskuldigde word “skuldig, maar kranksinnig” bevind.

Regter Brokensha weier egter om die kwessie van outomatisme en handelingsbevoegdheid te oorweeg en konsentreer slegs op die kwessie van die beskuldigde se geestestoestand. Op 244AB word gesê: “[W]here in any criminal trial evidence (including medical evidence) is led of mental disorder or defect on the part of the accused, the Court should not in the first instance consider the defence of automatic action. **The provisions of sec. 29 are**

³⁸³ 1956 (3) SA 244A.

imperative, and consequently, once the Court accepts the evidence of mental disorder and finds a causative relationship between the mental condition of the accused and his unlawful conduct, a verdict of guilty but insane must be returned and an order made for the detention of the accused in custody pending the signification of the Governor-General's decision. The application of the provisions of sec. 29 is a matter leaving no room for discretion and it is not open to the defence to circumvent the application of this action by invoking the defence of automatic action.”³⁸⁴

Daar is egter heelwat beswaar teen hierdie beslissing. Volgens Van Rensburg moet 'n onderskeid gemaak word tussen gesonde en sieklike outomatisme, want die bewyslas sal verskil.³⁸⁵

5.5.4 R v Mokwanazi – 1959³⁸⁶

Die beskuldigde is aangekla van moord op sy vrou. In September 1958 het die oorledene na sy swaer in Randfontein gegaan, waar sy vrou op daardie tydstip tot 16 Januarie gebly het. Op daardie dag het die beskuldigde haar gaan haal om 'n begrafnis by te woon. Die

³⁸⁴ Op 244 AB.

³⁸⁵ Van Rensburg 1987:361.

³⁸⁶ 1959(3) S.A. 782 W.

beskuldigde en sy vrou het op 'n bed geslaap en drie ander vrouens het saam in dieselfde kamer op die vloer geslaap.

Maria Kumalo, een van die vrouens, het wakker geword toe oorledene bo-op haar val. Die oorledene het 'n diep wond aan haar regterwang gehad en kon nie praat nie. Die beskuldigde het in die kamer gestaan met 'n byl in sy hand, en toe hy deur Maria gevra is wat gebeur het, het hy geantwoord: "Vra hierdie Satan," verwysende na die oorledene.

Kort daarna het 'n buurman, Petrus Nkosi, die kamer binnegekom. Die oorledene is in hierdie stadium deur twee vrouens in 'n sittende posisie ondersteun, terwyl die beskuldigde steeds op een plek bly staan het met die byl in sy hand. Hy het gaan sit, maar na 'n kort tydjie weer opgestaan en sonder om enigiets te sê het hy sy vrou met die byl oor die kop geslaan.

Die beskuldigde het getuig dat, nadat hulle bed toe gegaan het, ene Jamina daar aangekom het met bier wat sy aan hom oorhandig het. Dit het die oorledene ontstel, en sy het aan beskuldigde gesê dat hy nie die bier moes aanvaar het nie. Hy het sy vrou om verskoning gevra, en om aan haar te toon dat daar geen intieme verhouding

tussen hom en Jamina bestaan nie, het hy haar gevra om gemeenskap met hom te hê. Sy het ten spyte van herhaalde versoeke geweier. Die beskuldigde kan onthou dat hy die byl gesien het en sy vrou daarmee geslaan het, maar kan niks onthou van wat verder gebeur het nie. Die beskuldigde het getuig dat hy epileptiese aanvalle kry waartydens hy nie bewus is van wat gebeur nie.

Die hof het aanvaar dat hy sy vrou vermoor het terwyl hy 'n epileptiese aanval gehad het in die vorm van *petit mal*. Regter Hill het die beslissing in die Kumalo-saak gevolg en die uitspraak was dan ook "skuldig maar kranksinnig." Dit blyk ook dat die hof onderskei tussen "gesonde" outomatisme en "sieklige" outomatisme, hoewel dit nie die spesifieke terme gebruik nie, en epileptiese outomatisme dan plaas onder "sieklige" outomatisme: " At common law the principle is firmly established that a person cannot be held criminally responsible for an involuntary act and this is so whether a perfectly sane person commits an act while in a state of unconsciousness, not brought about by his own fault, or whether by some mental derangement he was unable to appreciate the nature and quality of his act." Regter Hill som as volg op: " Where, therefore, a sane person commits an act while in a state

of automatism he will have the complete defence that he is not responsible for his act and will be entitled to an acquittal.”³⁸⁷

5.5.5 R v Mkize – 1959³⁸⁸

Die beskuldigde word aangekla van moord op sy suster. Uit die getuienis het dit geblyk dat die beskuldigde ‘n epileptiese aanval gehad het toe hy sy suster met ‘n mes doodgesteek het. Die beskuldige het geen motief gehad om haar te dood nie en hy kan niks onthou van die voorval nie.

Regter Jansen beskryf die beskuldigde se toestand as volg “...he was in an unconscious state, having neither judgement, will, purpose, nor reasoning, that the act (or acts) of stabbing was a result of blind reflex activity.”³⁸⁹

Hy noem ook dat daar geen eenstemmigheid is oor die onderskeid en die grense tussen ‘n willekeurige en onwillekeurige handeling nie.³⁹⁰

In sy ontleding van die probleem, verwys regter Jansen na verskeie bronne in sy uitspraak, o.a. De Wet en Swanepoel: “Die gedraging moet ‘n willekeurige wees, maar nie noodwendig ‘n gewilde nie.”³⁹¹

³⁸⁷ 1959(3) SA 782 W op 786A-C.

³⁸⁸ 1959(2) SA 260(A).

³⁸⁹ 1959(2) SA 260(A) op 263H - 264A.

³⁹⁰ 1959(2) SA 260(A) op 265D.

Hy verwys ook na Cross en Jones³⁹² wat van mening is dat “...the word ‘voluntary’ has no single agreed meaning.” Cross en Jones onderskei tussen twee gevalle van onwillekeurigheid, nl. “[due] to intervention of some agency beyond his control” en “...cases in which the accused’s mind had no control over his body.”

Die onwillekeurigheid kan dus volgens Cross en Jones weens ‘n onvoorsiene faktore van buite wees, of deur die feit dat die beskuldigde se verstand nie beheer gehad het oor sy optrede nie.

By die toepassing van art. 29 van die Wet op Geestesgebrekke 38 van 1916, bevind regter Jansen dat hierdie artikel uitsluitlik toepassing vind waar dit blyk dat die beskuldigde “...was guilty of the act charged against him, but was mentally disordered or defective so as not to be responsible according to law.”³⁹³

Die artikel word dus beperk tot gevalle van geestesongesteldheid. Die hof bevind dat die beskuldigde se handeling onwillekeurig was, en aangesien die beskuldigde nie aan ‘n geestesongesteldheid ly nie, art. 29 nie van toepassing is nie. Die hof *a quo* se spesiale uitspraak van skuldig, maar geestesongesteld, word verander na onskuldig.

³⁹¹ De Wet en Swanepoel 1958: 17-18 ; 1959(2) SA 260(A) op 264F.

³⁹² Cross en Jones 1956:33-34 ; 1959(2) SA 260(A) op 264G-H.

³⁹³ 1959(2) SA 260(A) op 266H-267A.

5.5.6 S v Mahlinza – 1967³⁹⁴

In Augustus 1965 het Julia Mahlinza, 'n swart moeder van 3 kinders, in die vroeë oggendure opgestaan, na buite gehardloop en skynbaar onsin gepraat, waarop sy teruggekeer het na haar hut en in die kombuis ingegaan het. Sy het paraffien oor die hout van 'n stoof gegooi en dit aan die brand gesteek. Daarna het sy haar onderrok op die vuur geplaas, asook haar baba en haar sesjarige dogter.

Die sesjarige dogter het daarin geslaag om weg te kom en onder die bed ingekruip. Sy is later weer stoof toe gesleep, maar het weer ontvlug. Die derde kind, 'n seun, het ook daarin geslaag om weg te kom nadat sy gepoog het om hom op die stoof te verbrand. Die babaseun het dodelik verbrand. Toe die bure daar opdaag het die beskuldigde naak op die vloer gelê en haar sesjarige dogtertjie vasgehou.

Sy het baie gepraat, dog hulle kon nie verstaan wat sy sê nie. Sy was 'n toegewyde moeder, maar het 'n grief teenoor haar man gehad wat aan 'n geslagsiekte gely het. Die beskuldigde kan niks onthou wat

³⁹⁴ 1967(1) SA 408 (A).

gebeur het nie. Die diagnose van die psigiater was histeriese dissosiasie.

A.R. Rumpff maak die volgende belangrike stelling: "'n Onmiskerbare vereiste in die Strafreg vir die skuldigbevinding aan 'n misdaad is toerekeningsvatbaarheid. Dis die taak van die Hof, wanneer die geskilpunt voor hom gelê word, om vas te stel of 'n beskuldigde toerekeningsvatbaar is ten opsigte van die aan hom toegeskrewe feit. Toerekeningsvatbaarheid is 'n begrip wat te doen het met die beskuldigde se geestesvermoëns ten tyde van die begaan van die aangeklaagde feit. Indien 'n ondersoek in die geestesvermoëns met betrekking tot die aangeklaagde feit aantoon dat die beskuldigde ontoerekeningsvatbaar was, verval enige noodsaaklikheid van 'n ondersoek na 'skuld' in die regs wetenskaplike sin en na die willekeurigheid of nie van die handeling waarmee die aangeklaagde feit begaan is."³⁹⁵

Oor hierdie beslissing skryf De Wet en Swanepoel³⁹⁶ onder meer soos volg:

³⁹⁵ 1967(1) SA 408 (A) op 414G-415H.

³⁹⁶ De Wet en Swanepoel 1985: 117.

"In S v Mahlinza.....word gesê dat indien dit blyk dat die beskuldigde ontoerekeningsvatbaar was, enige noodsaaklikheid van 'n ondersoek na skuld **en na die willekeurigheid of nie van die handeling** verval. Met die tweede deel van hierdie stelling kan ek nie saamstem nie. Die vraag of iemand skuld het, kom eers ter sprake as daar gehandel is, en toerekeningsvatbaarheid is 'n voorvereiste vir skuld, en nie vir 'n handeling nie."

De Wet en Swanepoel probeer, met respek, te regstegnies raak. Die volgorde van die misdadaadselemente is tog nie van kardinale belang nie. Indien enige een van die misdadaadselemente ontbreek, is die ondersoek na enige van die oorblywende elemente tog onnodig.

Indien daar 'n grondslag gelê word in die getuienis vir 'n beroep op ontoerekeningsvatbaarheid wat nie deur geestesongesteldheid veroorsaak is nie, moet uitspraak t.g.v. die beskuldigde gegee word indien daar 'n redelike twyfel bestaan oor die oorsaak van sy ontoerekeningsvatbaarheid. Hier word dus verwys na 'n nie-patologiese toestand, m.a.w. 'n toestand wat nie deur art. 78(1) van die Strafproseswet gedek word nie.

Die Appèlafdeling bevind dat die hof *a quo* korrek was in die beslissing dat "...a temporary defect of reason or mind which is not

likely to recur is not a mental disorder in terms of section 29 of the Mental Disorders Act...the accused was rightly acquitted.”³⁹⁷

5.5.7 R v Senekal – 1969³⁹⁸

Die beskuldigde is aangekla van moord. Hy het die aand van die moord betrokke geraak by 'n geveg met 'n ene Fallon, waarin hy sleg deurgeloop het. Hy is by die klub uitgegooi waarna hy sy mes gaan haal het om op Fallon hom te gaan wreek. Oopad terug na die klub het die oorledene, Calvert, die beskuldigde probeer oorreed om nie voort te gaan met sy intensies nie. In die proses het Calvert 'n meswond opgedoen, as gevolg waarvan hy gesterf het.

Die beskuldigde verweer homself op grond van outomatisme, synde hy baie alkohol ingeneem het en boonop beserings opgedoen het. Sy verweer is dus dat hy onbewus was van wat hy gedoen het. Deur die hele verhoor word sy na verweer verwys as een van “sane automatism”.³⁹⁹

Die verhoorhof se bevinding was dat indien 'n persoon optree in 'n toestand van gesonde outomatisme, weens bv.

³⁹⁷ 1967(1) 408 A.D. op 410H.

³⁹⁸ 1969 (4) R.AD. 478.

³⁹⁹ 1969 (4) R.AD. 478 op 482 E.

harsingskudding/konkussie of slaapwandelary, die betrokke persoon vryspraak kan geniet.⁴⁰⁰ Die beskuldigde is dan ook onskuldig bevind en die staat teken appèl aan.

'n Paar beginsels wat in die appèlhof uitspraak na vore kom, is eerstens die feit dat geestesongesteldheid tydelik of van permanente aard kan wees.⁴⁰¹ Tweedens word dit weer duidelik gestel dat die oorsaak van die outomatisme nie belangrik is nie, maar dat daar gekonsentreer word op die geestestoestand van die beskuldigde, ten tye van die handeling. Die regter se aanhaling spreek vanself: "It does not matter, for the purposes of the law, whether the defect of reasoning is due to a degeneration of the brain or to some other form of mental derangement. That may be a matter of importance medically, but it is of no importance to the law, which merely has to consider the state of mind in which the accused is, not how he got there."⁴⁰²

Die uitspraak van die hof was dat die appèl suksesvol is en dat die regter in die hof *a quo* gefouteer het. Outomatisme weens konkussie

⁴⁰⁰ 1969 (4) R.AD. 478 op 482 H – 483 A.

⁴⁰¹ 1969 (4) R.AD. 478 op 487 G. Sien ook Ook Mahlinza 1967 (1) SA 408 (A) op 417D-E.

⁴⁰² 1969 (4) R.AD. 478 op 487 FG.

val onder die definisie van geestesongesteldheid en 'n spesiale uitspraak⁴⁰³ moet gegee word.

Die beskuldigde was dalk inderdaad nie in 'n toestand van toerekeningsvatbaarheid nie, maar dit was slegs tydelik van aard. Die hof maak 'n duidelike onderskeid tussen geestesongesteldheid van 'n permanente en van 'n tydelike aard, maar gooi albei oor dieselfde boeg.⁴⁰⁴

Die feit dat die beskuldigde tydens die verhoor weer normaal funksioneer, of geen gevaar meer vir die samelewing inhou nie, speel by die hof geen rol in die uitkoms nie. Hy word dus steeds vir aanhouding gestuur by 'n inrigting vir geestesongesteldes.

5.5.8 **S v Stellmacher – 1983**⁴⁰⁵

Die beskuldigde is aangekla van moord op Paul Freyer. Die beskuldigde het vir 'n periode van weke voor die beweerde moord, op 'n streng dieet gegaan om massa te verloor. Hy het ook op die tersaaklike dag harde fisiese arbeid verrig en niks geëet nie, waarna hy om sesuur in die namiddag van 12 Julie 1981 na die plaaslike hotel

⁴⁰³ In terme van artikel 31(1) van die Mental Disorders Act , hoofstuk 164

⁴⁰⁴ 1969 (4) R.AD. 478 op 487 G

⁴⁰⁵ 1983 (2) SA 181 (SWA).

gegaan het en daar ten minste 'n halwe bottel brandewyn gedrink het. Hy het daarna in die kroeg, as gevolg van die sterk weerkaatsing in sy oë van die ondergaande son deur 'n leë bottel, in 'n toestand van amnesie en outomatisme verval, waartydens hy die beweerde moord gepleeg het. Die oorledene wou 'n bottel wyn koop en is in die proses deur die beskuldigde doodgeskiet. 'n Ander persoon is ook deur die oor geskiet, maar het verder ongeskonde daarvan afgekom. Die beskuldigde het eers die volgende oggend weer herstel en tot sy positiewe geraak

Die deskundige getuienis aangaande die beskuldigde se amnesie en outomatisme is deur die Hof aanvaar. Die deskundige getuienis het aangedui dat die amnesie en outomatisme te wyte was aan kortstondige hipoglukemie en/of epilepsie, en dat die beskuldigde se drankiname en vastende toestand moontlik daartoe aanleiding kon gegee het. Die Hof het aanvaar dat die beskuldigde voor en na die voorval blykbaar in 'n gesonde toestand was.

Die vraag waarvoor die Hof dus te staan gekom het was of die beskuldigde, in terme van art 78 (6), onskuldig bevind moes word op grond daarvan dat hy gedurende die betrokke handeling aan 'n "geestesongesteldheid" gely het en dus nie vir die handeling strafregtelik toerekenbaar was nie. Indien wel, sou dit beteken dat die

beskuldigde in 'n hospitaal vir geestesongesteldes aangehou sou moes word hangende die beslissing van die Staatspresident.

Die hof se uitspraak is dat die begrippe "geestesongesteldheid" en "geestesgebrek", soos bedoel in art 78 (6), dui op 'n patologiese versteuring van die beskuldigde se geestesvermoëns. 'n Blote tydelike verstandelike beneweling wat nie aan 'n geestesabnormaliteit toe te skryf is nie, maar te wyte is aan uitwendige prikkels soos, onder andere, drank, klassifiseer nie hieronder nie. Uitspraak in terme van art 78 (6) is dus nie geregverdig waar beskuldigde slegs aan tydelike verstandelike beneweling ly wat nie aan 'n geestesabnormaliteit toe te skryf is nie.⁴⁰⁶

Die Staat kon nie daarin slaag om bo redelike twyfel te bewys dat die beskuldigde se optrede aan 'n geestesgebrek of geestesongesteldheid, soos gedefinieer, toegeskryf kon word nie. Derhalwe, sou 'n uitspraak kragtens art 78 (6) onvanpas wees.

Die getuienis het wel die grondslag gelê vir 'n beroep op ontoerekeningsvatbaarheid wat nie deur geestesongesteldheid veroorsaak is nie. Derhalwe, moes die beskuldigde onskuldig bevind en ontslaan word.

⁴⁰⁶ Verskil dus van die Wet op Geestesgebroke van 1916.

Die hof se gevolgtrekking in die saak kom dus daarop neer dat 'n uitspraak kragtens art 78(6) onvanpas sou wees in gevalle van nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid.

5.5.9 **S v Campher - 1987**⁴⁰⁷

Die beskuldigde het haar man doodgeskiet na 'n rusie. Die egpaar se huwelik was baie ongelukkig en die oorledene het die beskuldigde dikwels mishandel en onredelike eise aan haar gestel. 'n Rusie het gevolg nadat die oorledene 'n skewe gat geboor het, omdat die beskuldigde nie 'n skuifslot behoorlik vasgehou het nie. Die oorledene was woedend en die beskuldigde het die huis in gevlug. Sy is na die slaapkamer waar sy 'n gelaaide vuurwapen in die hande gekry het. Die oorledene, wat nie eers gepla was deur die feit dat sy 'n vuurwapen by haar het nie, het haar uit die huis uit kom haal en terug na die duiwehokke gevat. Die oorledene het die beskuldigde gevloek en vir haar gevra om op haar knieë te gaan en die gaatjie "reguit te bid." Sy het hom daarna van agter af deur die hart geskiet.

Die hof *a quo* het die beskuldigde aan moord skuldig bevind, met versagende omstandighede. Die beskuldigde het geappelleer teen die uitspraak.

⁴⁰⁷ 1987(1) 940 (A).

Die vraag wat die appèlhof gevra het, is of die appellant die nodige weerstandskrag gehad het.⁴⁰⁸ Die meerderheidsuitspraak bevind dat sy wel deurgaans die vermoë gehad het om die ongeoorlooftheid van haar handeling te beseef en dat sy versuim het om haar wilsbeheer uit te oefen.⁴⁰⁹

Die hof beslis voorts dat 'n verweer van ontoerekeningsvatbaarheid nie beperk is tot gevalle waar die dader aan 'n geestesongesteldheid ly nie. Die hof vereis egter deskundige getuienis (psigiatries of klinies-sielkundig), alvorens hy 'n uitspraak van onskuldig kan gee. Daar was geen sodanige getuienis nie. Die beskuldigde is skuldig bevind en die appèl misluk.

In die Campher beslissing, het die meerderheid van die hof dus erken dat daar 'n verweer van ontoerekeningsvatbaarheid buite die bepaling van art.78(1) bestaan, d.w.s. 'n verweer van nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid op ander gronde as geestesongesteldheid. Die “onweerstaanbare drang” maatstaf wat voor 1977 in ons reg erken is, word nek omgedraai en die gevolgtrekking is dat daar geen ruimte dus ook is om te onderskei tussen sieklike en gesonde onweerstaanbare drang nie.

⁴⁰⁸ Op 956 B.

⁴⁰⁹ OP 967C.

5.5.10 **S v Laubscher - 1988** ⁴¹⁰

Die appellant is 'n 23 jarige mediese student wat met C getrou het nadat hy 'n buite-egtelike kind by haar verwek het. C se ouers was egter teen die huwelik en het hulle skoonseun nooit aanvaar nie. C se ouers het vir C en hulle kleinkind na hulle plaas geneem, waarna C met 'n egskeidingsaksie begin het. Die appellant het verskeie kere na die plaas gegaan, maar C het geweier om met hom uit te gaan. Net voor die voorval was hy weer na die plaas, maar C se pa het hom versoek om hulle plaas te verlaat.

Na die versoek het die appellant teruggekeer en geëis dat die kind aan hom oorhandig moes word. Die beskuldigde het met sy pistool 21 skote in verskeie vertrekke van die huis afgevuur, een waarvan C se pa getref en hom gedood het.

Die hof *a quo* het die appellant skuldig bevind aan moord, waarna hy geappelleer het. Die appellant se verweer is een van tydelike ontoerekeningsvatbaarheid, wat nie aan 'n geestesongesteldheid of 'n geestesgebrek toe te skryf is nie. Hierdie verweer van nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid, word toegeskryf aan 'n totale sielkundige ineenstorting/persoonlikheidsdisintegrasie van 'n tydelike aard.

⁴¹⁰ 1988(1) SA 163 (A).

Om toerekeningsvatbaar te wees, moet 'n dader se geestesvermoëns sodanig wees, dat hy regtens vir sy gedrag geblameer kan word.

Art. 78(a) en (b) van Wet 51/1977 stel die twee kriteria van onderskeidingsvermoë en weerstandskrag.

Die hof bevind dat die appellant wel willekeurig opgetree het, omdat hy beide onderskeidingsvermoë en weerstandskrag gehad het, sodat hy nie ontoerekeningsvatbaar was nie, maar wel verminderd toerekeningsvatbaar.⁴¹¹

Dit word ook in die uitspraak aanvaar dat artikel 78 betrekking het op 'n sieklike of patologiese versteuring van die geestesvermoëns, wat van 'n permanente of tydelike aard kan wees. Appèlregter Joubert verwys daarna as statutêre ontoerekeningsvatbaarheid.⁴¹²

Afgesien van hierdie statutêre ontoerekeningsvatbaarheid,⁴¹³ word ook 'n nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid⁴¹⁴ van 'n tydelike aard aangetref. Dit is wanneer 'n nie-patologiese toestand die situasie tot gevolg het, d.w.s die versteuring is nie te wyte aan 'n geestesongesteldheid nie.

⁴¹¹ Op 173 B.

⁴¹² Op 167 E , asook op 168 A en E.

⁴¹³ Siek outomatisme

⁴¹⁴ Gesonde outomatisme

Slaag 'n verweer van nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid, is die beskuldigde nie strafregtelik aanspreeklik nie en moet hy onskuldig bevind word. Hy kan ook nie tot Staatspasiënt verklaar word nie, omdat hy nie aan 'n geestesongesteldheid van 'n patologiese aard ly nie.

Die psigiaters se menings was dat die appellant ten tyde van die pleeg van die misdade, nie aan 'n geestesongesteldheid gely het nie. Die appellant se onderskeidingsvermoë of weerstandskrag was dus nie deur 'n patologiese versteuring aangetas nie en daar was dus nie sprake van statutêre ontoerekeningsvatbaarheid nie.

By statutêre ontoerekeningsvatbaarheid speel die getuienis van die psigiaters 'n onmisbare funksie en kan die hof die saak verhoor, sonder enige verdere getuienis, mits die psigiaters almal saamstem.⁴¹⁵ By 'n nie-patologiese toestand, het die psigiatiese en psigologiese getuienis egter nie so 'n onmisbare funksie om te vervul nie.

Na aanleiding van die feite bevind die hof dat die appellant nie-patologies verminderd toerekeningsvatbaar was, ondanks die feit dat sy optrede irrasioneel was en nie in ooreenstemming met sy gewone

⁴¹⁵ Art. 78(3)

persoonlikheid nie. Die hof bevind dat hy wel die onderskeidingsvermoë en weerstandskrag gehad het.

Die vraag oor die bewyslas in die geval van nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid, word nie deur die hof beantwoord nie. Die appèl word dus van die hand gewys, maar die appèl teen die vonnis slaag en die straf is verminder.

Die Laubscher-saak het dus bevestig dat 'n verweer van nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid die ideale verweer is, want slaag 'n verweer van nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid, is die beskuldigde nie strafregtelik aanspreeklik nie en moet hy onskuldig bevind word. Hy kan ook nie tot Staatspasiënt verklaar word nie, omdat hy nie aan 'n geestesongesteldheid van 'n patologiese aard ly nie. Wat ook opvallend is, is die benaming “statutêre ontoerekeningsvatbaarheid.”

Die onbeantwoorde vraag bly egter steeds op welke gronde daar gesê word dat enige vorm van ontoerekeningsvatbaarheid as “nie-patologies” beskryf kan word. Die enigste verduideliking blyk te wees dat 'n kunsmatige onderskeid gemaak is om die ongelukkige resultaat te vermy van 'n verpligte verwysing na 'n inrigting vir

geestesongesteldes – vir 'n tydens die verhoor reeds “herstelde” beskuldigde.

5.5.11 **S v Wiid – 1990**⁴¹⁶

Die appellant is aangekla van moord, nadat sy haar man doodgeskiet het die aand van 3 Desember 1987. Hulle was reeds 32 jaar getroud en die oorledene het verskeie buite-egtelike verhoudings gehad, en boonop het hy haar al op twee vorige geleenthede aangerand. Ten tye van die voorval, het die oorledene juis weer 'n buite-egtelike verhouding gehad, wat tot argumente aanleiding gegee het. Die betrokke dag het die appellant nie veel geëet nie, sy het kalmeermiddels ingehad, asook 'n glasië wyn.

Sy beweer dat haar verhouding met die oorledene breekpunt bereik het, en dat hy haar voor die gemelde voorval ernstig aangerand het. Sy het daarna sewe skote afgevuur, waarvan drie die oorledene getref het en een noodlottig was. Sy het in 'n dwaal voorgekom en nie mooi besef wat sy gedoen het nie. Die appellant het getuig dat sy nie kan onthou wat tussen haar en haar man gebeur het nie, al wat sy kan onthou is die skote, wat baie ver vir haar geklink het. Die feit dat sy sewe skote afgevuur het, dui ook op onbeheersde optrede.

⁴¹⁶ 1990 (1) SASV 561 (A).

Die hof a quo het bevind dat sy verminderd toerekeningsvatbaar was, en sy is skuldig bevind, waarna appèl aangeteken is.

Die appellant verweer haar op grond van ontoerekeningsvatbaarheid van tydelike aard, wat nie toe te skryf is aan enige permanente of tydelike geestesongesteldheid of -gebrek nie.

Die appèlregter haal verskeie bronne aan om tot 'n beslissing te kom en die uitspraak is 'n goeie hersiening van die reg rakende tydelike ontoerekeningsvatbaarheid tot en met 1990.

In die lig van die feite en die deskundige getuienis, bevind die hof dat daar genoegsame twyfel bestaan oor die appellant se toerekeningsvatbaarheid ten tye van die pleeg van die misdryf.

Die appèl slaag en die beskuldigde word onskuldig bevind.

Die Wiid beslissing het duidelikheid verleen oor 'n paar bewysregtelike maatstawwe. Eerstens, indien 'n beskuldigde homself verweer op grond van tydelike nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid, rus die bewyslas op die Staat om dit te weerlê. Tweedens moet daar egter 'n fondament gelê word vir 'n beroep op die verweer en indien daar redelike twyfel bestaan of die beskuldigde toerekeningsvatbaar was, behoort die beskuldigde die voordeel van die twyfel gegun te word.

Hierdie beslissing is ook die enigste beslissing wat in Suid-Afrika suksesvol was met 'n verweer van nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid a.g.v. emosionele spanning. Die Laubscher saak van 1988 het wel die weg gebaan, maar was onsuksesvol.

5.5.12 **S v Calitz – 1991** ⁴¹⁷

Die appellant, 'n sersant in die polisie, het die oorledene met 'n houtpaal aangerand. Hierdie aanranding het plaasgevind nadat 'n woordewisseling tussen die appellant en oorledene plaasgevind het, omdat die appellant per abuis oor sekere pale gery het, wat vir die oorledene van 'n heilige betekenis was. Die appellant is skuldig bevind aan moord, en hy appèlleer teen die bevinding en vonnis.

Die appellant verweer homself op grond van ontoerekeningsvatbaarheid, en in die alternatief, sou hy toerekeningsvatbaar bevind word, dan het hy nie die opset gehad om te dood nie, en moes hy skuldig bevind gewees het aan strafbare manslag.

Die appellant was oortuig dat daar terroriste in die omgewing was, wat tot heelwat frustrasie by hom gelei het. Die oorledene se reaksie dat

⁴¹⁷ 1991 (1) SASV 119(A).

hulle "sy huis gebreek het" en moes trap van sy huis af, het die appellant so woedend gemaak dat hy die oorledene begin aanrand het. Die appellant het eers tot sy sinne gekom toe hy die oorledene met 'n laaste hou oor die kop geslaan het. Hy het onmiddellik gepoog om die oorledene te help deur o.a. die oorledene se bors te masseer, maar die oorledene was reeds dood.

Die psigiaters is van mening dat die appellant aan 'n tydelike verstandelike beneweling gely het, met 'n "kollerige geheue" van wat gebeur het. Hierdie beneweling word gedefinieer as 'n toestand waarin 'n oorweldigende emosie so prominent is, dat die rasonele denke, oordeel en geheue heeltemal oorskadu, en byna geheel en al uitsluit.

"Tydelike verstandelike beneweling" ressorteer onder "nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid van 'n tydelike aard." Die bewyslas om toerekeningsvatbaarheid te bewys is hier, anders as by 'n patologiese versteuring, voluit op die staat.

'n Derde psigiater se getuienis is deur die staat ingeroep, wat teenstrydig was met die ander twee psigiaters se getuienis.

Die hof is van mening dat die appellant wel toerekeningsvatbaar was, want hy kon deurgaans tussen reg en verkeerd onderskei. Die appellant het wel nie met oogmerkopset (*dolus directus*) gehandel nie, maar eerder met opset by moontlikheidsbewussyn (*dolus eventualis*). Hy het besef dat sy optrede gevaarlik is, en het desnieteenstaande die aanval geloods en voortgesit.

Die aanranding moes oor 'n aansienlike tydperk gestrek het, want die oorledene het 'n afstand van ongeveer 20 tree geretireer voordat die laaste noodlottige hou toegedien is.

Dit was dus nie 'n kortstondige en impulsiewe reaksie van die appellant wat gevolg het op die aanmerking van die oorledene nie. Dit was 'n bewuste en doelgerigte aanval van die appellant, wetende dat sy optrede onregmatig was. Die feit dat hy na die voorval, die wandaad probeer "verdoesel" het deur die valse voorwendsel van 'n vyandige aanval op hom, is kwalik versoenbaar met 'n verwardheid in sy gemoed.

Die appellant was hoogstens verminderd toerekeningsvatbaar, wat slegs 'n oorweging is by versagtende omstandighede en vonnisoplegging, en nie by strafregtelike aanspreeklikheid nie. Die appèl is gevolglik van die hand gewys.

Die uitspraak bevestig duidelik dat "nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid" se bewyslas, anders as by 'n patologiese versteuring, op die staat rus.

5.5.13 **S v Kalogoropoulos - 1993**⁴¹⁸

Die appellant het in die hof *a quo* tereg gestaan op twee aanklagte van moord en twee aanklagte van poging tot moord. Die hof *a quo* het hom skuldig bevind aan moord op 'n bediende, strafbare manslag vir die dood van sy vennoot en aanranding op die gewondes.

Die feite van die saak was soos volg: Die appellant het sy vrou daarvan verdink dat sy 'n skelm verhouding het met sy besigheidsvennoot. Op die dag van die moorde, het die appellant op 'n paar agterdogwekkende stukkies getuienis afgekome wat sy vermoedens versterk het. Hy het 'n halwe bottel vodka uitgedrink, uit frustrasie, en is na die besigheid, gewapen met 'n rewolver. Die wapen het hy gewoonlik saam met hom gedra.

By die winkel het hy sy vrou en besigheidsvennoot in die kantoor aangetref, besig om drankies te drink, soos wat hulle normaalweg teen sluitingstyd gedoen het. Die appellant het nog 'n glas vol whisky

⁴¹⁸ 1993 (1) SACR 12 (A).

gedrink en die twee gekonfronteer oor hulle skelm, seksuele verhouding. Die twee het dit ontken en 'n hewige debat het ontstaan, waartydens die appellant die wapen in hulle rigting rond geswaai het. 'n Skoot het afgegaan en sy vrou is gewond. Sy besigheidsvennoot se vrou, wat intussen by hulle aangesluit het, het gegil dat hy haar doodgeskiet het, en die appellant skiet toe verskeie skote. Een van die skote tref sy besigheidsvennoot noodlottig en 'n ander wond sy vennoot se vrou.

Die appellant is na sy huis toe, waar hy 'n pistool uit die kluis gaan haal het. Hy is na die bediendekamer waar hy hulle hond wat teen hom opgespring het, doodskiet. Hy gaan die bediendekamer binne en skiet dan ook die bediende, Dora, dood, omdat sy vir hom sou gelieg het. Die appellant het daarna familieleden gebel en hulle vertel van die moorde. Later het die polisie by die huis opgedaag en hom in hegtenis geneem.

Die appellant se verweer is een van ontoerekeningsvatbaarheid weens nie-patologiese redes. Die appellant beweer dat hy glad nie iets kan onthou van wat gebeur het nie. Volgens hom wou hy nie sy vrou seer maak nie, net 'n bietjie die skrik op die lyf jaag. Uit die getuienis blyk dit dat die appellant en sy vrou nie 'n gelukkige huwelik

gehad het nie, en dat sy hom vreeslik getreiter het, in die openbaar en privaat.

Hierdie optredes van haar teenoor hom, tesame met die alkohol inname oor 'n kort tydperk, het dan veroorsaak dat hy ten tye van die pleeg van die misdade:

- nie die opset sou gehad het om die misdrywe te pleeg nie, en
- nie in staat was om die verkeerdheid van sy handeling te besef en daarvolgens op te tree nie.

Twee psigiaters se getuienis is aangehoor en hulle was dit eens dat die appellant aan geheueverlies ly, sedert die eerste skoot geskiet is. Die twee verskil egter oor die optrede van die appellant se tweede moord op die bediende, aangesien 'n redelike tydperk verstryk het, sedert die vorige moord plaasgevind het. Die psigiater wat deur die appellant aangestel is, is van mening dat die appellant steeds nie besef het wat hy gedoen het ten tye van die tweede moord nie. Die psigiater van die staat is egter van mening dat die appellant wel tot sy positiewe terugkeer het teen daardie tyd, en dat hy wel toerekeningsvatbaar was ten tye van die pleeg van die tweede moord. Die twee psigiaters stem ook saam dat die appellant nie geestesongesteld is nie.

Die geheueverlies van die appellant is te wyte aan die inname van alkohol, tesame met spanning. Hierdie toestand staan bekend as 'n alkoholiese "black-out." Die toestand verskil heelwat van outomatisme en word deur dr.Vorster, psigiater van die staat, verduidelik.⁴¹⁹

Die verduideliking kom daarop neer dat by outomatisme, daar geen bewustelike gedagtes en optrede is nie, terwyl die persoon by 'n alkoholiese "black-out" bewustelik optree en presies weet wat hy doen. So 'n persoon sal egter later nie kan onthou wat hy gedoen het nie. Ten tye van die pleeg van die misdryf is die persoon dus ten volle bewus van wat hy doen, maar ondervind later 'n "black-out" en kan nie sy optredes onthou nie.

Die hof bevind dat die appellant nie opgetree het in 'n toestand van outomatisme nie. Die appellant se verweer is egter een van ontoerekeningsvatbaarheid weens nie-patologiese redes. In so 'n geval is die deskundige getuienis van psigiaters nie so onmisbaar soos in die geval van ontoerekeningsvatbaarheid weens patologiese redes nie.⁴²⁰

Die appellant moet 'n feitelike grondslag vir sy verweer lewer, genoegsaam om ten minste redelike twyfel oor die betrokke punt te

⁴¹⁹ 1993 (1) SACR 12 (A) op par 21C en 21D.

⁴²⁰ 1993 (1) SACR 12 (A) op par 21I.

vestig. Die hof moet egter finaal besluit oor 'n beskuldigde se toerekeningsvatbaarheid vir die betrokke daad. Die psigiaters se getuienis dui nie ontoerekeningsvatbaarheid aan nie, maar eerder 'n mate van verminderde bewustheid en beheer.

Die appellant is 'n kenner as dit kom by die hantering van wapens, en die feit dat die skoot per ongeluk afgegaan het in die kantoor, is onwaarskynlik. Die verweer dat die appellant selfbeheersing verloor het en net begin skiet het, terwyl hy nie die onregmatigheid van sy optrede besef het nie, is ook nie vir die hof aanvaarbaar nie.

Na die eerste moord, is hy na sy huis toe om nog 'n pistool uit te haal, en dit kan nie gesien word as dieselfde onbeheersde optrede tydens die eerste moord nie. Die appellant het doelbewus na die bediende gesoek met die opset om haar dood te skiet.

Die appellant se verweer van ontoerekeningsvatbaarheid misluk en die appèl word van die hand gewys.

Hierdie saak was 'n duidelike geval waar die beskuldigde oogmerk-opset gehad het, want hy het alkoholiese drank ingeneem om die twee te konfronteer oor hul verhouding. Die willekeurigheid van die handeling moes nie eers ter sprake gekom het nie.

5.5.14 **S v Mphela - 1994**⁴²¹

Die beskuldigde word aangekla van moord, roof en diefstal. Op 8 Mei 1991 het die beskuldigde mnr. Jan Jonk vermoor. Die beskuldigde het vir die oorledene as tuinhulp gewerk, en volgens die beskuldigde is hy van tyd tot tyd deur die oorledene aangerand.

Op die betrokke dag het die oorledene na sy kamer gekom en daar was 'n woordewisseling tussen hulle. Die beskuldigde het die oorledene meegedeel dat daar nog R1500 aan hom verskuldig was. Die oorledene het hom begin aanrand, waartydens 'n kerie en ysterstaaf gebruik was. In die aanval en stoeigeveg het die beskuldigde aangevoer dat hy homself verdedig het en hy het die oorledene erg beseer in die kamer agter gelaat. Die buitekamer se deur het hy ook met 'n stuk draad toegedraai, sodat die oorledene nie kan ontsnap nie.

Die beskuldigde het onskuldig gepleit aan moord en roof, maar skuldig aan diefstal. Die beskuldigde is weens o.a. sy onbetroubare en ongeloofwaardige getuienis, skuldig bevind en ter dood veroordeel. Dit was 'n verswarende omstandigheid dat hy die ernstige beseerde net daar gelaat het, sonder om enige vorm van hulp te verleen.

⁴²¹ 1994(1) SASV 488(A).

Op appèl het die Hof opgemerk dat dit geblyk het uit die aard van die appellant se antwoorde en algemene houding, uit die feit dat sy advokaat probleme gehad het om met hom te konsulteer en die Staatsadvokaat tydens kruisondervraging dit moeilik gevind het om tot hom deur te dring, dat die appellant moontlik ontoerekeningsvatbaar of verminderd toerekeningsvatbaar was.

Die hof redeneer dus dat volgens art. 77(1) van die Strafproseswet 55/1971 verslag gedoen moet word oor die verhoorbaarheid van die beskuldigde naamlik of die beskuldigde vanweë 'n geestesongesteldheid of gebrek dalk nie oor die vermoë beskik om die verrigtinge te begryp nie, en dus nie sy verdediging na behore kan voer nie. Die hof gelas dat hierdie aangeleentheid ondersoek word.⁴²²

Art. 78(2) van die strafproseswet 55/1971 bepaal ook dat 'n ondersoek gelas moet word indien dit blyk dat die beskuldigde nie vir die misdryf strafregtelik toerekenbaar is nie. Art. 79 bepaal die prosedure en reëlings in verband met die ondersoek en die psigiatriese verslae.

⁴²² Art.79

Volgens die hof is dit duidelik dat die hof geen diskresie⁴²³ het om 'n verwysing te weier nie, waar daar blyke is dat die beskuldigde vanweë geestesongesteldheid/gebrek nie verhoorbaar is nie.

Die toets om te bepaal of daar in terme van art. 78(2) opgetree moet word, is of daar 'n redelike moontlikheid bestaan, aan die hand van 'n objektiewe oorweging van al die inligting voor die hof, dat die beskuldigde ontoerekeningsvatbaar of verminderd toerekeningsvatbaar was.

'n Verwysing in terme van art. 78(2) beoog slegs 'n ondersoek ten einde die hof in staat te stel om 'n stelling te maak m.b.t. die toerekeningsvatbaarheid van die beskuldigde.

Al wat vereis word, is 'n redelike moontlikheid van ontoerekeningsvatbaarheid of, moet bygevoeg word, selfs verminderde toerekeningsvatbaarheid.

Die hof *a quo* moes dus die verrigtinge opgeskort het en die beskuldigde verwys het na 'n ondersoek in terme van art. 79. Die vertraging en ongerief wat 'n uitstel van die verhoor (weens sodanige verwysing) noodwendig meebring, behoort nie in die weg te staan

⁴²³ Ingevolge art.77(1) en 78(2)

van 'n nougesette beskerming van 'n beskuldigde se fundamentele reg op 'n billike verhoor nie.

Die skuldigbevinding en vonnis word gevolglik ter syde gestel, en die saak word terugverwys na verhoorhof vir die toepaslike art. 79-ondersoek.

5.5.15 **S v Di Blasi – 1996**⁴²⁴

Die beskuldigde word aangekla van moord op sy gewese vrou. Die twee Italianers het vroeër die jaar geskei en die beskuldigde kon dit nie verwerk nie. Dit was die oorledene wat die egskeidingsaksie begin het, waarna sy dan ook uit die Verenigde Koninkryk na Suid-Afrika verhuis het, waar die moord plaasgevind het. Die beskuldigde het sy gewese vrou agtervolg en toe die geleentheid hom voorgedoen het, het hy haar in die straat voor haar woonstel doodgeskiet. Die beskuldigde het agter die oorledene aangehardloop en haar in die rug geskiet. Hy het haar daar waar sy op die grond gelê het, in die kop geskiet.

Die beskuldigde is skuldig bevind aan moord en is tot 4 jaar gevangenisstraf gevonniss. Beide die beskuldigde en die prokureur-

⁴²⁴ 1996(1) SACR 1(A).

generaal het aansoek gedoen om appèl, maar die beskuldigde het nie voortgegaan met die appèl nie.

Dit was gemene saak dat die beskuldigde strafregtelik toerekeningsvatbaar was ten tye van die pleeg van die misdaad. Die respondent verweer homself egter op grond van verminderde toerekeningsvatbaarheid, en dus, versagtende omstandighede. Die verminderde toerekeningsvatbaarheid is a.g.v. 'n nie-patologiese en tydelike geestes- en psigologiese ineenstorting of breekpunt wat hy bereik het. Die hof erken die moontlikheid van 'n nie-patologiese en tydelik verminderde toerekeningsvatbaarheid.⁴²⁵

Twee deskundige getuies het getuienis gelewer. Dr.Venter se mening was dat die beskuldigde ly aan "...a major depressive disorder with narcissistic and obsessive-compulsive personality traits. His (respondent's) judgement was affected by a combination of emotional factors and this probably led to a temporary non-pathological emotional disintegration which affected his ability to realise the full implications of his actions and to resist the forces within him."

Dr. Zabow, die staatspsigiater, se mening was weer soos volg : "What had caused him to kill the deceased was rather a combination of the emotional factors and all the other factors relating to his background,

⁴²⁵ 1996(1) SACR 1(A) op 6D.

personality and marital problems." Die respondent self het nie getuienis gelewer nie, en volgens die hof verminder dit die gewig van die deskundige getuienis. Die hof bevind ook verder dat daar na al die feite van die saak gekyk moet word, en nie net na die deskundige getuienis nie. Die deskundige getuienis aanvaar dat die respondent se weergawe die waarheid is, en moet dus opgeweeg word teen die respondent se geaardheid en die feite van die saak.

Die hof gee 'n definisie van verminderde toerekeningsvatbaarheid as, "the diminished capacity to appreciate the wrongfulness of the particular act in question, or to act in accordance with an appreciation of its wrongfulness."⁴²⁶

Die toets vir verminderde toerekeningsvatbaarheid,⁴²⁷ soos wat regter Rumpff dit gestel het in die saak van S v Mnyanda, word met goedkeuring aangehaal:⁴²⁸

- Die wilsbeheervermoë van die persoon moet oorweeg word aan die hand van die getuienis wat beskikbaar is.
- Die blote feit dat 'n beskuldigde klinies as 'n psigopaat beskou word, is nie 'n grond waarop 'n beskuldigde as verminderd toerekeningsvatbaar beskou kan word nie.
- Die psigopatiëse steuring moet van so 'n graad wees, dat die

⁴²⁶ 1996(1) SACR 1(A) op 7B.

⁴²⁷ 1996(1) SACR 1(A) op 8IJ- 9AB.

⁴²⁸ 1976(2) SA 751(A) op 766G-H.

wilsbeheervermoë sodanig verswak word dat volgens 'n morele beoordeling, die beskuldigde minder verwytbaar is.

Die feite toon aan dat die respondent wel besef het dat sy daad verkeerd was, en nogtans voortgegaan het daarmee. Die motief vir sy optrede was trots, vernedering en wraak. Die moord is ook deeglik beplan en wel deurdink. Die gevolgtrekking van die hof is dan ook dat die respondent nie verminderd toerekeningsvatbaar was nie.

Die skuldigbevinding word gehandhaaf, maar die hof was van mening dat die vonnis van die hof *a quo* skokkend ontoepaslik en te lig is. Dit word na 15 jaar verleng. Appèl teen vonnis deur die Prokureur-Generaal slaag dus.

5.5.16 **S v Moses - 1996** ⁴²⁹

In hierdie saak het die beskuldigde 'n homoseksuele verhouding met die oorledene gehad. Nadat die twee intiem verkeer het, het die oorledene die beskuldigde meegedeel dat hy VIGS het. Die beskuldigde het woedend geword en die oorledene doodgemaak.

Die enigste wyse waarop 'n persoon geen beheer oor sy handeling het nie, is in 'n toestand van outomatisme. Die beskuldigde het

⁴²⁹ 1996(1) SACR 701(C).

volgens die Staat nie in 'n toestand van outomatisme opgetree nie, en sy handeling was dus konatief (met weerstandskrag) en kognitief (met onderskeidingsvermoë) in orde.⁴³⁰

Die beskuldigde se verweer is een van nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid, voortspruitend uit provokasie. Die beskuldigde se verweer is dat alhoewel hy wel geweet het hy doen iets verkeerd, hy geen beheer oor sy optrede gehad het nie.⁴³¹ Regter Hlophe word aangehaal: " He was provoked to an extent that he lost control over his actions, that is non-pathological criminal incapacity which is a recognized defence in South African law."⁴³²

Regter Hlophe wys ook op die subjektiewe toets wat gevolg moet word: "Thus the law is clearly to the effect that where provocation and emotional stress are raised as defence, it is a subjective test of capacity without any normative evaluation of how a reasonable person would have acted under the same strain and stress."⁴³³

Soos reeds in die vorige sake gesien, rus die bewyslas op die staat by 'n verweer van tydelike nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid. 'n Feitlike basis of fondament moet egter eers deur die getuienis van die

⁴³⁰ 1996(1) SACR 701(C) op 711F.

⁴³¹ 1996(1) SACR 701(C) op 712b.

⁴³² 1996(1) SACR 701 (C) op 712b.

⁴³³ 1996(1) SACR 701(C) op 714b. Skrywer se beklemtoning.

beskuldigde gelewer word. Dit is dus aanvaarde praktyk dat die beskuldigde eers sy saak op 'n oorwig van waarskynlik stel, waarna die bewyslas oorskuif na die staat om bo redelike twyfel aan te toon dat die beskuldigde toerekeningsvatbaar was ten tye van pleging van die misdaad.

Die hof bevestig dat "If there is doubt...benefit is given to the accused."⁴³⁴ Aan die hand hiervan bevind die hof dan ook dat die beskuldigde vrygespreek word.

Die deskundige getuie van die Staat, Dr. Jedaar, se getuienis is onaanvaarbaar volgens regter Hlophe: "As indicated above, the main problem with Dr. Jedaar's evidence is that it flies in the face of South African law and that the bulk thereof was directed at showing that the accused did not act in a state of sane automatism at the time of the killing. That is not the issue."⁴³⁵

Die uitspraak kan bevraagteken word, veral bogenoemde aanhaling dat die getuienis oor gesonde outomatisme nie relevant is nie. Hierdie is verder ook 'n geval waar provokasie suksesvol was as 'n volkome verweer, terwyl skrywers op die vakgebied die teendeel beweer.⁴³⁶

⁴³⁴ 1996(1) SACR 701(C) op 714c.

⁴³⁵ 1996(1) SACR 701(C) op 712 i.

⁴³⁶ Skrywers soos Bergenthuin (1985) en Snyman (1999).

Die skrywers hou egter die agterdeur oop en meld dat in uitsonderlike gevalle dit moontlik mag wees. In die lig van die gegewe feite is dit te bevraagteken of dit 'n hoogs uitsonderlike geval is.

Die standpunt van die hof dat : "He had no motive or reason to kill the deceased..." kan ook bevraagteken word.⁴³⁷ Die staat se getuienis is verwerp, want volgens regter Hlophe se mening, "...it flies in the face of South African law."⁴³⁸

5.5.17 **S v Henry – 1999** ⁴³⁹

Die appellant is 'n TV-tegnikus in sy laat dertiger jare. Hy is geskei van sy vrou na 'n ongelukkige huwelik waaruit drie kinders gebore was. Die appellant het toegang tot die kinders gehad en hulle kon ook naweke by hom deurbring.

Die betrokke Sondag wou sy dogter die aand by hom oornag en sy het haar ma gebel om toestemming te kry. Haar ma het geweier, waarna die pa ook onsuksesvol probeer het om toestemming te kry. Hulle het na die oorledene se huis gery waar hy die huis binne gegaan het. Die dogter het in die kar gewag. Die oorledene het die appellant gevra om die huis te verlaat, want hy is nie welkom nie. Die appellant, wat sy pistool by hom gehad het, het haar doodgeskiet. Sy skoonma

⁴³⁷ 1996(1) SACR 701(C) op 714 d.

⁴³⁸ 1996(1) SACR 701(C) op 712a en 712i.

⁴³⁹ 1999(1) SACR 13(A).

het uit die kamer gekom toe sy die skoot hoor, waarna hy haar ook doodgeskiet het. Sy skoonma het in die kamer gesit en gesels met 'n vriend en die appellant het die kamer binne gegaan en die pistool op hom gerig, maar nie geskiet nie. Die appellant het die huis verlaat, sy dogter meegedeel wat hy gedoen het, na vriende gegaan en hom later self aan die polisie oorgegee. Hy word aangekla op twee aangeklagtes van moord en een van die rig van 'n vuurwapen.

Die appellant het hom verweer op grond van gesonde outomatisme, maar is toerekeningsvatbaar en skuldig bevind.

Die bewyslas was op die staat om die teendeel bo redelike twyfel te bewys. Die appellant is deur die hof *a quo* skuldig bevind.

Op appèl beslis die hof dat om jou humeur te verloor, voortspruitend uit 'n argument of 'n konflik situasie, gewoonlik hoogstens neerkom op versagende omstandighede en dat dit selde tot vrypraak lei. "Loss of temper in the ordinary sense is a common occurrence. It may in appropriate circumstances mitigate, but it does not exonerate."⁴⁴⁰

⁴⁴⁰ 1999(1) SACR 13(A) op 20de.

Om jou humeur te verloor en geen beheer te hê oor jou emosionele reaksies nie, moet dus nie verwar word met onbewustelik of outomatiese optrede nie.⁴⁴¹

'n Sneller of stimulus is ook nodig om die toestand van outomatisme teweeg te bring. Hierdie sneller moet ook buitengewoon en van ekstreme aard wees.⁴⁴² Geheueverlies is ook nie noodwendig aanduidend van outomatisme nie. In hierdie saak is die buitengewone gebeurtenis of sneller wat aanleiding tot die outomatisme moes gee, afwesig. Die frustrasie wat die appellant gedurende die Sondagaand beleef het, was beslis nie van ekstreme aard nie. Sy houding toe hy die woning binnegegaan het, het ook 'n kalmte weerspieël.

Die appellant word toerekeningsvatbaar bevind en die appèl word van die hand gewys. Die hof beslis dat om jou humeur te verloor, voortspruitend uit 'n argument of 'n konfliktsituasie, kan neerkom op versagende omstandighede maar dat dit selde tot vryspraak ly.

5.5.18 **S v Kok – 2001**⁴⁴³

Mev. Kok en mev. Botha was in 'n geskil betrokke oor twee tafeldoeke wat mev. Botha aan mev. Kok geleen het. Die aangeleentheid het in

⁴⁴¹ Failure to control emotional reactions v loss of cognitive control

⁴⁴² Le Roux 2000:192.

⁴⁴³ 2001 (2) SACR 106 (SCA).

die Hof vir Klein Eise gedraai, en mev. Botha is R600 skadevergoeding toegestaan.

Op die dag van die moorde, het mnr. Kok 'n paar drankies met sy vriende gedrink, toe sy vrou hom bel en meedeel dat die balju 'n inventaris van hulle eiendom maak. Met sy aankoms by die huis, vind mnr. Kok dat sy vrou en gestremde seun baie ontsteld is. Mnr. Kok is na die polisiestatie waar hy werk, en het ammunisie uit die kluis gaan haal. Daarna is hy na die Botha's se huis, waar hy beide mnr. en mev. Botha doodgeskiet het. Hy het ook probeer om hulle seun te skiet, maar die seun het egter by sy kamervenster uitgevlug.

Mnr. Kok is aangekla van twee klagtes van moord, en een van poging tot moord. Hy is skuldig bevind in die hof, en teken appèl aan.

Die appellant se argument is dat hy ontoerekeningsvatbaar was ten tye van die pleeg van die misdryf. Die appellant se getuienis steun veral op die getuienis van Dr. Futter, 'n psigiater, wat hom 'n maand na die voorval gesien het. Dr. Futter se diagnose was dat die beskuldigde aan hewige depressie gely het, tesame met post-traumatiese stresversteuring.

Post-traumatische stresversteuring is volgens dr. Futter 'n geestesongesteldheid, maar gegrond op patologiese redes. Die beskuldigde verweer hom dus op grond van "gesonde outomatisme," want slegs psigotiese ongesteldhede (en nie patologiese ongesteldhede nie) kan lei tot "siek outomatisme." Aldus dr.Futter.

Die hof beslis dat artikel 78(6) van die Strafproseswet 51/1977 geen verwysing na "gesonde outomatisme" vervat nie. Die begrip is ook onbekend aan medici en psigiaters, en is deur die regspraak geskep as 'n nuttige instrument. Regter Scott: " The section⁴⁴⁴ contains no reference to 'sane automatism.' It is not a psychiatric term; it is no more than a useful tag to describe automatism arising from some cause other than a 'mental illness' or 'mental defect' within the meaning of the section."

Artikel 78(6) verwys verder ook na geestesongesteldheid, oor die algemeen. Daar is geen vereiste dat die geestesongesteldheid psigoties moet wees ten einde "siek outomatisme" te wees nie. Enige geestesongesteldheid vind aanwending by art. 78(6), wat beteken dat die beskuldigde in so 'n geval onskuldig bevind sal word maar dat hy vir aanhouding verwys moet word.

⁴⁴⁴ Section78(6)

In die lig van die feites is dit duidelik dat die appellant bewus was van sy handeling en geweet het dat hy verkeerd handel. Om jou humeur te verloor en geen beheer te hê oor jou emosionele reaksies nie, moet nie verwar word met die verlies om bewustelike optrede nie (Failure to control emotional reactions v loss of cognitive control).

Die hof bevind dat die appellant toerekeningsvatbaar was en die appèl word van die hand gewys.

Die belang van die saak lê daarin dat "siek outomatisme" enige geestesongesteldheid as grondslag kan hê, en dat die beskuldigde dan vir aanhouding verwys moet word ingevolge art. 78(6). Dit blyk dus dat "gesonde outomatisme" slegs geskep is om outomatisme aan te dui uit 'n oorsaak, anders as geestesongesteldheid en dat daar geen behoefte is om die begrip in wetgewing te omvat nie..

5.5.19 **S v Eadie – 2002**⁴⁴⁵

Die beslissing in die Eadie-saak is 'n onlangse saak in die Suid-Afrikaanse strafreg wat oor gesonde outomatisme handel. Appèlregter Navsa lewer 'n deeglike uitspraak met verwysing na vorige sake en hierdie saak kan beskou word as die *locus classicus* op die gebied van gesonde outomatisme.

⁴⁴⁵ 2002 (1) SACR 663 (SCA)

Gedurende die vroeë oggend-ure van Saterdag 12 Junie 1999, het die appellant vir Kevin Duncan aangerand en met 'n hokkiestok doodgeslaan op die Ou Kaapseweg naby Vishoek. Die voorval het plaasgevind weens sogenaamde padwoede. Die appellant het erken dat hy die moord gepleeg het en verweer homself op grond van nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid, weens uitermatige spanning, provokasie en die invloed van drank.

In die hof *a quo* is die appellant skuldig bevind aan moord en is hy tot 15 jaar gevangenisstraf gevonniss. Hy appelleer op grond daarvan dat hy ontoerekeningsvatbaar was en dat in die alternatief, die staat nie daarin geslaag het om 'n redelike twyfel te bewys dat hy enige vorm van *dolus* gehad het nie, hetsy *dolus directus* of *dolus eventualis*.

Die toets vir toerekeningsvatbaarheid,⁴⁴⁶ omvat twee faktore, nl. dat die beskuldigde die aard van sy optrede moet kan besef en tweedens dat die beskuldigde die vermoë moet hê om dienooreenkomstig hierdie besef, te kan optree en die nodige weerstand te bied. Die appellant erken dat hy die aard van sy optrede besef het, maar verweer homself dat hy sy optrede nie kon beheer het nie. Sy verweer is dus op die afwesigheid van die konatiewe geestesfunksie gerig.

⁴⁴⁶ Soos bespreek in hoofstuk 2 hierbo

Appèlregter Navsa doen baie moeite met die uitspraak en doen 'n hele historiese ondersoek na aanleiding van vorige hofsake en die bevindings rakende 'n verweer van nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid.

Die hof bevind dat die appellant nie in 'n toestand van outomatisme opgetree het nie. Sy handeling was doelgerig en hy het geen tekens van verwarring getoon nie. Die feit dat hy na die misdryf probeer het om van die bewysstukke ontslae te raak, dui ook daarop dat hy by sy positiewe was. Daar was wel sprake van provokasie, maar die appellant het die nodige bedoeling gehad om te moor. Die hof wys daarop dat padwoede nie geduld kan word nie en die appèl misluk.

Die vraag wat die hof steeds in hierdie soort sake moet oorweeg, is of die beskuldigde se daad een was van "n onweerstaanbare drang" of een van "n drang wat nie weerstaan is nie."

5.5.20 S v Volkman - 2004⁴⁴⁷

Die beskuldigde is aangekla van moord en hy verweer hom met nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid ten tye van die pleeg van die misdryf.

Die staat versoek dat, omdat 'n verweer van nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid geopper word, die beskuldigde verwys word vir aanhouding en observasie by 'n hospitaal vir geestesongesteldes.⁴⁴⁸ Die verweerder het aangedui dat hy bereid was om vir observasie te gaan, maar dan moet dit slegs gedurende die dag geskied, weens die haglike omstandighede⁴⁴⁹ by die hospitaal.

Die betrokke hospitaal, Valkenberg, het egter geweier om die observasie op so 'n deelydse basis uit te voer en het versoek dat die beskuldigde voltyds ondersoek moet word.

Volgens die Strafproseswet 51/1977 moet die hof die beskuldigde vir observasie verwys indien geestesongesteldheid vermoed word.

⁴⁴⁷ 2004(4) All SA 697 (C)

⁴⁴⁸ Art. 78(2) van Wet 51/1977

⁴⁴⁹ Prof. Kaliski se beskrywing van die betrokke saal by die hospitaal is "appalling and abject"

Ingevolge die nuwe wysigings⁴⁵⁰ het die hof 'n diskresie om die beskuldigde vir observasie te verwys, indien daar 'n ander rede is as geestesongesteldheid.

Die hof se bevinding was dat deskundige getuienis nie onontbeerlik is nie, en die Staat se versoek is van die hand gewys. Die hof gebruik dus sy diskresie om die beskuldigde nie te verwys vir observasie nie.

Die feit dat deskundige getuienis, by gevalle van nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid, nie onontbeerlik is nie, word reeds vroeg al in die regspraak aangetref. In 1965 het appélregter Ogilvie-Thompson in R v Harris die volgende stelling gemaak: “[I]n the ultimate analysis, the crucial issue of appellant’s criminal responsibility for his actions at the relevant time is a matter to be determined, not by psychiatrists, but by the court itself.”⁴⁵¹

Appélregter Botha kan ook aangehaal word in die saak van S v Kalogoropoulos: “....non-pathological criminal incapacity...has been said that in a case of this kind, psychiatric evidence is not as indispensable as it is when criminal incapacity is sought to be attributed to pathological causes.”⁴⁵²

⁴⁵⁰ Art.5(c) van die Criminal Matters Amendment Act 68/1998 (soos vanaf 28 Februarie 2002).

⁴⁵¹ Op 365B-C

⁴⁵² 1993(1)SACR 12 (A) op 21H – 22A.

Die hof moes die belange van die partye afweeg en bepaal of die versoek van die staat “reasonable and justifiable in an open and democratic society based on human dignity” is. Die beskuldigde word steeds as onskuldig beskou, totdat hy skuldig bewys word. In hierdie omstandighede het die hof beslis dat die aanhouding sy reg op vryheid en menslike eerbaarheid sou skend. Die staat se aansoek word van die hand gewys.

5.6 Samevatting

In die lig van bogenoemde is dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse strafreg ‘n onderskeid maak tussen “gesonde outomatisme”⁴⁵³ en “siek outomatisme.”⁴⁵⁴ Die rede waarom die onderskeid gemaak word is egter nie so duidelik uitgespel nie.

Daar is wel aanduidings dat die onderskeid gemaak is, omdat die bewyslas verskil. ‘n Verdere moontlikheid is die kwessie dat die beskuldigde dalk ‘n gevaar vir homself of vir die publiek kan aanhou, of dalk nie. Die voor die hand liggendste rede is dat dit onbillik is om ‘n normale persoon vir aanhouding te stuur, as hy geen gevaar vir die samelewing inhou nie en net tydelik geestesongesteld was.

⁴⁵³ ‘n Verweer vir gevalle waar die *actus reus* ontbreek weens ander redes as geestesongesteldheid.

⁴⁵⁴ ‘n Verweer vir gevalle waar die *actus reus* ontbreek weens geestesongesteldheid.

Die gebiedende wetsbepalings is vervang met die huidige wetswysigings van Wet 68 van 1998. Die wetswysigings gee nou aan die howe 'n groter diskresie by die oplegging van geskikte strawwe vir elke besondere geval.

Tans is die onderskeid tussen "siek en gesonde outomatisme" egter steeds deel van die Suid-Afrikaanse reg, ten spyte van wetswysigings wat die grondslag daarvoor wegneem.

HOOFSTUK 6

ENGELAND

6.1 Inleiding

6.2 Wetgeving

6.3 Regspraak

6.3.1 R v Harrison-Owen (1951)

6.3.2 R v Charlson (1955)

6.3.3 R v Kemp (1957)

6.3.4 Hill v Baxter (1958)

6.3.5 Bratty v Attorney General for Northern Ireland (1963)

6.3.6 Watmore v Jenkins (1962)

6.3.7 R v Quick and Paddison (1973)

6.3.8 R v Sullivan (1983)

6.3.9 R v Hennessy (1989)

6.3.10 R v Burgess (1991)

6.3.11 Attorney General's Reference No.2 of 1992 (1993)

6.4 Samevatting

6.1 Inleiding

In die omskrywing van die begrip “outomatisme” was daar in die Engelse reg aanvanklik onduidelikheid oor die grondslag daarvan, nl. of dit ‘n skulduitsluitingsgrond of ‘n handelingsuitsluitingsgrond is ?

Mitchell en Buzzard beskou die verweer van outomatisme as “...lack of *mens rea* due to some failure of the mind not due to disease.”⁴⁵⁵

Williams, ‘n professor van die Engelse reg, beskryf outomatisme as “...any abnormal state of consciousness (whether confusion, delusion or dissociation) that is regarded as incompatible with the existence of *mens rea*, while not amounting to insanity.”⁴⁵⁶

Hierdie skrywers beskou die verweer van outomatisme dus as ‘n uitvloeisel van die skuld-element.⁴⁵⁷ Die beskouing dat outomatisme eerder by die handelings-element hoort, is egter verkieslik bo hulle siening.

Smith en Hogan⁴⁵⁸ verwys na die twee verskillende uitgangspunte en verduidelik waarom die handelings-element bo die skuld-element

⁴⁵⁵ Mitchell en Bazzard 1979:967 by 1447a.

⁴⁵⁶ Williams 1983: 663.

⁴⁵⁷ Mitchell en Bazzard 1979:939 by 1438d.

⁴⁵⁸ Smith is ‘n professor in die regte by die Universiteit van Nottingham en Hogan is ‘n professor in gemene reg by die Universiteit van Leeds.

verkieslik is: “ ...some offences, known as offences of strict liability, do not require *mens rea*; so that if voluntariness is part of the mens rea, a man charged with an offence of strict liability might be convicted for an involuntary act. But an actus reus must be proved, even for an offence of strict liability; so if voluntariness is part of the actus reus, no one can be convicted of any crime if his act was involuntary.”⁴⁵⁹

Dine en Gobert⁴⁶⁰ verwys ook na die strafregtelike vereiste dat die handeling willekeurig moet wees. Hulle omskryf die willekeurige handeling as volg: “ ...an act of the will...an act that one had, by the exercise of one’s will, the power to refrain from doing.”⁴⁶¹

Leigh en Giles verwys weer na outomatisme as die geval waar ‘n persoon “...not consciously in control of his own mind or body” is nie.⁴⁶² Hierdie omskrywing klink na ‘n vermenging van die skuld- en handelingsbegrippe.

Die onwillekeurige handeling in die Engelse reg word in twee afdelings verdeel, nl.

- i. Onwillekeurige handeling wat die produk is van ‘n eksterne bron, en

⁴⁵⁹ Smith en Hogan 1978:38.

⁴⁶⁰ Gobert is ‘n professor in die regte by die Universiteit van Essex.

⁴⁶¹ Dine en Gobert 1993:74.

⁴⁶² Murphy en Stockdale 1998:6.

ii. Outomatisme.⁴⁶³

Indien 'n persoon sy vriend teen 'n bedelaar vasstamp en die bedelaar val voor 'n bus in en word noodlottig getref, dan is die vriend bloot as voorwerp gebruik en kan gesê word dat die vriend nie willekeurig gehandel het nie. Die onwillekeurigheid van die handeling was van 'n eksterne bron afkomstig. Hierdie kategorie sluit in alle gevalle van eksterne beïnvloeding waaroor die beskuldigde geen beheer het nie.⁴⁶⁴

Die tweede kategorie word geklassifiseer as outomatisme, wat ook twee onderafdelings het. Die eerste onderafdeling behels dat "...the defendant is conscious, but his acts are the product of a spasm, reflex or convulsion."⁴⁶⁵

Die handeling is dus slegs 'n refleks of 'n onbeheerde spiersametrekking en heeltemal onwillekeurig.

Die tweede onderafdeling is waar "...the defendant commits an act in an unconscious or semi-conscious state, or in a state of impaired

⁴⁶³ Dine en Gobert 1993: 74 en 76.

⁴⁶⁴ Sien as voorbeeld die saak van Burns v Bidder [1966] 3 All ER 29.

⁴⁶⁵ Dine en Gobert 1993:76.

consciousness.”⁴⁶⁶ Dit is hierdie kategorie wat baie bespreking en debat uitlok. Daar is byvoorbeeld onsekerheid of outomatisme die *actus reus* of die *mens rea* uitskakel. Fenwick lê die klem op die *mens rea* en kan as volg aangehaal word: “The legal definition of automatism is based on the doctrine of *mens rea*, the fundamental basis of the English law.”⁴⁶⁷ Die probleem hiermee is dat daar dan nie onderskei word tussen wilsbeheerde en wilsgerigte handeling nie.

Die vraag ontstaan of die gedeeltelike verlies van bewussyn, aanleiding kan gee tot ‘n verweer van outomatisme. Dit wil voorkom asof die verweer van outomatisme nie beskikbaar is in gevalle waar die beskuldigde nog enige mate van beheer oor sy optrede gehad het nie.⁴⁶⁸ Verminderde wilsbeheer word dus oor die boeg gegooi van verminderde toerekeningsvatbaarheid aangesien die verweer van verminderde handeling nie beskikbaar is nie.

Williams het in 1983 egter ‘n ander siening gehad waar hy verwys na die kwessie van die bewussyn van die dader: “Consciousness, for man, means not simple perception, the awareness of the here-and-now, but the ability, at least in limited degree, to remember the past and foresee the future, so as to make informed choices....authority

⁴⁶⁶ Dine en Gobert 1993:76.

⁴⁶⁷ Fenwick P. “Epilepsy, automatism and the English law,” in Beran 2003: 176.

⁴⁶⁸ Sien *Broome v Perkins* [1987]Crim LR 272 en *Attorney-General’s Reference* (no.2 of 1992)[1994]QB 91.

shows that a person whose consciousness is badly impaired can have the defence of automatism even though he is still able to co-ordinate movements, as in driving a car.”⁴⁶⁹

Hierdie stelling word egter tien jaar later die nek ingeslaan met die beslissing van Attorney General's Reference (No.2 of 1992),⁴⁷⁰ waar bevind is dat daar 'n totale verlies van beheer moes gewees het om suksesvol te wees met 'n verweer van outomatisme.

Die posisie in die Engelse reg word deur Fenwick gekritiseer: “The present law is unsatisfactory, as it does not allow any discretion in sentencing on the part of the judge once a verdict of not guilty by virtue of insane automatism has been passed. The judge must sentence the defendant to detention in a secure mental hospital....it is inappropriate in many cases where non-violent confusional crimes, such as petty larceny, have been committed.”⁴⁷¹

⁴⁶⁹ Williams 1983: 663. Williams verwys ook dat: “Whether the exemption is a special verdict (a McNaghten exemption) or an ordinary acquittal is a matter we shall have to consider.”

⁴⁷⁰ [1993] 4 All ER 683.

⁴⁷¹ Fenwick 1990:1.

6.2 Wetgewing

In vroeë wetgewing in Engeland was daar reeds voorsiening gemaak vir die verweer van geestesongesteldheid. So vroeg as 1800 n.C. het die Criminal Lunatics Act⁴⁷² bepaal dat geestesongesteldes vir aanhouding gestuur moes word, omdat dit gevaarlik is om sodanige persone in die samelewing terug te laat.

Die Trial of Lunatics Act van 1883 het ook bepaal dat die aanhouding van die geestesongestelde verpligtend is: “ Where such special verdict is found, the Court shall order the accused to be kept in custody as a criminal lunatic...”⁴⁷³

Die Trial of Lunatics Act van 1883 was veral bekend vir die spesiale uitspraak van "guilty but insane."⁴⁷⁴ Hierdie uitspraak is later verander na 'n meer korrekte en minder weersprekende “not guilty by reason of insanity” deur artikel 1 van die Criminal Procedure (Insanity) Act 1964.

Die Criminal Procedure (Insanity) Act 1964 bevestig egter steeds verpligte aanhouding vir die geestesongestelde, in artikel 5:

⁴⁷² 28 Julie 1800.

⁴⁷³ Art. 2 (2) van die Trial of Lunatics Act 1883 (Skrywer se beklemtoning).

⁴⁷⁴ Art. 2 (1) van die Trial of Lunatics Act 1883

“Orders for admission to hospital

5(1) – Where a special verdict is returned, or a finding is recorded that the accused is under disability, the court shall make an order that the accused be admitted to such hospital as may be specified by the Secretary of State.”⁴⁷⁵

Die posisie van verpligte aanhouding het eers in 1991 verander, met die Criminal Procedure (Insanity and Unfitness to Plead) Act 1991 wat bepaal dat ‘n suksesvolle verweer van geestesongesteldheid, nie meer noodwendig sal lei tot aanhouding by ‘n inrigting nie.⁴⁷⁶

Die Law Commission,⁴⁷⁷ wat in die lewe geroep is om die kodifikasie van die strafreg in Engeland en Wallis te ondersoek, het in 1989 ‘n aanbeveling gemaak dat die verlies aan beheer gelyk gestel moet word aan outomatisme.⁴⁷⁸ Die verslag⁴⁷⁹ was van belang, want dit was die eerste poging om die reg ten aansien van outomatisme te probeer kodifiseer.

Die besluit om die hele strafreg van Engeland en Wallis te kodifiseer, is laat vaar, maar daar is wel besluit om sekere afdelings⁴⁸⁰ van die

⁴⁷⁵ Artikel 5 van Wet 1964 (Skrywer se beklemtoning).

⁴⁷⁶ Artikel 5 van Wet 1991.

⁴⁷⁷ Law Commission Report no.177

⁴⁷⁸ Klousule 33(1)

⁴⁷⁹ Draft Criminal Code for England and Wales

strafreg te identifiseer vir hersiening. Die finale verslag word eers teen die einde van 2006 verwag.⁴⁸¹

Klousule 33(1) van die Draft Criminal Code for England and Wales van 1989 lui as volg:

“A person is not guilty of an offence if:

(a) he acts in a state of automatism, that is, his act –

1. is a reflex, spasm, or convulsion or
2. occurs while he is in a condition (whether of sleep, unconsciousness, impaired consciousness or otherwise) depriving him of effective control of his act.”

Die voorgestelde klousule 33(1) het dus nooit die lig gesien nie. Die verwagting is dat die hersieningsverslag wat beoog word om teen die einde van 2006 klaar te wees, hierdie identifisering van outomatisme sal insluit.

⁴⁸⁰ “ The project comprises seven tranches: external elements of offences; fault; parties to offences; incapacity and mental disorder; defences; preliminary offences and proof. ”
Ninth Programme of Law Reform, March 2005 – Law Commission no.293, see par. 2.10.

⁴⁸¹ Ninth Programme of Law Reform, March 2005 – Law Commission no.293, see par. 2.11.

Die Criminal Procedure (Insanity and Unfitness to Plead) Act 1991 is die volgende belangrike stuk wetgewing. Hierdie Wet bepaal dat 'n suksesvolle verweer van geestesongesteldheid, nie meer noodwendig sal lei tot aanhouding by 'n inrigting nie.⁴⁸²

Art.5 bepaal:

“5 (1) This section applies where –

- (a) a special verdict is returned that the accused is not guilty by reason of insanity; or
- (b) findings are recorded that the accused is under a disability and that he did the act or made the omission charged against him.

5 (2) Subject to subsection (3) below, the court shall either –

- (a) make an order that the accused be admitted, in accordance with the provisions of Schedule 1 to the Criminal Procedure (Insanity and Unfitness to Plead) Act 1991, to such hospital as may be specified by the Secretary of State; or
- (b) where they have the power to do so by virtue of section 5 of that Act, make in respect of the accused such one of the following orders as they think most suitable in all the circumstances of the case, namely -
 - (i) a guardianship order within the meaning of the Mental

⁴⁸² Artikel 5 van Wet 1991.

Health Act 1983;

- (ii) a supervision and treatment order within the meaning of
Schedule 2 to the said Act 1991; and
- (iii) an order for his absolute discharge.

5 (3) Paragraph (b) of subsection (2) above shall not apply where the offence to which the special verdict or findings relate is an offence the sentence for which is fixed by law.”

Daar sal dus nie meer sprake wees van aanhouding wat deur die Wet verplig word nie behalwe in gevalle waar verpligte strawwe voorgeskryf word. Die aanbevelings van 1989 oor die daadwerklike bewoording en identifisering van outomatisme in klousule 33(1),⁴⁸³ is glad nie in hierdie wetgewing van 1991 in berekening gebring nie.

6.3 Regspraak

Die eerste verwysing na die begrip “outomatisme” in die Engelse reg word gevind in die saak van H.M.Advocate v Ritchie⁴⁸⁴ waar Lord Murray die volgende inligting aan die jurie deurgegee het: “Automatism is a defence to a charge of dangerous driving provided that a person takes reasonable steps to prevent himself from acting

⁴⁸³ Sien hierbo.

⁴⁸⁴ 1926 J.C. 45, 1926 SLT 308.

involuntary in a manner dangerous to the public. It must be caused by some factor which he could not reasonably foresee and not by a self-induced incapacity...”

Die verwysings na die verweer van outomatisme is egter baie skaars en het eers regtig sedert die middel van die twintigste eeu begin posvat. So is een van die eerste sake wat in die vyftiger-jare na die begrip “outomatisme” verwys, die saak van R v Harrison-Owen.⁴⁸⁵ Daar bestaan wel vroeëre sake,⁴⁸⁶ so vroeg as aan die einde van die negentiende eeu, wat reeds al na die verskynsel van outomatisme verwys het, maar wat nog nie die benaming “outomatisme” daaraan verleen het nie.⁴⁸⁷

Aangesien die verweer van outomatisme eers regtig begin posvat het in die middel van die twintigste eeu, sal daar gekonsentreer word op die hofsake vanaf die vyftiger-jare.

⁴⁸⁵ Harrison-Owen [1951] 35 Cr. App. R. 108(C.C.A).

⁴⁸⁶ R v Tolson [1889]23 Q.B.D. 168 op 187, waar na misdaadpleging tydens slaapwandeling verwys word.

⁴⁸⁷ Mewett en Manning 1994:494.

6.3.1 R v Harrison-Owen – 1951⁴⁸⁸

Die beskuldigde is aangekla van huisbraak, nadat hy betrap is op die boonste verdieping van 'n huis waar 'n partytjie gehou is. Die gasvrou het haar handsak in die motor vergeet, waar die beskuldigde dit gevind het. In die handsak was die sleutels van die huis wat hy dan ook gebruik het om toegang tot die huis te verkry.

Die beskuldigde se verweer was dat hy onwillekeurig opgetree het, en die huis binne gestap het in 'n toestand van outomatisme. Die beskuldigde is skuldig bevind nadat daar na sy vorige veroordelings gekyk is. Op appél is bevind dat die hof nie die vorige veroordelings in aanmerking moes geneem het nie, en die appellant se skuldigbevinding is teruggetrek.

Die hofsaak is van belang vir die studie, want dit is een van die eerste sake in die twintigste eeu waar die benaming “outomatisme” gebruik word vir gevalle waar 'n handeling onwillekeurig geskied het. Lord Goddard noem ook dat hierdie verweer baie selde gebruik word.⁴⁸⁹

⁴⁸⁸ Harrison-Owen [1951] 35 Cr. App. R. 108(C.C.A).

⁴⁸⁹ Op 727 B.

6.3.2 R v Charlson – 1955⁴⁹⁰

Die beskuldigde, Stanley Charlson, was 'n toegewyde eggenoot en vader maar het sy 10-jarige seun, Peter, met 'n hamer oor die kop geslaan en hom toe in die rivier gegooi. Die beskuldigde het gesê dat hy kan onthou dat hy vir Peter oor die kop geslaan het, maar dat hy nie weet hoekom hy dit gedoen het nie. Volgens getuienis was daar geen provokasie of motief teenwoordig nie. Sy mediese getuienis het getoon dat die beskuldigde moontlik 'n serebrale gewas het, wat aanleiding kon gee tot impulsiewe geweld waaroor hy geen kontrole gehad het nie. Die verweer van outomatisme is geopper i.p.v. geestesongesteldheid.

Die vraag wat die hof moes afvra, was die volgende: “[W]as the accused knowingly striking his son, or was he acting as an automaton without any control or knowledge of the act which he was committing?”⁴⁹¹

Die verweer van geestesongesteldheid word glad nie deur die beskuldigde ge-opper nie, en volgens regter Barry is die volgende vraag van belang: “If he did know what he was doing, if his actions were purely automatic and his mind had no control over the movement

⁴⁹⁰ 1955(1) All E.R. 859

⁴⁹¹ Op 862E.

of his limbs, if he was in the same position as a person in an epileptic fit and no responsibility rests on him at all, then the proper verdict is 'not guilty'..."⁴⁹²

Hoewel die beskuldigde nie aan epilepsie gely het nie, verwys regter Barry wel na epilepsie en die feit dat 'n persoon nie tydens 'n epileptiese aanval weet wat hy doen nie. Die epileptikus reageer outomaties en is onbewus van wat hy doen. Sy wil of bewussyn het geen beheer oor wat hy doen nie en hy kan dus nie strafregtelik aanspreeklik gehou word vir sy optrede nie.⁴⁹³ In hierdie geval word Charlson geag in 'n soortgelyke toestand te gewees het en word hy onskuldig bevind. Die feit dat Charlson, anders as 'n epileptikus, kan onthou dat hy sy seun aangerand het, is nie aangespreek nie.

Hierdie is dus 'n tipiese geval van "gesonde" outomatisme, al word daar nie sodanig daarna verwys nie. Die "gesonde" aard wys nie op die fisiese gesondheid nie, want die beskuldigde het 'n serebrale gewas gehad wat hom outomaties laat handel het. "Gesond" verwys dus slegs na "geestesgesond."

⁴⁹² 1955(1) All E.R. 864.

⁴⁹³ "If he did not know what he was doing, if his actions were purely automatic and his mind had no control over the movement of his limbs, if he was in the same position as a person in an epileptic fit and no responsibility rests on him at all, then the proper verdict is 'not guilty'..." Op 864E.

Sou die beskuldigde egter aan 'n geestessiekte gely het, dan moes hy vir 'n onbepaalde tyd in 'n inrigting aangehou word, omdat dit gevaarlik geag is om geestesongesteldes terug te plaas in die samelewing.

'n Man wat 'n serebrale gewas op die brein het, is egter ook ernstig siek en daar bly steeds die gevaar dat hy verdere uitbarstings van geweld kan kry. Daar bestaan dus geen duidelike rasionaal waarom die fisiese siek, maar gevaarlike persoon vrygelaat moet word, terwyl die geestessiek persoon aangehou moet word nie.

Die hof het egter streng gekonsentreer op die bewyslas van die aanklaer en die jurie is aangesê dat indien daar enige mate van twyfel bestaan oor die opset en wil van Charlson, moet 'n uitspraak van onskuldig gegee word. Die kwessie van die veiligheid van die samelewing of die feit dat dit eintlik die handelingselement is, wat ter sake was, is nooit aangespreek nie en die beskuldigde is vrygespreek.

6.3.3 R v Kemp – 1957⁴⁹⁴

Die beskuldigde, 'n bejaarde man, het sy vrou met 'n hamer geslaan en haar ernstig beseer. Hy is aangekla van aanranding met die opset

⁴⁹⁴ (1956) 3 All E.R. 249

om ernstige liggaamlike leed te veroorsaak. Die beskuldigde, 'n man met 'n goeie karakter en 'n toegewyde eggenoot, het aan arteriosklerose⁴⁹⁵ gely. Daar was skynbaar geen motief nie en die beskuldigde het geheueverlies van die voorval gehad.

Die deskundige getuies, mediese dokters, het twee verskillende opinies gehad oor die vraag of die arteriosklerose aanleiding tot geestesongesteldheid kon gee. Die eerste dokter se getuienis dui daarop dat die beskuldigde 'n geestesongesteldheid onder lede het. Die ander twee dokters se bevinding was egter dat die beskuldigde nog nie 'n toestand van geestesongesteldheid bereik het nie. Die beskuldigde se verweer was dat hy in 'n toestand van outomatisme opgetree het, maar nie geestesongesteld was nie, aangesien 'n fisiese siekte nie 'n geestesongesteldheid is nie.⁴⁹⁶ In regter Devlin se woorde: “The broad submission that was made to me on behalf of the defence was that this is a physical disease and not a mental disease, that arteriosclerosis is primarily a physical not a mental condition.”⁴⁹⁷

Regter Devlin het aan die jurie voorgehou dat watter mediese getuienis hulle ook al aanvaar, dit 'n geval was wat onder die

⁴⁹⁵ Verharding van die are.

⁴⁹⁶ Die beskuldigde probeer dus verpligte aanhouding by 'n inrigting vermy.

⁴⁹⁷ (1956) 3 All E.R. 253B

M'Naghten-reëls val.⁴⁹⁸ Die regter beslis dat die oorsprong van geestesongesteldheid organies sowel as funksioneel kan wees, en dat die onderskeid tussen die twee kategorië irrelevant is vir die doeleindes van die wet, wat nie belangstel in die oorsprong van die siekte nie, maar slegs in die geestestoestand wat aanleiding tot die handeling gegee het.⁴⁹⁹

"Disease of the mind" kan nie gelees word as "disease of the brain" nie, dus is die toestand van die brein irrelevant, asook die vraag of die geestesongesteldheid tydelik of permanent is.⁵⁰⁰ Die feit dat die toestand geneesbaar is of nie, is ook irrelevant. Die uitspraak was skuldig maar geestesongesteld en die beskuldigde is vir aanhouding verwys.

In die uitspraak het regter Devlin dus baie klem gelê op die M'Naghten-reëls en die feit dat die beskuldigde nie geweet het wat hy doen nie. Hierdie beslissing toon dus duidelik dat, in teenstelling met ander soortgelyke sake, outomatisme as 'n "disease of the mind" beskou is wat 'n "defect of reason" veroorsaak en dus onder die M'Naghten-reëls val.

⁴⁹⁸ (1956) 3 All E.R. 250

⁴⁹⁹ (1956) 3 All E.R. 253E

⁵⁰⁰ (1956) 3 All E.R. 253I

In hierdie saak het die regter die gebrek aan wilsbeheer gelyk gestel aan die gebrek aan wilsgerigtheid - en daardeur bevind dat die beskuldigde aan geestesongesteldheid gelyk het.⁵⁰¹ Dit het die regter min keuses gelaat en moes hy die beskuldigde na 'n inrigting toe verwys.⁵⁰²

6.3.4 Hill v Baxter - 1958⁵⁰³

Hierdie saak is deur die landdroste van Brighton verwys na die Hoërhof vir uitsluitel of die verweerder vervolg moet word. Die landdroste het die twee aanklagte nl. roekelose bestuur en versuim om by 'n stopstraat te stop, wat aan die verweerder gerig is, ter syde gestel op grond daarvan dat die verweerder nie die nodige opset gehad het nie.

Hill, die aanklaer, het egter teen hierdie bevinding na die Appélhof geappélleer. Die appél het geslaag en die saak is terugverwys met die aanduiding dat die respondent wel vervolg moet word. Die feite van die saak was as volg:

⁵⁰¹ Trial of Lunatics Act van 1883

⁵⁰² (1956) 3 All E.R. 254F.

⁵⁰³ 1 Q.B. 277 (1958)

Die respondent het versuim om by 'n stopstraat te stop, waarna hy met 'n ander voertuig gebots het. Die polisie het die respondent in 'n verwarde toestand by die toneel gekry en hom hospitaal toe geneem. Die respondent onthou dat hy by die sirkus was, maar kan verder niks onthou nie, ook nie van die botsing nie.

Die deskundige getuienis dui daarop dat die respondent geen siekte onder lede het nie en ook geen abnormaliteite toon nie. Dit is onmoontlik om te sê of hy 'n "black-out" gehad het of nie.

Die respondent se verweer is een van outomatisme en gevolglik is die bewyslas op hom om 'n grondslag vir so 'n verweer te lê. Die verweer van geestesongesteldheid word glad nie geopper nie.

Regter Devlin onderskei tussen gesonde en siek outomatisme :

“ For the purposes of the criminal law there are two categories of mental irresponsibility, one where the disorder is due to disease and the other where it is not. The distinction is not an arbitrary one. If disease is not the cause, if there is some temporary loss of consciousness arising accidentally, it is reasonable to hope that it will not be repeated and that it is safe to let an acquitted man go entirely free. But if disease is present, the same thing may happen again and therefore, since 1800, the law has provided that persons acquitted on

this ground should be subject to restraint”⁵⁰⁴ Uit die verwysing na wetgewing sedert 1800 is dit duidelik dat die regter met “disease” verwys na geestesongesteldheid.

Hier word die begrippe “gesonde en siek outomatisme” nog nie gebruik nie, maar die onderskeid word wel uitdruklik aangedui. Regter Devlin wys in sy onderskeid daarop dat sekere geestestoestande weer later herhaal kan word, wat dus ‘n gevaar inhou vir die samelewing. Tog hou hy ook in gedagte dat daar wel geestestoestande voorkom wat net eenmalig kon gewees het en dit dus nutteloos sal wees om so ‘n persoon vir aanhouding te stuur. Die onderskeid is dus gemaak uit ‘n billikheidsoogpunt, maar die veiligheid van die samelewing bly steeds ‘n belangrike faktor.

Die aanklaer is van mening dat daar geen getuienis is dat die beskuldigde in ‘n toestand van outomatisme opgetree het nie. Die enigste getuienis beskikbaar is die feit dat hy niks kan onthou van wat gebeur het nie. Die moontlikheid dat die beskuldigde aan die slaap geraak het, is ook oorweeg, maar dit is geen verskoning in die reg nie.

Lord Goddard noem die moontlike oorsake vir die beskuldigde se amnesie: “ Suppose he had a stroke, or an epileptic fit, both instances of what may properly be called Acts of God; he might well be in the driver's seat even with his hands on the wheel but in such a state of

⁵⁰⁴ [1958] 1 All ER 193 op 197 D-E.

unconsciousness that he could not be said to be driving. A blow from a stone or a swarm of bees I think introduces some conception akin to 'novus actus interveniens.'"⁵⁰⁵

Regter Pearson stel die saak heel eenvoudig voor. Die eerste vraag was of dit die respondent was wat oënskynlik roekeloos en gevaarlik bestuur het. In die geval was dit bevestig. Die tweede vraag was dan of hy die motor⁵⁰⁶ bestuur het. Die feit dat hy in die bestuurder se sitplek was, skep 'n *prima facie* saak dat hy wel bestuur het. Die onus is dus op die respondent om aan te toon dat hy weens buitengewone omstandighede onwillekeurig opgetree het en geen beheer oor die motor gehad het nie. Hy noem die volgende moontlikhede as voorbeelde van buitengewone omstandighede:

- (1) *The man in the driving seat is having an epileptic fit, so that he is unconscious and there are merely spasmodic movements of his arms and legs.*
- (2) *By the onset of some disease he has been reduced to a state of coma and is completely unconscious.*
- (3) *He is stunned by a blow on the head from a stone which passing traffic has thrown up from the roadway.*
- (4) *He is attacked by a swarm of bees so that he is for the time being disabled and prevented from exercising any directional control over*

⁵⁰⁵ [1958] 1 All ER 193 op 195H, [1958] 1 QB 277 op 283.

⁵⁰⁶ 'n Vervoerwa.

*the vehicle and any movements of his arms and legs are solely caused by the action of the bees.*⁵⁰⁷

Die hof beslis dat die respondent genoeg beheer uitgeoefen het deur die motor te bestuur om selfs 'n ompad te volg. Die hof vind verder dat stawende getuienis ontbreek en dat daar dus geen grondslag deur die respondent gelê is vir 'n verweer van outomatisme nie.

Die saak is van belang vir die studie, want Regter Devlin maak 'n baie duidelike onderskeid tussen siek en gesonde outomatisme. Hy dui ook aan dat as die beskuldigde nie 'n gevaar vir die samelewing inhou nie, vrypraak moontlik is.

6.3.5 Bratty v Attorney-General for Northern Ireland – 1961⁵⁰⁸

Die beskuldigde, Bratty, was 'n jong man wat aangekla is van moord. Hy het na die huis van die 18-jarige Josephine Fitzsimmons, wat hy baie goed geken het, gegaan. Hy het vir ongeveer 20 jaar by die familie van Josephine ingewoon. Die doel van sy besoek was om Kersgeskenke af te lewer. Net nadat hy by Josephine se woonplek stilgehou het, het laasgenoemde uit die huis gekom en aan Bratty gevra om haar na Hillsborough te neem waar sy 'n boodskap wou laat

⁵⁰⁷ Sien 197 I, [1958] 1 QB 277 op 286.

⁵⁰⁸ (1961) 3 All E R 523

en lekkers wou koop. Die twee is die aand ongeveer 21h00 in Bratty se motor daar weg. Josephine is vir die laaste keer in Hillsborough lewend gesien.

Om 23h15 is haar lyk in Grove Road op die gras langs die pad gevind. Sy is verwurg deur 'n kous afkomstig van haar linkerbeen. Sy is nie seksueel aangerand nie, maar haar broek en linkerskoen het 'n klein entjie verder op die gras gelê. Die hof het dan ook bevind dat daar een of ander toenadering was, waarteen sy weerstand gebied het. Op pad huis toe, het Bratty se motor ongeveer 3 myl voor sy bestemming gaan staan, en hy het 'n aanbod van iemand om die motor op sleeptou te neem, van die hand gewys. Hy het ongeveer 04h00 te voet by sy woonplek aangekom en is 'n uur later deur die polisie gearresteer.

Bratty het in sy getuienis gesê dat 'n vreeslike gevoel oor hom gekom het. Hy het na Josephine gekyk, haar gegryp en haar op die agterste sitplek van die motor gegooi, waarna hy een van haar sykouse uitgetrek het, dit om haar nek gesit het en haar verwurg het. By die pad net links van haar woning het hy haar toe uit die motor getel en langs die pad neergesit. Hy het daarop gesê: "I didn't mean to do what

really happened – I don't think it would have happened only that terrible feeling came over me at the time.”⁵⁰⁹

In sy getuienis het hy later die “verskriklike gevoel” wat oor hom gekom het, beskryf as ‘n gevoel dat hy sy arms om die meisie wou sit.

Die verweer was drie-ledig:

- Outomatisme as gevolg van psigomotoriese epilepsie wat tot ‘n gevolglike bevinding van onskuldig aanleiding sou gee.
- Skuldig aan strafbare manslag, aangesien “his mental condition was so impaired and confused and he was so deficient in reason, that he was not capable of forming this intent.”
- Skuldig maar geestesongesteld weens ‘n aanval van epilepsie.

Nie een van Bratty se verwere het geslaag nie en hy is skuldig bevind aan moord en die doodstraf opgelê, ‘n vonnis wat later na lewenslange gevangenisstraf verminder is.

Vir die doeleindes van hierdie studie is die volgende aspekte van die beslissing van verdere belang:

⁵⁰⁹ Op 526E.

- Automatismie is gedefinieer as verwysende na die toestand van 'n persoon wat, hoewel hy in staat is tot handeling, nie bewus is van wat hy doen nie – Dit beteken 'n onbewuste, nie-wilsgerigte handeling, en dit is 'n verweer omdat “the mind does not go with what is being done”.
- Lord Denning bevind dat geen handeling strafbaar is indien dit onwillekeurig is nie en “...an involuntary act in this context – some people nowadays prefer to speak of it as “automatism” – means an act which is done by the muscles without control by the mind,”⁵¹⁰ soos 'n spasma, 'n reflekshandeling of 'n konvulsie; of 'n handeling deur 'n persoon wat nie bewus is van wat hy doen nie, soos 'n handeling terwyl 'n persoon aan konkussie ly of tydens slaapwandeling.

Volgens lord Denning word 'n handeling nie as onwillekeurig beskou eenvoudig omdat die dader sê dat hy dit nie kan onthou nie, ook nie as die dader nie homself kon beheer nie. Wanneer 'n man van moord aangekla word en dit blyk dat hy geweet het wat hy doen, maar dat hy hom nie kon weerhou nie, dan is sy stelling dat hy homself nie kon help nie, geen verweer nie.

⁵¹⁰ Op 532E.

‘n Handeling word ook nie as onwillekeurig beskou omdat dit onopsetlik was of die gevolge nie voorsien is nie. ‘n Onwillekeurige handeling wat voortspruit uit ‘n geestesongesteldheid, gee aanleiding tot ‘n verweer van ontoerekeningsvatbaarheid, maar is nie ‘n verweer van outomatisme nie, met ‘n gevolglike uitspraak van skuldig maar geestesongesteld.

Lord Denning sê voorts : “But in R v. Charlson, Barry, J., seems to have assumed that other diseases such as epilepsy or cerebral tumour are not diseases of the mind, even when they are such as to manifest themselves in violence. I do not agree with this. It seems to me that any mental disorder which has manifested itself in violence and is prone to recur is a disease of the mind. At any rate it is the sort of disease for which a person should be detained in hospital rather than be given an unqualified acquittal.”⁵¹¹

Een laaste belangrike punt uit die Bratty-saak is dat al die dokters wat in die saak getuig het, saamgestem het dat “psychomotor epilepsy is a defect of reason due to disease of the mind”, ‘n standpunt wat die hof ook aanvaar het. In die saak R v. Sullivan,⁵¹² wat later bespreek word, is egter ‘n ander standpunt gehuldig deur sekere dokters in Engeland.

⁵¹¹ Op 534F (Skrywer se beklemtoning).

⁵¹² [1983] 2 All E.R. 673

Lord Denning wys dus in die saak dat dit gaan oor die veiligheid van die samelewing en nie soseer oor die presiese aard van die siekte nie, wat tot aanhouding in 'n hospitaal aanleiding kan gee i.p.v. ontslag. 'n Toestand wat homself in die toekoms kan herhaal moes dus beskou word as 'n geestesongesteldheid en sodanige persoon moet vir aanhouding verwys word.

6.3.6 Watmore v Jenkins – 1962⁵¹³

Die beskuldigde was 'n diabeet wat in 'n toestand van hipoglukemie verval het, terwyl hy sy motor bestuur het. As gevolg van sy toestand het hy dan ook in 'n geparkeerde motor vasgery. Die beskuldigde het gesteun op die verweer van outomatisme weens hipoglukemie, maar is *inter alia* skuldig bevind aan roekelose bestuur.

Regter Winn het die volgende stelling gemaak: 'It is ... a question of law what constitutes a state of automatism. It is salutary to recall that this expression is no more than a modern catchphrase which the courts have not accepted as connoting any wider or looser concept than involuntary movement of the body or limbs of a person.'⁵¹⁴

⁵¹³ [1962] 2 All ER 868 en [1962] 2 QB 572

⁵¹⁴ [1962] 2 All ER 868 op 874, [1962] 2 QB 572 op 586–587

Hy verwys ook later in die uitspraak na die behoefte vir 'such a complete destruction of voluntary control as could constitute in law automatism.' In hierdie geval was daar nie so 'n "destruction of voluntary control" nie.⁵¹⁵ Met hierdie beredenering is nie fout te vind nie.

6.3.7 R v Quick and Paddison – 1973⁵¹⁶

Die beskuldigde, Quick, 'n verpleër by 'n hospitaal vir geestesongesteldes, is daarvan aangekla dat hy 'n pasiënt aangerand het. Paddison is ook aangekla as medepligtige. Quick het aan diabetes gely en op die betrokke dag het hy sy insulien, soos gebruiklik tesame met 'n ligte ontbyt geneem, maar geen middagete genuttig nie. Voor die aanranding plaasgevind het, het hy whisky en 'n kwartbottel rum gedrink.

Die beskuldigde verweer homself op grond van outomatisme. Mediese getuienis het daarop gedui dat beskuldigde aan hipoglukemie⁵¹⁷ gely het as gevolg van die insulien-inspuiting. Regter Bridge het in die hof *a quo* beslis dat die verweer een is van geestesongesteldheid en nie outomatisme nie. In die lig hiervan het Quick skuldig gepleit op die

⁵¹⁵ [1962] 2 QB 572.

⁵¹⁶ (1973) 3 All E.R. 347

⁵¹⁷ Lae bloedsuiker

aanrandingsklag en is hy skuldig bevind. Quick het skuldig gepleit, want 'n suksesvolle verweer van geestesongesteldheid, wat nou sy enigste opsie was, sou lei tot verpligte aanhouding by 'n inrigting.⁵¹⁸ In teenstelling daarmee, sou 'n straf vir aanranding veel ligter wees.

Quick appéleer teen die hof se bevinding dat die outomatisme nie na die jurie verwys moes gewees het nie.

Op hierdie appél het Lawton L.J, na lord Denning se definisie oor geestesongesteldheid in die Bratty-saak verwys, naamlik dat 'n persoon met enige geestesversteuring wat met geweld gemanifesteer word en neig tot herhaling, vir aanhouding in 'n hospitaal vir geestesongesteldes moet gaan. Lawton L.J. ontleed die resultaat, en voer aan dat geen hospitaal vir geestesongesteldheid 'n persoon wat aan diabetes ly sal opneem, bloot omdat hy 'n lae bloedsuikerreaksie gehad het nie.⁵¹⁹

Volgens die regter se mening is outomatisme "A malfunctioning of the mind or transitory effect" wat deur eksterne faktore veroorsaak word soos geweld, middels, insluitende narkosemiddels, alkohol en hipnotiese invloede. Dit vorm dus nie 'n geestesongesteldheid nie. So

⁵¹⁸ Art. 5 van die Criminal Procedure (Insanity) Act 1964

⁵¹⁹ Volgens Holland (1982) kan dieselfde argument geld ten opsigte van die behandeling van epilepsie as 'n geestesongesteldheid

'n wanfunksionering, anders as die wat deur 'n "defect of reason from disease of the mind" veroorsaak word, sal nie altyd as verskoning dien nie. 'n Onvermoë wat self veroorsaak word sal ook geen verskoning wees nie,⁵²⁰ asook waar dit redelik voorsien kon word deur of iets te doen of na te laat, byvoorbeeld die neem van alkohol teen mediese advies terwyl sekere voorgeskrewe medisyne geneem word, of in gebreke bly om gereelde maaltye te neem waar insulien gebruik word. Van tyd tot tyd sal daar moeilike grensgevalle voorkom, dan sal die toets "can this mental condition be fairly regarded as amounting to or producing a defect of reason from disease of the mind?" tot die korrekte resultaat lei.

Die hof beslis dat Quick se beweerde outomatisme nie veroorsaak is deur sy diabetes nie, maar deur die gebruik van insulien wat deur 'n dokter voorgeskryf is. Die outomatisme is dus meegebring deur 'n eksterne faktor en nie deur 'n liggaamlike versteuring nie. Quick was dus geregtig op die verweer van outomatisme en sy vonnis is ter syde gestel.

Hoewel hierdie saak nie oor epileptiese outomatisme gaan nie, kan die afleiding gemaak word dat indien epileptiese outomatisme deur

⁵²⁰ Verwysende na 'n saak waar die beskuldigde LSD geneem het, R v. Lipman (1969) 3 All E.R. 410; (1979) 1 Q B 152

eksterne faktore⁵²¹ veroorsaak word, die beskuldigde hom sal kan beroep op 'n verweer van gesonde outomatisme. Indien sy outomatisme egter ontstaan deur sy eie nalatigheid, sal hy nie geregtig wees om die verweer van gesonde outomatisme voor te hou nie.⁵²²

6.3.8 **R v Sullivan – 1983** ⁵²³

Sullivan, 'n 51-jarige-man met 'n goeie reputasie, het sy lewe lank aan epilepsie gely. Sy epilepsie het aanvanklik bestaan uit *grand mal*-aanvalle, maar nadat hy sedert 1976 behandeling ontvang het, het die aanvalle, as gevolg van medikasie, verander na *petit mal* epilepsie. Die aanvalle het gewissel tussen een of twee keer per week.

Sullivan het tydens 'n besoek aan 'n bejaarde vriendin, weer 'n epileptiese aanval gehad. Mnr. Payne, 'n vriend van hom, was ook teenwoordig. Mnr. Payne het van sy stoel opgestaan om die beskuldigde te help, maar in die proses is hy ernstig deur die beskuldigde aangerand. Mnr. Payne is sodanig beseer dat hy hospitaalbehandeling benodig het.

⁵²¹ Byvoorbeeld emosionele stres, geneesmiddels, fotostimulasie.

⁵²² Antesedente aanspreeklikheid. Sien byvoorbeeld **R v Bailey** (1983) 2 All E.R. 503 waar beslis is dat die verweer van outomatisme as gevolg van hipoglukemie nie beskikbaar is vir die appellant nie, aangesien hy self vir sy toestand verantwoordelik was, naamlik die nalaat om voedsel in te neem kort na sy insulien-inspuiting.

⁵²³ [1983] 2 All E.R. HL 673

Die beskuldigde is aangekla van aanranding met die opset om ernstige liggaamlike leed te veroorsaak. In die hof *a quo* was die beskuldigde se verweer dat hy die handeling gepleeg het terwyl hy besig was om te herstel van die finale stadium van 'n epileptiese aanval. Die verhoorregter het beslis dat die verweer eerder 'n geestesongesteldheid was, as outomatisme. Die bevinding was dus dat hy in 'n spesiale hospitaal aangehou sal moet word. Om sodanige optrede te vermy het die beskuldigde sy pleit verander na skuldig op 'n mindere aanklag van aanranding, waarop hy skuldig bevind is en gevonnissen is tot drie jaar onder toesig.

Sullivan appèlleer omdat hy voel dat die regter se beslissing om hom van sy verweer van outomatisme te ontnem, verkeerd is. Die Appèlhof het die regter se uitspraak bekragtig en die appèl van die hand gewys. Die beskuldigde het toe na die House of Lords geappèlleer.

Die deskundige getuienis dui daarop dat die beskuldigde se aanval op mnr. Payne al die kenmerke gehad het van 'n epileptiese outomatisme. Volgens die mediese getuienis is epilepsie nie 'n geestesongesteldheid nie, terwyl in die Bratty-saak die dokters dit wel as sodanig beskou het. Die deskundige getuienis in hierdie saak dui

daarop dat die toestand vir 'n geruime tyd aaneenlopend teenwoordig moet wees, voordat dit kan lei tot 'n geestesongesteldheid.

Uit Lord Diplock se betoog blyk dit tog of daar 'n wind van verandering begin waai ten opsigte van epileptiese outomatisme:

"My Lords, it is natural to feel reluctant to attach the label of insanity to a sufferer from psychomotor epilepsy of the kind to which the appellant was subject, even though the expression in the context of a special verdict of not guilty by reason of insanity is a technical one which includes a purely temporary and intermittent suspension of the mental faculties of reason, memory and understanding resulting from the occurrence of an epileptic fit. But the label is contained in the current statute, it has appeared in this statute's predecessors ever since 1800, It does not lie within the power of the courts to alter it. Only Parliament can do that. It has done so twice; it could do so once again. Sympathise though I do with the appellant, I see no other course open to your Lordships than to dismiss this appeal."

Gebonde aan die M'Naghten-reëls, beslis Diplock, waarmee die ander vier Lords saamstem, dat organiese oorsake soos epilepsie, 'n "disease of the mind" is, afgesien daarvan of die versteuring van bewussynsfunksies, soos rede, geheue en begrip kortstondig,

intermitterend of permanent is, solank dit teenwoordig was ten tye van die pleeg van die handeling: "Accordingly, it did not matter whether the impairment was organic, as in epilepsy, or functional, or whether the impairment itself was permanent or was transient and intermittent, provided it subsisted at the time of commission of the act, since the purpose of the legislation relating to the defence of insanity was to protect society against recurrence of the dangerous state, no matter how temporary the duration of the suspension of faculties might be. It followed therefore that, if the occurrence of an epileptic fit brought about a temporary suspension of the mental faculties of reason, memory and understanding during the course of which an offence was committed, the special verdict of not guilty by reason of insanity was appropriate. The appeal would therefore be dismissed."⁵²⁴

Na aanleiding van die Sullivan-saak skryf Fenwick⁵²⁵ dat hulle besorg is oor die beslissing van House of Lords dat 'n epileptiese aanval regtens as geestesongesteldheid beskou word. Hulle is van mening dat 'n wetswysiging van die Engelse en Skotse Wet nodig is, gebaseer op die volgende:

⁵²⁴ Sien bl. 677H tot p. 678B en 678G to p. 679A

⁵²⁵ Fenwick e.a. 1984 : 528-529.

(1) Die onderskeid tussen gesonde en sieklike outomatisme moet verval.

(2) 'n Spesiale uitspraak "onskuldig vanweë outomatisme" moet as alternatief beskikbaar wees vir "onskuldig vanweë geestesongesteldheid" waar dit duidelik ontoepaslik is om die beskuldigde as geestesongesteld te beskou.

(3) Indien die verweer van "onskuldig vanweë outomatisme" slaag, moet die hof 'n wye diskresie hê wat wissel van geen aanhouding tot aanhouding in 'n sekuriteitshospitaal.

Met hierdie ontleding en aanbevelings van Fenwick kan breedweg saamgestem word.

6.3.9 **R v Hennessy –1989**⁵²⁶

Die beskuldigde, wat vir tien jaar al 'n diabeet was, is deur die polisie gearresteer vir die diefstal van 'n voertuig. Die beskuldigde is by 'n rooi verkeerslig aangekeer en hy het probeer wegjaag. Hy is na die arrestasie na die hospitaal geneem om insulien te kry, want hy het deurmekaar en duiselig voorgekom by die polisiestasie. By die hospitaal is gevind dat hy versuim het om vroeër sy insulien te neem.

⁵²⁶ [1989]2 All E.R. 9

Uit die getuienis blyk dit dat die beskuldigde op 'n dieet was, hy probleme by die werk het, asook huweliksprobleme. Hy het nie meer geëet nie en ook nie sy insulien geneem nie. Verder getuig hy dat hy nie kan onthou dat hy die motor gesteel het nie. Deskundige getuies toon aan dat ernstige gevalle van hiperglukemie kan lei tot slaperigheid, verlies van bewussyn en selfs koma.

Die regspraak was dus of sy toestand een is van geestesongesteldheid of nie. Die hof kon dit bepaal deur o.a. te kyk na enige eksterne faktore. Die hof raadpleeg die uitspraak in die saak van *R v Quick*⁵²⁷ waar die verweer van outomatisme toegelaat is, omdat die beskuldigde se toestand veroorsaak was deur 'n eksterne faktor, die inspuit van insulien.

Die vraag is of die beskuldigde se depressie, spanning en huweliksprobleme genoegsame eksterne faktore is wat tot sy toestand kon gelei het. Die hof bevind egter dat alhoewel die spanning en depressie wel 'n invloed kon hê, dit nie 'n genoegsame effek gehad het om tot die toestand van outomatisme by te dra nie.

Die hof bevind voorts dat die verweer van gesonde outomatisme nie vir die beskuldigde beskikbaar is nie. Die beskuldigde verander toe sy

⁵²⁷ [1973]3 All E.R. 347.

pleit na skuldig en word gevonnis tot 15 maande gevangenisstraf, opgeskort vir vier jaar. Hierna appèleer die beskuldigde teen die regter se bevinding dat 'n verweer van gesonde outomatisme nie beskikbaar was nie.

Die appél misluk, want volgens die appélhof is die versuim om insulien te neem, 'n interne faktor wat 'n verweer van geestesongesteldheid noodsaak. Spanning en depressie is wel eksterne faktore, maar dra selde daartoe by dat dit tot 'n toestand van outomatisme aanleiding gee.

Hierdie beslissing bou dus voort op die snaakse verskynsel dat hipoglukemie ⁵²⁸ deur die Engelse reg beskou word as 'n geestesongesteldheid, terwyl die teendeel waar is met 'n verskynsel van hiperglukemie. ⁵²⁹

6.3.10 **R v Burgess –1991**⁵³⁰

Die appellant het sy buurvrou in die vroeë oggend-ure aangeval en ernstig beseer. Hy het haar met 'n bottel oor die kop geslaan terwyl sy geslaap het, toe met 'n video-masjien, waarna hy haar gewurg het aan

⁵²⁸ Lae bloedsuiker, want die persoon het bv. nie geëet nie.

⁵²⁹ Hoë bloedsuiker, want daar is 'n tekort aan insulien.

⁵³⁰ [1991]2 QB 92.

die keel. Sy verweer op die aanklag van aanranding was dat hy in sy slaap geloop het en dus geregtig is op 'n verweer van gesonde outomatisme.

Die twee faktore waarna die hof kyk voordat hy die verweer van outomatisme aan die jurie oorlaat, is :

- i) of daar 'n grondslag gelê is vir so 'n verweer, en
- ii) of die getuienis aandui dat daar sprake is van siek of gesonde outomatisme.⁵³¹

Die hof bevind dat daar nie genoegsame getuienis is om aan te dui dat 'n eksterne faktor tot sy toestand gelei het nie.⁵³² Die enigste getuienis dui op 'n geestesongesteldheid. Die beskuldigde word onskuldig bevind, maar geestesongesteld.

Alhoewel die deskundige getuienis aantoon dat herhaaldelike gevalle van ernstige aanranding in slaapwandelry hoogs onwaarskynlik is, het die appél misluk en bevind die appélhof : “ the absence of the danger of recurrence is not a reason for saying that [a condition] cannot be a disease of the mind within the meaning of the M’Naghten Rules.”⁵³³

⁵³¹ R v Burgess [1991] 2 All ER 769 op 771, [1991] 2 QB 92 op 96C.

⁵³² [1991] 2 QB 92 op 98D.

⁵³³ [1991]2 WLR 1206 op 1212.

Die feit dat die beskuldigde se gebrekkige geestestoestand weer in die toekoms kan herhaal, is dus bloot net een van die faktore waarna gekyk word by die bepaling van siek of gesonde outomatisme. Die moontlikheid van herhaling dui dus nie noodwendig en uitsluitlik op 'n geestesongesteldheid nie. Die afwesigheid daarvan en die feit dat die samelewing nie in gevaar verkeer nie, sal ook nie noodwendig dui op gesonde outomatisme nie.

Uit die uitspraak is dit egter duidelik dat slaapwandelay deur die hof beskou word as 'n geestesongesteldheid, weens die feit dat die slaapwandelay 'n "interne" oorsaak het.

6.3.11 **Attorney General's Reference (No.2 of 1992) - 1993**⁵³⁴

Die respondent, 'n swaarvoertuig bestuurder, het na 'n aansienlike lang afstand⁵³⁵ wat hy in 'n kort tyd gery het, met 'n wit vervoerwa gebots wat langs die pad gestaan het. Voor die vervoerwa was 'n insleepvoertuig, met flikkerende geel ligte. Twee persone wat tussen die voertuie gestaan het is noodlottig in die ongeluk getref.

Die merke op die pad het aangetoon dat die vragmotor eers in die laaste oomblikke voor die botsing, remme aangeslaan het.

⁵³⁴ [1993] 4 All ER 683.

⁵³⁵ 343 myl.

Die respondent word aangekla van roekelose bestuur en strafbare manslag.

Die appellant beweer dat die respondent aan die slaap geraak het, terwyl die respondent deur deskundige getuienis⁵³⁶ aandui dat hy bestuur het 'without awareness.' Dit is weens 'repetitive visual stimuli experienced on long journeys on straight, flat, featureless motorways....' Die deskundige getuienis dui verder aan dat hierdie toestand '...induced a trance-like state in which the focal point for forward vision gradually came nearer and nearer until the driver was focusing just ahead of his windscreen.'

In die hof *a quo* was die verweer van outomatisme aan die jurie oorgelaat en was die uitspraak dat hy onskuldig was en hy is vrygespreek. Die Prokureur-Generaal het appél aangeteken op die grond daarvan dat die verweer van outomatisme nooit aan die jurie oorgelaat moes gewees het nie.

Op appél word beslis dat die toestand 'driving without awareness' nie die verweer van outomatisme ondersteun nie, omrede daar 'n totale onvermoë moet wees om willekeurig op te tree. 'Driving without awareness' impliseer dat gedeeltelike beheer nog teenwoordig was.

⁵³⁶ Professor Brown

Die appél slaag en die hof bevind dat die verweer van outomatisme nie aan die jurie oorgelaat moes gewees het nie.⁵³⁷

Die saak van *Watmore v Jenkins*⁵³⁸ word dus hier nagevolg en stel die vereiste dat daar totale verlies van beheer moes gewees het, alvorens 'n verweer van outomatisme van toepassing sal wees.

Professor Brown, een van die deskundige getuies in die saak, vind dat die beskuldigde “largely unaware” was, d.w.s “the unawareness was not total.”⁵³⁹ Kan die optrede van die onderbewussyn beskou word as 'n “awareness” ?

Indien die bewussyn so aangetas is dat sy verstand nie sy optrede kan beheer nie, is die persoon onskuldig. Dit is egter 'n baie fyn skeidslyn om te bepaal of die persoon sy optrede kon beheer het of nie.

⁵³⁷ Sien 689 j tot by 690 a.

⁵³⁸ [1962] 2 All ER 868

⁵³⁹ [1993]4 All E.R. op 686j.

6.4 Samevatting

Die verweer van outomatisme in Engeland is beperk tot gevalle waar daar 'n totale verlies van beheer was.⁵⁴⁰ Aangetaste of 'n verminderde mate van beheer is nie voldoende nie. Indien die beskuldigde bewus is van sy optrede, maar nie sy optrede kan beheer nie, is die verweer van outomatisme ook soms beskikbaar.

Regter Humphreys⁵⁴¹ maak gebruik van die voorbeeld waar 'n bestuurder van 'n motor deur 'n swerm bye aangeval word.

Die persoon is steeds by sy bewussyn, maar het geen beheer oor sy optrede nie.

Regter Lawton⁵⁴² wys ook daarop dat die toestand van outomatisme nie self veroorsaak moes gewees het nie. 'n Persoon wat byvoorbeeld lae bloedsuiker het, wat met opset nie suiker inneem nie.

Die onderskeid van eksterne⁵⁴³ en interne faktore word ook nog aangewend in Engeland. Indien die toestand van outomatisme ontstaan a.g.v. 'n eksterne oorsaak, soos bv. 'n hou teen die kop, word dit nie as 'n geestesongesteldheid beskou nie en word dit beskou as

⁵⁴⁰ Broome v Perkins (1987), Whatmore v Jenkins (1962), R v Charlson (1955)

⁵⁴¹ Kay v Butterworth 1945 (1) 110 J.P. 75

⁵⁴² R v Quick [1973] QB 910 op 922-923. Sien ook R v Bailey [1983] 1 WLR 760.

⁵⁴³ R v Quick (1973), R v T (1990), R v Hennesy (1989)

gesonde outomatisme.⁵⁴⁴ Interne faktore dui op siek outomatisme, of te wel geestesongesteldheid.⁵⁴⁵

Sommige skrywers, soos Souper van die Bournemouth and Poole College, wys daarop dat daar weggedoen moet word met die onderskeid tussen eksterne en interne faktore as oorsaak van outomatisme. Die snaakse verskynsel van hiperglukemie en hipoglukemie is 'n sprekende voorbeeld hier. Hiperglukemie (hoë bloedsuiker), word deur die Engelse reg beskou as 'n geestesongesteldheid, terwyl dit nie die geval is met hipoglukemie (lae bloedsuiker) nie.⁵⁴⁶

Die gevaar wat die beskuldigde vir die samelewing inhou speel ook 'n belangrike faktor by die bepaling van gesonde outomatisme. Sake soos Charlson⁵⁴⁷ versuim egter om na die kwessie van die veiligheid van die samelewing te kyk.

⁵⁴⁴ R v Quick (1973), R v T (1990), R v Hennessy (1989)

⁵⁴⁵ R v Quick, R v Paddison [1973] 3 All ER 347, [1973] QB 910, R v Sullivan [1983] 2 All ER 673, [1984] AC 156, R v Hennessy [1989] 2 All ER 9, [1989] 1 WLR 287 en R v Burgess [1991] 2 All ER 769, [1991] 2 QB 92).

The effect of these decisions is that if the defence of automatism is said to arise from internal causes so as to bring the defendant within the M'Naghten Rules, then if it succeeds the verdict should be one of not guilty by reason of insanity.

⁵⁴⁶ Sien R v Hennessy [1989] vir 'n geval van hoë bloedsuiker en R v Quick [1973] vir 'n geval van lae bloedsuiker.

⁵⁴⁷ 1955(1) All E.R. 859

Die kwessie van epilepsie is ook nog onseker, want dit dui soms op 'n geestesongesteldheid en soms nie.⁵⁴⁸ Daar is teenstrydige uitsprake hieroor.

Nieteenstaande hierdie bogenoemde kenmerke wat uitgekristalliseer is, is daar skrywers wat van mening is dat die Engelse reg op die huidige stelsel kan verbeter. Die mening is dat die verweer van outomatisme steeds behou moet word in sy huidige vorm, maar dat daar weggedoen moet word met die onderskeid tussen eksterne en interne faktore as oorsaak van outomatisme. Outomatisme moet ook nie algehele vryspraak tot gevolg hê nie.⁵⁴⁹

Die wysigings wat die Criminal Procedure (Insanity and Unfitness to Plead) Act 1991 teweeg gebring het, het aan die howe 'n wyer diskresie gegee om te besluit wat die regte vonnis sal wees by elke saak, na oorweging van elke saak se meriete. Die onderskeid tussen gesonde en siek outomatisme is hierdeur dus nie meer van kardinale belang nie.⁵⁵⁰

⁵⁴⁸ Bratty v Attorney-General for Northern Ireland (1961), R v Sullivan (1985). Die teendeel was egter oorspronklik bevind in R v Charlson (1955)

⁵⁴⁹ http://www.sixthform.info/law/01_modules/mod4/13_5_defences

⁵⁵⁰ M Souper 2004 by
http://www.sixthform.info/law/01_modules/mod4/13_5_defences

HOOFSTUK 7

KANADA

7.1 Inleiding

7.2 Outomatisme

7.3 Agtergrond

7.3.1 Gesonde en siek outomatisme

7.4 Wetgewing

7.4.1 Artikel 16 van die Strafkode

7.5 Regspraak

7.5.1 Kasperek (1951)

7.5.2 Minor (1955)

7.4.3 King (1962)

7.4.4 Rabey (1977)

7.4.5 Parks (1992)

7.4.6 Stone (1999)

7.1 Inleiding

Die Kanadese strafreg se oorsprong kan gevind word in die gemenerereg van Engeland.⁵⁵¹ Die jurisdiksie van die Kanadese strafreg kan die beste saamgevat word deur die woorde van Clarke ea:⁵⁵²

“The authority to enact legislation in the area of criminal law has been assigned to the federal government by the British North America Act, although the provinces⁵⁵³ are authorized by the Act to organize the courts of criminal jurisdiction.”

Ten einde die bespreking oor die ontwikkeling van outomatisme in Kanada sinvol te verstaan, is dit nodig om eerstens na die basis van die Kanadese strafreg te kyk. Die Britse Setlaars wat Kanada⁵⁵⁴ gedurende die negentiende eeu ingeneem het, het die gemene reg van Engeland met hulle saamgebring.⁵⁵⁵ Gebiede wat ingeneem is en reeds 'n gevestigde regsisteem gehad het, is nie verander nie. Die Engelse reg het dus nie net sonder meer gegeld nie.⁵⁵⁶

⁵⁵¹ <http://www.duhaime.org/Criminal/cacrhist.htm>

⁵⁵² Clarke ea 1977:12.

⁵⁵³ Kanada het ontwikkel in die provinsies: Yukon, British Columbia, Alberta, Saskatchewan, Manitoba, Ontario, Quebec, Newfoundland, Labrador and the North West Territories.

⁵⁵⁴ In daardie stadium bekend as British North America.

⁵⁵⁵ Mewett en Manning 1994:3.

⁵⁵⁶ Mewett en Manning 1994:4.

Na die konfederasie in 1867 het die posisie, dat nuut oorgene gebiede steeds hulle bestaande reg handhaaf (maar wat wel met die tyd verander kan word), voortgeduur.⁵⁵⁷ Daar is wel begin werk aan 'n uniforme strafregstelsel, wat bekend geword het as die Kanadese Straffreg. Die primêre bron van die Kanadese Straffreg, is die Strafkode van Kanada van 1869. Oorspronklik was die doelwit van die strafkode om Kanada met sy koloniale wette te probeer versoen met die Engelse gemeenregtelike misdrywe.⁵⁵⁸ Die Criminal Code bestaan uit 25 samehangende dele.

In 1953 is weggedoen met alle gemeenregtelike misdrywe en in 1982 was die Strafkode van Kanada die primêre bron van die straffreg.⁵⁵⁹ Die Strafkode het egter nie al die straffreg in Kanada omvat nie, weens al die federale wetgewing wat al geskep was.

Die "Constitution Act" en die "Charter of Rights and Freedoms" het die ontwikkeling van die Kanadese Straffreg geweldig beïnvloed.⁵⁶⁰ Die invloed is sodanig dat die British North America Act⁵⁶¹ verplig dat alle wetgewing saam met die "Charter of Rights and Freedoms" gelees moet word.

⁵⁵⁷ Mewett en Manning 1994:5.

⁵⁵⁸ Clarke ea 1977: 12.

⁵⁵⁹ Mewett en Manning 1994:6.

⁵⁶⁰ Mewett en Manning 1994:10.

⁵⁶¹ Paragraaf 27 van art.91.

Vir die doeleindes van dié studie, is bogenoemde agtergrond voldoende en kan net daarna verwys word dat die nuutste wetgewing rakende die Kanadese Strafregtans, die Strafkode van 1990 is.

7.2 Automatisme⁵⁶²

7.2.1 Agtergrond

Die British Columbia Civil Liberties Association⁵⁶³ verduidelik automatisme soos volg:

“The ‘defence’ of automatism is not technically a defence at all, but rather is a logical corollary of the common law concept of actus reus. In order for the element of actus reus to be satisfied, the accused must be found to have acted voluntarily. An accused who acts in a state of automatism is not acting voluntarily, and thus is incapable of committing the actus reus required for the act. The concepts of actus reus and voluntariness have developed in tandem over the years, closely linked to the concept of mens rea.”⁵⁶⁴

⁵⁶² Die reg aangaande automatisme is nooit gekodifiseer nie, al was daar voorstelle in 1993 deur die Minister van Justisie dat dit gekodifiseer moet word – BCCLA, Februarie 2002.

⁵⁶³ BCCLA – The BCCLA made a submission to the standing committee on justice and human rights regarding the review of mental disorder provisions of the criminal code, February 26, 2002

⁵⁶⁴ <http://www.bccla.org/othercontent/02CCmentalhealth.html>

In *R. v. Parks*⁵⁶⁵ het regter La Forest outomatisme soos volg saamgevat :

“Automatism occupies a unique place in our criminal law system. Although spoken of as a ‘defence,’ it is conceptually a sub-set of the voluntariness requirement, which in turn is part of the actus reus component of criminal liability.”

Die Kanadese strafreg het dus ook die grondslag dat ‘n handeling nodig is vir strafregtelike aanspreeklikheid. Die handelingselement moet ook vas staan alvorens daar enigsins na die geestesvermoëns van die beskuldigde gekyk sal word.⁵⁶⁶

Elke misdryf omvat ‘n fisiese element en ‘n geestelike element. Indien enige van hierdie twee elemente ontbreek, is daar geen misdryf nie. Die fisiese element behels die *actus reus* wat beteken, “wrongful/guilty act.” Hierdie term verwys na die hele misdryf, behalwe die geestestoestand of *mens rea* van die beskuldigde.

In die Criminal Code is dit nodig om na die spesifieke misdryf te gaan kyk, ten einde die *actus reus* te kan bepaal. Dit omvat gewoonlik ‘n optrede, ‘n gevolg weens die optrede en die omstandighede m.b.t. die

⁵⁶⁵ [1992] 2 S.C.R. 871 par. 41.

⁵⁶⁶ Mewett en Manning 1994:125.

optrede.⁵⁶⁷ Die optrede moet vrywilliglik geskied ten einde aanspreeklikheid te kan opdoen.⁵⁶⁸

Die tweede element behels dat die beskuldigde in 'n sekere geestestoestand moes gewees het om die gevolge van die misdryf te voorsien en bewus te wees van sy optrede. Hierdie geestelike element staan bekend as *mens rea* en kan opgedeel word in drie dele: Opset, kennisname (bewus wees) en roekeloosheid.⁵⁶⁹

Hierdie studie konsentreer op outomatisme en dus die wilsbeheerde optrede van die beskuldigde. Die Kanadese reg vereis, soos in alle ander jurisdiksies, dat die optrede van die beskuldigde wilsbeheerd moes gewees het, wat beteken dat hy sy liggaamsbewegings bewustelik moes kon beheer het.⁵⁷⁰ Daar moet egter gelet word op 'n belangrike onderskeid. Wilsbeheer verwys na die beheer oor liggaamsbewegings en is deel van die *actus reus*. Wilsbeheerde optrede val dus nie onder die *mens rea* element nie. Die wilsgerigheid van die beskuldigde vorm deel van die *mens rea*.⁵⁷¹ 'n Persoon kan byvoorbeeld 'n skoot aftrek en iemand dood sonder dat hy daadwerklik die bedoeling gehad het om iemand dood te skiet.

⁵⁶⁷ Clarke ea 1977:21.

⁵⁶⁸ Clarke ea 1977:22.

⁵⁶⁹ Clarke ea 1977:25.

⁵⁷⁰ Clarke ea 1977:49.

⁵⁷¹ Clarke ea 1977:28.

Indien 'n persoon geen beheer oor sy liggaamsbewegings gehad het nie, is die verweer van outomatisme tot sy beskikking. Wat opmerklik is, is dat Clarke ea⁵⁷² nie 'n onderskeid maak tussen gesonde en siek outomatisme nie. "In general, for automatism to be a defence, the cause of the automatism must be something other than a disease of the mind or intoxication....If an involuntary, unconscious act is caused by a disease of the mind, the defence is insanity, not automatism."

Fisiese beserings kan aanleiding gee tot 'n suksesvolle verweer van outomatisme.⁵⁷³

Dit is opmerklik dat regters in Kanadese hofuitsprake nie 'n onderskeid tref tussen *actus reus* en *mens rea* nie.⁵⁷⁴ Mewett en Manning wys daarop dat alhoewel dit nie altyd nodig is om 'n onderskeid te tref nie, daar wel misdrywe bestaan waar *mens rea* nie 'n vereiste is nie en dat 'n verweer dan op *actus reus* moet berus. Dit is dus van teoretiese belang dat daar wel 'n onderskeid getref word.

Outomatisme as verweer is die eerste keer in Kanada geopper in die saak van Kasperek.⁵⁷⁵ In die jare wat gevolg het was die verweer van

⁵⁷² Clarke ea 1977:49.

⁵⁷³ Bleta v R (1965) 1 C.C.C. 1, 44 C.R. 193 (S.C.C).

⁵⁷⁴ Mewett en Manning 1994:493.

⁵⁷⁵ Kasperek [1951] O.R. 776.

outomatisme wel bekend, maar daar is nooit aangedui hoe dit inskakel by *mens rea* en *actus reus* nie.

In die saak van Hartridge⁵⁷⁶ in 1967, het die Saskatchewanse Appèlhof die afsonderlike verweer van outomatisme weereens erken. In hierdie Hartridge-saak⁵⁷⁷ het regter Culliton die Engelse beslissing van Bratty v A.G. Northern Ireland⁵⁷⁸ geraadpleeg vir 'n erkende definisie vir outomatisme : "...[C]onnoting the state of a person who, though capable of action, is not conscious of what he is doing...It means unconscious involuntary action and it is a defence because the mind does not go with what is being done."

Die saak van Bratty het op sy beurt weer verwys na die Nieu Seelandse beslissing van Cottle⁵⁷⁹ waar Gresson op bl.1007 outomatisme soos volg bespreek: "It would appear that automatism raised as a defence to a criminal charge may be something quite different and distinct from insanity. In a particular case, it may be that the automatism relied on is due to some 'disease of the mind' but it is not necessarily so. Automatism, which strictly means action without conscious volition, has been adopted in criminal law as a term to denote conduct of which the doer is not conscious."

⁵⁷⁶ Hartridge[1967] 1 C.C.C. 346.

⁵⁷⁷ Hartridge[1967] 1 C.C.C. 346.

⁵⁷⁸ Bratty [1963] A.C. 386 (H.L).

⁵⁷⁹ Cottle [1958] N.Z.L.R.999.

Uit al die sake is die Kanadese howe dit eens dat die definisie van outomatisme basies neerkom op “’n onwillikeurige, onbewustelike handeling.” Die verskillende definisies van outomatisme word soos volg saamgevat deur regter Dickson in Rabey⁵⁸⁰: “Automatism is a term used to describe unconscious, involuntary behaviour, the state of a person who, although capable of action is not conscious of what he is doing. It means an unconscious involuntary act where the mind does not go with what is being done.”

7.2.2. Gesonde en siek outomatisme

Clarke stel dit baie duidelik dat die oorsaak van outomatisme iets anders moet wees as geestesongesteldheid en dronkenskap.⁵⁸¹ Indien geestesongesteldheid die oorsaak was, dan moet ‘n verweer van geestesongesteldheid volg en dieselfde met dronkenskap. Outomatisme is slegs beskikbaar as verweer indien die oorsaak daarvan dus geestesongesteldheid uitsluit. In die lig hiervan ontstaan die vraag waar siek outomatisme dan sy kop uitgesteek het, want Clarke identifiseer dus slegs gesonde outomatisme.

⁵⁸⁰ Rabey [1980] 2 S.C.R. 513.

⁵⁸¹ Clarke ea 1977:49.

Die onderskeid tussen siek en gesonde outomatisme word tog wel in die Kanadese strafreg gevind. Regter Bell⁵⁸² verduidelik die verskil tussen gesonde en siek outomatisme soos volg: “The difference between insane and non-insane automatism has meant, in effect, the difference between being kept in custody at the Sovereign’s pleasure and being allowed to go completely free.”

Mewett en Manning⁵⁸³ wys op die gevaar dat die verweer van outomatisme baie aanloklik kan word, weens die feit dat algehele vrypraak moontlik is. ‘n Beskuldigde wat byvoorbeeld ‘n suksesvolle verweer van geestesongesteldheid opper, sal vir aanhouding in ‘n inrigting gestuur word. Sodanige persoon sal eerder ‘n verweer van outomatisme opper met die moontlikheid van vrypraak, al het hy ‘n geldige verweer van geestesongesteldheid. Hierdie gevaar van misbruik van die verweer van outomatisme word beperk deurdat die howe vereis dat die persoon wat die verweer van outomatisme opper, ‘n grondslag daarvoor moet lê d.m.v. mediese getuienis alvorens dit oorweeg sal word.

In die Cooper⁵⁸⁴ beslissing is die voorstel gemaak dat “[A]ny automatism must result from ‘mental disorder’ and is to be categorized

⁵⁸² Cusack (1971) 3 C.C.C. (2d) 527 (P.E.I.C.A.) op 531-532.

⁵⁸³ Mewett en Manning 1994:510.

⁵⁸⁴ Cooper (1980) 51 C.C.C. (2d) 129 (S.C.C.)

as 'insane automatism.' ” Hierdie benadering is deur Vorster voorgestel.⁵⁸⁵

Die vraag ontstaan hoe die Kanadese hof die onderskeid tref tussen gesonde en siek outomatisme. Twee benaderings wat gevolg word is die “Continuing danger”-teorie en die “Internal cause”-teorie.⁵⁸⁶ Eersgenoemde teorie gaan van die standpunt uit dat enige toestand wat 'n voortdurende gevaar skep vir die publiek, hanteer moet word as 'n geestesongesteldheid. Die tweede teorie stel voor dat enige toestand wat ontstaan weens die psigologiese of emosionele faktore, moet lei tot 'n bevinding van geestesongesteldheid.⁵⁸⁷

Beide teorieë lê dus klem op die moontlikheid van herhaling met laasgenoemde teorie wat aantoon dat 'n interne swakheid van die persoon makliker sal lei tot herhaalde geweld as 'n geval waar outomatisme teweeg gebring is weens 'n eksterne faktor.⁵⁸⁸

Die twee teorieë blyk egter nie noodwendig die probleem op te los nie en regter La Forest⁵⁸⁹ stel dit dat geen van die twee teorieë “determines an obvious result.” Hy gaan verder en kom tot die

⁵⁸⁵ Sien hoofstuk 2 hierbo.

⁵⁸⁶ Mewett en Manning 1994:515.

⁵⁸⁷ Hierdie teorie word later weer bespreek.

⁵⁸⁸ Mewett en Manning 1994:515.

⁵⁸⁹ Burgess (1991) 2 All E.R.769 (C.C.A.) op 774.

gevolgtrekking dat daar geen voorafbepaalde faktore bestaan wat kan dui op gesonde outomatisme nie.⁵⁹⁰ Hy kom tot die gevolgtrekking dat elke saak sal verskil en dat elkeen benader moet word volgens die wetenskaplike bewyse wat aan die hof voorgelê word.

Die Kanadese regstelsel is baie versigtig vir 'n verweer van gesonde outomatisme, omdat dit so maklik misbruik kan word. Regter Dickson se woorde in die saak van R v Rabey⁵⁹¹ bevestig hierdie versigtige benadering: "There are undoubtedly policy considerations to be considered. Automatism as a defence is easily feigned."

7.3 Wetgewing

7.3.1 Artikel 16 van die Strafkode⁵⁹²

Artikel 16 bepaal die volgende;

"16(1) No person is criminally responsible for an act committed or an omission made while suffering from a mental disorder that rendered the person incapable of appreciating the nature and quality of the act or omission or of knowing that it was wrong.

⁵⁹⁰ Mewett en Manning 1994:516.

⁵⁹¹ [1980] 114 D.L.R. (3d) 193

⁵⁹² *Criminal Code*, R.S. 1985, c. C-46.

16(2) Every person is presumed not to suffer from a mental disorder so as to be exempt from criminal responsibility by virtue of subsection (1), until the contrary is proved on the balance of probabilities.

16(3) The burden of proof that an accused was suffering from a mental disorder so as to be exempt from criminal responsibility is on the party that raises the issue.”

7.4 Regspraak

Kasperek – 1951⁵⁹³

Die beskuldigde is skuldig bevind aan die opsetlike en roekelose gebruik van ‘n vuurwapen in die openbaar met die bedoeling om ernstig te beseer. Die verweer was daarop gebaseer dat hy ‘n tydelike “black-out” gehad het en niks van die voorval kan onthou nie. Gevolglik het hy nie die nodige opset gehad nie.

Die verweer is egter verwerp deur Ontario se appèlhof. Op bladsye 789 tot 790 van die uitspraak is die regter van mening dat die verweer van geestesongesteldheid en die verweer van dronkenskap, die enigste twee erkende verwere is. Die volgende aanhaling is van belang: “ In the case at bar the appellant attempted to raise a defence

⁵⁹³ Kasperek [1951] O.R. 776.

new in our law. In my opinion, there is no such defence and such a defence should not be recognized by our Courts.”

Minor - 1955⁵⁹⁴

Die beskuldigde is aangekla van strafbare manslag. Sy verweer was dat hy 'n besering opgedoen het tydens 'n geveg by 'n troue en a.g.v. hierdie besering hy nie bewus was wat hy gedoen het nie. Mediese getuienis het wel bevestig dat hy 'n breinbesering opgedoen het deur 'n hou wat hy aan sy regteroog opgedoen het.

Die hof a quo het op Kasperek se saak gesteun dat daar geen verweer bestaan soos 'n tydelike “black-out” nie. Die appèlhof van Saskatchewan lewer egter kritiek teen die Kasperek-saak. Die appelhof interpreteer die “black-out” as verwysend na die toestand van onbewustheid, die onbevoegdheid om opset te vorm en dus die ontbreking van *mens rea*. Regter Martin spreek homself as volg uit :
“ There is ample authority to the effect that when a person is unconscious from any cause and is in a condition when he cannot form an intent, in other words, when he does not know what he is doing, he has a good defence to a criminal act performed by him when in that condition.”

⁵⁹⁴ Minor [1955] 112 C.C.C. 29 (C.A.).
255

In die saak van Penney⁵⁹⁵ is die Kasperek-saak weer nagevolg en die Minor-saak gekritiseer met die woorde: "...[U]nconsciousness from any cause seems ...to be accepted as releasing a man from the consequences of his act."⁵⁹⁶

King - 1962⁵⁹⁷

Die beskuldigde het na die tandarts gegaan om twee tande te laat trek, en het in die proses sodium pentothal inspuitings gekry. Hy het nie die verpleegster se waarskuwing gehoor dat hy nie moet kar bestuur totdat hy heeltemal reg was nie en het in sy motor weggery. Hy het sy bewussyn verloor en in 'n geparkeerde motor vasgery.

Die verweer van die beskuldigde was dat hy nie *mens rea* gehad het nie. Die verweer was onsuksesvol en die saak gaan tot by die Hooggeregshof van Kanada. Regter Ritchie se uitspraak is dat die onvermoë van die beskuldigde teweeg gebring is sonder enige wil van sy eie en dat hy dus nie skuldig bevind kan word aan roekelose bestuur nie.⁵⁹⁸

⁵⁹⁵ Penney [1959] 125 C.C.C. 341 (N.S. Mag. Ct.).

⁵⁹⁶ Mewett en Manning 1994:496.

⁵⁹⁷ King [1962] S.C.R. 746.

⁵⁹⁸ King [1962] S.C.R. 763-764.

Regter Taschereau maak dit ook duidelik dat daar geen *actus reus* kan wees sonder die wil om op te tree nie. Die betrokke persoon moet dus 'n daadwerklike wilsbesluit kan neem, wat in hierdie saak nie die geval was nie.⁵⁹⁹

R v Rabey - 1977⁶⁰⁰

Die beskuldigde was emosioneel baie geheg aan die slagoffer en het agtergekom dat sy nie dieselfde gevoelens teenoor hom het nie. Die beskuldigde het tydens 'n gesprek met haar, haar aangerand deur haar te verwurg en met 'n klip te slaan.

Op 'n klag van aanranding het hy homself verweer met outomatisme dat hy onwillekeurig opgetree het weens 'n psigologiese skok. Die beskuldigde is vrygespreek en die Staat het geappelleer teen die bevinding en argumenteer dat 'n psigologiese skok 'n geestesongesteldheid is.

Die riglyn wat die hof gebruik om te bepaal of psigologiese skok 'n geestesongesteldheid is, is deur te kyk of dit deur 'n interne of eksterne faktor veroorsaak is. "The ordinary stresses and disappointments of life which are the common lot of mankind do not

⁵⁹⁹ King [1962] S.C.R. 749-750.

⁶⁰⁰ R v Rabey – 1977 (Ont CA).

constitute an external cause.”⁶⁰¹ Die enigste moontlikheid vir ‘n verweer van outomatisme, is as die trauma so erg was dat ‘n gewone persoon ook sodanig sou opgetree het.

Die hof plaas dan ook die psigologiese skok onder die kategorie van siek outomatisme, oftewel geestesongesteldheid.

R v Parks - 1992⁶⁰²

Die saak het gehandel oor die regspraak of slaapwandeling beskou moet word as ‘n vorm van gesonde of siek outomatisme, en derhalwe of vrypraak moet volg of nie.

Kenneth James Parks het sy skoonouers by hulle huis in die nag van 24 Mei 1987 gaan aangeval, terwyl hulle geslaap het. Sy skoonmoeder is oorlede en sy skoonpa is ernstig beseer. Die beskuldigde het dadelik na die aanval in sy motor geklim en homself gaan aangee by die polisie.

Parks se verweer is outomatisme weens slaapwandeling. Hy is ‘n diep slaper wat moeilik wakker word en sy familie toon ‘n geskiedenis van

⁶⁰¹ Op 10-073.

⁶⁰² R v Parks [1992] 2 S.C.R. 871.

slaapprobleme soos slaapwandelay en nagmerries. Hy het verder 'n goeie verhouding met sy skoonouers gehad.

Die getuienis het getoon dat die beskuldigde wel in sy slaap geloop het en dat slaapwandelay nie 'n neurologiese, psigiatryse of enige ander siekte is nie. Die beskuldigde is onskuldig bevind en vrypraak het gevolg.

Regters La Forest, L'Heureux-Dubé and Gonthier beslis dat die hof a quo korrek was deur slegs die verweer van gesonde outomatisme vir die jurie te gee om oor te oordeel. Outomatisme word as volg beskryf :
“Automatism, although spoken of as a "defence", is conceptually a sub-set of the voluntariness requirement, which in turn is part of the *actus reus* component of criminal liability. An involuntary act, including one committed in an automatistic condition entitles an accused to an unqualified acquittal, unless the automatistic condition stems from a disease of the mind that has rendered the accused insane. In the latter case, the accused is not entitled to a full acquittal, but to a verdict of insanity.”⁶⁰³

⁶⁰³ R v Parks [1992] 2 S.C.R. 871 op 872.

Die bewyslas rus op die staat, bo redelike twyfel, want die aanklaer moet bewys dat die handeling willekeurig was. Die beskuldigde moet egter eers 'n geldige grondslag lê vir 'n verweer van outomatisme.

Die *Criminal Code* van Kanada bepaal dat elke persoon geestesgesteld is, totdat die teendeel bewys kan word. As die beskuldigde 'n verweer van outomatisme opper, is die aanklaer geregtig om die kwessie van geestesongesteldheid na vore te bring. Die bewyslas rus dan egter op die staat om te bewys dat die beskuldigde se toestand die gevolg was van 'n geestesongesteldheid.⁶⁰⁴

Die staat kon nie bewys dat die slaapwandelry of somnambulisme 'n geestesongesteldheid is nie. Aanhouding, soos bepaal deur art. 614(2) van die *Criminal Code* is dus uitgesluit en vryspraak moet volg. Die hof maak egter melding dat elke geval op sy eie meriete en getuienis beoordeel moet word en dat slaapwandelry dalk in 'n ander saak kan lei tot siek outomatisme.⁶⁰⁵

Regters Lamer C.J. and Cory J. som die getuienis as volg op : "The testimony revealed three very important points: (1) the respondent was sleepwalking at the time of the incident; (2) sleepwalking is not a

⁶⁰⁴ R v Parks [1992] 2 S.C.R. 871 op 873.

⁶⁰⁵ R v Parks [1992] 2 S.C.R. 871 op 874.

neurological, psychiatric or other illness but rather is a sleep disorder very common in children and also found in adults; and, (3) there is no medical treatment as such, apart from good health practices, especially as regards sleep. This expert evidence was not in any way contradicted by the Crown, which had the advice of experts who were present during the testimony given by the defence experts and whom it chose not to call.”⁶⁰⁶

Daar bestaan geen rekord van herhaling van misdrywe by persone wat vrygelaat is weens slaapwandelay nie. Die enigste twee sake wat teen die argument is dat slaapwandelay onder gesonde outomatisme val, is R. v. Sullivan⁶⁰⁷ en R. v. Burgess⁶⁰⁸

Regter LA Forest lewer die volgende kommentaar oor die onderskeid tussen siek en gesonde outomatisme:⁶⁰⁹

“Automatism occupies a unique place in our criminal law system. Although spoken of as a "defence", it is conceptually a sub-set of the voluntariness requirement, which in turn is part of the *actus reus*

⁶⁰⁶ R v Parks [1992] 2 S.C.R. 871 op 876.

⁶⁰⁷ R. v. Sullivan [1983] 2 All E.R. 67.

⁶⁰⁸ R. v. Burgess [1991] 2 All E.R. 769. Burgess and a friend fell asleep watching a video. The friend woke up when she felt a blow on the head. Burgess was facing her, holding the video recorder in the air, about to strike her on the head with it, and he did so. Burgess, who woke up immediately after the incident, testified that he did not remember having hit her. He presented a defence of automatism, which the judge rejected.

⁶⁰⁹ R v Parks [1992] 2 S.C.R. 871 op 896.

component of criminal liability. A useful introduction is found in the dissenting reasons of Dickson J. (as he then was) in *Rabey v. The Queen*, [1980] 2 S.C.R. 513, at p. 522:

“Although the word ‘automatism’ made its way but lately to the legal stage, it is basic principle that absence of volition in respect of the act involved is always a defence to a crime. A defence that the act is involuntary entitles the accused to a complete and unqualified acquittal. That the defence of automatism exists as a middle ground between criminal responsibility and legal insanity is beyond question. Although spoken as a defence, in the sense that it is raised by the accused, the Crown always bears the burden of proving a voluntary act.”

Die verweer van outomatisme word dus weereens bevestig in die Kanadese howe, en dan ook gesonde outomatisme as sulks in gevalle waar daar geen onderliggende patologiese rede vir die onwillekeurige optrede was nie.⁶¹⁰

⁶¹⁰ R v Parks [1992] 2 S.C.R. 871 op 905.

R v Stone⁶¹¹ - 1999

Die saak is die nuutste gesag in Kanada oor die posisie van outomatisme en dus die toonaangewendste. Die saak is op appèl in die Supreme Court of Canada vanaf die Court of Appeal for British Columbia.

Die feite van die saak was kortliks dat die beskuldigde sy vrou 47 keer met 'n mes gesteek het, nadat sy hom beledig het. Hy verweer homself met outomatisme en getuig dat hy eers tot sy sinne gekom het, nadat hy haar doodgesteek het en die liggaam op die trok se sitplek gesien het. Hy het haar liggaam in die trok se gereedskapkas gesit en gevlug na Mexico. Hy het ses weke na die moord tot sy sinne gekom en homself aan die polisie in Kanada oorgegee.

Die uitspraak was 'n 5:4 meerderheidsuitspraak en hierdie meerderheidsuitspraak is by monde van regters L'Heureux-Dube, Gonthier, Cory, McLachlin en Bastarache. Die hof gee die algemene agtergrond van outomatisme en onderskei tussen die twee vorme van outomatisme, nl. gesonde en siek outomatisme. Gesonde outomatisme is die geval waar die onvrywillige handeling nie die oorsaak is van 'n geestesongesteldheid nie en lei gewoonlik tot

⁶¹¹ R v Stone [1999] 2 S.C.R. 290. Sien ook <http://www.canlii.org/ca/cas/scc/1999/1999scc30.html>

vrypraak. Siek outomatisme is die geval waar die onwillekeurige handeling die oorsaak is van 'n geestesongesteldheid en dit val dan onder die verweer van geestesongesteldheid.

Die Kanadese reg gaan ook van die veronderstelling uit dat mense vrywillig of willekeurig optree. Outomatisme is 'n erkende verweer dat die handeling onwillekeurig gepleeg is. Die beskuldigde moet dus 'n behoorlike grondslag lê vir sy verweer van outomatisme. Dit word gedoen deur o.a. psigiatriese getuienis.

Nadat die beskuldigde die grondslag op 'n oorwig van waarskynlikheid gelê het, moet die regter besluit of dit 'n geval is van gesonde of siek outomatisme. Ten einde dit vas te stel, moet daar na die feite van die saak gekyk word. Die regter moet van die uitgangspunt of veronderstelling uitgaan dat dit 'n geval van geestesongesteldheid is en dan volgens die getuienis kyk of dit wel in die kategorie val.

Daar bestaan twee teorieë vir hierdie inslag van geestesongesteldheid.⁶¹²

⁶¹² Soos gevind in o.a. R v Parks [1992] 2 S.C.R. 871.

(i) Die interne oorsaak – teorie⁶¹³

Die regter moet die beskuldigde se outomatistiese handeling vergelyk met hoe 'n normale persoon sou optree in dieselfde omstandighede. Daarvolgens kan geestesongesteldheid getoets word. 'n Interne oorsaak vir die outomatistiese handeling lei dan gewoonlik tot 'n bevinding van geestesongesteldheid, terwyl 'n eksterne oorsaak (soos 'n hou teen die kop) nie dui op geestesongesteldheid nie.

Die regter moet ook die aard van die sneller wat tot die outomatisme aanleiding gegee het ontleed en vasstel of die normale persoon daarop sou gereageer het.

Gewoonlik word 'n buitengewone skok vereis as sneller van die optrede wat volg. Die toets wat hier aangewend word is objektief.

Die objektiewe toets of navraag is bloot om geestesongesteldheid te bepaal en volg eers nadat 'n subjektiewe navraag gedoen is oor of dit op 'n oorwig van waarskynlikheid vasstaan dat daar 'n onvrywillige handeling was.

Die objektiewe toets is dus bloot net om die misdryf te klassifiseer.

⁶¹³ R v Stone [1999] 2 S.C.R. 290. Sien ook <http://www.canlii.org/ca/cas/scc/1999/1999scc30.html> op bl.3.

(ii) Die teorie van voortdurende gevaar⁶¹⁴

Die toets behels dat enige toestand wat die moontlikheid inhou om weer na vore te tree en 'n openbare gevaar in te hou, hanteer moet word as 'n geestesongesteldheid.

Beide teorieë moet nie as alternatiewe of gesamentlik eksklusief gesien word nie. 'n Holistiese benadering moet gevolg word waarvolgens die regter enige een of beide die teorieë kan aanwend.

Die minderheidsuitspraak is gelewer deur regters Lamer, LaCobucci en Binnie. Hierdie regters het bevind dat die verweer van gesonde outomatisme nie van die jurie af weggehou moes gewees het nie. Outomatisme is 'n onderafdeling van die willekeurigheidselement, wat op sy beurt weer deel is van die *actus reus*. Die bewyslas rus op die Staat om al die elemente van die misdryf bo redelike twyfel te bewys.

Die Stone-beslissing bevestig dus weer die bestaan van gesonde en siek outomatisme in die Kanadese strafreg. Samevattend volg die hof die benadering dat daar eerstens 'n fundamentele grondslag b.w.v. getuienis gelê word dat die handeling moontlik onwillekeurig kon gewees het. Nadat 'n basis vir die verweer gelê is, moet die regter

⁶¹⁴ R v Stone [1999] 2 S.C.R. 290. Sien ook <http://www.canlii.org/ca/cas/scc/1999/1999scc30.html> op bl.4

bepaal of dit 'n geval van siek of gesonde outomatisme is. Gesonde outomatisme as verweer is dan slegs beskikbaar as daar geen sprake is van 'n geestesongesteldheid nie. Indien daar wel sprake is van 'n geestesongesteldheid, word die verweer streng as geestesongesteldheid ingevolge art.16 van die Kanadese Strafkode gehanteer.

Die algemene indruk wat verkry word as daar na die saak gekyk word, is dat die hof die verweer van outomatisme probeer beperk. Die hof vereis eerstens dat 'n grondslag vir die bestaan van 'n moontlike onwillekeurige handeling deur die beskuldigde gelê moet word, alvorens die verweer oorweeg sal word. Tweedens is daar 'n vermoede van geestesongesteldheid in alle gevalle waar outomatisme geopper word as verweer.⁶¹⁵

Die 'teorie van voortdurende gevaar' wat deur die hof bygevoeg is by die 'interne oorsaak-teorie' by die bepaling van die tipe outomatisme, maak ook nie heeltemal sin nie.

Die feit dat die gebeurtenis hom kan herhaal in die toekoms, het geen aanduiding dat daar 'n geestesongesteldheid kan wees nie. Dit wil

⁶¹⁵ Sien par. 199 van die beslissing

voorkom asof die hof meer gesteld is op die veiligheid van die publiek, as om die skuld van die beskuldigde vas te stel.

'n Verdere faktor wat sleg inwerk teen 'n verweer van gesonde outomatisme, is die feit dat slegs gesonde of siek outomatisme vir die jurie gegee kan word om oor te beslis. Die beskuldigde het dus nie die opsie om beide verweere aan te voer nie, al is dit ook haalbaar in 'n gegewe feitestel.

7.5 Samevatting

In Kanada is die neiging van die hof om al meer sake te kanaliseer na die kategorie van siek outomatisme. Die rede hiervoor is nie noodwendig dat dit almal gevalle is van 'n geestesongesteldheid nie, maar bloot omdat die hof baie traag is om vrypraak te gee vir sake waar gesonde outomatisme suksesvol geopper word.

Die locus classicus op die gebied van outomatisme in Kanada, is huidiglik die saak van R v Stone.⁶¹⁶ Dit wil voorkom asof die Kanadese hof die verweer van gesonde outomatisme, behalwe vir die mate van agterdog waarmee die hof die verweer benader, nog verder

⁶¹⁶ [1999] 2 S.C.R. 290.

probeer beperk. Volgens Brudner⁶¹⁷ wil dit voorkom asof die beskerming van die publiek teen gevaarlike misdadigers voorrang geniet bo die soektog na die individu se moontlike onskuld en vryheid.

Die oormatige gebruik van die verweer van siek outomatisme lei daartoe dat die verweer van gesonde outomatisme 'n regsfiksie geword het.⁶¹⁸ Outomatisme wat ontstaan weens diabetes en selfs gevalle waar daar sprake was van 'n traumatiese gebeurtenis, word geklassifiseer as siek outomatisme.⁶¹⁹ Hierdie indeling is nie logies nie, en dui daarop dat die howe baie sterk gekant is teen 'n verweer van gesonde outomatisme.

Die probleem wat nou in Kanada ontstaan is dat die beskuldigdes nou geforseer word om te argumenteer dat hulle aan 'n geestesongesteldheid ly. Die ironie is dat baie gevalle logies gesproke nie 'n geestesongesteldheid is nie, en dat die beskuldigde nie daarin sal slaag met sy verweer voor 'n jurie nie. Die minderheidsuitspraak in *R v Stone*⁶²⁰ deur regter Binnie toon die ironie: " When it is

⁶¹⁷ Brudner 2000:68. "a concept of a diseased mind that no ordinary person would recognize as such and hence to the detention of innocent and reasonably well-functioning persons for their own welfare and that of society-reasons for coercion that we normally admit only in the case of the genuinely insane"

⁶¹⁸ 'However, by channelling almost every automatism case into the mentally disordered category, the courts have turned the defence of automatism into a legal fiction that is so counterintuitive as to render the defence untenable.' – BCCLA, <http://www.bccla.org>.

⁶¹⁹ BCCLA, <http://www.bccla.org>.

⁶²⁰ [1999] 2 S.C.R. 290 by par.3.

appreciated that all of the experts agreed the appellant did not suffer from any condition that medicine would classify as a disease of the mind, it is perhaps not surprising that the jury found the accused to be sane.”

Die resultaat is dan ook dat daar baie meer skuldigbevindings is, as wat die geval was voor die Stone-uitspraak.⁶²¹ Die gemeenregtelike beskerming wat outomatisme teweeg gebring het, is deur wetgewing ingeperk met die hoofsaaklike doel om die publiek te beskerm. Die vraag kan gevra word of daar nie 'n fyner balans gehandhaaf moet word tussen publieke belang en individuele vryheid nie. Die vrees dat die verweer van gesonde outomatisme egter misbruik word, het daartoe gelei dat individue wat nie 'n willekeurige handeling uitgevoer het nie, tog skuldig bevind kan word. Die stelling van regter Dickson in die saak van R v Rabey,⁶²² dat “the fundamental precept of our criminal law is that a man is responsible only for his conscious, intentional acts,” is dus vandag te bevraagteken.

Die “British Columbia Civil Liberties Association” se aanbeveling aan die “Standing Committee on Justice and Human Rights” toon duidelik dat die howe se benadering tot gesonde outomatisme onnodiglik te streng is en dat daar geen sake van ernstige geweld nog in Kanada

⁶²¹ BCCLA, <http://www.bccla.org>.

⁶²² [1980] 114 D.L.R. (3d) 193

was, waar gesonde outomatisme as verweer suksesvol gebruik is nie.⁶²³

Die aanbevelings wat gemaak word deur die “British Columbia Civil Liberties Association” is dat die verweer van outomatisme gekodifiseer moet word en die vermoede van geestesongesteldheid by ‘n verweer van outomatisme mee weggedoen moet word. Die teorie van voortdurende gevaar moet ook heeltemal verwyder word, want dit is nie aanduidend van die geestesongesteldheid van ‘n persoon nie.

⁶²³ <http://www.bccla.org/othercontent/02CCmentalhealth.html>

HOOFSTUK 8

AUSTRALIË

8.1 Inleiding

8.2 Outomatisme

8.3 Wetgewing

8.4 Regspraak

8.4.1 R v Cottle (NS) - 1958.

8.4.2 R v Holmes - 1960.

8.4.3 Ryan v The Queen - 1967.

8.4.4 Kaporonowski v R - 1973.

8.4.5 R v Radford - 1985.

8.4.6 The Queen v Falconer - 1990.

8.4.7 Hawkins v The Queen - 1994.

8.5 Samevatting

8.1 Inleiding

Australië se strafreg kan opgedeel word in dele van die land met gekodifiseerde strafreg en die dele wat onder die gemenereg val. Queensland, Tasmanië, Wes-Australië en die Noordelike gebied val onder gekodifiseerde strafreg. Queensland het die weg gebaan in

1899, gevolg deur Wes-Australië in 1902, Tasmanië in 1924 en die Noordelike gebied in 1984.

In gevalle waar die gekodifiseerde stelsel onvolledig is, geld die gemenerereg. Die ander Federale State van Australië, wat die Engelse gemenerereg volg, is Suid-Australië, Nieu-Suid-Wallis en die Australiese hoofgebied (ACT) en Victoria.

Die werking van outomatisme stem ooreen in beide tipes strafregtelike jurisdiksies, behalwe vir die verskil in gevalle waar outomatisme veroorsaak is deur 'self-induced intoxication.'⁶²⁴

Alhoewel Yeo aantoon dat outomatisme regoor Australië ooreenstem, noem Grace dat die verskeie jurisdiksies in Australië nog nie eenvormig is oor die posisie van die geestesongestelde en moontlike aanhouding van sodanige persone nie.⁶²⁵

Daar is gepoog om 'n eenvormige Strafkode daar te stel vir Australië in die vorm van die Criminal Code Act 12 van 1995 (soos gewysig). Hierdie Strafkode omskryf al die federale misdrywe.

⁶²⁴ Yeo 2004: par.4.3

⁶²⁵ <http://www.aija.org.au/ac03/papers/DavidGrace.rtf>

8.2 Outomatisme

Indien daar na bronne oor die ontwikkeling van outomatisme in Australië gekyk word, word die volgende aangetref:

Outomatisme word deur regter Gresson in R v Cottle⁶²⁶ gedefinieer as “action without conscious volition.” In Watmore v Jenkins,⁶²⁷ wat deur baie skrywers van die Australiese reg aangehaal word, word outomatisme as volg omskryf : “The term automatism constitutes no wider or lesser concept than an involuntary movement of body or limbs of a person, and in appropriate cases the prosecution must negative this defence beyond reasonable doubt.”

Grace hou by ‘n eenvoudige definisie vir outomatisme, nl. “Automatism has been defined as a state in which the mind or will of the accused does not accompany his or her actions.”⁶²⁸ Hy maak verder ook ‘n belangrike uitlating dat die tekortkominge van die M’Naghten-reëls aanleiding gegee het tot die ontstaan van outomatisme as aparte verweer.

⁶²⁶ [1958] N.Z.L.R. 999 op 1011.

⁶²⁷ [1962] 2 All E.R. 868.

⁶²⁸ <http://www.ajja.org.au/ac03/papers/DavidGrace.rtf>

Regter King se opmerking in *R v Radford*⁶²⁹ bevestig die tekortkoming van die M’Naghten-reëls as volg: “...In one sense automatism must always involve some disorder or disturbance of the mental faculties, but I do not think that a temporary disorder or disturbance of an otherwise healthy mind caused by external factors can properly be regarded as disease of the mind as that expression is used in the M’Naghten-rules.”⁶³⁰

Williams definieer outomatisme as “...a state in which the mind or will of the accused does not accompany his or her bodily actions.”⁶³¹ Williams wys daarop dat die verweer van outomatisme sy ontstaan gehad het as gevolg van twee oorsake. Die eerste is die gebrekkige formulering van die M’Naghten-reëls.⁶³² Die tweede oorsaak is die feit dat ‘n bevinding van geestesongesteldheid, indien dit beskikbaar is, die gevolg het dat die beskuldigde vir aanhouding gaan. Die aanhouding opsigself van geestesongestelde persone is nie die probleem nie, maar daar is talle gevalle waar dit nie die gewenste eindresultaat is nie. Williams bewoord dit as volg: “...an appreciation that a verdict of insanity, even if available, carried the consequence of

⁶²⁹ [1985] 42 SASR 266.

⁶³⁰ [1985] 42 SASR 266 op 274.

⁶³¹ <http://www.austlii.edu.au/au/journals/MULR/2000/28.html>

⁶³² “Notwithstanding development and refinement of the *M’Naghten* rules, it remained the case that if the potentially exculpatory mental state of the accused did not proceed from a disease of the mind, the defence of insanity would not be available.” Williams 2000.

indefinite confinement which was, in some cases, clearly not a just outcome.”⁶³³

Soos reeds in Hoofstuk 6 genoem, was die eerste saak wat die term “outomatisme” as sodanig gebruik het, die Engelsregtelike saak van R v Harrison-Owen.⁶³⁴

Die eerste bekende saak wat egter in beginsel die verweer van gesonde outomatisme onderskei het en wat aanleiding tot algehele vryspraak gegee het, was die saak van R v Charlson.⁶³⁵

In Australië self was daar ‘n ongerapporteerde Victoria-saak van R v Cogdon⁶³⁶ in 1950 wat die Engelse saak van Charlson voorafgegaan het. In hierdie saak het mev. Cogdon gedroom dat die Korea oorlog om haar huis afspeel. Sy het ‘n geskiedenis van snaakse drome gehad en was uitermatig oorbeskermend teenoor haar 19-jarige dogter.

In die droom het sy gesien hoe ‘n soldaat haar dogter aanval, waar sy op die bed gelê het. Mev. Cogdon het ‘n byl gaan haal om die denkbeeldige soldaat mee aan te val. In die proses het sy haar dogter met die byl doodgekap. Die verweer wat geopper was, was nie een

⁶³³ <http://www.austlii.edu.au/au/journals/MULR/2000/28.html>

⁶³⁴ [1951] 2 All ER 726

⁶³⁵ [1955] 1 WLR 317. Soos hierbo in hoofstuk 6 bespreek.

⁶³⁶ (Unreported, Supreme Court of Victoria, Smith J, December 1950 – ‘Cogdon’). Soos na verwys in Norval Morris, ‘Somnambulist Homicide: Ghosts, Spiders and North Koreans’ (1951) 5 *Res Judicatae* 29.

van geestesongesteldheid nie, maar dat die beskuldigde onwillekeurig opgetree het. Mediese getuienis het getoon dat die beskuldigde aan vorme van histerie en depressie ly wat weer aanleiding tot geheueverlies en slaapwandelay kon gee. Sy is vrygespreek op die aanklag op moord.

Williams lewer soos volg kommentaar op die saak: "In *Cogdon* the case was not one of possible insanity; somnambulism or sleep walking is not a mental illness. If, however, Mrs Cogdon had been awake and acted from a delusion brought on by schizophrenia that her daughter was in reality a North Korean soldier, then the case would have been one of insanity rather than automatism."⁶³⁷

Hierdie ongerapporteerde saak is dus 'n goeie voorbeeld van 'n geval van outomatisme, sonder dat daar enige verdere terminologie daaraan gekoppel is.

In 'n kritiese bespreking oor outomatisme, verwys Yeo na twee algemene interpretasie foute.⁶³⁸

Die eerste foutiewe regsopvatting volgens Yeo, is die stelling dat outomatisme in 'n toestand van geen of aangetaste bewussyn

⁶³⁷ <http://www.austlii.edu.au/au/journals/MULR/2000/28.html>

⁶³⁸ Yeo 2001:388.

bestaan.⁶³⁹ Die stelling kom daarop neer dat die verweerder nie die handeling opsetlik verrig het nie. Een so 'n voorbeeld kan bv. gekry word in die uitspraak R v Campbell.⁶⁴⁰ Regter Tompkins verduidelik dat 'n persoon in 'n toestand van outomatisme verkeer indien “ acting involuntary in the sense that his actions are independent of his will, and therefore not subject to any conscious control.”⁶⁴¹

Die geesteselement wat dus hier betrek word, is die konatiewe wat dui op 'n gebrek aan 'n wilsgerigte handeling.⁶⁴²

Volgens Yeo is die korrekte benadering dat outomatisme die totale onvermoë om jou handeling te beheer, behels.⁶⁴³ Onder beheer word verstaan die onvermoë om jouself te bedwing of te weerhou van 'n verkeerde handeling. Daar kan dus verwys word na 'n gebrek aan 'n wilsbeheerde handeling.⁶⁴⁴

Regter Barwick maak die volgende opmerking in die beslissing van Ryan v The Queen⁶⁴⁵ “ It is that lack of will which is the relevant determinant....It is of course the absence of the will to act or, perhaps,

⁶³⁹ Yeo 2001:388. O'Conner en Fairall 2004:par.14.4.

⁶⁴⁰ R v Campbell (1997) 15 CRNZ 138.

⁶⁴¹ R v Campbell (1997) 15 CRNZ 138 op 146 (CA) Onderstreping bygevoeg.

⁶⁴² Die element van die misdryf wat hier van toepassing, is die *mens rea*.

⁶⁴³ Yeo 2001:390.

⁶⁴⁴ Die element van die misdryf wat hier van toepassing, is die *actus reus*.

⁶⁴⁵ Ryan v The Queen (1967) 121 CLR 205 op 214. Beklemtoning bygevoeg.

more precisely, of its exercise rather than lack of knowledge or consciousness which....decides criminal liability.”

‘n Persoon kan dus steeds by sy bewussyn wees en weet wat hy doen, maar heeltemal beheer verloor oor sy optrede. ‘n Gebrek aan bewussyn self is nie ‘n vereiste by outomatisme nie.⁶⁴⁶ Daar moet eerder gekyk word na die gebrek aan beheer oor ‘n sekere handeling. Yeo se argument is dus dat onbewustheid nie ‘n vereiste moet wees vir outomatisme nie.⁶⁴⁷ Onbewustheid kan hoogstens ‘n bydraende faktor wees tot ‘n toestand van outomatisme, ‘n maatstaf om onwillekeurigheid te bepaal.

Die tweede foutiewe regsopvatting is dat outomatisme wat veroorsaak word deur ‘n geestesongesteldheid gehanteer moet word as ‘n verweer van geestesongesteldheid.⁶⁴⁸

Yeo wys daarop dat in die Australiese reg daar nie ‘n verweer van siek outomatisme buite die bestaande art. 23 bestaan nie. Die howe het nie die moontlikheid voorsien dat daar gevalle van siek outomatisme kan wees wat buite die bestek van art. 23 val nie. Art. 23 lees as volg: “Subject to the express provisions of this Code relating to negligent

⁶⁴⁶ Yeo 2001:391.

⁶⁴⁷ Daar moet dus gekyk word na “involuntary” en nie na “unconsciousness” nie.

⁶⁴⁸ Yeo 2001:389.

acts and omissions, a person is not criminally responsible for an act or omission which occurs independently of the exercise of his will, or for an event which occurs by accident....”

Yeo verwys na outomatisme as ‘n tipe onweerstaanbare drang en verduidelik hoekom ‘n verweer van geestesongesteldheid onsuksesvol is in sodanige gevalle.⁶⁴⁹ Die fout is dat die howe foutiewelik kyk of daar in sodanige geval aan die vereistes van die M’Naghten reëls voldoen word. Die M’Naghten reëls was uitsluitlik geskep vir geestesongesteldheid en voldoen dus nie aan die vereistes van toetsing vir ander misdadelemente nie.

Regter Griffin skets die prentjie baie duidelik in ‘n Ierse uitspraak *Doyle v Wicklow County Council*,⁶⁵⁰ “ In the normal case, tried in accordance with the [M’Naghten] rules, the test is solely one of knowledge: did he know the nature and quality of his act or did he know that the act was wrong? The rules do not take into account the capacity of a man on the basis of his knowledge to act or to refrain from acting, and I believe it to be correct psychiatric science to accept that certain serious mental diseases, enable a man to understand the morality or immorality of his act or the nature of it, but nevertheless

⁶⁴⁹ Yeo 2001:393.

⁶⁵⁰ *Doyle v Wicklow County Council* (1974) IR 55 (SC Ir) op 71.

prevent him from exercising a free volition as to whether he should or should not do that act...”

Wat van die gevalle waar die persoon geestesongesteld is en tog wel bewus was van die onbeheerbare optrede? Yeo argumenteer dat hierdie outomatisme nie oor dieselfde kam as geestesongesteldheid geskeer moet word nie, maar dat dit gehanteer moet word as ‘n “gemeenregtelike verweer van siek outomatisme,” buite die bepalings van art. 23.⁶⁵¹

8.3 Wetgewing

Die praktiese implikasies dat die M’Naghten-reëls nie voldoen aan beskerming van geestesgestelde persone wat onwillekeurig optree nie, asook die feit dat ‘n onskuldigbevinding weens geestesongesteldheid aanleiding gee tot onbepaalde tydperk van aanhouding, het daartoe gelei dat alle jurisdiksies wetswysigings aangebring het.⁶⁵²

In hierdie wetswysigings is die nodige gemeenregtelike reëls en die M’Naghten-reëls vervat. Daar bestaan slegs enkele variasies in die benadering van die verskillende jurisdiksies.

⁶⁵¹ Yeo 2001: 393.

⁶⁵² <http://www.aija.org.au/ac03/papers/DavidGrace.rtf>

“Gesonde” outomatisme word steeds deur die gemenereg gereël en verskeie bepalings in die Strafkodes handel oor die kwessie van strafregtelike aanspreeklikheid.⁶⁵³

Indien daar gesoek word na die willekeurigheid van 'n handeling, word die volgende wetgewing gevind by die gekodifiseerde jurisdiksies. Die relevante gedeeltes en bepalings is as volg:

Queensland Criminal Code Act 1899 (Soos gewysig 8/2004)

In die Queensland Criminal Code Act word die volgende wetgewing gevind:

Artikel 23

“Subject to the express provisions of this Code relating to negligent acts and omissions, a person is not criminally responsible for an act or omission which occurs independently of the exercise of his will, or for an event which occurs by accident.

Unless the intention to cause a particular result is expressly declared to be a element of the offence constituted, in whole or part, by an act or omission, the result intended to be caused by an act or omission is immaterial.

⁶⁵³ <http://www.aija.org.au/ac03/papers/DavidGrace.rtf>

Unless otherwise expressly declared, the motive by which a person is induced to do or omit to do an act, or to form an intention, is immaterial so far as regards criminal responsibility. ”

Artikel 26 - Presumption of sanity

“Every person is presumed to be of sound mind, and to have been of sound mind at any time which comes in question, until the contrary is proved.”

Artikel 27 - Insanity

“(1) A person is not criminally responsible for an act or omission if at the time of doing the act or making the omission the person is in such a state of mental disease or natural mental infirmity as to deprive the person of capacity to understand what the person is doing, or of capacity to control the person’s actions, or of capacity to know that the person ought not to do the act or make the omission.

(2) A person whose mind, at the time of the person’s doing or omitting to do an act, is affected by delusions on some specific matter or matters, but who is not otherwise entitled to the benefit of subsection (1), is criminally responsible for the act or omission to the same extent as if the real state of things had been such as the person was induced by the delusions to believe to exist.”

Dit is opvallend dat die “beheer”-element ingebring is deur artikel 27(1).

Western Australian Criminal Code 1902

Artikel 23 stem woordeliks ooreen met artikel 23 van die Queensland Criminal Code Act.

Tasmania Criminal Code 1924⁶⁵⁴

Artikel 13

“(1) No person shall be criminally responsible for an act unless it is voluntary and intentional; nor except as hereinafter expressly provided, for an event which occurs by chance.

(2) Except as otherwise expressly provided, no person shall be criminally responsible for an omission, unless it is intentional.”

Uit hierdie wetgewing kan die volgende afleidings gemaak word:

Die eerste aangehaalde art. 23 van Queensland en Wes-Australie, beklemtoon twee dele, nl. onwillekeurigheid en die moontlikheid van ‘n ongeluk wat mag plaasvind. Art. 13 van Tasmanië is wesenlik dieselfde.

Die Queensland Criminal Code Act 1899 is sodanig gewysig⁶⁵⁵ dat die artikel 27 nou ook voorsiening maak vir die verlies aan wilsbeheer oor ‘n handeling.

⁶⁵⁴ 1924.

Die federale State van Australië wat nie gekodifiseer is nie, maak gebruik van die gemenereg.

So word die Crimes Act van 1900, soos van toepassing op ACT, geskoei op die suiwer M'Naghten-reëls wat slegs die kognitiewe geesteselement toets:

“An accused is entitled to be acquitted of an indictable offence on the grounds of mental illness if it is established on the balance of probabilities that, at the time of the alleged offence, the accused was, as a result of mental disfunction-

(a) incapable of knowing what he or she was doing; or

(b) incapable of understanding that what he or she was doing was wrong.”⁶⁵⁶

Nieu-Suid-Wallis

Artikel 38 van die Mental Health (Criminal Procedure) Act van 1990 lui soos volg:

“If, in an indictment or information, an act or omission is charged against a person as an offence and it is given in evidence on the trial of

⁶⁵⁵ Wet 8 / 2004

⁶⁵⁶ Artikel 428(1) van die Crimes Act van 1900.

the person for the offence that the person was mentally ill, so as not to be responsible, according to law, for his or her action at the time when the act was done or omission made, then, if it appears to the jury before which the person is tried that the person did the act or made the omission charged, but was mentally ill at the time when the person did or made the same, the jury must return a special verdict that the accused person is not guilty by reason of mental illness.”

Hierdie bewoording is wyer as dié van die M’Naghten-reëls, omdat “mental illness” nie verder omskryf word nie, en dus geïnterpreteer kan word om beide gebrek aan insig en wilsgerigtheid in te sluit.

Victoria

In Art. 20(1) van die Crimes (Mental Impairment and Unfitness to be Tried) Act van 1997, word die aangeleentheid soos volg gereël:

“The defence of mental impairment is established for a person charged with an offence if, at the time of engaging in conduct constituting the offence, the person was suffering from a mental impairment that had the effect that

(a) he or she did not know the nature and quality of the conduct; or

(b) he or she did not know that the conduct was wrong (that is, he or she could not reason with a moderate degree of sense and composure about whether the conduct, as perceived by reasonable people, was wrong)."

In wese kom dit maar weer op dieselfde beperkte definisies van die M'Naghten-reëls neer.

Die Commonwealth en die Gekodifiseerde State

Die Criminal Code Act 12 of 1995 is hier van toepassing.⁶⁵⁷

"4.2 Voluntariness

- (1) Conduct can only be a physical element if it is voluntary.*
- (2) Conduct is only voluntary if it is a product of the will of the person whose conduct it is.*
- (3) The following are examples of conduct that is not voluntary:*
 - (a) a spasm, convulsion or other unwilled bodily movement;*
 - (b) an act performed during sleep or unconsciousness;*
 - (c) an act performed during impaired consciousness depriving the person of the will to act.*

⁶⁵⁷ Soos gewysig deur Wet 104 van 2004

(4) An omission to perform an act is only voluntary if the act omitted is one which the person is capable of performing.

(5) If the conduct constituting an offence consists only of a state of affairs, the state of affairs is only voluntary if it is one over which the person is capable of exercising control.

(6) Evidence of self-induced intoxication cannot be considered in determining whether conduct is voluntary.

(7) Intoxication is self-induced unless it came about:

(a) involuntarily; or

(b) as a result of fraud, sudden or extraordinary emergency,

*accident, reasonable mistake, duress or force.*⁶⁵⁸

Die willekeurige handeling word hier dus breedvoerig weergegee en enkele voorbeelde word geïdentifiseer wat beskou word as onwillekeurige handeling. Die kritiek van Yeo waarna in hierdie hoofstuk verwys word, is klaarblyklik gemik op artikel 4.2 (3) (b) en (c), wat verwys na “unconsciousness en impaired unconsciousness.”

’n Verdere toepaslike artikel wat in die Criminal Code Act 12 van 1995 gevind kan word, is art.7.3:

⁶⁵⁸ Artikel 4 van die Commonwealth Criminal Code Act 1995

“A person is not criminally responsible for an offence if, at the time of carrying out the conduct constituting the offence, the person was suffering from a mental impairment that had the effect that:

(a) the person did not know the nature and quality of the conduct;

or

(b) the person did not know that the conduct was wrong (that is, the person could not reason with a moderate degree of sense and composure about whether the conduct, as perceived by reasonable people, was wrong); or

(c) the person was unable to control the conduct.”⁶⁵⁹

Dit is belangrik om daarop te let dat die gemeenregtelike toets hierdeur uitgebrei word deur die konatiewe geesteselement wat nou bygevoeg is deur subartikel (c).

Die bepalings van die Criminal Code Act 12/1995 bevat dus dele wat suiwer gemeenregtelik in vorm is, soos dan die M’Naghten reëls hierbo in art 7.3, maar ook bepalings wat die willekeurigheid van handeling redelik uitvoerig reël.

⁶⁵⁹ Artikel 7.3 van die Commonwealth Criminal Code Act 1995

Artikel 43C van die *Criminal Code Act* (Northern Territory) oor “Mental impairment” bevat ook ‘n bepaling soortgelyk aan bogenoemde art. 7.3.

Artikel 269C van die *Criminal Law Consolidation Act 1935* (Southern Australia) oor “Medical competence” bevat ook dieselfde terme, behalwe vir die invoeging van die objektiewe toets oor “wrongness” soos vervat in paragraaf (b) van die Commonwealth bepaling. Hierdie art. 269 C vind weer weerklank in artikel 27 van die *Criminal Code Act 1899* (Queensland) oor “Insanity ; artikel 27 van die *Criminal Code* (Wes-Australië) oor “Insanity/Unsoundness of mind” en artikel 16(1) van Tasmanië se *Criminal Code Act 1924* oor “Insanity.”

Dit is opmerklik dat in Suid-Australië, waar die aangeleentheid van geestesongesteldheid of bevoegdheid mag voorkom, die *Criminal Law Consolidation Act 1935*, artikel 269E(1) toepassing vind. Hiervolgens word van die regter verwag word om die “mental competence to commit the offence” te skei van die “objective elements of the offence.”

Die gevolg hiervan is dat daar dan twee alternatiewe prosedures beskikbaar is. Die eerste prosedure behels dat die regter kan besluit om die geestesgesteldheid van die beskuldigde vas te stel, en dan, as

daar bevind word dat die persoon nie geestesongesteld was nie, die verhoor kan voortgaan om die gewone, objektiewe elemente van die misdryf te probeer vasstel. Indien bepaal word dat die beskuldigde wel geestesongesteld was, word dit so aangeteken en kom die verhoor tot 'n einde.⁶⁶⁰

Die tweede prosedure behels dat die regter eers voortgaan met die verhoor en eers as die hof bo redelike twyfel tevrede is dat al die elemente van die misdryf vasstaan, die ondersoek na die beskuldigde se bevoegdheid volg.⁶⁶¹

Artikel 7 verwys ook na die toestand van outomatisme:

“(8) In this section:

mental impairment includes senility, intellectual disability, mental illness, brain damage and severe personality disorder.

(9) The reference in subsection (8) to mental illness is a reference to an underlying pathological infirmity of the mind, whether of long or short duration and whether permanent or temporary, but does not include a condition that results from the reaction of a healthy mind to extraordinary external stimuli. However, such a condition may be

⁶⁶⁰ Criminal Law Consolidation Act 1935 (South Australia), artikel 269FA.

⁶⁶¹ Criminal Law Consolidation Act 1935 (South Australia), artikel 269FB.

*evidence of a mental illness if it involves some abnormality and is prone to recur.*⁶⁶²

8.4 Regspraak

Die volgende regspraak dui aan hoe Australië die verweer van outomatisme toegepas het:

8.4.1 **R v Cottle - 1958**⁶⁶³

Hierdie is 'n Nieu-Seelandse saak, maar wat dikwels met goedkeuring in Australiese sake aangehaal word, en dus hier genoem kan word.

Die belang van hierdie saak is die feit dat die lede van die hof almal aanvaar het dat “not all malfunctioning of the mind should be considered to arise from a disease of the mind.”

Regter Gresson kan in hierdie verband aangehaal word :

“ Automatism, that is action without conscious volition, may or may not be due to or associated with ‘disease of the mind.’ – a term which defies precise definition and which can comprehend mental derangement in the widest sense whether due to some condition of

⁶⁶² Skrywer se beklemtoning

⁶⁶³ [1958] N.Z.L.R. 999

the brain itself and so to have its origin within the brain or whether due to the effect upon the brain of something outside the brain, e.g. arterio sclerosis. The adverse effect upon the mind of something happening, e.g. a blow, hypnotism, absorption of a narcotic, or extreme intoxication all producing an effect more or less transitory cannot fairly be regarded as amounting to or as producing 'disease of the mind.'

»664

Later in sy uitspraak som regter Gresson automatisme as volg op :
“Automatism which strictly means action without conscious volition, has been adopted in criminal law as a term to denote conduct of which the doer is not conscious — in short doing something without knowledge of it, and without memory afterwards of having done it — a temporary eclipse of consciousness that nevertheless leaves the person so affected able to exercise bodily movements. In such a case, the action is one which the mind in its normal functioning does not control.”⁶⁶⁵

⁶⁶⁴ [1958] N.Z.L.R. 999 op 1011

⁶⁶⁵ [1958] N.Z.L.R. 999 op 1077

8.4.2 R v Holmes - 1960⁶⁶⁶

Die beskuldigde is aangekla van die opsetlike en wederregtelike beskadiging van eiendom deur middel van plofstof. Die beskuldigde se verweer was dat hy nie die ontploffing kon onthou nie en dat hy slegs vaagweg gedeeltes kan herroep uit die tydperk toe hy besig was met die maak van die bom.

Die jurie se uitspraak was onskuldig weens geestesongesteldheid. Alhoewel die beskuldigde homself nie verweer het met geestesongesteldheid nie, het die regter die jurie tog attent daarop gemaak.

Die hofsaak is van belang vir die studie, want regter Jackson verduidelik die verweer van outomatisme, alhoewel nie by name nie. Hy verwys na verskeie moontlikhede waar 'n handeling onafhanklik mag voorkom van 'n persoon se wil.

Die eerste moontlikheid is waar 'n persoon by sy bewussyn is en deur 'n ander persoon fisies gedwing word om die betrokke handeling te verrig. 'n Voorbeeld hiervan is waar 'n persoon A met 'n mes in sy hand deur 'n ander persoon B wat sterker is, fisies oorweldig word en

⁶⁶⁶ [1960] W.A.R. 122

iemand doodsteek met die mes in persoon A se hand. Persoon A het dan geen handeling verrig nie, want hy het geen opset gehad nie en was net 'n objek in die proses.

Die tweede moontlikheid is waar die persoon glad nie by sy bewussyn is ten tye van die handeling nie. Voorbeelde hier is slaapwandelry en epileptiese aanvalle.

Regter Jackson verwys ook na die sogenaamde “uncontrollable impulse,”⁶⁶⁷ en noem dat dit nie 'n geldige verweer is nie. “Very often you have some impulse which you do not control but which you should. Everyone is tempted and it is everyone’s duty to resist temptation. You can reach a stage where you surrender to an impulse when you should not, but that does not afford a defence in law.”⁶⁶⁸

8.4.3 **Ryan v The Queen - 1967**⁶⁶⁹

Die appellant het gewapend 'n vulstasie beroof, terwyl 'n medepligtige op 'n motorfiets gesit en wag het vir hom. Die appellant het die oorledene versoek om die geld in die kasregister te oorhandig. Nadat die geld oorhandig is het die appellant die oorledene versoek om om

⁶⁶⁷ [1960] W.A.R. 122 op 125.

⁶⁶⁸ [1960] W.A.R. 122 op 125.

⁶⁶⁹ [1967]121 CLR 205.

te draai sodat hy vasgemaak kon word. In die proses het die oorledene egter grond toe geval in 'n poging om om te swaai, waarna die appellant hom agter die kop geskiet het. Die oorledene was opslag dood.

Die getuienis toon dat die sneller fisies getrek moes gewees het, en dat die oorledene glad nie die geweer gestamp nie.

Die opsies wat die hof oorweeg het, is die volgende:

- Die appellant het die sneller doelbewus getrek en die nodige opset vir die moord gehad.
- Die appellant het die geweer se sneller willekeurig getrek, maar nie met die opset om te moor nie, maar bloot om die oorledene skrik te maak.
- Die appellant het in toestand van skok die sneller willekeurig getrek, nie met die opset om die oorledene leed aan te doen of om die oorledene skrik te maak nie.
- Die appellant was as gevolg van die skok van balans af, en het die sneller per ongeluk en bloot as refleks getrek, d.w.s 'n onwillekeurige handeling deur hom.

Regter Barwick wys daarop dat die handeling willekeurig moes gewees het : "It is basic, in my opinion, that the 'act'...must be a

‘willed,’ a voluntary act....It is the act which must be willed, though its consequences may not be intended.”⁶⁷⁰

Hy wys daarop dat die New South Wales Court of Criminal Appeal gefouteer het deur nie te ondersoek wat die handeling is wat die dood veroorsaak het nie. Hierdie vasstelling berus by die jurie. Volgens regter Barwick is die rig van ‘n geweer deur die appellant op die oorledene, terwyl laasgenoemde met sy rug na die appellant gekeer was, opsigself ‘n baie gevaarlike handeling.

Regter Windeyer wys ook na die kompleksiteit van die begrip, willekeurigheid. “What is a voluntary act? The answer is far from simple, partly because of ambiguities in the word ‘voluntary’ and its supposed synonyms, partly because of imprecise, but inveterate, distinctions which have long dominated men’s ideas concerning the working of the human mind.”⁶⁷¹

Hy wys daarop dat die onderskeid tussen wil en intellek, tussen willekeurig en onwillekeurig, onwetenskaplik is en te eenvoudig is vir die filosofie en psigiatrie van vandag se tye.

⁶⁷⁰ Heilpern & Yeo 1995:2

⁶⁷¹ Heilpern & Yeo 1995:5

Die gekompliseerdheid van die benamings en die korrekte gebruik daarvan verduidelik hy aan die hand van die volgende twee vertalings: “involuntary” word verstaan as “an act done seemingly without the conscious exercise of the will.” Die benaming “unwilled” word weer verstaan as “the conscious exercise of the will, but reluctantly or under duress so that it is not a wilful act.”⁶⁷²

Benewens hierdie voorbeeld van korrekte betekenis van woorde, is daar dan ook nog verskeie skrywers wat ander benamings gebruik.⁶⁷³ Die spesifieke benamings se korrekte betekenis hang af van die konteks waarin die betrokke woord gebruik word. Verder word baie maklik afgewyk na die psigologiese betekenis oor bewussyn en geestesongesteldheid, of die filosofiese aspekte van vrye wil.⁶⁷⁴

Hieruit blyk dus duidelik dat verwarring oor begrippe baie maklik kan intree.

⁶⁷² Heilpern & Yeo 1995:5

⁶⁷³ Woorde wat gebruik word is bv. “unintentional, inadvertent, accidental, unmeditated, unthinking, not deliberate, unwilled, involuntary ens.”

⁶⁷⁴ Heilpern & Yeo 1995:5

8.4.4 **Kaporonowski v R - 1973**⁶⁷⁵

Die beskuldigde, Kaporonowski, en 'n ene Bajric het 'n woordetwis gehad waarna die beskuldigde vir Bajric met 'n stukkende glas in die oog beseer het. Bajric het die glas met bier opgelig om die beskuldigde daarmee te slaan, en die beskuldigde het uit selfverdediging Bajric se hand weggeslaan. In die proses het die glas Bajric in die oog getref waar dit stukkend gebreek het en hy ernstig beseer is.

Die verwere wat hier ter sprake kom is provokasie en ook die feit dat die besering moontlik veroorsaak is deur blote ongeluk.

Art. 23 van die Strafkode bepaal dat 'n persoon nie strafregtelik aanspreeklik is vir 'n handeling of late wat onafhanklik geskied van sy wil nie, of wat gebeur by wyse van 'n ongeluk.

Regters McTiernan en Menzies haal die relevante art. 23 aan, "Subject to the express provisions of this Code relating to negligent acts and omissions, a person is not criminally responsible for an act or omission which occurs by accident..."

⁶⁷⁵ [1973] 1 ALR 296; [1972] Qd R 465
299

Hulle kom tot die volgende gevolgtrekking: “Here the event for the purposes of the section is the grievous bodily harm suffered by Barjic. The act, for the purposes of this section, is the forcing of the glass against and into Barjic’s face. That event did not happen by accident. It was the obvious, natural and probable consequence of the act. That act did not occur independently of the exercise of the will of the applicant. What he did was done deliberately.”⁶⁷⁶

Regter Walsh verwys na ‘n “wide view” en ‘n “narrow view” by die bepaling wat ‘n handeling is ingevolge art. 23.⁶⁷⁷ Hy verduidelik dat “...[I]t is not merely the physical actions of the accused that must be considered, but the ‘doing’ of grievous bodily harm...the question must be raised whether it occurred independently of the exercise of his will.”⁶⁷⁸

Hy bevind ook dat ‘n art. 23 geval nie na die jurie verwys hoef te word nie, want om ‘n glas met soveel krag teen ‘n oog te druk dat die glas breek, dui daarop dat die handeling nie sonder die appellant se wil geskied het nie.

⁶⁷⁶ [1973] 1 ALR 296 op 298.

⁶⁷⁷ [1973] 1 ALR 296 op 299.

⁶⁷⁸ [1973] 1 ALR 296 op 301.

Regter Gibbs gee 'n meer volledige ontleding van art. 23 en noem dat: "...[T]he first rule of s23, in so far as it applies to acts of the accused himself, requires that those acts should be of his own volition."⁶⁷⁹ Hierdie stelling kom daarop neer dat die gevolge wat die dader 'gewil' het, nie ter sprake is nie, net die handeling self.

Die tweede deel van art. 23 verwys weer na 'n ongeluk wat gebeur. Regter Gibbs som art. 23 as volg op: "...[N]either rule deals with the result intended to be caused by an act or omission; the second paragraph of s23 renders that immaterial unless the intention to cause a particular result is expressly declared (that is, in the provision creating the offence) to be an element of the offence constituted, in whole or part, by the act or omission."⁶⁸⁰

Regter Stephen bevestig regter Gibbs se uitspraak dat die handeling met die nodige opset geskied het. Die hof bevind dus eenparig dat die beskuldigde die handeling opsetlik verrig het en die appèl misluk.

⁶⁷⁹ [1973] 1 ALR 296 op 307.

⁶⁸⁰ [1973] 1 ALR 296 op 307.

8.4.5 R v Radford - 1985⁶⁸¹

Op oujaarsaand van 1984 het die beskuldigde na die oorledene se huis gegaan en haar sewe keer met 'n geweer geskiet. Die oorledene was 'n vriendin van sy vrou. Die beskuldigde se huwelik het agteruitgegaan en hy het gemeen dat die oorledene 'n lesbiese verhouding met sy vrou gehad en dat dit die oorsaak was van sy huwelik se verbokkeling.

Die hof *a quo* het die verweer van geestesongesteldheid vir die jurie gelaat om oor te beslis, aangesien daar wel getuienis was oor die geestesgesteldheid van die beskuldigde. Die verweer van outomatisme word nie oorweeg nie, aangesien die getuienis nie die kwessie van 'n onwillekeurige handeling aangespreek het nie. Die beskuldigde is skuldig bevind, waarna hy appelleer na die Hooggeregshof van Suid-Australië.

Regter King verwys in sy uitspraak na die onderskeid tussen siek en gesonde outomatisme: "The expression 'disease of the mind' is synonymous, in my opinion, with 'mental illness' ... In one sense automatism must always involve some disorder or disturbance of the mental faculties, but I do not think that a temporary disorder or disturbance of an otherwise healthy mind caused by external factors

⁶⁸¹ [1985] 42 SASR 266

can properly be regarded as disease of the mind as that expression is used in the M’Naghten rules. ... The essential notion appears to be that in order to constitute insanity in the eyes of the law, the malfunction of the mental faculties called ‘defect of reason’ in the M’Naghten rules, must result from an underlying pathological infirmity of the mind, be it of long or short duration and be it permanent or temporary, which can be properly termed mental illness, as distinct from the reaction of a healthy mind to extraordinary external stimuli.”

682

Regter King wys ook later in sy uitspraak daarop dat ‘n suksesvolle verweer van gesonde outomatisme nie kan lei tot aanhouding van die persoon nie.⁶⁸³

Die probleem wat opduik in hierdie saak is een wat al meer voorkom sedert die 1950’s, nl. die verhouding tussen onwillekeurigheid en geestesongesteldheid. Dit was eers sedert die saak van Harrison-Owen⁶⁸⁴ in 1951 dat ‘n onwillekeurige handeling beskou is as ‘n aparte verweer teen strafregtelike aanspreeklikheid, los van geestesongesteldheid.

⁶⁸² (1985) 42 SASR 274.

⁶⁸³ “ If a person was not morally responsible for the action...an unwilling automatic act, he should not suffer conviction or punishment. If he is not mentally ill...detention ...is pointless.”

⁶⁸⁴ (1951) 2 All ER 726

Onwillekeurigheid moet nie verwar word met die sogenaamde onweerstaanbare drang nie. Die onweerstaanbare drang behels dat die handeling ge-“wil” word, maar dat die verstand nie die handeling kan beheer nie.⁶⁸⁵ ‘n Onwillekeurige handeling behels dat die handeling nie ge-“wil” is nie en dat daar dus geen sprake is van strafregtelike aanspreeklikheid nie, hetsy die oorsaak geestesongesteldheid is of nie.

Regter King verwys in sy uitspraak o.a. na die volgende drie belangrike aspekte:⁶⁸⁶

- “...although the expression ‘unconscious’ is used with the word ‘involuntary’ in many cases, the critical point...is that the conduct was not subject to the control and direction of the will, not the accused’s consciousness or awareness of his conduct.”⁶⁸⁷
- “...an act is involuntary only if it occurs automatically in the sense of independently of any exercise of the will so that it is not subject to the control or direction of the will.”
- “...involuntariness resulting from disease of mind does not ...exhaust by any means the scope of the defence of insanity.”

⁶⁸⁵ Heilpern en Yeo 1995: 384.

⁶⁸⁶ (1985) 42 SASR 275.

⁶⁸⁷ Skrywer se beklemtoning.

Regter King beslis dat die feite duidelik dui op die moontlikheid van gesonde outomatisme en dat 'n nuwe verhoor moet plaasvind. Die appèl slaag.

8.4.6 **R v Falconer - 1990**⁶⁸⁸

Mev. Falconer is aangekla van die moord op haar man. Hulle het huweliksprobleme gehad waartydens haar man ook seksueel betrokke was by hulle dogters. Die huwelik het uitgeloop op 'n egskeiding, nadat haar man ook 'n verhouding met 'n ander vrou gehad het.

Op die dag van sy dood, het die oorledene klaagster se huis onverwags binnegekom en haar seksueel aangerand. Op 'n tydstip het hy na haar hare probeer gryp en sedert daardie moment kan sy niks verder onthou van die gebeure nie.

Die volgende wat mev. Falconer kan onthou is dat sy haarself op die vloer bevind het, met 'n geweer, en langs haar het haar gewese man dood gelê.

⁶⁸⁸ [1990]171 CLR 30.

Die verweerder se regsplan het van twee deskundige getuies gebruik gemaak om aan te toon dat sy opgetree het in 'n toestand van gesonde outomatisme.⁶⁸⁹

Die hof *a quo* het egter die deskundige getuienis verwerp en mev. Falconer het daarteen geappelleer. Die gevolg was dat 'n nuwe verhoor beveel is.

Die relevante wetgewing vir die betrokke saak is die volgende artikels:

Art. 23 van die Criminal Code (Western Australia) bepaal:

“Subject to the express provisions of this Code relating to negligent acts and omissions, a person is not criminally responsible for an act or omission which occurs independently of the exercise of his will, or for an event which occurs by accident.

Unless the intention to cause a particular result is expressly declared to be an element of the offence constituted, in whole or part, by an act or omission, the result intended to be caused by an act or omission is immaterial.”

⁶⁸⁹ Die verweer van outomatisme is beskikbaar onder art. 23 van die Criminal Code van Wes-Australië en Queensland (soos in die geval van die gemene reg).

Art. 27 van die Criminal Code (Western Australia) bepaal:

“A person is not criminally responsible for an act or omission if at the time of doing the act or making the omission he is in such a state of mental disease or natural mental infirmity as to deprive him of capacity to understand what he is doing, or of capacity to control his actions, or of capacity to know that he ought not to do the act or make the omission.”

Regter Toohey noem dat die begrip “outomatisme” nie uitdruklik so in die wetgewing gebruik word nie. Hy gaan dan voort om die plek van outomatisme in strafregtelike aanspreeklikheid te verduidelik, want hy erken dit as “... a character of its own and inevitably must now be considered as a particular aspect of criminal responsibility.” Hy verwys ook daarna dat daar al baie oor die verweer van outomatisme geskryf is, die laaste 40 jaar.⁶⁹⁰

Hy verwys in sy uitspraak na verskeie regters. Regter Dickson se woorde word o.a. in *R v Rabey*⁶⁹¹ aangehaal: “That the defence of automatism exists as a middle ground between criminal responsibility and legal insanity is beyond question.”

⁶⁹⁰ Dit impliseer dus die 1950's.

⁶⁹¹ [1980]2 SCR 513 op 522.

Hy haal ook regter Fox aan in R v Pantelic⁶⁹²: “...the issue is not simply whether there was ‘automatism’ but whether the acts of the accused were voluntary, in the sense that they were the result of his conscious volition.”

Regter Toohey plaas baie klem op die “voluntariness” van die handeling en noem dat die kernvraag neerkom op “...whether the act or omission in respect of which the accused has been charged occurred independently of the exercise of his or her will....and whether it was due to mental disease.”

Regters Mason, Brennan en McHugh het ook die onderskeid tussen siek en gesonde outomatisme geanaliseer: “ ...the law divides mental irresponsibility into two categories distinguished by the aetiology of that condition: is the mind diseased or is it not?”⁶⁹³

Die onderskeid wat hulle tref kom neer op die volgende: “...generally speaking a distinction has been drawn between an underlying mental infirmity which is productive of one of the prescribed effects and a transient non-recurrent mental malfunction caused by external forces which produces an incapacity to control actions.”⁶⁹⁴

⁶⁹² [1973] 1 ACTR 1 op 3.

⁶⁹³ (1990) 171 CLR 48.

⁶⁹⁴ (1990) 171 CLR 49. Skrywer se beklemtoning.

Die hof beslis dat die getuienis vir 'n verweer van gesonde outomatisme toegelaat moes gewees het.

8.4.7 **Hawkins v The Queen - 1994.**⁶⁹⁵

Die appellant is 'n vyftigjarige vrou wat van moord op haar man aangekla en skuldig bevind is. Die geskilpunt in die saak was nie die feit dat sy hom geskiet het nie, maar die vraag of sy die nodige opset gehad het. Haar verweer in die hof *a quo* was dan ook een van gesonde outomatisme.

Twee deskundige getuies het getuig dat sy nie geestesongesteld was ten tye van die pleeg van die handeling nie. Sy was in 'n toestand van emosionele skok,⁶⁹⁶ omdat sy uitgevind het van haar man se seksuele teistering van haar pleegdogter wat by hulle gewoon het. Die hof *a quo* het beslis dat die getuienis onvoldoende is om die kwessie van gesonde outomatisme kragtens art. 23 van die Criminal Code (WA) te opper. Daar was geen aanduiding van 'n eksterne faktor nie.

Die regter steun op die Engelse saak van R v Hennessey⁶⁹⁷ waar die appèlhof bevind het dat: "...stress, anxiety and depression can no

⁶⁹⁵ [1994]179 CLR 500

⁶⁹⁶ Psychological blow.

⁶⁹⁷ [1989] 2 All ER 9 ; [1989] 2 WLR 287.

doubt be the result of the operation of external factors, but they are not, it seems to us, in themselves separately or together external factors of the kind capable in law of causing or contributing to a state of automatism. They constitute a state of mind which is prone to recur. They lack the feature of novelty or accident...⁶⁹⁸

Appèl word aangeteken oor die kwessie of die deskundige getuienis aanvaar moes gewees het. Regters Mason, Brennan en McHugh bevind dat in die geval van emosionele skok, daar 'n skeidslyn gemaak moet word tussen gesonde en siek outomatisme. Hierdie skeidslyn word getrek aan die hand van die optrede van die gewone, normale persoon op straat, soos dit ook by die verweer van provokasie die geval is.⁶⁹⁹ Die vraag is bloot of die persoon se verstand sterk genoeg is om die emosionele trauma te verwerk of nie, in vergelyking met die normale persoon op straat, of te wel die redelike man. Hierdie aanwending van die redelike man toets is egter nie sonder kritiek nie.⁷⁰⁰

Die appèlhof bevind dat die getuienis nie buite rekening gelaat moes gewees het nie en die appèl is suksesvol.

⁶⁹⁸ [1989] 2 WLR 287 op 294.

⁶⁹⁹ [1990] 171 CLR 30 op 55: "The law must postulate a standard of mental strength which, in the face of a given level of psychological trauma, is capable of protecting the mind from malfunction to the extent prescribed in the respective definitions of insanity."

⁷⁰⁰ Raadpleeg O'Connor en Fairall 2004: par.14.23 vir die bespreking van die kritiek.

8.5 Samevatting

Outomatisme en die aanwending daarvan is in Australië baie eenvormig, hetsy in die gekodifiseerde of ongekodifiseerde stelsels. Die verweer van geestesongesteldheid daarenteen is egter opmerklik verskillend van staat tot staat.

Die tekortkominge van die M'Naghten-reëls het daartoe aanleiding gegee dat daar talle wetswysigings in Australië was. Volgens Yeo bly daar egter 'n behoefte om te onderskei tussen 'n verweer van geestesongesteldheid en 'n verweer van siek outomatisme.

Yeo beklemtoon verder dat die klem gelê moet word op die konatiewe geesteselement en noem dat die Australiese howe te geneig is om slegs te kyk na die kognitiewe geesteselement. Die verskeie wetswysigings het wel die konatiewe geesteselement begin byvoeg, maar volgens Yeo is die klem nog steeds te veel op die kognitiewe, soos gesien kan word in die Criminal Code Act 12/1995.

Origins egter is daar veel groter duidelikheid in die Australiese reg oor die verskil tussen wilsgerigte en wilsbeheerde gedrag – en dus tussen ontoerekeningsvatbaarheid en outomatisme.

HOOFSTUK 9

SAMEVATTING

- 9.1 Inleidend
 - 9.2 Wetgewing
 - 9.3 Probleemstelling en hipotese
 - 9.4 Regsvergelykend
 - 9.4.1 Engeland
 - 9.4.2 Kanada
 - 9.4.3 Australië
 - 9.5 Die kognitiewe en konatiewe geesteselemente
 - 9.6 Slotsom en aanbevelings
-

9.1 Inleidend

Een van die vereistes vir strafregtelike aanspreeklikheid vir 'n misdryf gepleeg, is dat daar 'n willekeurige handeling moes gewees het. Een van die verwere beskikbaar vir die beskuldigde om aanspreeklikheid te ontduik, is die verweer dat hy onbewustelik en onwillekeurig

opgetree het. Burchell en Hunt⁷⁰¹ verwys daarna as die “...defence of unconscious involuntary action, or automatism...”

Van Rooyen⁷⁰² gee ‘n akkurate beskrywing van die willekeurige handeling. In die inleidende deel van sy artikel skryf hy: “ ‘n Menslike handeling is die grondelement van strafregtelike aanspreeklikheid. Dit sluit in enige sosiaal-relevante menslike gedrag wat ‘n doen of ‘n late kan wees. Slegs willekeurige gedrag is strafbaar, d.w.s. waar die persoon oor die vermoë beskik om sy liggaamsbewegings deur sy verstand of wil te beheers.⁷⁰³ Is sy gedrag nie vatbaar vir wilsbeheer nie, is dit onwillekeurig, soos wanneer iemand in sy slaap wandel of tydens ‘n epileptiese aanval iemand anders deur die gesig klap; waar die persoon werktuiglik optree, soos bv. met refleksbewegings (hartkloppings, niesbui). Na hierdie gevalle word dikwels losweg verwys as outomatisme. Onwillekeurigheid sluit die handeling uit en uiteraard ook strafregtelike aanspreeklikheid.”

Die toestand van onwillekeurigheid kan ontstaan as gevolg van ‘n geestesongesteldheid⁷⁰⁴ of ander redes as geestesongesteldheid. Indien die onwillekeurigheid is a.g.v. ander redes as

⁷⁰¹ Burchell en Hunt 1981:219.

⁷⁰² Van Rooyen 1991:6.

⁷⁰³ Skrywer se beklemtoning.

⁷⁰⁴ Siek outomatisme

geestesongesteldheid, staan sodanige verweer bekend as “gesonde outomatisme.”⁷⁰⁵

Die verweer van “gesonde outomatisme” is baie krities deur die howe wêreldwyd benader, en daar was selde ‘n suksesvolle verweer van gesonde outomatisme. Die rede waarom hierdie verweer so krities beskou is, is die feit dat ‘n suksesvolle verweer van gesonde outomatisme aanleiding gee tot vryspraak. Hierdie verweer is ook aangegryp deur beskuldiges wat geen ander daadwerklike verweer tot hulle beskikking gehad het nie.

9.2 Wetgewing

Die Wet op Geestesgebreken 38 van 1916 het nie na die verweer van outomatisme verwys nie, maar het wel die prosedures bepaal in sake waar die beskuldigde patologies ontoerekeningsvatbaar, of te wel, geestesongesteld was.

Art. 29 het bepaal dat as die beskuldigde geestesongesteld was ten tye van die pleeg van die misdryf, die hof verplig sou wees om ‘n spesiale uitspraak te gee⁷⁰⁶ en hom vir aanhouding by ‘n inrigting te

⁷⁰⁵ Ander benamings soos ‘simpliciter automatism’ en ‘exogenous automatism’ is ook bekend.

⁷⁰⁶ 29 (1) “...that he did the act or made the omission charged but was mentally

stuur.⁷⁰⁷ Die spesiale uitspraak was een van “skuldig, maar kranksinnig.”

Die Strafproseswet 56 van 1955 is ook van belang, want art.182 het gegeld vir gevalle waar die beskuldigde geestesongesteld was.⁷⁰⁸

Moontlike gevalle van gesonde outomatisme is dus uitgesluit van artikel 182 en daar is ook geen verwysing daarna in die Wet self nie. Die aard van die beskuldigde se geestesafwyking was van geval tot geval ook debatteerbaar en die bepalende faktor by die vraag of die artikel van toepassing is.

Een daadwerklike verskil in die wetgewing van die vroeë twintigste eeu, is dat die Wet op Geestesgebreken 38/1916 se spesiale pleit van “skuldig, maar kranksinnig” verander is na “onskuldig weens kranksinnigheid” deur die Strafproseswet 56/1955.

Die Strafproseswet 51 van 1977 het gebly by die uitspraak van “onskuldig weens geestesongesteldheid.” Die begrip “kranksinnigheid”

disordered or defective as aforesaid at the time when he did or made the same, the jury, court, magistrate, or other judicial officer, shall return a special verdict or finding to the effect that the accused was guilty of the act or omission charged against him, but was mentally disordered or defective as aforesaid at the time when he did the act or made the omission.” - Skrywer se beklemtoning.

⁷⁰⁷ 29 (2) “The presiding judge, magistrate, or other judicial officer shall thereupon order the accused to be kept in custody in some prison or gaol pending the signification of the Governor-General’s decision.”

⁷⁰⁸ Art. 3 van die Wet op Geestesgebreken van 38/1916 is hier die bepalende faktor van wat die geestesongesteldheid moet behels.

is wel vervang met die begrip “geestesongesteldheid.” Ingevolge subartikel (6) was die hof steeds verplig om die betrokke persoon vir aanhouding te stuur. Weereens is daar geen melding van ‘n verweer van outomatisme nie.

Die bepalings van die Strafproseswet 51 van 1977 was nie sonder kritiek ontvang nie. Verschoor verwys na die verpligting wat die Strafproseswet 51 van 1977 op die howe plaas om ‘n administratiewe bevel te gee dat die beskuldigde vir ‘n onbepaalde tydperk as Staatspresidentspasiënt in ‘n inrigting aangehou moet word.⁷⁰⁹ Hy verwys na die effek wat die wetgewing skep, as volg : “Dat die beskuldigde nie meer geestesongesteld is nie en as normale mens tussen sielsieke pasiënte moet gaan sit, speel geen rol nie, ook nie die feit dat sy epilepsie nie meer ‘n gevaar vir homself of die samelewing inhou nie. Wat die rede vir sy aanhouding in die inrigting is as hy sy siekte onder beheer het en hy geen gevaar vir die samelewing inhou nie, word liefers nie gevra nie.”⁷¹⁰

Milton het dieselfde kritiek teen die bewoording van die oorspronklike art. 78 van die Strafproseswet 51 van 1977 gelewer: “ 'n Persoon wat ten tye van die verhoor nie meer geestesongesteld is nie, word steeds gestuur vir 'n onbepaalde tydperk van aanhouding as hy onskuldig

⁷⁰⁹ Verschoor 1983:22.

⁷¹⁰ Verschoor 1983:22.

bevind word weens geestesongesteldheid.”⁷¹¹ Die kwessie van onbillike aanhouding was dus nog onbeantwoord, en die kunsmatige verweer van “gesonde outomatisme,” soms in die gewaad van die verweer van “ tydelike nie-patologiese persoonlikheidsdisintegrasie,”⁷¹² is al hoe meer geopper om verby die onbillikheid te kom.

Artikel 78(6)⁷¹³ van die Strafproseswet 51 van 1977 is egter nou aansienlik deur die Wysigingswet op Strafregtelike Aangeleenthede 68/1998 gewysig.

Die hof is ingevolge die nuwe wysigings nie meer verplig om die betrokke persoon vir aanhouding te stuur nie en die hof het 'n diskresie om te bepaal wat die korrekte optrede en remedie in elke geval is.

Die nuwe gewysigde artikel bepaal dat in gevalle van ernstige geweldsmisdrywe (soos moord, strafbare manslag, verkragting), die hof gemagtig is om die beskuldigde vir aanhouding te stuur na 'n psigiatriese hospitaal, of die beskuldigde as buitepatiënt toe te laat tot 'n psigiatriese hospitaal, of die beskuldigde vry te laat op voorwaardes

⁷¹¹ Milton 1999: 41.

⁷¹² Sien bv. S v Laubscher 1988(1) SA 163 (A).

⁷¹³ Art.5 van die Strafproseswysigingswet 68 van 1998 wysig art.78(6) van die Strafproseswet van 1977.

wat die hof as geskik ag, of selfs om die beskuldigde onvoorwaardelik vry te laat.⁷¹⁴

Die hof het ook die bevoegdheid tot bogenoemde keuses, as die hof sou voel dat dit in openbare belang is. Die beskuldigde behoort dus ge-evalueer te word aan die einde van die verhoor, om te bepaal of hy/sy nog geestesongesteld is en nog 'n gevaar inhou vir die samelewing.⁷¹⁵ So kan 'n persoon, in die geval van 'n minder ernstige misdryf, byvoorbeeld behandel word as 'n buite-pasiënt in plaas van aanhouding by 'n inrigting.

Die kwessie van onbillike aanhouding is dus nou aangespreek deur aan die hof 'n wye diskresie te gee oor sy vonnis.

9.3 Probleemstelling en hipotese

Die hipotese van die studie is dat die onderskeid tussen siek en gesonde outomatisme nie meer nodig is in die Suid-Afrikaanse reg nie.

⁷¹⁴ Australië gun sy hof nie so 'n wye bevoegdheid nie, want by gevalle van moord moet die beskuldigde steeds vir aanhouding gaan. Hierdie beperking kan egter bevraagteken word.

⁷¹⁵ Milton 1999: 43.

Daar is verskeie redes wat aangevoer word waarom die onderskeid tussen siek en gesonde outomatisme tot stand gekom het.

Schopp verduidelik dat die onderskeid 'n skepping is deur die howe om onbillikheid uit die weg te ruim. Hy voer aan dat "...the distinction between sane and insane automatism does not rest on any principle of law, but rather on the court's judgement regarding appropriate disposition."⁷¹⁶

Regter Marais dui aan in die saak van S v Trickett⁷¹⁷ dat die onderskeid sy ontstaan gehad het a.g.v. die bewyslas: " An exception to the general rule that the onus is on the State to prove that the accused knew what he was doing and was responsible for his acts, is where the defence is one of insanity when the onus of proving this is on the accused, R v Ndhlovu 1945 A.D. 386. Because of this the Courts have drawn a distinction between black-outs (automatism) caused by insanity and so-called sane automatism."⁷¹⁸

Williams⁷¹⁹ wys daarop dat die verweer van (gesonde) outomatisme sy ontstaan gehad het as gevolg van twee oorsake. Die gebrekkige

⁷¹⁶ Schopp 1991:81.

⁷¹⁷ S v Trickett 1973(3)SA526 (T.P.D.) op 526.

⁷¹⁸ Skrywer se beklemtoning.

⁷¹⁹ <http://www.austlii.edu.au/au/journals/MULR/2000/28.html>

formulering van die M’Naghten-reëls⁷²⁰ en die feit dat ‘n bevinding van geestesongesteldheid, indien dit beskikbaar is, die gevolg het dat die beskuldigde vir aanhouding gaan.

Die aanhouding opsigself van geestesongestelde persone is nie die probleem nie, maar daar is talle gevalle waar dit nie die gewenste eindresultaat is nie. Williams bewoord dit as volg: “...an appreciation that a verdict of insanity, even if available, carried the consequence of indefinite confinement which was, in some cases, clearly not a just outcome.”⁷²¹

Brudner verwys ook as volg na die aanhouding van persone wat nie geestesongesteld is nie, omrede die publiek beskerm moet word vir moontlike toekomstige optredes : “In a society of free and equal persons, such treatment of a sane individual would be regarded as an unjust deprivation of liberty, because by coercing him for our good or to implement our conception of his good, we violate a duty of respect owed to his autonomy.”⁷²²

⁷²⁰ “Notwithstanding development and refinement of the *M’Naghten* rules, it remained the case that if the potentially exculpatory mental state of the accused did not proceed from a disease of the mind, the defence of insanity would not be available.” Williams 2000.

⁷²¹ <http://www.austlii.edu.au/au/journals/MULR/2000/28.html>

⁷²² Brudner 2000:69.

Die onderskeid was dus genoodsaak om te verhoed dat normale persone na 'n inrigting gaan vir geestesongesteldes.

Grace bevestig Williams se opmerking dat die M'Naghten reëls ook 'n oorsaak was vir die ontstaan van die onderskeid: "The limitations of the M'Naghten formulation of insanity led to the development of automatism as a distinct defence."⁷²³

Die redes vir die onderskeid tussen siek en gesonde outomatisme sluit dus die volgende in :

- i) Die howe het hierdie onderskeid gemaak om onbillikheid te voorkom. Hierdie onbillikheid is een van onbepaalde tydperke van aanhouding vir persone wat ten tyde van die verhoor nie meer geestesongesteld is nie.
- ii) Die vermoede dat alle persone geestesgesteld is – wat die onus op die beskuldigde geplaas het om die teendeel te bewys.
- iii) Die M'Naghten reëls se onvolledige formulering van "disease of the mind."

⁷²³ <http://www.aija.org.au/ac03/papers/DavidGrace.rtf> op 4.

Indien daar na bogenoemde redes vir die onderskeid gekyk word, kan die vraag gevra word of dit ná die wetswysigings van 1998 nog steeds die onderskeid tussen siek en gesonde outomatisme regverdig ?

Die howe word nou, ingevolge die nuutste wetswysigings, die vryheid en diskresie gegun om ingevolge elke saak te bepaal wat die mees toepaslike uitspraak is. Die onbillikhede wat wetgewing teweeg gebring het, is dus uit die weg geruim.

Die kwessie van die bewyslas is nie meer regtig problematies nie. Daar rus 'n plig op die beskuldigde om slegs 'n grondslag te lê vir sy onwillekeurige optrede, op 'n oorwig van waarskynlikheid. As dié grondslag gelê is, verskuif die bewyslas na die Staat om die misdaadselemente bo redelike twyfel te bewys.

Die probleem met die M'Naghten reëls word deur Grace verduidelik: "The practical realisation that the M'Naghten rules did not cover defences to criminal acts which were not accompanied by the will of the actor, together with the practical reality that a verdict of not guilty on the ground of insanity resulted in indefinite confinement have led to statutory reforms in all jurisdictions in Australia."⁷²⁴

⁷²⁴ <http://www.aija.org.au/ac03/papers/DavidGrace.rtf> op 6.

Op die keper beskou is meeste vorme van outomatistiese gedrag “siek,” maar nie noodwendig as gevolg van geestesongesteldheid nie. Die enigste uitsonderings sou refleksbewegings wees a.g.v. bv. pyn (bysteke), of fisiese dwang. Die teksboekvoorbeeld van “gesonde” outomatisme, is dié van die voetbalspeler wat ‘n skop teen die kop kry, en dan nie meer wilsbeheer oor sy gedrag het nie. Só ‘n voetbalspeler ly aan harsingskudding, en is gevolglik siek. Slaapwandelaar is ‘n neurologiese afwyking en dus siek. Refleksbewegings wat tot ‘n wederregtelike handeling lei – gewoonlik by epilepsie – kan dus ook in sommige gevalle siek wees. Die enigste bekende geval waar gesonde refleksbeweging, te wete kielierigheid as verweer vir ‘n messtekery geopper is, is tereg deur die hof verwerp.⁷²⁵

In ag genome al die kritiek teen die onderskeid tussen siek en gesonde outomatisme, en die feit dat die redes vir die onderskeid nie meer bestaan nie, word tot die slotsom gekom dat die onderskeid tussen siek en gesonde outomatisme nie meer geregverdig is nie.

⁷²⁵ S v Ramagaga 1965(4)SA 254(O).

9.4 Regsvergelykend

Indien daar regsvergelykend na die verweer van outomatisme gekyk word, word gevind dat ander lande met dieselfde probleme worstel. Genoegsame bronne is gevind wat die onderskeid tussen siek en gesonde outomatisme afmaak as 'n onding in die regstelsels. Tog is daar nog geen aanduidings van enige land dat die onderskeid opgehef sal word nie.

9.4.1 Engeland

Die verweer van outomatisme in Engeland is beperk tot gevalle waar daar 'n totale verlies van beheer was.⁷²⁶ Aangetaste of 'n verminderde mate van beheer is nie voldoende nie. Indien die beskuldigde bewus was van sy optrede, maar nie sy optrede kon beheer nie, is die verweer van outomatisme ook soms gebruik.

Regter Humphreys⁷²⁷ maak gebruik van die bekende voorbeeld waar 'n bestuurder van 'n motor deur 'n swerm bye aangeval word. Die persoon is steeds by sy bewussyn, maar het geen beheer oor sy optrede nie. Die toestand van outomatisme moes egter nie self veroorsaak gewees het nie.⁷²⁸

⁷²⁶ Broome v Perkins (1987), Whatmore v Jenkins (1962), R v Charlson (1955)

⁷²⁷ Kay v Butterworth 1945 (1) 110 J.P. 75

Of 'n persoon wat op pyn reageer egter werklik in suiwer refleks optree is wel debateerbaar. Die impulse om van die oorsaak van die pyn weg te kom, is sterker as om van 'n aankomende motor weg te kom – maar die gedrag bly steeds die resultaat van 'n wilsbesluit. Eers as die pyn tot verminderde bewussyn lei, is daar sprake van outomatisme.

Die onderskeid tussen eksterne⁷²⁹ en interne faktore word ook nog in Engeland aangewend. Indien die toestand van outomatisme ontstaan a.g.v. 'n eksterne oorsaak, soos bv. 'n hou teen die kop, word dit nie as 'n geestesongesteldheid beskou nie en word dit beskou as gesonde outomatisme.⁷³⁰ Interne faktore dui op siek outomatisme, of te wel geestesongesteldheid.⁷³¹

Die aanbevelings in Engeland is ook dat daar weggedoen moet word met die onderskeid tussen eksterne en interne faktore as oorsaak van outomatisme.⁷³² Ondanks hierdie aanbeveling, word die onderskeid

⁷²⁸ Antecedente aanspreeklikheid.

⁷²⁹ R v Quick (1973), R v T (1990), R v Hennesy (1989)

⁷³⁰ R v Quick (1973), R v T (1990), R v Hennesy (1989)

⁷³¹ R v Quick, R v Paddison [1973] 3 All ER 347, [1973] QB 910, R v Sullivan [1983] 2 All ER 673, [1984] AC 156, R v Hennesy [1989] 2 All ER 9, [1989] 1 WLR 287 en R v Burgess [1991] 2 All ER 769, [1991] 2 QB 92).

The effect of these decisions is that if the defence of automatism is said to arise from internal causes so as to bring the defendant within the M'Naghten Rules, then if it succeeds the verdict should be one of not guilty by reason of insanity.

⁷³² Die snaakse verskynsel van hiperglukemie en hipoglukemie is 'n sprekende voorbeeld hier wat die onderskeid teweegbring het. Hiperglukemie (hoë bloedsuiker), word deur die Engelse reg beskou as 'n geestesongesteldheid,

steeds in Engeland gehandhaaf.

Die kwessie van epilepsie is ook nog onseker, want dit dui soms op 'n geestesongesteldheid en soms nie.⁷³³ Daar is verskeie teenstrydige uitsprake hieroor.

Nieteenstaande hierdie bogenoemde kenmerke wat uitgekristalliseer is, word gemeen dat die Engelse reg kan verbeter op die huidige stelsel.

Indien daar na die wetgewing van Engeland gekyk word, word die volgende gevind:

Die Law Commission⁷³⁴ het wel in hulle 1989-verslag, aanbeveel dat die reg aangaande outomatisme gekodifiseer word en dit word omvat in klousule 33(1) van die Draft Criminal Code for England and Wales. Hierdie aanbeveling het egter nooit gerealiseer nie. Die voorgestelde artikel m.b.t. outomatisme is nie vervat in die Criminal Procedure (Insanity and Unfitness to Plead) Act 1991 nie, en ook nie in enige verdere wetgewing nie.

terwyl dit nie die geval is met hipoglukemie (lae bloedsuiker) nie. Sien R v Hennessy [1989] vir 'n geval van hoë bloedsuiker en R v Quick [1973] vir 'n geval van lae bloedsuiker.

⁷³³ Bratty v Attorney-General for Northern Ireland (1961), R v Sullivan (1985).

Die teendeel was egter oorspronklik bevind in R v Charlson (1955)

⁷³⁴ Law Commission Report no.177

Die parlement het besluit dat sekere afdelings, waaronder ook geestesongesteldheid en onwillekeurigheid, met die verloop van tyd wel hersien sal word.⁷³⁵

Die wysigings wat die Criminal Procedure (Insanity and Unfitness to Plead) Act 1991 teweeg gebring het, het aan die howe 'n wyer diskresie gegee om te besluit wat die regte uitspraak sal wees by elke saak, na oorweging van elke saak se meriete.⁷³⁶ Howe is dus nie meer verplig om 'n beskuldigde wat aan sg. siek outomatisme gelyk het, na 'n inrigting vir geestesongesteldes of gevangenis te verwys nie. Hierdeur verval die noodsaaklikheid vir die onderskeid tussen siek en gesonde outomatisme.⁷³⁷ Die posisie in Engeland stem dus baie ooreen met die Suid-Afrikaanse posisie.

9.4.2 Kanada

In Kanada is die neiging van die howe om al meer sake na die kategorie van siek outomatisme te dwing. Die rede hiervoor is nie noodwendig dat dit almal gevalle is van 'n geestesongesteldheid nie, maar bloot omdat die howe baie versigtig is om vryspraak te gee vir sake waar gesonde outomatisme suksesvol geopper word. Waar in

⁷³⁵ Die verslag word teen die einde van 2006 verwag.

⁷³⁶ Die posisie is soos dit tans in Suid-Afrika is.

⁷³⁷ M Souper 2004 by

http://www.sixthform.info/law/01_modules/mod4/13_5_defences

ander lande die begrip “gesonde outomatisme” gebruik is om siek, maar geestesgestelde gedrag te omvat met die doel om van ‘n onbillike onbepaalde aanhouding in ‘n psigiatrisiese hospitaal weg te kom, word in Kanada die begrip “siek outomatisme” tereg gebruik om alle vorme van outomatisme te omvat, maar met die verkeerde oogmerk. Hierdie oogmerk is om die bepalings van verpligte aanhouding in psigiatrisiese hospitale ook van toepassing te maak op nie-geestesongestelde persone, ten einde die samelewing teen hulle te beskerm.

Die jongste *locus classicus* op die gebied van outomatisme in Kanada, is die saak van R v Stone.⁷³⁸ Dit wil voorkom asof die Kanadese howe die verweer van gesonde outomatisme, behalwe vir die mate van versigtigheid waarmee die howe die verweer benader, nog verder probeer beperk. Volgens Brudner⁷³⁹ wil dit voorkom asof die beskerming van die publiek teen gevaarlike misdadigers voorrang geniet bo die soektog na die individu se moontlike onskuld en vryheid.

In Brudner se woorde: “...a concept of a diseased mind that no ordinary person would recognize as such and hence to the detention of innocent and reasonably well-functioning persons for their own welfare

⁷³⁸ [1999] 2 S.C.R. 290.

⁷³⁹ Brudner 2000:68.

and that of society- reasons for coercion that we normally admit only in the case of the genuinely insane"⁷⁴⁰

Die oormatige gebruik van die verweer van siek outomatisme het daartoe gelei dat die verweer van gesonde outomatisme 'n regsfiksie in Kanada geword het.⁷⁴¹

Die "British Columbia Civil Liberties Association" bewoord dit as volg: "However, by channelling almost every automatism case into the mentally disordered category, the courts have turned the defence of automatism into a legal fiction that is so counterintuitive as to render the defence untenable."⁷⁴²

Outomatisme wat ontstaan weens diabetes en selfs gevalle waar daar sprake was van 'n troumatiese gebeurtenis, word geklassifiseer as geestesongesteldheid.⁷⁴³ Hierdie indeling is nie logies verantwoordbaar nie, maar dui daarop dat die houe so skepties staan teenoor 'n verweer van gesonde outomatisme, dat hulle bereid is om 'n geforseerde, baie wye uitleg van die begrip geestesongesteldheid te doen.

⁷⁴⁰ Brudner 2000:68.

⁷⁴¹ BCCLA, <http://www.bccla.org>.

⁷⁴² BCCLA, <http://www.bccla.org>.

⁷⁴³ BCCLA, <http://www.bccla.org>.

Die resultaat is dan ook dat daar baie meer skuldigbevindings is, as wat die geval was voor die Stone-uitspraak.⁷⁴⁴ Die gemeenregtelike beskerming wat outomatisme teweeg gebring het, is dus deur die geforseerde uitleg van wetgewing ingeperk met die hoofsaaklike doel om die publiek te beskerm. Die vraag kan gevra word of daar nie 'n fyner balans gehandhaaf moet word tussen publieke belang en individuele vryheid nie. Die vrees dat outomatistiese gedrag nie voortspruitend uit geestesongesteldheid hom weer kan voordoen, het daartoe gelei dat individue wat nie 'n willekeurige handeling uitgevoer het nie, weens ander redes as geestesongesteldheid, tog na 'n inrigting vir geestesongesteldes verwys word.

Die "British Columbia Civil Liberties Association" se aanbeveling aan die "Standing Committee on Justice and Human Rights" toon duidelik dat hierdie vrees ongegrond is en dat daar geen sake van ernstige geweld nog in Kanada voorgekom het, waar "gesonde" outomatisme as verweer suksesvol gebruik is nie.⁷⁴⁵

Die aanbevelings wat gemaak word deur die "British Columbia Civil Liberties Association" is dat die verweer van outomatisme gekodifiseer moet word en die vermoede van geestesongesteldheid by 'n verweer van outomatisme mee weggedoen moet word. Die "teorie van

⁷⁴⁴ BCCLA, <http://www.bccla.org>.

⁷⁴⁵ <http://www.bccla.org/othercontent/02CCmentalhealth.html>

voortdurende gevaar” moet ook heeltemal verwyder word, want dit is nie aanduidend van die geestesongesteldheid van ‘n persoon nie.

Die onderskeid tussen gesonde en siek outomatisme is dus in Kanada ook ‘n kunsmatige onderskeid, en in so ‘n mate dat dit tot ongeregtigheid kan aanleiding gee. Die howe gebruik “die beskerming van die samelewing” as ‘n deurslaggewende faktor⁷⁴⁶ wat aan die woorde ‘outomatisme’ en ‘disease of the mind’ geforseerde inhoude gee.

Die regsposisie in Kanada is dus hoogs onbevredigend en nie navolgenswaardig nie.

9.4.3 Australië

Die regsposisie in Australië m.b.t. die verweer van outomatisme is tans die toonaangewendste van al die lande wat bestudeer is. Die beregting van outomatisme is daardeur egter nog nie sonder probleme nie. Die Law Reform Committee van Victoria verduidelik dat “...the concept (voluntariness) is not without its complexities.”⁷⁴⁷

⁷⁴⁶ Soos wat die Engelse howe met die M’Naghten toets doen.

⁷⁴⁷ Law Reform Committee, Victoria 1999: par.1.24.

Automatisme en die aanwending daarvan is in Australië baie eenvormig, in die gekodifiseerde sowel as die ongekodifiseerde stelsels. Die verweer van geestesongesteldheid daarenteen is egter opmerklik verskillend van Staat tot Staat.

Artikel 4.2 (3) van die Criminal Code Act 12/1995 is van groot belang, want dit gee enkele voorbeelde van “gesonde” automatisme:

- (3) *The following are examples of conduct that is not voluntary:*
- (a) *a spasm, convulsion or other unwilled bodily movement;*
 - (b) *an act performed during sleep or unconsciousness;*
 - (c) *an act performed during impaired consciousness depriving the person of the will to act*

Hierdie is die eerste voorbeelde van die verweer van automatisme anders as op grond van geestesongesteldheid, in wetgewing.⁷⁴⁸

Williams lewer ook waardevolle kommentaar oor automatisme en is van mening dat die onderskeid tussen geestesongesteldheid en automatisme ‘n baie moeilike en vrugtelose onderskeid is.⁷⁴⁹

⁷⁴⁸ In Engeland en Wallis was daar slegs ‘n aanbeveling gemaak in 1989. Dit is egter nooit in wetgewing omskep nie.

⁷⁴⁹ <http://www.austlii.edu.au/au/journals/MULR/2000/28.html>

Volgens Williams is die M'Naghten-reëls geskep vir die toestande en mediese kennis van 1843 en dit het verbasend lank die nodige funksie vervul. Die verpligte aanhouding wat plaasgevind het in die middel negentiende eeu tot en met die middel van die twintigste eeu, vir die beskuldigde wat onskuldig bevind is weens geestesongesteldheid, was ook verstaanbaar. Die rede hiervoor is dat daar weinig effektiewe behandeling was in daardie tye vir gevalle van ernstige geestesongesteldheid.⁷⁵⁰

Die moderne tye voorsien egter meer effektiewe behandeling. Verpligte aanhouding, volgens Williams, het aanleiding gegee tot die ontstaan van die verweer van outomatisme. Hy bewoord dit as volg: "It was the harshness of the outcome of indefinite confinement that led to the development of the defence of automatism..."⁷⁵¹

Die Law Reform Committee van Victoria het in 1990 oorweeg om weg te doen met die verweer van gesonde outomatisme. Daar is egter besluit om dit nie te doen nie, want die verweer word selde geopper en indien dit wel geopper word, is daar weinig wat suksesvol is met die verweer.⁷⁵²

⁷⁵⁰ <http://www.austlii.edu.au/au/journals/MULR/2000/28.html>

⁷⁵¹ <http://www.austlii.edu.au/au/journals/MULR/2000/28.html>

⁷⁵² Law Reform Committee, Victoria 1990: 67-68.

Om weg te doen met die verweer is "...contrary to the notion of free will which underpins our system of criminal responsibility to convict those whose actions were not willed or were the product of clouded or altered states of consciousness. It would be unjust to hold people responsible for actions which they could neither alter nor control."⁷⁵³ Hierdie betoog verklaar nie waarom die onderskeid tussen "gesonde" en "sieklike" outomatisme nie moet bly voortbestaan nie, maar sê eintlik maar net dat outomatisme 'n verweer is gegrond op die afwesigheid van die handelingselement.

Die waardevolste bydrae in Australië oor die verweer van outomatisme, is myns insiens deur prof. Yeo gemaak.⁷⁵⁴ Yeo kritiseer die howe dat die hulle die ware aard van outomatisme uit die oog begin verloor: "... an accurate and comprehensible definition of involuntariness has thus far eluded both the courts and law reform bodies which have considered the concept...This is a highly unsatisfactory state of affairs."⁷⁵⁵

In sy mees onlangse kommentaar sê hy :“ ... [J]udges and commentators appear to have lost sight of the true nature of automatism which is concerned with lack of control or involuntariness.

⁷⁵³ Law Reform Committee, Victoria 1990: 67.

⁷⁵⁴ Southern Cross University.

⁷⁵⁵ Yeo 2001: 387.

Certainly, unconsciousness or impaired consciousness may result in involuntariness but that need not always be the case. Conversely, a person's conduct might be involuntary even though he or she may have been aware of such conduct.”⁷⁵⁶

Regter Barwick se uitspraak in die Ryan-saak⁷⁵⁷ kan hier as gesag aangevoer word vir Yeo se stelling: “[I]t is of course the absence of the will to act or, perhaps, more precisely, of its exercise rather than lack of knowledge or consciousness which ... decides criminal liability.”⁷⁵⁸ Gebrek aan wederregtelikheidsbewussyn bly egter steeds ‘n geldige verweer by opsets misdade, omdat wederregtelikheidsbewussyn ‘n vereiste is vir opset.

Yeo erken wel dat bewussyn steeds ‘n rol sal speel: “This is not to say that unconsciousness no longer has a role to play. It does, but its role is confined to determining whether an accused's conduct was involuntary.”⁷⁵⁹ Met hierdie stelling word verskil, want dit verwar weer die inhoud van die begrippe “handeling” en “opset.”

Yeo se standpunt kan egter as volg opgesom word: Hy voel dat die klem gelê moet word op die kognitiewe geesteselement en noem dat

⁷⁵⁶ Yeo en Fairall 2005: par.14.5. Skrywer se beklemtoning.

⁷⁵⁷ 1967 (121) CLR 205.

⁷⁵⁸ 1967 (121) CLR 205 op 214.

⁷⁵⁹ Yeo en Fairall 2005: par.14.6.

die Australiese howe te geneig is om slegs te kyk na die kognitiewe geesteselement. Die verskeie wetswysigings het wel die konatiewe geesteselement begin byvoeg, maar volgens Yeo is die klem nog steeds te veel op die kognitiewe, soos gesien kan word in die Criminal Code Act 12/1995.⁷⁶⁰

9.5 Die kognitiewe en konatiewe geesteselemente

Die onderskeid wat in dié studie geskep is, is die onderskeid tussen “wilsgerigte” en “wilsbeheerde” handeling. ‘n Wilsgerigte handeling dui op die kognitiewe geesteselement, nl. dat die persoon by sy bewussyn was en geweet het wat hy doen. ‘n Wilsbeheerde handeling, daarenteen, dui op die vermoë van die persoon om sy handeling te kan beheer, die sg. konatiewe geesteselement.

Die verskil blyk uit die volgende voorbeeld. A sit in sy motor by ‘n robotbeheerde kruising en wag vir die verkeerslig om na groen te verander. Die bestuurder van die motor agter hom, druk per ongeluk op die toeter, en A ry die kruising binne teen die rooi lig in. A se gedrag was onderhewig aan wilsbeheer of wilsheerskappy, maar hy het dit bloot nie uitgeoefen nie. Daar was egter nie ‘n wilsgerigte oortreding van die Padverkeerswet nie. A is bloot gewoond daaraan

⁷⁶⁰ Art. 4.2 van Criminal Code Act 12 of 1995 (as amended by Act 104 / 2004)

dat as hy by 'n robotbeheerde kruising staan en iemand toet agter hom, dan is dit tyd om te ry. Die feit dat hy in gedagte was, is egter geen basis vir 'n verweer van outomatisme nie.

Die ontleding van 'n strafregtelik aanspreeklike handeling moet dus baie versigtig benader word.

In baie hofsake hier te lande en elders word die misdaadselement "handeling" en "skuld" saamgetrek in die begrip "actus reus," wat by letterlike vertaling ook nog die wederregtelikelement betrek. Dit lei tot onnodige verwarring.

Die Law Reform Committee van Victoria verduidelik dit as volg :
"Voluntariness, for example, concerns both the conduct and mental element and in so doing blurs the distinction between the two elements. Consequently, a distinction must be drawn between whether an act was willed and whether an act was intended."⁷⁶¹ 'n Handeling is dus enige, persoonlike gedraging wat vatbaar is vir wilsheerskappy, terwyl opset die wilsgerigtheid is om die verkeerde te doen, welwetende dat dit verkeerd is.

⁷⁶¹ Law Reform Committee, Victoria 1999: par.1.24.

Aan die begrip “willekeurigheid” word soms ‘n wyer inhoud gegee as “vatbaar vir wilsheerskappy” en word wilsgerigtheid (opset) op só ‘n manier weer bygetrek wat tot onsuiver beredenering aanleiding gee. Willekeurigheid behels dan dat die dader sy handeling moes “gewil” het (en dus nie bloot beheer het nie). Die Engelse vertaling is die begrip “voluntary” en Curzon⁷⁶² se vertaling daarvan is: “Proceeding from some exercise of the will and involving an act of choice.”

Die “act of choice” word dan soms verwarrend geïnterpreteer as die kies van die verkeerde, wat onder opset hoort.

Die Law Reform Committee van Victoria bevind ook dat : “It would be unjust to hold people responsible for actions which they could neither alter nor control.”⁷⁶³ Hiermee word saamgestem.

9.6 Slotsom en aanbevelings

Daar is verskeie bronne wat die huidige onderskeid tussen “gesonde” en “sieklike” outomatisme kritiseer:

Falk–Pedersen verwys skepties na die onderskeid wat die reg geskep het : “ The distinction made in the common law tradition between sane and insane automatisms, and in particular the labelling of epileptic

⁷⁶² Curzon 1993:404

⁷⁶³ Law Reform Committee, Victoria 1990: 67.

automatisms as insane, are legal concepts which surprise and even astonish lawyers of other traditions...”⁷⁶⁴

Joubert wys daarop dat daar dringend aandag gegee moet word aan die onderskeid: “ Parliament needs to reassess the legal issues governing automatism, and do away with the medically unfounded division of sane and insane automatisms.”⁷⁶⁵

Schopp toon ook aan dat die onderskeid geen grondslag het nie :
“ ...the British courts have developed a relatively settled approach. Unfortunately, this approach involves an unsustainable distinction between sane and insane automatism. British and Canadian courts treat some cases as instances of sane automatism, whereas they address others under the rubric of insane automatism, despite the fact that the defendants apparently acted with similar functional impairment, and the courts have found no firm theoretical ground for this distinction.”⁷⁶⁶

Fenwick maak die stelling dat : “The distinction between sane and insane automatism is arbitrary and makes little medical sense.”⁷⁶⁷

Later in sy artikel herhaal hy homself as volg :”The distinction between

⁷⁶⁴ Falk–Pedersen 1997:359.

⁷⁶⁵ Joubert ea 1995:46.

⁷⁶⁶ Schopp 1991:133.

⁷⁶⁷ Fenwick 2003:3.

sane and insane automatism is a meaningless one medically, and if the legal profession could bring itself to do so, it is probably best abandoned altogether.”⁷⁶⁸

Williams is van mening dat die onderskeid tussen outomatisme en geestesongesteldheid ‘n vrugtelose een is: “Drawing a distinction between insanity and automatism has proven extremely difficult. It may well be that the task is a fruitless one, the necessity of which proceeds from a conceptual failure to define insanity sufficiently widely, traditionally coupled with an unwillingness to adopt a more flexible approach to issues of the disposition of those found not guilty by reason of insanity.”⁷⁶⁹

Schopp sê oor die onderskeid tussen siek en gesonde outomatisme: “...the distinction between sane and insane automatism does not rest on any principle of law, but rather on the court’s judgement regarding appropriate disposition.”⁷⁷⁰

Williams se stelling bevestig ook dat die onderskeid nie ‘n onderskeid is wat deur wetgewing geskep is nie, maar een wat noodgedwonge geskep is in die howe: “...the desirable outcome of acquittal was a

⁷⁶⁸ Fenwick 2003:3.

⁷⁶⁹ Williams 2000:6.

⁷⁷⁰ Schopp 1991:81.

consequence of forbearance and discretion on the part of the prosecution rather than a satisfactory legal distinction.”⁷⁷¹ Later in sy artikel verwoord hy dit as volg: “It was the harshness of the outcome of indefinite confinement that led to the development of the defence.”⁷⁷² Dit is dus duidelik dat ‘n kunsmatige onderskeid gemaak is.

Die BCCLA⁷⁷³ van Kanada gaan selfs so ver as om outomatisme nie as ‘n volwaardige verweer te beskou nie : “The ‘defence’ of automatism is not technically a defence at all, but rather is a logical corollary of the common law concept of actus reus.”⁷⁷⁴

Regter La Forest haal regter Dickson⁷⁷⁵ in sy uitspraak van R v Parks⁷⁷⁶ aan, en dié verduidelik dit dalk beter: “ Although the word ‘automatism’ made its way but lately to the legal stage, it is basic principle that absence of volition in respect of the act involved is always a defence to a crime. A defence that the act is involuntary entitles the accused to a complete and unqualified acquittal. That the defence of automatism exists as a middle ground between criminal responsibility and legal insanity is beyond question...”

⁷⁷¹ Williams 2000:6.

⁷⁷² Williams 2000: 19.

⁷⁷³ British Columbia Civil Liberties Association.

⁷⁷⁴ BCCLA 2002:7.

⁷⁷⁵ Rabey v The Queen 1980 (2) S.C.R. 513 op 522.

⁷⁷⁶ 1992 (2) S.C.R. 871 sien paragraaf 41.

Yeo merk egter op dat : “It is common to treat automatism as a defence in its own right, but this is misleading.”⁷⁷⁷ Met hierdie stelling word nie saamgestem nie. ‘n Verweer is gebaseer op die afwesigheid van een van die elemente van die misdaad. As die dader outomatisties optree, kan die handelingselement nie bewys word nie en is dit dus ‘n verweer in eie reg.

Veral die Kanadese howe het die onderskeid tussen gesonde en siek outomatisme soms gemanipuleer. Uitspraak is dan gegee met die beskerming van die samelewing as hoogste gebod, maar die regte van die beskuldigde is verontagsaam. Geestesgesonde individue het dus vir verpligte aanhouding gegaan in psigiatriese hospitale.

Die toepaslike uitspraak waartoe ‘n hof moet kom, is dat ‘n persoon wat nie geestesongesteld is nie en in ‘n toestand van outomatisme optree, geregtig is op vryspraak. ‘n Normale persoon kan tog nie vir aanhouding in ‘n inrigting vir geestesongesteldes gestuur word nie.

Daar is wel aanduidings dat die onderskeid ook gemaak is, omdat die bewyslas verskil, soos opgemerk word in *S v Trickett*.⁷⁷⁸ ‘n Verdere moontlikheid is die kwessie dat die beskuldigde dalk ‘n gevaar vir homself of vir die publiek kan inhou, of nie. Die voor-die-hand-liggendste rede bly egter dat dit onbillik is om ‘n normale persoon vir

⁷⁷⁷ Yeo en Fairall 2005: par.14.1

⁷⁷⁸ 1973 (3) SA 526 (T.P.D).

aanhouding te stuur, as hy geen gevaar vir die samelewing meer inhou nie en net tydelik geestesongesteld was.

Die wetsbepalings het oorspronklik verpligte aanhouding beveel in gevalle van sieklike outomatisme en het nie voorsiening gemaak vir toestande van gesonde outomatisme nie. Die wetgewing het ook nie gesonde outomatisme duidelik van siek outomatisme onderskei nie.

Met die wetswysigings van 1998 het die Suid-Afrikaanse wetgewer wegbeweeg van gebiedende wetsbepalings deur aan die howe 'n diskresie te gee om elke saak te oordeel aan sy eie unieke feite en meriete. Die begrip “gesonde outomatisme,” wat geskep is om die onbillike uitwerking van die wetgewing te neutraliseer, is dus nie meer nodig nie en moet mee weggedoen word.

Tans is die begrip “gesonde outomatisme” egter steeds deel van die Suid-Afrikaanse reg, ten spyte van wetswysigings wat die grondslag daarvoor wegneem. Die onderskeid tussen gesonde en siek outomatisme word nog steeds aangetref by al die lande wat bestudeer is in dié studie.

Die enigste lande wie se howe nou meer bevoegdheede gegun word in hul uitspraak, is die howe van Suid-Afrika⁷⁷⁹ en Engeland.⁷⁸⁰ Engeland het egter nog nie weggedoen met die onderskeid tussen siek en gesonde outomatisme nie. Die verslag wat aan die einde van 2006 beskikbaar sal wees, sal meer duidelikheid oor hulle posisie gee.

Die aanbeveling is dus dat daar weggedoen moet word met die begrip “gesonde outomatisme.” Die verweer van outomatisme (nie meer ‘gesonde’ outomatisme nie) behoort egter steeds behoue te bly, maar as ‘n gewone verweer wat aanduidend is van ‘n onwillekeurige optrede, en dus afwesigheid van die handelingselement. Outomatisme moet dus beperk word tot ‘n uitsluitingsgrond van die handelingselement, d.w.s. die willekeurige en persoonlike gedraging.⁷⁸¹ Dit is ook nie meer nodig om te gryp na bewoordinge soos “tydelike nie-patologiese persoonlikheidsdisintegrasie” nie. Outomatisme is die verweer.⁷⁸² Indien die rede vir die onwillekeurige optrede geestesongesteldheid is, moet dit bereg word aan die hand van die wetsbepalings wat dié terrein reël. Daar hoef nie meer

⁷⁷⁹ Wetswysigings van Wet 68 van 1998

⁷⁸⁰ Criminal Procedure (Insanity and Unfitness to Plead) Act 1991

⁷⁸¹ Toerekeningsvatbaarheid en die handelingselement moet egter nooit verwar word, of aan mekaar gelyk gestel word nie. Indien die oorsaak van outomatisme daartoe lei dat die vermoë van die beskuldigde om tussen reg en verkeerd te onderskei aangetas word, dan eers sal toerekeningsvatbaarheid ‘n rol speel.

⁷⁸² “In one sense, it is distinguishable from insanity generally in that it involves a particular form of mental dysfunctioning not found in many other types of insanity. In another sense, however, insane automatism is not a distinct and separate defence from the plea of insanity.” - Stanley Yeo [syeo@scu.edu.au]

weggekram te word met kunsmatige verweer-benamings om onbillike verwysings na psigiatriese hospitale te vermy nie, omdat die howe nou 'n diskresie het om toepasliker reëlins te tref.

BIBLIOGRAFIE

ARTIKELS

Bal P. en Koenraadt F.

2001. Criminal law and mentally ill offenders in comparative perspective. *Psychology, Crime and Law*. 6(4):219 - 250.

Beran R.G.

2002. Automatism: comparison of common law and civil law approaches – a search for the optimal. *Journal of Law and Medicine*. Aug. 10(1). 61-68.

Blackwell L.

1962. Automatism and amnesia. *South African Law Journal*. 16 – 27.

Brudner A.

2000. Insane automatism: A proposal for reform. *McGill Law Journal*. Vol.45, bl. 65.

Dugard C.J.R.

1967. Whither insane automatism? *South African Law Journal*. Bl.131- 138.

Falk-Pederson J. K.

1997. Automatisms in non common law countries. *Medicine and Law*. 16(2):359 - 365.

- Fenton G.W.
1972. Epilepsy and automatism. *British Journal of Hospital Medicine*. Vol.7(1):57-64.
- Fenwick P. 1990. Automatism, medicine and the law. *Psychological Medicine Monograph*. Supplement Number 17:1-27.
- Greenlees T.D. en Edin M.B.
1892. Criminal Responsibility in Insanity, with special reference to Epilepsy. *Cape Law Journal*. Vol. IX. Bl.2-12.
- Joubert A. F. ea.
1995. Epilepsy in forensic psychiatry. *Specialist Medicine*. 17(8):38-46.
- Laurie G. T.
1995. Automatism and insanity in the laws of England and Scotland. *The Juridical Review*. 253 - 265.
- Le Roux J.
2000. Strafregtelike aanspreeklikheid en die verweer van nie-patologiese oftewel gesonde outomatisme. *De Jure*. Vol.33 (1) 190-193.

Le Roux J.

2002. Strafregtelike aanspreeklikheid en die verweer van tydelike nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid - Verlies van konatiewe geestesfunksie onderskei van blote verlies van humeur. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg.* Aug. 65 (3): 478 - 481.

Megarry RE

1962. *Law Quarterly Review.* Vol 78.

Milton J.

1999. Law Reform: The Criminal Matters Amendment Act 1998 bring some sanity (but only some) to the defence of insanity. *South African Journal of Criminal Justice.*
Vol.12 : 41-48.

Sampson V.

1889. Insanity and murder. *Cape Law Journal.* Bl.115-134.

Scoble C.N.

1963. Amnesia, Automatism and Insanity. *The South African Law Journal.*338 - 346.

Slobogin C.

2003. The Integrationist Alternative to the Insanity Defence: Reflections on the Exculpatory Scope of Mental Illness in the Wake of the Andrea Yates Trial. *University of Florida Levin College of Law – Faculty Publications*. 1-40.

Snyman C. R.

1989. Die verweer van nie-patologiese ontoerekeningsvatbaarheid in die strafreg. *Tydskrif vir Regswetenskap*.14 (1):1-15.

Strauss S.A.

1971. Regsaspekte van geestesversteurdheid. *Tydskrif*. 1-15. Voordrag gelewer September 1970, te *Jaarvergadering van die Pretoria se Vereniging vir Geestesgesondheid*.

Van Tonder S.I.E.

1959. Insake: R v Botha. *THRHR*. 132-135.

Verschoor T.

1983. Die billike beregting van epileptici, vrywillige dronkes en ander geestesongesteldes in die Suid-Afrikaanse Strafhof. *Tydskrif vir Regswetenskap*. Vol.8(1): 20-30.

Viljoen G.

1983. Toerekeningsvatbaarheid. *Wrywingspunte en Raakvlakke tussen die Reg en die Psigiatry*.123.

Williams C. R.

2000. Development and change in insanity and related defences. *Melbourne University Law Review*. Vol.28.

Yeo S

2001. Putting voluntariness back into automatism. *Journal of Law and Psychiatry*. Vol. 32: 387 – 406.

BOEKE

Ashworth A.

1995. *Principles of Criminal Law*. Claredon law series. Oxford. Second edition. Claredon Press.

Benson A.C.

1907. *The Letters of Queen Victoria, 1837-1861*. London. John Murray. Vol.1.

Beran R.G.

2003. *Epilepsy and Law*. Medicine and Law. Yozmot Pub. Ltd.

Bergenthuin J.G.

1985. *Provokasie as verweer in die Suid-Afrikaanse Strafbreg*. Proefskrif. Universiteit van Pretoria.

Brody B.A. en Engelhardt H.T.

1980. *Mental Illness: Law and Public Policy*. D. Reidel Publishing Company. Dordrecht. Holland.

Burchell E.M. en Hunt P.M.A.

1970. *South African Criminal Law and Procedure*. Juta. Cape Town. Vol. 1.

- Burchell E.M., Milton J.R.L en Hunt P.M.A.
1983. *South African Criminal Law and Procedure*.
Tweede uitgawe. Juta. Cape Town. Vol. 1.
- Burchell J., Milton J.
2005. *Principles of Criminal Law*.
Derde uitgawe. Juta. Lansdowne.
- Card R.
1977. *Cross and Jones' Cases and Statutes on
Criminal law*. Sesde uitgawe. Butterworths. London.
- Carpzovius B.
1772. *Verhandelinge der Lyfstraffelyke Misdaaden
en Haare Berechtinge, naar't voorschrift des gemeene
Rechts*. Tweede druk. Amsterdam.
- Carter RF
1974. *Criminal law of Queensland*. Fourth edition.
Butterworths.
- Clarke K.L., Barnhorst R. en Barnhorst S.
1977. *Criminal law and the Canadian Criminal Code*.
McGraw-Hill Ryerson Limited.
- Cross en Jones
1956. *An Introduction to Criminal Law*. Third edition.

Curzon L. B.

1993. *Dictionary of Law*. Fourth edition. Pitman Publishing.

Davies A.

1997. *Halsbury's Statutes of England and Wales*. Fourth edition. Vol. 12. Butterworths. London

Davies A et al

1997. *Halsbury's Statutes*. Fourth Edition. Vol. 12 – Criminal law. Reed Elsevier (UK)Ltd.

Dennis I. H.

1982. *Criminal Law Statutes*. Sweet & Maxwell. London.

De Wet J.C en Swanepoel H.L.

1958. *Strafreg*. Butterworths.

De Wet J.C en Swanepoel H.L.

1960. *Die Suid-Afrikaanse Strafreg*. Tweede uitgawe. Durban : Butterworths.

De Wet J.C en Swanepoel H.L.

1985. *Strafreg*. Vierde uitgawe. Durban : Butterworths.

Dine J en Gobert J

1993. *Cases and materials on criminal law*. Blackstone Press Limited. London.

Dolan J.A.

1973. *Nursing in Society, a historical perspective*. Dertiende uitgawe. W.B. Saunders Company. London.

Fenwick P. e.a.

1984. *Epilepsy and insanity*. Lancet. Vol. 11.

Finkel N.J.

1988. *Insanity on trial*. Perspectives on Law and Psychology. Volume 8. Plenum Press. New York and London.

Friedland M.L.

1974. *Cases and Materials on Criminal Law and Procedure*. Vierde uitgawe. Toronto. Buffalo: University of Toronto Press.

Goldstein, Dershowitz, and Schwartz (eds.)

1974. *Criminal Law: Theory and Process*. The Free Press. Macmillan Publications Company. 758-760.

Heilpern D.M. en Yeo S.

1995. *Cases on Criminal law*. The law Book company limited.

Hiemstra V.G.

1981. *Suid-Afrikaanse Strafproses*. Derde uitgawe. Durban : Butterworths. Hiemstra Suid-Afrikaanse Strafproses (4de uitgawe) op 189.

Inbau F.E., Thompson J.R. en Moenssens A.A.

1973. *Criminal Law, Cases and Comments*. Foundation Press Inc., New York.

Jones TH en Christie MGA

1992. *Criminal law*. Sweet & Maxwell / W Green & Son Ltd.

Kruger A.

1980. *Mental health law in South Africa*. Butterworths. Durban.

Levinson D.

2002. *Encyclopedia of crime and punishment*. Volume 1. SAGE Publications.

Lord Hailsham of St. Marylebone

1990. *Halsbury's laws of England*. Fourth edition. Vol. 11(1). Butterworths. London.

Matthaeus A.

1679. *De Criminibus*. Andrea van Hoogenhuysen. Vesalia. Vierde uitgawe.

McAuley F.

1993. *Insanity, Psychiatry and Criminal Responsibility*. The Round Hall Press. Dublin.

Mewett A.W. en Manning M.

1994. *Mewett & Manning on Criminal Law*. Derde Uitgawe. Toronto. Vancouver : Butterworths.

Michael J. en Wechsler H.

1940. *Criminal Law and its administration*. Chicago.

Mitchell S en Buzzard JH

1979. *Archbold - Pleading, evidence and practice criminal cases*. 40th edition. Sweet & Maxwell. London.

Murphy P. en Stockdale E.

1998. *Blackstone's Criminal Practice*. Eighth Edition. Blackstone Press Ltd. London.

O'Connor en Fairall

2004. *Criminal defences*. Fourth Edition. Butterworths. Sydney.

O'Regan R.S.

1979. *Essays on the Australian Criminal Code*. The Law Book Company Limited.

Rumpff-kommissie

1976. *Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Toerekeningsvatbaarheid van Geestelik Versteurde Persone*. No. 69.

Schopp R. F.

1991. *Automatism, insanity and the psychology of criminal responsibility*. Cambridge: Cambridge University Press.

Searle C.

1961. *Die Geskiedenis van die ontwikkeling van verpleging in Suid-Afrika 1652-1960*. Die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging Pretoria. Gothic Drukkers Mpy(Bpk).

Smith J.C. en Hogan B.

1978. *Criminal law*. Fourth edition. Butterworths. London.

Snyman C. R.

1995. *Strafregvonnisbundel*. Tweede uitgawe. Kenwyn : Juta & Co.

Snyman C. R.

1999. *Strafreg*. Vierde uitgawe. Durban : Butterworths.

Swift I.L

1957. *Strafprosesreg van Suid-Afrika*. Durban: Butterworths.

Torcia C.E.

1979. *Wharton's Criminal Law*. 14 de uitgawe. Volume 2. The Lawyers Co-operative Publishing Co. New York.

Van der Linden J.

Regtsgeleerd, Practicaal en Koopmans'
Handboek. Amsterdam.

Van der Merwe D.P.

1980. *Die leerstuk van Verminderde*
Strafbaarheid. Proefskrif . LL.D. Universiteit van
Suid-Afrika. Pretoria.

Van Rensburg P.H.J.J.

1987. *Die Verband tussen Epilepsie en*
toerekeningsvatbaarheid. Universiteit van die
Vrystaat. Proefskrif . M.D.

Verschoor T.

1980. *Die strafregtelike verantwoordelikheid van die*
psigopaat en ander analoë figure.
Proefskrif. Universiteit
van Pretoria.

Visser PJ, Vorster JP en Maré MC

1990. *General principles of criminal law*
through the cases. Third edition. Butterworths.

Vorster M.

2002. *An analysis of the amnesias with specific*
reference to non- pathological sane automatism.
Universiteit van die Witwatersrand: Proefskrif. PhD
(Med).

Walker N.

1968. *Crime and insanity in England*. Vol. 1.
University Press Edinburgh.

Walker N.

1973. *Crime and insanity in England*. Vol. 2.
University Press Edinburgh.

Weinreb L.L.

1969. *Criminal law*, Foundation Press, New York.

Whitlock F.A.

1963. *Criminal responsibility and mental illness*.
London: Butterworths.

Woordeboeke

A dictionary of law, Oxford University Press.
World Book Medical Encyclopedia.
The Oxford English Reference Dictionary.

Williams G.

1983. *Textbook of Criminal Law*. Second edition.
Stevens & Sons.

Yeo S., Fairall P.

2005. *Criminal Defences*. Vierde uitgawe. Lexis
Nexis. Sydney.

Zweigert K., Kotz H.

1992. *An introduction to comparative law.*

Tweede uitgawe. Oxford : Clarendon Press.

REGSPRAAK

SUID-AFRIKAANSE REGSPRAAK

- Hamilton v Mackinnon 1935 A.D. 114.
- S v Calitz 1991(1) SASV 119(A)
- S v Campher 1987(1)SA 940 (A.A)
- S v Chretien 1981(1)SA 109 (A)
- S v Di Blasi 1996(1) SACR 1(A)
- S v Eadie 2002(1) SACR 663 (SCA)
- R v Hay 1899(16) SC290
- S v Henry 1999(1) SACR 13(A)
- S v Kalogoropoulos 1993(1) SACR 12 (A)
- S v Kok 2001 (2) SACR 106 (SCA).
- R v Kumalo 1956(3)SA 238 (N.P.D.)
- S v Laubscher 1988(1) SA 163 (A)
- S v Mahlinza 1967(1) SA 408 (A)
- R v Mokwanazi 1959(3)SA 782 (W.L.D.)
- S v Moses 1996(1) SACR 701(C)
- S v Mphela 1994(1) SASV 488(A)
- S v Ramagaga 1965(4)SA 254(O).
- R v Schoonwinkel 1953(3)SA 136 (C.P.D.)
- R v Senekal 1969(4) R.AD. 478.
- R v Smit 1906 TS 783.
- S v Stellmacher 1983(2) SA 181 (SWA)
- S v Trickett 1973(3) SA 526 (T.P.D)
- R v Victor 1943 TPD 77
- S v Volkman 2004(4) All SA 697 (C)
- R v Westrich 1927 CPD 466.
- S v Wiid 1990(1) SASV 561 (A)

ENGELSE REGSPRAAK

- Attorney General's Reference No.2 of 1992 (1993)
1993 (4) All ER 683
- Bratty v Attorney General for Northern Ireland
1961(3) All E.R. 523
1963 A.C. op 386
- Hill v Baxter 1958 (1) Q.B. 277
- R v Burgess 1991 (2) QB 92
- R v Charlson 1955(1) All E.R. 859
- R v Harrison-Owen 1951(35) Cr. App. R. 108 (C.C.A)
- R v Hennessy 1989 (1) WLR 287
- R v Kemp 1956(3) All E.R. 249
- R v Quick and Paddison 1973 (3) All E.R. 347
- R v Sullivan 1983 (2) All E.R. 673
- Watmore v Jenkins 1962 (2) All ER 868
1962 (2) QB 572

KANADESE REGSPRAAK

- R v Chaulk [1990] 3 S.C.R. 1303.
- R v Kasperek [1951] O.R. 776.
- R v Minor [1955] 112 C.C.C. 29 (C.A.).
- R v King [1962] S.C.R. 746.
- R v Parks [1992] 2 S.C.R. 871
- R v Rabey [1977] Ont CA., [1980] 2 S.C.R. 513.
- R v Stone [1999] 2 S.C.R. 290.

AMERIKAANSE REGSPRAAK

- Monte W. Durham v United States of America
 - 214 Federal Reports 2d 862 (1954) DC
- McDonald v United States - 312 Federal Reports 2d 847 (1962)
- Parsons v State - 81 Alabama 577, 2 So 854 (1887).
- State v White - 93 Idaho 153,456 P2d 797.
- United States Court of Appeals
 - District Columbia (01 July 1954)
- United States v Guitea - (1882) 10 Federal Reports 161
- United States v Currens - (CA3 Pa)290 F2d 751
- United States v Freeman - (CA2 NY)357 F2d 606
- United States v Freeman - [1966] 357 F (2d) 606 (USCA)

AUSTRALIESE REGSPRAAK

- Hawkins v The Queen - [1994]179 CLR 500
- Kaporonowski v R - [1973] 1 ALR 296
- R v Cottle - [1958] N.Z.L.R. 999
- R v Holmes - [1960] W.A.R. 122
- Ryan v The Queen - [1967] 121 CLR 205
- R v Radford - [1985] 42 SASR 266
- The Queen v Falconer - [1990] 171 CLR 30

WETGEWING

SUID-AFRIKAANSE WETGEWING

- Wet op Geestesgebreken 38/1916.
- Strafproseswet 56 van 1955.
- Strafproseswet 51/1977.
- Wysigingswet op Straftelike Aangeleenthede 68 van 1998.

ENGELSE WETGEWING

- Trial of Lunatics Act van 1883.
- Criminal Procedure (Insanity) Act 1964.
- Criminal Procedure (Insanity and Unfitness to Plead) Act 1991.

KANADESE WETGEWING

- Criminal Code, R.S. 1985

AUSTRALIESE WETGEWING

- Criminal Code Act 12 / 1995
- Criminal Code Act 1899 (Queensland)
- Criminal Code Act 1924 (Tasmanië)
- Crimes (Mental Impairment and Unfitness to be tried) Act 1997
- Law Consolidation Act 1935 (Southern Australia)
- Mental Health (Criminal Procedure) Act 1990
- Queensland Criminal Code Act 1899 (Soos gewysig 8/2004)
- Tasmania Criminal Code 1924
- Western Australian Criminal Code 1902

KOMMISSIES EN VERSLAE
SUID-AFRIKAANSE VERSLAE

- Rumpff-verslag . *Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Toerekeningsvatbaarheid van Geestelike Versteurde Persone en Aanverwante Aangeleenthede.* Verslag no. 69 van 1967.
Staatsdrukker no.4173 van 3/6/1969.
- South African Law Commission.
The application of the bill of rights to criminal procedure, criminal law, the law of evidence and sentencing. Discussion paper 90.
Project 101. 31 March 2000.
ISBN: 0-621-29936-7

AUSTRALIESE VERSLAE

- Law reform committee.
Parliament of Victoria. *Criminal Liability for Self-Induced Intoxication.* Melbourne. May 1999.
Staatsdrukker no.53 van 1998-99.

ENGELSE VERSLAE

- The Law Commission Report no. 177.
House of Commons. Draft Criminal Code for England and
Wales. 1989.
Volume 1 – Draft Criminal Code
Volume 2 - Commentary

- The Law Commission Report no. 293.
House of Commons. Ninth Programme of Law Reform.
March 2005.
HC 353.

WEB BLADSYE

- Bournemouth & Poole Colledge. Sixth Form. Non-insane automatism.
http://www.sixthform.info/law/01_modules/mod4/13_5_defences
(soos op 17/08/2004)
- Bournemouth & Poole Colledge. Sixth Form. Insanity.
http://www.sixthform.info/law/01_modules/mod4/13_5_defences
(soos op 07/04/2005)
- British Columbia Civil Liberties Association (the "BCCLA")
Submission to the Standing Committee on Justice and Human Rights regarding the review of the Mental Disorder Provisions of the Criminal Code. February 26, 2002
<http://www.bccla.org/othercontent/02CCmentalhealth.html>
(soos op 30/07/2004 en 07/04/2005)
- Canada's Criminal Code : A history Duhaime & Company
29 Julie 2004, <http://www.duhaime.org/Criminal/cacrhist.htm>
(soos op 29/07/2004)
- Collins F – 2004. *Legal Insanity v Mental Illness*. Behavioural studies. Monach University. BHS2340/3340.
- Department of Justice, Canada. Response to the 14th Report of the Standing Committee on Justice and Human Rights. November 2002.
http://canada.justice.gc.ca/en/dept/pub/tm_md/definitions.html.
(soos op 08/04/2005)

- <http://www.lawteacher.net/index.html>.

- Fenwick P – Epilepsy and the criminal law. The National Society of Epilepsy. October 2003.
http://www.e-epilepsy.org.uk/pages/articles/show_article.cfm?id=93
(soos op 2005/04/08).

- Fenwick P – Automatism, medicine and the law. Pubmed.
Psychol Med Monogr. 1990. Suppl.17 :1-27.
<http://www.ncbi.nlm.nih.gov/entrez/query.fcgi?cmd=Retrieve&db=PubMed&list>
(soos op 2005/04/15).

- Forensic Psychiatry – The concept of Criminal Responsibility -
http://www.forensicmed.co.uk/forensic_psychiatry.htm
(soos op 2004/03/25).

- Grace D – Dealing with the insane accused.
<http://www.aija.org.au/ac03/papers/DavidGrace.rtf>
(soos op 2004/09/07).

- Hooper J – 2004. *A brief summary of the Insanity defense*. Psychiatry & the Law, <http://ua1vm.ua.edu/~jhooper/insanity.html>
(soos op 21/01/2004).

- <http://www.public.iastate.edu/~cfehr/201%20n%/20Freedom%202.doc>
(soos op 21/01/2004).
- Ronald Louw. S v Eadie: The end of the road for the defence of provocation ?
<http://www.library.und.ac.za/S%20v%20Eadie%20-%20Louw>
- Stephens J en Stone R. Criminal law. University of London. 2004.
<http://www.londonexternal.ac.uk>
(soos op 14/04/2005)
- Williams CR – Development and Change in Insanity and Related Defences. Melbourne University Law Review [2000] MULR 28.
<http://www.austlii.edu.au/au/journals/MULR/2000/28.html>
(soos op 2004/10/21).



OPSOMMING

'n Beheersde, willekeurige menslike handeling is die grondelement van strafregtelike aanspreeklikheid. Indien die handeling nie vatbaar is vir wilsbeheer nie, is dit onwillekeurig en sluit dit die handeling uit en uiteraard ook strafregtelike aanspreeklikheid. Hierdie verweer staan bekend as outomatisme.

Die toestand van onwillekeurigheid kan ontstaan as gevolg van 'n geestesongesteldheid of weens ander redes as geestesongesteldheid. Indien die beskuldigde geestesongesteld was ten tye van die pleeg van die misdryf, en hy slaag met 'n verweer van outomatisme, is die beskuldigde gestuur vir verpligte aanhouding by 'n inrigting vir geestesongesteldes. Die probleem wat geskep is deur hierdie wetsbepaling van verpligte aanhouding, is dat 'n beskuldigde wat ten tye van die misdadaaspleging geestesongesteld was, maar ten tye van die verhoor reeds weer geestesgesond was, steeds gestuur moes word vir aanhouding, al was hy normaal. Ten einde hierdie onbillikheid te omseil, het die howe 'n onderskeid begin tref tussen "siek outomatisme" en "gesonde outomatisme." Gevalle waar die onwillekeurige handeling ontstaan het weens 'n ander rede as geestesongesteldheid, het gelei tot 'n verweer

van “gesonde outomatisme” en indien suksesvol, tot algehele vryspraak. Die rede waarom die begrip “gesonde outomatisme” geskep is, was dus om die onbillike werking van die wetgewing te omseil.

Hierdie verweer is baie krities deur die howe wêreldwyd benader, omdat sodanige verweer maklik misbruik kan word. In Kanada is daar soveel teenkanting teen die verweer van gesonde outomatisme, dat alle outomatismes gedwing is in die kategorie van siek outomatisme, ten einde die publiek te beskerm. Die beskerming van die publiek teen gevaarlike misdadigers geniet dus voorrang bo die soektog na die individu se moontlike onskuld en vryheid. Die oormatige gebruik van die verweer van siek outomatisme het daartoe gelei dat die verweer van gesonde outomatisme ‘n regsfiksie in Kanada geword het.

Wetswysigings in Suid-Afrika het daartoe aanleiding gegee dat die howe tans ‘n wyer diskresie het en nie meer verplig is om die betrokke persoon vir aanhouding by ‘n inrigting vir geestesongesteldes te stuur nie. Die onbillikheid in die wetgewing bestaan nie meer nie en die resultaat is dat die onderskeid tussen “siek outomatisme” en “gesonde outomatisme” dus nie meer nodig is nie.

Die posisie in Engeland is baie soortgelyk aan dié in Suid-Afrika waar die houe ook 'n wyer diskresie het by uitsprake. Die verweer van outomatisme in Engeland is beperk tot gevalle waar daar 'n totale verlies van beheer is.

Aangetaste of 'n verminderde mate van beheer is nie voldoende nie. Die onderskeid tussen sieklike en gesonde outomatisme word ook hier aangetref en eksterne en interne faktore word aangewend om die soort outomatisme te bepaal.

In Australië word te min klem gelê op die kognitiewe geesteselement. 'n Onbewustelike handeling kan lei tot onwillekeurigheid, maar dit is nie noodwendig altyd die geval nie. 'n Persoon kan egter ook onwillekeurig optree, en steeds bewus wees van sy optrede. In Australië is die houe steeds geneig om slegs na die konatiewe geesteselement te kyk.

Beide die kognitiewe en die konatiewe geesteselemente moet in ag geneem word. 'n Wilsgerigte handeling dui op die kognitiewe geesteselement, nl. dat die persoon by sy bewussyn was en geweet het wat hy doen. 'n Wilsbeheerde handeling, daarenteen, dui op die vermoë van die persoon om sy handeling te kan beheer, die sg. konatiewe geesteselement.

Die verweer van outomatisme (nie meer "gesonde outomatisme" nie) behoort egter steeds behoue te bly, maar as 'n gewone verweer wat aanduidend is van 'n onwillekeurige optrede, en dus afwesigheid van die handelingselement

– maar sonder die spesifieke aanduiding of dit 'n sieklike dan wel 'n gesonde outomatisme was. Outomatisme moet dus beperk word tot 'n uitsluitingsgrond van die handelingselement, d.w.s. die willekeurige en persoonlike gedraging.



SUMMARY

A controlled, voluntary human act is the basic element of criminal liability. If the act is not subject to the will, it is involuntary and excludes the act and therefore criminal liability. This defence is known as automatism.

This condition of involuntariness can arise as a result of insanity or due to reasons other than insanity. If the accused were insane at the time of committing the offence and he successfully raises an automatism defence, he is sent for mandatory confinement in a psychiatric institution. The problem created by this legal provision of mandatory confinement is that an accused who was insane at the time of the crime, but sane at the time of the trial, must be confined in a psychiatric institution even though he is considered sane. In order to avoid this injustice, the courts have distinguished between “insane automatism” and “sane automatism.” Cases where an involuntary action has occurred for reasons other than insanity have involved a defence of “sane automatism” and, if successful, have resulted in full acquittal. The reason for creating the term “sane automatism” was to avoid the said unjustified functioning of the law.

Courts worldwide have approached this defence with caution, as it can easily be abused. In Canada there is such strong objection to the sane automatism defence that all cases of automatism are forced into the category of insane automatism in order to protect the public. The protection of the public against dangerous criminals therefore enjoys priority over pursuit of the accused individual's possible innocence and freedom. The excessive use of the insane automatism defence to this end has resulted in sane automatism becoming legal fiction in Canada.

Amendments to legislation in South Africa have given courts wider discretion and they are no longer compelled to confine the accused to a psychiatric institution. The legislation is no longer unjust, with the result that the distinction between "insane automatism" and "sane automatism" is no longer necessary.

The position of the courts in the United Kingdom is very similar to that in South Africa. UK courts also have wider discretion in their judgements, and the defence of automatism in the United Kingdom is restricted to cases where there was a total loss of volition. Impaired or reduced volition is not sufficient. The distinction between insane and sane automatism is also applied here, and both external and internal factors are considered when determining the type of automatism.

In Australia too little attention is given to the conative mental faculty. An unconscious act may lead to involuntariness, but this is not necessary always the case. A person may also act involuntarily and be conscious of his/her actions. In Australia the courts are inclined to consider only the cognitive mental faculty.

Both the cognitive and conative mental faculties must be considered. A wilful act indicates the cognitive mental faculty, i.e. the person was conscious and aware of what he/she was doing. An intended act, on the contrary, indicates the ability of the person to control his/her actions, i.e. the so-called conative mental faculty.

The automatism defence (no longer "sane automatism") must still be retained, but as an ordinary defence that is indicative of an involuntary act, and therefore the absence of one of the elements of a crime (but without a specific indication of whether it is sane or insane automatism). Automatism must therefore be limited to grounds for exclusion of the element of an act, i.e. the voluntary and personal conduct of the accused.



KEY CONCEPTS

SLEUTELWOORDE

Automatism

Outomatisme

Conscious / Unconscious

Bewussyn / Onbewus

Cognitive

Kognitiewe

Conative

Konatiwe

Confinement

Aanhouding

Criminal liability

Strafregtelike aanspreeklikheid

Defence

Verweer

Pathological / Non-pathological

Patologies / Nie-patologies

Sane / Insane

Geestesongesteldheid / Normaal

Voluntary / Involuntariness

Willekeurig / Onwillekeurig